DIE TRANSFORMERENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

deur

Stephanus Petrus van der Schyff

B A, Th.B, Th.M

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad **Philosophiae Doctor** in Praktiese Teologie (Liturgiek) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus

Promotor: Prof. Dr. B.J. de Klerk

Januarie 2008

SOLI DEO GLORIA

OPSOMMING

λειτοργια dui op die religieuse handelinge wat die Christen in die erediens en die lewe verrig wanneer hy God dien. Die doel van hierdie studie was om te bepaal wat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe is. Daar is van die sentraal-teoretiese argument uitgegaan dat 'n dinamiese wisselwerking bestaan tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe.

In Afdeling A van die studie is basisteoretiese vertrekpunte neergelê vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe waarna basisteoretiese perspektiewe op beide die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe geformuleer is. Hieruit is basisteoretiese beginsels vir die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe geformuleer. Die allesomvattende gevolgtrekking waartoe in hierdie afdeling gekom is, is dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe as 'n onskeibare eenheid bestaande uit onderskeibare elemente beskou moet word.

In Afdeling B is metateoretiese perspektiewe neergelê gegrond op navorsing wat gefokus het op die postmodernisme as universele tydsgees, die invloed van die post-94 transformasie proses op voorheen bevoordeelde Suid-Afrikaanse Christene en empiriese navorsing. Hierdie perspektiewe het aangedui dat die praxis van die lewe direk impakteer op die liturgie van die erediens.

Aan die hand van bogenoemde is derhalwe tot die finale gevolgtrekking gekom dat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe dinamies en transformerend is.

Die studie het egter verder uitgewys dat die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe die gebrokenheid van

die in-sonde-gevalle wêreld waarin ons leef weerspieël. Vervolgens is 'n verstelde praktykteorie met 'n ondersteunende praktykteoretiese model ontwikkel in terme waarvan die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe met die oog op die ewigheid steeds sterker op mekaar kan inspeel, gerig op die basisteoretiese waarheidsmomente soos dit in die studie uitgewys is.

Sleutelterme:

Woorddiens, liturgie, erediens, seën, wegstuurseën, amen, Christelike lewe, spiritiualiteit, transformeer, wisselwerking, liturgie van die erediens, liturgie van die lewe

ABSTRACT

λειτουργια denotes all the religious acts and activities of worship performed by Christians during the worship service and in life. The aim of this study was to determine the nature of the interactive relationship between the liturgy of the worship service and the liturgy of a Scripture driven life. The central theoretical argument of the study was that this relationship is dynamic and transforming.

Basic theoretical perspectives were formulated in Section A. The comprehensive conclusion attained in this section was that the liturgy of the worship service and the liturgy of life is an undividable unit consisting of differentiable elements.

Meta-theoretical perspectives were formulated in Section B. These principles were drawn from research done relating to postmodernism, the effects of the post-94 transformation in South Africa on previously advantaged South African Christians and empirical research. The perspectives indicated that the *praxis* of life impacted directly on the liturgy of the worship service.

The conclusions reached in both Sections A and B lead to the final conclusion that the nature of the interactive relationship between the liturgy of the worship service and the liturgy of life is dynamic and transforming.

It was further indicated by the research that the interactive relationship between the liturgy of the worship service and the liturgy of life reflected the broken reality of our sin-corrupted world. Hence an adjusted practical theory and accompanying practical theoretical model were developed to aid the alignment of the praxis as indicated by the meta-theoretical perspectives with the Scriptural ideal purported by the basis theoretical principles.

Key words:

Word service, liturgy, public worship, blessing, devotion, amen, Christian life, spirituality, transform, interaction, liturgy of worship, liturgy of life

ERKENNINGS

Hierdie navorsing sou nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning en betrokkenheid van 'n veeltal persone nie. My hartlike dank aan almal wie my gedurende hierdie tyd van studie gedra, geïnspireer en aangemoedig het. Ek wil graag die volgende persone in besonder bedank:

Prof Ben de Klerk	*My promotor, vir sy geduld, aanmoediging en kundige leiding.*
Personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek	*Me. Gerda van Rooyen en Malie Smit het uitstekende diens gelewer en was sonder uitsondering bereid om te help waar hulle kon.*
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus	*Finansiële steun van die universiteit word waardeer.*
My ma, Mathilda van der Schyff	*Vir voortdurende aanmoediging en gebedsonderskraging.*
Emma Brecher, 'n dierbare vriendin	*Vir die kopieer en bind van die finale dokument.*
My vrou, Elmarie en ons kinders Veronica, Peet en Cobus	*Vir volgehoue ondersteuning en liefde.*

"Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge..."

Rm 11:36

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK EEN: INLEIDING 1

1.1 Oriëntering en probleemstelling 1

1.1.1 Oriëntering 1

1.1.1.1 Breë historiese lyne wat die ontwikkeling van die begrip liturgie aandui 2

1.1.1.2 Lyne in die kontemporêre Gereformeerde teologie wat die ontwikkeling van die begrip liturgie aandui 4

1.1.1.3 Afleidings uit die ontwikkeling van die begrip λειτουργια 5

1.1.2 Probleemstelling 6

1.2. Doelstelling en doelwitte 8

1.2.1 Doelstelling 8

1.2.2 Doelwitte 8

1.3 Sentraal-teoretiese argument 9

1.4 Metode 9

1.5 Werkplan 10

AFDELING A 14

HOOFSTUK TWEE: BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 14

2.1 Oriëntering en probleemstelling 14

2.2 Doelstelling 15

2.3 Metode 15

2.4 Begronding van 'n basisteorie vir die liturgie van die samekoms en liturgie van die lewe 16

2.4.1 Verbond 17

2.4.1.1 Basisteoretiese momente van die verbond 20

2.4.2 Koninkryk 20

2.4.2.1 Basisteoretiese momente van die koninkryk 22

2.4.3 Die verband tussen die verbond en die koninkryk van God 22

2.4.3.1 Basisteoretiese momente van die verband tussen die verbond en die koninkryk 25
2.4.4 Voorlopige basisteoretiese afleidings 25
2.5 Die wese van die begrip liturgie 26
2.5.1 Etimologie en algemene gebruik van die begrip liturgie in Ou Testamentiese konteks 26
2.5.1.1 Basisteoretiese momente 29
2.5.2 Etimologie en algemene gebruik van die begrip liturgie in Nuwe Testamentiese konteks 29
2.5.2.1 Basisteoretiese momente 31
2.5.3 Die wese van die begrip liturgie in kontemporêre konteks. 31
2.5.3.1 Basisteoretiese momente 32
2.5.4 Voorlopige basisteoretiese afleidings 33
2.6 Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe 33

HOOFSTUK DRIE: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE AARD VAN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS 35
3.1 Oriëntering en probleemstelling 35
3.2 Doelstelling 36
3.3 Metode 36
3.4 Die wese van die liturgie van die erediens 37
3.4.1 Die liturgie in 1 Korintiërs 12-14 37
3.4.1.1 Die motivering vir die keuse van 1 Korintiërs 12-14 as ondersoekmateriaal 37
3.4.1.2 Liturgiese lyne in 1 Korintiërs 12-14 38
3.4.1.2.1 Die Heilige Gees en die gemeente se belydenis (1 Kor 12:3) 38
3.4.1.2.2 Die Heilige Gees en die geestesgawes in die gemeente (1 Kor 12:4-31) 40
3.4.1.2.3 Die Heilige Gees en die liefde (1 Kor 13) 41
3.4.1.2.4 Die Heilige Gees en die beoefening van liturgie in die erediens (1 Kor 14:1-25) 41

3.4.1.2.5 Die Heilige Gees en die ordelikheid in die erediens (1 Kor 14:26-40) 43
3.4.1.3 Samevatting van die liturgie van 1 Korintiërs 12-14 44
3.4.2 Kontrole uit die res van die Skrif en die kerkgeskiedenis ... 45
3.4.2.1 Liturgiese inhoud en vorme in die Ou Testament 46
3.4.2.2 Liturgiese inhoud en vorme in die Nuwe Testament 47
3.4.2.3 Liturgiese inhoud en vorme in die vroeë Christelike kerk ... 48
3.4.2.4 Liturgiese inhoud en vorme in die middeleeue en die Reformasie 49
3.4.2.4.1 Luther 50
3.4.2.4.2 Zwingli 50
3.4.2.4.3 Butzer 51
3.4.2.4.4 Calvyn 51
3.4.2.5 Liturgiese inhoud en vorme soos vasgestel deur kerklike vergaderings 52
3.4.2.5.1 Kerklike vergaderings in Nederland 52
3.4.2.5.2 Kerklike vergaderings in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika 52
3.4.2.5.2.1 Algemene Sinode 1862 53
3.4.2.5.2.2 Algemene Sinode 1927 53
3.4.2.5.2.3 Nasionale Sinode 1955 53
3.4.2.5.2.4 Nasionale Sinode 1985 54
3.4.2.5.2.5 Nasionale Sinode 1997 55
3.4.2.6 Kontrolering van liturgiese inhoud en vorm uit die breër Gereformeerde tradisie 57
3.4.2.6.1 A.C. Barnard 57
3.4.2.6.2 J.J. De Klerk 58
3.4.2.6.3 J. Müller 59
3.4.2.6.4 C.J.A. Vos en H.J.C. Pieterse 60
3.4.2.6.5 B.J. De Klerk 60
3.4.3 Basisteoretiese perspektiewe op die aard van die liturgie van die erediens 62

HOOFSTUK 4: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE LITURGIESE HANDELINGE VAN DIE EREDIENS 65
4.1 Oriëntering en probleemstelling 65
4.2 Doelstelling 68
4.3 Metode 68
4.4 Liturgiese hoofmomente van die erediens 69
4.4.1 Ontmoetingsdiens (*introïtus*) 69
4.4.2 Verootmoedigings- en versoeningsdiens 70
4.4.3 Woorddiens 72
4.4.4 Antwoorddiens 73
4.4.5 Samehang tussen ontmoetingsdiens, verootmoediging- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens 75
4.5 Liturgiese handelinge in die erediens 76
4.5.1 Liturgiese handelinge wat primêr uit die ontmoetingsdiens vloei 76
4.5.1.1 Voorbereiding op ontmoeting 76
4.5.1.1.1 Basisteoretiese afleidings 79
4.5.1.2 Votum 80
4.5.1.2.1 Basisteoretiese afleidings 84
4.5.1.3 Ontmoetingseën 85
4.5.1.3.1 Basisteoretiese afleidings 89
4.5.1.4 Gemeentesang 89
4.5.1.4.1 Basisteoretiese afleidings 93
4.5.1.5 Geloofsbelydenis 94
4.5.1.5.1 Basisteoretiese afleidings 97
4.5.2 Verootmoediging- en versoeningsdiens 97
4.5.2.1 Dekaloog 97
4.5.2.1.1 Basisteoretiese afleidings 103
4.5.2.2 Verootmoediging en vryspraak 103
4.5.2.2.1 Basisteoretiese afleidings 109
4.5.3 Woorddiens 110
4.5.3.1 Gebed 110
4.5.3.1.1 Epiklese-gebed 113

4.5.3.1.2 Gebed na die preek 114
4.5.3.1.3 Basisteoretiese afleidings 115
4.5 3.2 Skriflesing 116
4.5.3.2.1 Basisteoretiese afleidings 120
4.5.3.3 Prediking 121
4.5.3.3.1 Basisteoretiese afleidings 124
4.5.4 Antwoorddiens 125
4.5.4.1 Diens van barmhartigheid 125
4.5.4.1.1 Basisteoretiese afleidings 127
4.5.4.2 Wegstuurseën 127
4.5.4.2.1 Basisteoretiese afleidings 131
4.5.4.3 Amen 131
4.5.4.3.1 Basisteoretiese afleidings 133
4.6 Ander liturgiese plegtighede 133
4.7 Basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge in die erediens 134

HOOFSTUK 5: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AARD VAN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 136
5.1 Oriëntering en probleemstelling 136
5.2 Doelstelling 137
5.3 Metode 137
5.4 Die wese van die liturgie van die lewe in Handelinge 2:42-47; 4:32-37 en 5:12-16 138
5.4.1 Motivering vir die keuse van Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16 as ondersoekmateriaal 138
5.4.2 Liturgiese lyne in Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16 . 139
5.4.2.1 Lewensliturgie in die lig van Handelinge 2:42-47 139
5.4.2.1.1 Die volharding in die leer van die Apostels 140
5.4.2.1.2 Onderlinge verbondenheid 141
5.4.2.1.3 Gemeenskaplike maaltye 141
5.4.2.1.4 Volgehoue gebede 142
5.4.2.2 Lewensliturgie in die lig van Handelinge 4:32-37 143

5.4.2.2.1 Onderlinge eenheid 144
5.4.2.2.2 Die getuieniskarakter 144
5.4.2.2.3 Barmhartigheidsdiens 145
5.4.2.3 Lewensliturgie in die lig van Handelinge 5:12-16 145
5.4.2.3.1 Die uitbreiding van die Woord 146
5.4.2.3.2 Die samekoms van die gelowiges 146
5.4.2.4 Voorlopige samevatting van die liturgie van die lewe in Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16 147
5.5 Lewensterreine waarbinne liturgie beoefen moet word ... 148
5.5.1 Liturgiese lyne in Matteus 5-7 148
5.5.1.1 Motivering vir die gebruik van Matteus 5-7 as *locus classicus* vir die bepaling van terreine waarbinne liturgie beoefen moet word 148
5.5.1.2 Die struktuur van die Bergpredikasie 149
5.5.1.3 Die mens se persoonlike verhouding met God 150
5.5.1.3.1 Die seënuitsprake 150
5.5.1.3.2 Woordomgang 151
5.5.1.3.3 Gebedsomgang 152
5.5.1.3.4 Vas 153
5.5.1.3.5 Voorlopige samevatting 154
5.5.1.4 Die mens se verhouding tot die maatskappy 155
5.5.1.4.1 Die mens in die huweliksverhouding 155
5.5.1.4.2 Die mens in sy verhouding tot sy medemens 157
5.5.1.4.2.1 Matteus 5:21-26 157
5.5.1.4.2.2 Matteus 5:38-42 158
5.5.1.4.2.3 Matteus 5:43-48 158
5.5.1.4.2.4 Matteus 7:1-6 158
5.5.1.4.3 Die mens in sy verhouding tot die owerheid 159
5.5.1.4.3.1 Matteus 5:25-26 159
5.5.1.4.3.2 Matteus 5:33-37 160
5.5.1.4.4 Die mens se verhouding tot die ekonomie 161
5.5.1.4.4.1 Matteus 6:1-4 161
5.5.1.4.4.2 Matteus 6:19-20 162

5.5.1.4.4.3 Matteus 6:24 162
5.5.1.4.4.4 Matteus 6:25-34 163
5.5.1.4.5 Die mens in sy verhouding tot die ekologie 164
5.5.1.4.5.1 Matteus 5:13 164
5.5.1.4.5.2 Matteus 6:19 164
5.5.1.4.5.3 Matteus 6:26-30 165
5.5.1.4.5.4 Matteus 7:9 165
5.5.1.4.5.5 Matteus 7:15-20 165
5.5.1.4.5.6 Matteus 7:24-27 165
5.5.1.4.6 Voorlopige samevatting 166
5.5.1.5 Die mens in sy verhouding tot die kerk 167
5.5.1.5.1 Die kerk as sentrale lewensterrein vir liturgie van die lewe 167
5.5.1.5.1.1 Matteus 4:23-25 167
5.5.1.5.1.2 Matteus 5:13-16 168
5.5.1.5.1.3 Matteus 6:5 169
5.5.1.5.1.4 Matteus 7:15-20 169
5.5.1.5.2 Voorlopige samevatting 169
5.5.1.6 Samevatting van die lewensterreine van die liturgie van die lewe in Matteus 5-7 170
5.6 Liturgie in eskatologiese perspektief 171
5.6.1 Die liturgie in Openbaring 4:1-5:14, 14:1-5 en 21:1-5 171
5.6.1.1 Motivering vir die keuse van Openbaring 4:1-5:14, 14:1-5 en 21:1-5 as ondersoekmateriaal 171
5.6.1.2 Die nuwe lied in die konteks van Openbaring 4:1-5:14 en 14:1-5 172
5.6.1.3 Samevatting van die liturgie in Openbaring 4:1-5:14 en 14:1-5 177
5.7 Basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe 177

HOOFSTUK SES: BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR DIE BEPALING VAN DIE AARD VAN DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 179
6.1 Oriëntering en probleemstelling 179
6.2 Doelstelling 180
6.3 Metode 180
6.4 Sintese van bevindinge uit hoofstukke twee tot vyf 181
6.4.1 Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe uit hoofstuk twee 181
6.4.1.1 Samevatting van basisteoretiese vertrekpunte 181
6.4.2 Basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens uit hoofstuk drie 182
6.4.2.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens 184
6.4.3 Basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge van die erediens uit hoofstuk vier 184
6.4.3.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge van die erediens 186
6.4.4 Basisteoretiese perspektiewe vir die aard van liturgie van die lewe uit hoofstuk vyf 187
6.4.4.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die lewe 188
6.5 Basisteoretiese beginsels vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe 189
6.5.1 Begronding van liturgie [BW1] 189
6.5.2 Die aard van die liturgie van die erediens [BW2] 189
6.5.3 Die inhoud van die liturgie van die erediens [BW3] 189
6.5.4 Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe [BW4] 190
6.5.5 Die lewensterreine waarin liturgie beoefen moet word [BW5] 190

6.5.6 Die bestemming van liturgie [BW6] 190

AFDELING B 191

HOOFSTUK SEWE: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 191

7.1 Oriëntering en probleemstelling 191

7.2 Doelstelling 191

7.3 Metode 192

7.4 Metateoretiese perspektiewe wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vanuit die postmoderne konteks 194

7.4.1 Die wese van postmodernisme 194

7.4.2 Die postmoderne mens se verhouding tot God 200

7.4.3 Die postmoderne mens se verhouding tot die maatskappy 201

7.4.3.1 Die postmoderne mens se verhouding in die huwelik en gesin 201

7.4.3.2 Die postmoderne mens se verhouding met sy medemens 204

7.4.3.3 Die postmoderne mens se verhouding tot die ekonomie 204

7.4.3.4 Die postmoderne mens se verhouding tot die owerheid 205

7.4.3.5 Die postmoderne mens se verhouding tot die ekologie 206

7.4.4 Die postmoderne mens se verhouding tot die kerk 207

7.4.5 *Samevatting: 'n negatiewe gees van postmodernisme* 209

7.4.6 Metateoretiese afleidings uit postmodernisme 209

7.5 Metateoretiese perspektiewe wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe in die konteks van die transformasie proses in Suid-Afrika sedert 1994 211

7.5.1 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996 214

7.5.1.1 Staatkundig-politieke transformasie 215

7.5.1.2. Sosio-ekonomiese transformasie 218
7.5.1.3 Maatskaplike transformasie 220
7.5.1.3.1 Geweld en misdaad 220
7.5.1.3.2 Moraliteitskrisis 221
7.5.1.3.2.1 Onttrekking aan openbare lewe 223
7.5.1.4 Samevatting: 'n negatiewe gees van transformasie 223
7.5.2 Metateoretiese afleidings uit transformasie 224

HOOFSTUK AGT: EMPIRIESE NAVORSINGSBEVINDINGS WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 227
8.1 Oriëntering en probleemstelling 227
8.2 Doelstelling 228
8.3 Metode 229
8.4 Die teorie van empiriese navorsing 229
8.5 Die proses van empiriese navorsing 232
8.5.1 Navorsingsvraag tydens empiriese navorsing 232
8.5.2 Navorsingsdoelstelling tydens empiriese navorsing 232
8.5.3 Metode van data-insameling tydens empiriese navorsing 233
8.5.4 Samestelling van die onderhoudsvraelys 234
8.5.5 Semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys 235
8.5.5.1 Begronding van liturgie [BW1] 235
8.5.5.1.1 Vrae wat verband hou met BW1 235
8.5.5.2 Aard van die liturgie van die erediens [BW2] 235
8.5.5.2.1 Vrae wat verband hou met BW2 236
8.5.5.3 Inhoud van die liturgie van die erediens [BW3] 236
8.5.5.3.1 Vrae wat verband hou met BW3 236
8.5.5.4 Skakel vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe [BW4] 237
8.5.5.4.1 Vrae wat verband hou met BW4 237
8.5.5.5 Lewensterreine vir die liturgie van die lewe [BW5] 237
8.5.5.5.1 Vrae wat verband hou met BW5 238

8.5.5.6 Bestemming vir die liturgie [BW6] 238
8.5.5.6.1 Vrae wat verband hou met BW6 238
8.5.5.7 Samevattende vraag 238
8.5.6 Seleksie van deelnemers vir empiriese navorsing 239
8.5.7 Onderhoudvoering met die deelnemers 241
8.5.8 Ontleding van die respons van die deelnemers 242
8.5.8.1 Terugvoer vanaf deelnemers 243
8.5.8.1.1 Terugvoer op BW1 243
8.5.8.1.2 Terugvoer op BW2 246
8.5.8.1.3 Terugvoer op BW3 248
8.5.8.1.4 Terugvoer op BW4 256
8.5.8.1.5 Terugvoer op BW5 259
8.5.8.1.6 Terugvoer op BW6 265
8.5.9 Evaluering van die respons van die deelnemers 271
8.5.9.1 Empiriese bevinding van die respons van die deelnemers met betrekking tot die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe .. 271
8.5.9.1.1 Empiriese bevinding uit BW1 272
8.5.9.1.2 Empiriese bevinding uit BW2 273
8.5.9.1.3 Empiriese bevinding uit BW3 273
8.5.9.1.4 Empiriese bevinding uit BW4 274
8.5.9.1.5 Empiriese bevinding uit BW5 274
8.5.9.1.6 Empiriese bevinding uit BW6 275
8.5.9.1.7 Empiriese bevinding uit samevattende vraag 275
8.5.10 Toets van die hipotese 276
8.5.11 Metateoretiese afleidings uit empiriese navorsing 276
8.5.11.1 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW1 277
8.5.11.2 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW2 277
8.5.11.3 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW3 277

8.5.11.4 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW4 278
8.5.11.5 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW5 278
8.5.11.6 Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW6 278

HOOFSTUK 9: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT VERBAND HOU MET DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE .. 280
9.1 Oriëntering en probleemstelling 280
9.2 Doelstelling 281
9.3 Metode 281
9.4 Metateoretiese perspektiewe geëkstraheer uit die metateoretiese afleidings soos gestel in hoofstukke agt en nege 282
9.4.1 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW1 282
9.4.2 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW2 283
9.4.3 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW3 283
9.4.4 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW4 284
9.4.5 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW5 285
9.4.6 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW6 285

AFDELING C 287

HOOFSTUK 10: DIE VORMING VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT VERBAND HOU MET DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE 287
10.1 Oriëntering en probleemstelling 287
10.2 Doelstelling 288
10.3 Metode 288
10.4 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van basisteoretiese beginsels 289

10.4.1 Begronding van die liturgie 289
10.4.1.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW1 289
10.4.1.2 Aspekte wat verband hou met BW1 wat verstelling benodig 290
10.4.1.3 Praktykteorie wat verband hou met BW1 290
10.4.2 Aard van die liturgie van die erediens 291
10.4.2.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW2 291
10.4.2.2Aspekte wat verband hou met BW2 wat verstelling benodig 291
10.4.2.3 Praktykteorie wat verband hou met BW2 292
10.4.3 Inhoud van die liturgie van die erediens 292
10.4.3.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW3 292
10.4.3.2 Aspekte wat verband hou met BW3 wat verstelling benodig 293
10.4.3.3 Praktykteorie wat verband hou met BW3 294
10.4.4 Skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe 295
10.4.4.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW4 295
10.4.4.2 Aspekte wat verband hou met BW4 wat verstelling benodig 295
10.4.4.3 Praktykteorie wat verband hou met BW4 296
10.4.5 Lewensterreine waar lewensliturgie beoefen moet word . 296
10.4.5.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW5 296
10.4.5.2 Aspekte wat verband hou met BW5 wat verstelling benodig 297
10.4.5.3 Praktykteorie wat verband hou met BW5 298
10.4.6 Liturgie in eskatologiese perspektief 298
10.4.6.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld

van BW6 298
10.4.6.2 Aspekte wat verband hou met BW6 wat verstelling benodig 299
10.4.6.3 Praktykteorie wat verband hou met BW6 300

HOOFSTUK 11: RIGLYNE VIR DIE TOEPASSING VAN DIE PRAKTYKTEORIE, VERSTELLINGS AAN DIE HUIDIGE PRAKTYK EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N PRAKTYKTEORETIESE MODEL... 301
11.1 Oriëntering en probleemstelling 301
11.2 Doelstelling 302
11.3 Metode 302
11.4 Verstellings aan die praktykteorie 302
11.4.1 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die begronding van die liturgie (BW1) 302
11.4.1.1 Identifisering van die kern van verstelling 302
11.4.1.2 Riglyne vir verstelling 304
11.4.1.2.1 Doelgerigte bewusmaking van die inhoud en betekenis van die begrip "liturgie" 305
11.4.1.2.2 Doelgerigte bewusmaking van die verbond en koninkryk as gesamentlike begronding van die liturgie, gerig op die eer van God 307
11.4.1.2.3 Doelgerigte bewusmaking van eis van diens in liefde gerig op die eer van God. 308
11.4.1.3 Die effek van die verstelling op die samelewing 309
11.4.1.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 311
11.4.2 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die aard van die liturgie (BW2) 313
11.4.2.1 Identifisering van die kern van die verstelling 313
11.4.2.2 Riglyne vir verstelling 315
11.4.2.2.1 Doelgerigte bewusmaking van die betekenis en inhoud van die begrip "erediens" 315
11.4.2.2.2 Doelgerigte bewusmaking van die roeping van die gelowige om God in die erediens te kom dien.... 316

11.4.2.3 Die effek van die verstelling op die samelewing..... 318
11.4.2.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 319
11.4.3 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die inhoud van die liturgie (BW3)..... 321
11.4.3.1 Identifisering van die kern van die verstelling..... 321
11.4.3.2 Riglyne vir verstelling 323
11.4.3.2.1 Doelgerigte beklemtoning van die dinamiese aard van die liturgie van die erediens 323
11.4.3.2.2 Doelgerigte beklemtoning van die ontmoetingsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens .. 324
11.4.3.2.3 Doelgerigte beklemtoning van die verootmoedigings- en versoeningsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens..... 325
11.4.3.2.4 Doelgerigte beklemtoning van die Woorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens..... 328
11.4.3.2.5 Doelgerigte beklemtoning van die antwoorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens .. 329
11.4.3.3 Die effek van die verstellings op die samelewing..... 330
11.4.3.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 331
11.4.4 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (BW4) 333
11.4.4.1 Identifisering van die kern van die verstelling 333
11.4.4.2 Riglyne vir verstelling 335
11.4.4.2.1 Doelgerigte beklemtoning van die seën as Goddelike bemagtiging. 335
11.4.4.2.2 Doelgerigte beklemtoning van die ontmoeting- en wegstuurseën as skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. 337
11.4.4.3 Die effek van die verstelling op die samelewing..... 339
11.4.4.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 340
11.4.5 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die inhoud van die liturgie van die lewe (BW5)..... 342

11.4.5.1 Identifisering van die kern van die verstelling.....342
11.4.5.2 Riglyne vir verstelling 344
11.4.5.2.1 Die oorvloei van die hoofmomente van die liturgie van die erediens na die liturgie van die daaglikse lewe 344
11.4.5.2.2 Die gelowige se lewensliturgie in sy persoonlike verhouding tot God 347
11.4.5.2.3 Die gelowige se lewensliturgie in sy verhouding tot die maatskappy 348
11.4.5.2.3.1 Lewensliturgie in die huwelik 348
11.4.5.2.3.2 Lewensliturgie in die gesin.....349
11.4.5.2.3.3 Lewensliturgie teenoor die medemens 350
11.4.5.2.3.4 Lewensliturgie in die werkplek.....351
11.4.5.2.3.5 Lewensliturgie en die owerheid 352
11.4.5.2.3.6 Lewensliturgie en die ekonomie 353
11.4.5.2.3.7 Lewensliturgie en die ekologie.....354
11.4.5.2.4 Die gelowige se lewensliturgie in sy verhouding tot die kerk 355
11.4.5.3 Die effek van die verstelling op die samelewing.....356
11.4.5.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 357
11.4.6 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met liturgie in eskatologiese perspektief (BW6).....360
11.4.6.1 Identifisering van die kern van die verstelling.....360
11.4.6.3 Die effek van die verstelling op die samelewing.....362
11.4.6.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model 363
11.5 Finale praktykteoretiese model.....364

HOOFSTUK 12: SAMEVATTING, FINALE GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS 367
12.1 Inleiding 367
12.1.1 Oriëntering.....367
12.1 2 Navorsingsvraag en doelstellings 367
12.1.3 Sentraal-teoretiese argument 368

12.1.4 Metode 368

12.2 Sekondêre doelstellings as basis vir die bereiking van die primêre doelstelling van die studie 370
2.2.1 Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe (Hfst. 2) 370
12.2.2 Basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die erediens (Hfst. 3, 4) 371
12.2.3 Basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die lewe (Hfst. 5) 373
12.2.4 Basisteoretiese beginsels vir die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (Hfst. 6) 375
12.2.5 Metateoretiese perspektiewe wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. 377
12.2.5.1 Die formulering van metateoretiese perspektiewe vanuit naasliggende vakwetenskappe (Hfst. 7) 377
12.2.5.1.1 Postmodernisme as universele tydsgees 377
12.2.5.1.2 Post-94 transformasie in Suid-Afrika 380
12.2.5.2 Empiriese navorsingsbevindings wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie an die lewe (Hfst. 8) 381
12.2.5.3 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met basisteoretiese beginsels (9.4) 383
12.2.6 Praktykteoretiese perspektiewe wat verband hou met die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (Hfst. 10) 386
12.3 Finale gevolgtrekking 391
12.4 Aspekte vir verdere navorsing 393
BIBLIOGRAFIE 394

HOOFSTUK EEN
INLEIDING

1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1.1 Oriëntering

Liturgie is wesenseen met die Christelike geloof en kerk van Jesus Christus. Liturgie is die gelowige se religieuse handelinge wat hy verrig wanneer hy God dien (Louw en Nida, 1988:533). Reeds vóór die sondeval het Adam en Eva liturgie beoefen deurdat hulle God gedien en aanbid het. Dit was egter spontane sondelose liturgie wat hulle hele lewe en bestaan bepaal en gedryf het (H.K., So. 3 Antw. 6; Institusie, II, 1:1). In die paradys, vóór die sondeval, is die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie in twee losstaande sfere beoefen nie, maar as een geheiligde liturgiese geheel tot eer van God. Die sondeval het egter hierdie geheiligde liturgiese geheel verskeur deur die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe van mekaar te skei.

In die algemeen word die begrip "liturgie" grootliks beperk tot eredienshandelinge op Sondae in die kerk (Jonker, s.j.:91; Dijk, 1955:5,437; Barnard, 1981:51; Victor, 1996:243). Die Griekse term λειτουργια, soos in die Skrif gebruik, beteken egter méér as bloot eredienshandelinge (Barnard, 1981:51). In Kittel (1967:216-226) word eksegeties vanuit die Ou en Nuwe Testament, ook met verwysings na buite-Bybelse bronne, aangetoon dat liturgie ruim gesproke beskryf kan word as gewone diens in die werkplek en samelewing, met die afgeleide betekenis van kultiese diens. Louw en Nida (1988:461, 533) plaas liturgie op semantiese gronde ook in twee hoofdomeine. Domein 35.22–35.25 omskryf liturgie in algemene terme as hulp en diens. In domein 53.13 word dit egter sterk beklemtoon as 'n religieuse aktiwiteit. Eksegeties en semanties kan die afleiding dus reeds gemaak word dat die begrip "liturgie"

meer as slegs erediensthandelinge beteken, maar eerder op liturgiese geheel in verskillende sfere.

1.1.1.1 ***Breë historiese lyne wat die ontwikkeling van die begrip liturgie aandui***

Hoewel liturgie deur die eeue heen oorwegend die beperkte betekenis van handelinge rondom die erediens (Barnard, 1981:51) gehad het, word daar tog veral in die tweede eeu na Christus en gedurende die sestiende-eeuse Reformasie flikkeringe van 'n liturgie van die lewe bespeur.

Die vroeë na-apostoliese Christelike kerk het geen uitvoerige liturgie gehad nie (Harper, 1991:16). Jonker (s.j.:51) voer as rede hiervoor die gebrek aan bronne aan, asook die eerste-eeuse opvatting van "...*doctrina arcani*...", wat daarop neerkom dat die heilsgeheime van die Evangelie verborge gehou moes word vir die heidene om dit van bespotting en ontheiliging te bewaar.

Uit 'n brief van Plinius aan keiser Trajanus in die vroeë tweede eeu blyk dit dat die godsdiensbeoefening in daardie tyd 'n baie sterk huislike karakter openbaar het (Heyns, 1903:17,18). Nagmaal is spontaan gedurende die week by huise gevier en die liturgie van die werkplek en huis en gesin is saam beoefen tot opbou van 'n sterk geloofsgemeenskap (Klauser, 1973:8). Die kerk het ten doel gehad "to make worship meaningful and apropos the ordinary Christian's everyday experience" (Maynard-Reid, 2000:30). In die tyd van Justinus Martyr (140 AD.) het godsdiensbeoefening 'n meer kerklike karakter begin aanneem, wat tot verskraling van die liturgie van die lewe gelei het (Jonker, s.j.:54).

Gedurende die donker Middeleeue het Rome die kerk van haar liturgie beroof. Hierdie era gee geboorte aan bykans godsdienslose leke, by wie die enigste liturgie enkele betekenislose simboliese handelinge in die katedraal was (Van Oosterzee, 1898:12-14; Harper, 1991:19, 20).

Die grootste waarde van die Reformasie vir die liturgie was dat die Woorddiens weer aan die kerkvolk teruggegee is. Calvyn het die teenwoordigheid van Christus in en deur die Heilige Gees in die mens se hele lewe beklemtoon: om God in Gees en waarheid te kan dien, is dit nodig om na Hom te luister. Hy het ten doel gehad om "de hele gemeente te betrekken in de geestelijke ontmoeting met God en de praktijk der godzaligheid terug te brengen in de eredienst." (Jonker, s.j.:84,85). Liturgie is volgens Calvyn egter nie net tot die erediens beperk nie: "deze praktijk der godzaligheid (is) uit de eredienst teruggedrongen in binnekamer en konventikel" (Jonker, s.j.:85). Hierdie wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe het ook in verskeie van Calvyn se preke gefigureer en is beklemtoon as noodsaaklik vir die groei van 'n sigbare gemeenskap van heiliges (Brienen, 1987:175,176).

In navolging van Calvyn publiseer Valerandus Pollanus in 1551 'n boekie "Liturgia Sacra" wat bo en behalwe die Sondag-erediens ook 'n "dagelijkse liturgie" van boetvaardigheid, die doop, die inseëning van die huwelik, besoeke aan siekes, die aanstelling van predikante en kerklike dissipline bevat (Jonker, s.j.:85). So getuig die reformasie van liturgiese verdieping in die erediens en die lewe.

Met verloop van tyd het hierdie dinamiese liturgie van die Reformasie egter in die 18/19de eeu vervaag tot 'n statiese formalistiese liturgie. Van Tongeren (1997:178,179) is van mening dat die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962–1965) die eerste groot invloedryke reformasie in die liturgiese wêreld teweeggebring het sedert die Reformasie van die 16de eeu.

Fenwick & Spinks (1995) neem die liturgiese reformasie terug na die sogenaamde "Liturgical Movement", wat vroeg in die twintigste eeu ontstaan het. Hierdie liturgiese beweging het groot prominensie verleen aan die invloed van die Tweede Vatikaanse Konsilie. Tydens hierdie konsilie is vier aspekte binne die liturgie uitgelig waar reformasie nodig

was. Die eerste aspek het direk betrekking gehad op die liturgie van die lewe: "The liturgy enables the faithful to express in their lives and show forth to others the mystery of Christ and the real nature of the Church" (Fenwick & Spinks, 1995:64). Die invloed van die liturgiese beweging blyk 'n transformerende uitwerking op die erediens en onderlinge meelewing van gelowiges te hê (Fenwick & Spinks, 1995:6-8). Die vraag kan tereg gevra word of hierdie liturgiese beweging nie moontlik die begin van 'n paradigmaverskuiwing binne die liturgie was nie.

Uit die breë historiese lyne van die ontwikkeling van die begrip liturgie, kan die afleiding gemaak word dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe hoogstens in twee sfere van beoefening onderskei kan word, maar nie geskei nie.

1.1.1.2 Lyne in die kontemporêre Gereformeerde teologie wat die ontwikkeling van die begrip liturgie aandui

Die wyse waarop daar in die kontemporêre Gereformeerde teologie met die begrip λειτουργια omgegaan word, bevestig die besef dat liturgie nie beperk mag word tot die erediens nie. λειτουργια staan onder andere in verband met gemeenskapsbeoefening met God (De Klerk, 2000a:90,91; Pfatteicher, 1997:3), die aanbidding van God (Jooste, 1957:5; Maynard-Reid, 2000:15), verbondsgemeenskap (De Klerk, 1976:2), dinamiese handelinge in Godsverering (Delrue, 2001:36, Saliers, 1994:22), en "eredienst ... of godsdienst oefening " (Trimp, 1983:59). Vos (1995:485) beskryf liturgie as die "daarstelling van die gemeenskap met God" met die klem daarop dat gemeenskap met God erediens en die daaglikse lewe oorspan. Barnard (1981:52) huldig dieselfde standpunt in sy omskrywing van die begrip liturgie. Hy stel dat die liturgie nie net al die woorde en handelinge van die volle erediens omvat nie, maar ook in lewende wisselwerking staan tot die daaglikse godsdiens en daaglikse lewe. Vos & Pieterse (1997:6,7) merk in hulle omskrywing van liturgie op dat dit wedersydse diens en ontmoeting in die erediens impliseer en dat daardie

handelinge die mens inspireer tot diens in die "erediens van die lewe". Die CJBF Deputate (1997:1) volg dieselfde weg van verbreding met 'n verfrissend Skrifgetroue samevatting van die begrip liturgie: "Liturgie...dui persoonlik, huislik en gemeenskaplik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik."

Die beskrywing van die begrip "liturgie" vanuit kontemporêre konteks dui daarop dat die liturgie van die erediens onlosmaaklik in samehang met die liturgie van die lewe staan.

1.1.1.3 Afleidings uit die ontwikkeling van die begrip λειτουργια

Uit die uitgebreide gebruiksveld van hierdie begrip blyk dit in die eerste plek duidelik dat λειτουργια meer beteken as net erediensthandelinge, maar dat dit ook op 'n dinamiese liturgie in die daaglikse lewe dui. Die begrip λειτουργια omvat dus twee onderskeibare maar inter-afhanklike komponente naamlik 'n "liturgie van die erediens" en 'n "liturgie van die lewe".

Die "liturgie van die erediens" en die "liturgie van die lewe" kan nooit van mekaar geskei word nie, hoewel dit van mekaar onderskei kan word. Trimp (1983:61) spreek in hierdie verband sy kommer uit dat "onze 'eredienst' en 'levensdienst'...verdeeld is in twee gescheiden terreinen". Tereg styg daar vanuit die Gereformeerde teologie flitse op vir 'n meer dinamiese liturgie van wisselwerking waarin God in sowel die erediens as die daaglikse lewe van elke Christen vereer word. De Klerk (2000a:91) is een van die teoloë wat pleit vir 'n dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Op voetspoor van Barnard (1981:51,52) beskryf De Klerk die noue verband tussen die twee terreine as "saamkom en uitgaan, ontvang en gee, hoor en verkondig, bid en werk, die sistoliese en diastoliese werking van die pompende hart". Verskeie ander teoloë erken die dinamiese wisselwerking tussen die

liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (vgl. Krikke, 1976:139; Deddens, 1981:20-25; Nel, 1990:179-186; Fenwick & Spinks, 1995:10; CJBF, 1997:1; Van Tongeren, 1997:195-198; De Kesel, 2000:17-26). Dit blyk duidelik uit die literatuur dat daar deur die eeue heen reeds 'n aanvoeling was dat die liturgie van die erediens inspeel as 'n liturgie in die lewe van gelowiges.

Daar kan dus uit die ontwikkeling van die begrip λειτουργια die afleiding gemaak word dat liturgie godsdiens beoefening impliseer wat oorloop van die erediens na die lewe om van die lewe af weer uit te loop op die erediens.

1.1.2 Probleemstelling

Teenoor 'n verskraalde beskouing van die begrip "liturgie" wat grootliks tot eredienshandelinge beperk is (Jonker, s.j.:91; Dijk, 1955:5,437; Barnard, 1981:51; Victor, 1996:243), het daar in die begrip λειτουργια 'n verbreding plaasgevind waarin liturgie in twee onderskeie sfere beoefen word wat op sowel die "liturgie van die erediens" as die "liturgie van die lewe" dui. Die geskiedenis van die teologie toon spore van 'n wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

Hoewel erkenning verleen is aan die bestaan van 'n lewens liturgie wat voortvloei uit die eredienstliturgie (vgl.1.1.1.3), moet die vraag gestel word of daar tot op hede enige of voldoende diepgaande wetenskaplike navorsing rondom hierdie aspek van die liturgie gedoen is. Smit (2002:126,127) merk tereg op: "Oor die feit dat daar so 'n verband tussen Christelike erediens...liturgie en lewe is, bestaan min twyfel... Oor die vraag wat die verband(e) presies is, bestaan egter groot meningsverskille en onsekerheid". Dit lyk dus asof die wisselwerking slegs geïdentifiseer is, maar of daar binne die Gereformeerde teologie nog nie diepgaande studie in hierdie verband gedoen is nie. 'n Elektroniese bronnesoektog het aan die lig gebring dat daar tot op hede nog weinig wetenskaplike navorsing oor

die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe gedoen is. Sover vasgestel kon word, lyk dit ook nie asof daar op die oomblik diepgaande wetenskaplike navorsing in hierdie verband gedoen word nie. Hierdie leemte in wetenskaplike navorsing bevestig die noodsaak en aktualiteit van 'n dieptestudie van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

Uit bogenoemde beredenering word die sentrale navorsingsvraag vir hierdie studie soos volg geformuleer:

> Wat is die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

Kernvrae wat uit die sentrale navorsingsvraag voortspruit en wat in hierdie studie aan die orde sal kom, is die volgende:

1.1.2.1 Wat is die basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

1.1.2.2 Watter basisteoretiese perspektiewe kan geformuleer word vir die aard van die liturgie van die erediens?

1.1.2.3 Watter basisteoretiese perspektiewe kan geformuleer word vir die aard van die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

1.1..2.4 Watter basisteoretiese beginsels rakende die aard van die wisselwerking van die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe kan geformuleer word uit die neergelegde basisteoretiese vertrekpunte en perspektiewe?

1.1.2.5 Watter metateoretiese perspektiewe kan neergelê word wat lig werp op die wisselwerking van die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe?

1.1.2.6 Watter praktykteoretiese perspektiewe kan neergelê word vanuit die basis- en metateorie aan die hand waarvan 'n praktykteoretiese model vir die liturgie van 'n

Skrifgefundeerde lewe wat voortvloei uit en terugvloei na die liturgie van die erediens, ontwerp kan word?

1.2. DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.2.1 Doelstelling

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is om na te vors wat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is, en hoe daar 'n praktykteoretiese model vir die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe wat voortvloei uit en terugvloei na die liturgie van die erediens, neergelê kan word.

1.2.2 Doelwitte

Om die gemelde doelstelling te kan bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1.2.2.1 Om basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe neer te lê;

1.2.2.2 Om basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens te formuleer;

1.2.2.3 Om basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe te formuleer;

1.2.2.4 Om basisteoretiese beginsels vir die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te bepaal;

1.2.2.5 Om metateoretiese perspektiewe neer te lê wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe;

1.2.2.6 Om praktykteoretiese perspektiewe neer te lê vanuit die basis- en metateorie ten einde 'n praktykteoretiese model te

ontwerp vir die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe wat voortvloei uit en tot die liturgie van die erediens.

1.3 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is dat daar 'n dinamiese wisselwerking bestaan tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe.

1.4 METODE

In hierdie ondersoek is soos volg te werk gegaan:

Die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het is as basis gebruik (vgl. Venter, 1996:25-26). Hierdie metode behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit naasliggende vakwetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.

Die basisteorie word hoofsaaklik aan die hand van eksegese volgens die grammaties-historiese metode saamgestel (Coetzee, 1997:1-14; Coetzee, De Klerk, Floor, 1980:12-26). Vir woordontleding sluit die navorsing veral aan by die analise van semantiese domeine volgens Louw en Nida (1988).

Op metateoretiese gebied word veral eklekties te werk gegaan (Heitink, 1999:165,166). Hierdie metode hou in dat toepaslike materiaal veral op metateoretiese vlak deur analise en interpretasie gekeur en gerangskik word om in die kader van die navorsing in te pas.

'n Empiriese studie word gedoen ten einde 'n blik te kry op lidmate se belewing van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe in die praktyk. In hierdie studie word 'n kwalitatiewe

metode gevolg waar induktief te werk gegaan word - dit beteken dat bevindinge afgelei word by wyse van onderhoude (induktief) (Heyns & Pieterse, 1990:81). Daar word derhalwe semi-gestruktureerde onderhoude met 'n vooraf verkose groep individue gevoer met behulp van 'n raamwerk van vrae. Tydens die onderhoude is die raamwerk van vrae verduidelik en dieper ingevra totdat die presiese bedoeling van die deelnemers bepaal is (vgl. Heyns & Pieterse, 1990:83). Die samestelling van die onderhoudsvraelyste is gegrond op die konsep van intradissiplinariteit, waar basisteoretiese beginsels, metodes en konsepte vanuit die metateorie saam georden en gerangskik word tot een vraelys (Van der Ven, 1993:101-112).

Basisteoretiese en metateoretiese gegewens word ten slotte in hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel met die oog op die ontwerp van praktykteoretiese perspektiewe. 'n Praktykteoretiese model word ontwerp wat ten doel het op die verstelde praktykteorie te implementeer.

Die navorser wys daarop dat die begrippe "Christen" en "gelowige" deurentyd in hierdie studie as sinonieme gebruik word. Verder sluit enige verwysing na "hy/hom" ook "sy/haar" in. Die manlike verwysing word slegs ter wille van eenvormigheid deurgaans gebruik.

1.5 WERKPLAN

Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord en die primêre en sekondêre doelwitte van die studie te bereik sal die volgende werkplan gevolg word.

Hoofstuk een is die inleidende hoofstuk van die studie. In hierdie hoofstuk word die navorsingsvraag begrond en plaas die navorser die probleem in perspektief. Die doelwitte van die studie word verduidelik en die sentraal-teoretiese argument word gestel. Die metode van navorsing wat in hierdie studie gevolg sal word, word ook toegelig.

Die studie word vervolgens in drie duidelike onderafdelings verdeel wat as volg daar uitsien:

AFDELING A: BASISTEORETIESE BEGINSELS

Die navorser stel homself ten doel om basisteoretiese beginsels te formuleer waardeur die ideale aard van die wisselwerking van die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vergestalt word. Hierdie aspek word in hoofstukke twee tot ses aangespreek.

In hoofstuk twee sal basisteoretiese vertrekpunt vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe gestel word.

In hoofstuk drie sal basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens geformuleer word.

In hoofstuk vier sal basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge van die erediens geformuleer word.

In hoofstuk vyf sal basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe geformuleer word.

In hoofstuk ses sal basisteoretiese beginsels vanuit die reeds geformuleerde vertrekpunte en perspektiewe neergelê word rakende die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

Met die formuleer van basisteoretiese beginsels sal die eerste fase van die studie afgehandel wees en sal die navorser aanbeweeg na die tweede fase waarin metateoretiese perspektiewe neergelê sal word wat lig kan werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe

AFDELING B: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die navorser stel homself ten doel om metateoretiese perspektiewe te formuleer wat lig kan werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Hierdie aspek word in hoofstukke sewe tot nege aangespreek.

In hoofstuk sewe sal metateoretiese perspektiewe vanuit naasliggende vakwetenskappe op die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe formuleer word, deurdat die navorsing sal fokus op die invloed van die postmodernisme en die post-94 transformasieproses in Suid-Afrika op die leefwêreld waarbinne liturgie beoefen moet word.

In hoofstuk agt sal deur middel van 'n empiriese studie bepaal word hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die Reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef.

In hoofstuk nege sal 'n sintese van die metateoretiese en empiriese navorsing gemaak word om metateoretiese perspektiewe te formuleer wat in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gebring kan word ten einde 'n praktykteorie te kan ontwikkel.

Met die formuleer van metateoretiese perspektiewe wat lig kan werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens sal die tweede fase van die studie afgehandel wees en sal die navorser na die derde en finale fase van die studie, wat in die formuleer van 'n praktykteoretiese model sal saamtrek, beweeg.

AFDELING C: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die navorser stel homself ten doel om praktykteoretiese perspektiewe wat

verband hou met die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te formuleer waarna 'n praktykteoretiese model ontwerp sal word. Hierdie aspekte word hanteer in hoofstukke tien en elf.

In hoofstuk tien sal die metateorie in hermeneutiese wisselwerking met die basisteorie gebring word ten einde 'n praktykteorie te formuleer wat meer bevredigend met die basisteorie korreleer.

In hoofstuk elf sal die navorser praktykteoretiese riglyne neerlê en 'n praktykteoretiese model ontwerp wat kan bydra tot die implementering van die praktykteorie.

Hoofstuk twaalf is die finale hoofstuk van die studie waarin 'n samevatting van die studie gegee sal word, tot 'n finale gevolgtrekking gekom sal word, en aspekte vir verdere studie uitgewys sal word.

AFDELING A

HOOFSTUK TWEE
BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

2.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In die inleidende hoofstuk is beide die begrippe liturgie van die erediens en liturgie van die lewe omskryf (1.1.1). Die blote bestaan van die begrip liturgie van die lewe dui op die paradigmaverskuiwing wat sedert die vroeg twintigste eeu binne die liturgie plaasgevind het en die verbreding van die begrip wat so teweeggebring is (Senn, 2000:159). Teenoor die verskraalde, dog geykte beskouing waarvolgens liturgie beperk was tot eredienshandelinge en volgorde (CJBF, 1997:2-6; Dijk, 1955:5,437; Jonker, s.j.:91; Victor, 1996:243), word daar in die kontemporêre Gereformeerde teologie op 'n baie meer dinamiese liturgie gefokus waar Godsverering uit die erediens oorspoel na die daaglikse lewe van die Christen (Vos & Pieterse, 1997:6,7; De Klerk, 2000a:94). Die vraag ontstaan onvermydelik hoe hierdie ontwikkeling binne die Gereformeerde teologie verantwoord word en wat die verhouding van hierdie twee begrippe tot mekaar is. Hoe kom praktyk en teorie bymekaar?

Volgens die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), is die ontwerp van 'n basisteorie die eerste stap om tot 'n nuwe praktykteorie te kom. Die daarstel van 'n basisteorie vir die liturgie bepaal die basis vir die prakties-toelogiese vertrekpunte van hierdie studie. Die basisteorie moet begrond wees aangesien liturgie wesenseen met die kerk van Jesus Christus is en 'n sentrale moment in die mens se godsdiensbeoefening inneem (Vos & Pieterse, 1997:85). Terselfdertyd moet die basisteorie 'n

antwoord bied vir die vraag hoe liturgie teologies beskou behoort te word (Pieterse, 1990:53). Ten einde te bepaal wat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is, moet die teologiese vertrekpunte duidelik verantwoord word. Aangesien hierdie studie in sy geheel teologies gefundeer is, moet die basisteorie geskoei wees op openbaringslyne uit die Woord.

Soos in hoofstuk een aangedui (1.2.2.1) is dit die eerste doelwit van die studie om basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe daar te stel. Die kernvraag wat in hierdie hoofstuk aangespreek word is: Wat is die basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

2.2 DOELSTELLING

Die stel van 'n basisteorie het ten doel om te bepaal hoe die begrip liturgie teologies beskou word. Alleen wanneer die begrip teologies begrond is, kan bepaal word of dit inhoudsmatig ruimte verleen vir meerdere verbandhoudende interpretasies.

2.3 METODE

In die daarstel van 'n basisteorie vir die studie, gaan die navorser van die standpunt uit dat die "liturgie" in die verbonds- en die koninkryksperspektiewe as openbaringslyne in die Skrif gegrond is. Die gebruik van hierdie perspektiewe as uitgangspunt sal in die eerste plek gemotiveer word, waarna die verband en wisselwerking tussen die twee perspektiewe bepaal sal word. Daarna sal die begrip λειτουργια etimologies ontleed word aan die hand van teologiese woordeboeke. Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe sal aan die einde van hierdie begronding en begripsontleding gemaak word.

Aangesien hierdie studie primêr oor die verband tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe handel, word daar nie in die studie in diepte op alle liturgiese inhoude, vorme en ordes gefokus nie. Daar word volstaan by die algemene beskouing dat liturgie die menslike handelinge is wanneer God ontmoet word, daar na Hom geluister word, Hy aanbid en verheerlik word en daar in die samekoms en die daaglikse lewe godsdiens beoefen word (CJBF, 1997:1).

2.4 BEGRONDING VAN 'N BASISTEORIE VIR DIE LITURGIE VAN DIE SAMEKOMS EN LITURGIE VAN DIE LEWE

'n Besef van die noodsaaklikheid om samehangend oor die Skrif en Godsopenbaring te dink, het reeds vanaf die vroeë Christelike Kerk vanuit die dogmatiek ontwikkel (König, 1988:355). Hieruit het teologiese kernbegrippe ontwikkel waardeur die verskillende fasette van die openbaring met mekaar in verband gebring is (König, 1988:355). Hoewel daar talle openbaringshistoriese lyne in die Skrif geïdentifiseer word (Heyns, 1994:9,10), word die begrippe koninkryk van God en verbond as algemeen erkende kernsleutels in die Gereformeerde teologie gebruik (König, 1988:356; Van Wyk, 2003:2,3). Calvyn, aangehaal deur Heyns (1994:4), het hierdie twee begrippe reeds tydens die Reformasie as kernmomente in die Skrif geïdentifiseer soos blyk uit sy voorwoord tot die Geneefse Bybel: "Die Bybel...is die sleutel wat vir ons die koninkryk van God open...Dit is die dokument van sy verbond". Tradisioneel het die begrip koninkryk van God veral klem gelê op die heerskappy van God, sy soewereiniteit, vrymag en almag en daarmee saam die totale afhanklikheid en onmag van die mens (Gispen, 1998). Die begrip verbond het tradisioneel veral klem gelê op God se liefde, genade en goedheid en daarmee saam die nabyheid van God en sy tere verbondenheid met die mens (Gispen, 1998) Waar die verbintenis tussen God en die mens beklemtoon word in verbondsteologie, is dit juis die afstand tussen God en die mens wat beklemtoon word in koninkryksteologie (König, 1988:357).

Hierdie tradisionele beskouings het tot spanning gelei tussen koninkryk van God en verbond (Van Wyk, 2003:2), maar hoewel hierdie twee perspektiewe duidelik onderskeibare lyne in die Skrif is, staan die verbond en die koninkryk egter nie teenoor mekaar nie. Die koninkryk van God "is most closely interwoven with...the covenant" (Möller, 1998:1). Die een sluit derhalwe nie die ander uit nie (Van Wyk, 2003:6,18). Van Wyk (2003:19) vat die essensie van die verhouding tussen hierdie kernsleutels gepas saam wanneer hy skryf: "Die verbond is die inwendige gestalte van die koninkryk en die koninkryk is die uitwendige gestalte van die verbond." König (1988:359,360) en Van Wyk (2003:18-20) pleit tereg dat hierdie twee begrippe eerder aanvullend en verrykend, as kontrasterend en eksklusief gebruik behoort te word.

Die identifisering en gebruik van die begrippe koninkryk van God en verbond in die dogmatiek, kan ook van toepassing gemaak word op die liturgie. Die motivering vir hierdie standpunt lê in die verband tussen die verbonds- en die koninkrykspersepektiewe in die Skrif, soos dit in 2.4.3 bespreek word. Ten einde die verbond en die koninkryk as basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie te begrond moet die twee lyne eers afsonderlik bestudeer word, waarna die verband en wisselwerking daartussen aangedui sal word. Aangesien hierdie 'n liturgiese studie is, sal die begrippe verbond en koninkryk van God nie dogmaties in diepte behandel word nie, maar sal daar slegs gefokus word op die relevansie daarvan vir die liturgie.

2.4.1 Verbond

Wielenga en König (1999:262,263) beskou die verbondsteologie as sentrale tema in die Skrif, want "Er is een verbintenis tussen die Schepper en de geschapen werkelijkheid, waarvan Jezus Christus het normatieve centrum uitmaakt". Met verwysing na die pastoraat, huldig Janse Van Rensburg en Hoffman (2003:249,250) dieselfde standpunt. Hoewel die verbond nie eksklusief as enigste kernbegrip gebruik behoort te word nie, is

dit duidelik uit Wielenga en König (1999:262,263) en Janse Van Rensburg en Hoffman (2003:249,250) se standpunte dat die verbond inderdaad 'n uiters belangrike hoofmoment in die hele teologie en daarom ook in die liturgie is.

Die term Verbondsgod of God van die verbond word nêrens in die Skrif gebruik nie (Helberg, 1996:226). Die saak van God wat Hom formeel deur verbondsluiting vrymagtig aan die mens verbind, kom egter regdeur die Skrif sterk na vore – 287 maal in die Ou Testament en 33 maal in die Nuwe Testament (Janse Van Rensburg en Hoffman, 2003:240). Dit vind ook weerklank in die Godsnaam "Yahwe", en vorm so 'n verwysingsraamwerk vir die hele openbaringsgeskiedenis (Theron, 2002:134-139; Breed, 1994:34). Die Gereformeerde verbondsteologie benadruk met reg dat die verbond monopleuries in oorsprong en dupleuries in uitwerking is (Van Wyk, 2003:19). God het geen verpligting tot hierdie verbondsluiting gehad nie, maar het rede uit Homself geneem daarvoor (Wielenga en König, 1999:258).

In die verbondstema word die innig persoonlike karakter van God in sy verhouding tot die mens beklemtoon (Breed, 1994:30 34; Kloppers, 1993:248). Hierdie eienskap word in besonder ook in sy beloftes van seën gekonkretiseer (Van Rooy, 2000:5,6). God word nêrens in die Ou Testament die God van 'n ding of 'n saak genoem nie. Vir Hom is sy verhouding met mense altyd primêr en anders as sy verhouding tot plekke, dinge of sake (Helberg, 1996:227). Met verwysing na God se verbondsluiting met Adam, Noag, Abraham, Moses, Dawid en Jeremia kom Helberg (1996:230) tot die gevolgtrekking dat die unieke persoonlike karakter van die verbond nie bloot uitwendig formeel van aard is, soos wat dit later deur die besnydenis afgebeeld is nie, maar dat die verbond die mens se hart raak (vgl. Theron, 2002:134-136). Hierdie verhouding word veral in die Ou Testament meestal metafories beskryf as 'n Vader-kind verhouding (Helberg, 1996:229), of as die Goeie Herder wat met groot besorgdheid na sy skape omsien (Peels, 2001:187).

In die Nuwe Testament word die verbond in sy geheel in Jesus Christus vervul (Wielenga en König, 1999:262). God se ontmoeting met die mens word sigbaar in Christus. Sy Vaderliefde en besorgdheid oor die mens word in besonder in die offer van Sy Seun openbaar (Jh 3:16). As teken van Sy ewige verbond stel Hy die doop in die plek van die Ou Testamentiese besnydenis in (Psalms, 2001:111).

Hierdie verbondsverhouding is van uiterste belang vir die liturgie. Die liturgie van die erediens is noodwendig op die verbond gegrond in die sin dat God inisiatief uit Homself neem om die mens tot ontmoeting met Hom te roep (Vos & Pieterse, 1997:196; Van Wyk 2003:4). Hieruit kan daar met reg afgelei word dat die verbond die basis vorm van die ontmoetingsgebeure in die erediens. Die ontmoetingsgebeure onder die erediens bepaal egter ook die individu se totale lewe buite die erediens. As deel van die gemeente se antwoord op God se genade moet gelowiges in gehoorsaamheid aan sy wil lewe (Van Rooy, 2000:6). Ontmoeting of verbondsgemeenskap vind immers nie net onder die erediens plaas nie, maar word voortgesit in die binnekamer, huwelik, huis en alle ander lewensterreine. Die verbond bepaal dus ook die liturgie van die lewe.

Die persoonlike aard van die verbond gee aan hierdie verhouding 'n wederkerige karakter. "God se verhouding met die mens veroorsaak en vereis 'n reaksie" (Helberg,1996:230). Die eksplisiete verbondseis lê verankerd in die dien van die Here en die nakom van die Tien Gebooie wat die mens se hele lewe omsluit (Breed, 1994:33) en verseker die bilaterale voortbestaan van die mens (Wielenga en König, 1999:260). Die verbond bepaal dus nie net die vertikale ontmoetingsgebeure nie, maar vorm ook die basis vir onderlinge ontmoeting (Theron, 2002:138). Die eis tot verbondsgehoorsaamheid is egter nie op dwang gegrond nie maar behoort voort te spruit uit 'n verbondsverhouding wat van opregte liefde vir God getuig. "Die Verbondshoof Christus se hartsbegeerte word vervul waar mede-bondgenote mekaar lief het en vir mekaar sorg" (Janse Van Rensburg & Hoffman, 2003:243; vgl. Dt 6:5). Hierdie innige

verbondsverhouding is die grond vir die mens se totale godsdiensbeoefening (Helberg, 1996:230) en behoort die mens se daaglikse lewe te bepaal wat permanent ook missionêr gerig behoort te wees (Wielenga en König, 1999:267). Sonder 'n innige verbondsrelasie wat op liefde gegrond is, is opregte liturgie dus nie moontlik nie.

2.4.1.1 Basisteoretiese momente van die verbond

- Die verbond vorm die begronding vir die vertikale ontmoetingsgebeure in die liturgie van die erediens.
- Die verbond bepaal die horisontale onderlinge ontmoetingsgebeure tussen God se verbondskinders.
- Die liturgie van die erediens en lewe word in die verbond veranker.

2.4.2 Koninkryk

God heers as ewige Koning oor alles en almal (H.K., So. 48). Dit is die geloofscredo van die kerk deur alle eeue heen (Weanzana, 2003:759). Onder die term koninkryk van God kan verstaan word: "Gods regering in verleden, heden en toekomst en als afgeleide daarvan, de plaats waar die regeing ervaren wordt" (Wierda, 2001:24; vgl. Heyns, 1994:10; Ferreira, 2002:31,32). Saam met die verbond vorm dit 'n uiters belangrike openbaringshistoriese lyn in die Skrif (König, 1988:356; Van Wyk, 2003:2,3). Vir Heyns (1994:1-12) staan die koninkryksgedagte só sentraal dat hy die openbaringsgeskiedenis van die hele Skrif saamvat onder die term koninkryksteologie (Heyns, 1994:10). Volgens hom sluit die koninkryksgedagte die verbond ook in (Heyns, 1994:7). Hoewel die term *koninkryk van God* nêrens in die Ou Testament voorkom nie, word daar in die Ou Testament een en veertig keer na God verwys word as Koning (Beasly-Murray, 1986:17). Koning impliseer altyd die bestaan van koninkryk. "As sovereign king He is the strong One, the omnipotent creator and sustainer of the universe, the only, incomparable God who shares his power and glory with no one" (Schulze, 2001:163).

As ewige Koning oor die ganse skepping, word sy koningsheerskappy egter nie deur alle mense erken nie (De Jong, 2001:236,237). Hierdie ontkenning van God se koningsheerskappy is volgens Calvyn die oorsaak van die ewige stryd tussen die kerk en die wêreld (Van Wyk, 2001:193; Ferreira, 2002:25). Die kerk op aarde vorm die besondere terrein waar God se koningsheerskappy erken word en het daarom die taak om as koningsdienaar in die wêreld op te tree (De Jong, 2001:235; Ferreira, 2002:37). "God not only calls man to be a citizen of his kingdom, but also to serve in society... this is the motto of Calvin" (Van Wyk, 2001:196). De Klerk (1988:40) vind met verwysing na Efesiërs 3:14-21 noue aansluiting by Calvyn se standpunt en beskryf gehoorsaamheid aan en die uitbreiding van die koninkryk van God as volg: "As Christus deur sy Gees regeer in die hart van 'n mens (Ef 3:16) en in die gemeente (Ef 4) en in die Christelike huisgesin (Ef 5, 6), dan is die Koningskap van Christus daar gevestig en het sy Koninkryk in die wêreld deurgebreek" (vgl. Heyns, 1994:10). Die koninkryk van God staan dus altyd in missionêre konteks (Wierda, 2001:14-17; Ferreira, 2002:44-49).

Die metafoor van Koning teenoor onderdaan dui egter nie op 'n onpersoonlike verhouding in die hiërargie nie. Die Koning is tegelykertyd ook Vader en die onderdaan is tegelykertyd ook kind (Floor, 1981:23). "The true King, after all, will also be the Shepherd par exellence" (Peels, 2001:187). As Koning is God dus handelend, altyd besig om Sy onderdane te ontmoet terwyl Hy in liefde oor hulle regeer. Gemeenskap-in-liefde is derhalwe die belangrikste element in die koningsheerskappy van God (Helberg, 1996:228,229).

Vir die liturgie vorm die koninkryksperspektief 'n belangrike grondlyn aangesien dit die aard van die ontmoetingsgebeure bepaal. Koningsheerskappy impliseer dat die Koning getrou gedien word deur gehoorsame onderdane wat hulle beywer vir die uitbreiding van die koninkryk (Heyns, 1994:9; Peels, 2001:187). In hierdie opsig vorm dit 'n sterk analoog met die monopleuriese aard van die verbondsluiting. Die

erediens vorm die hart van die Koning se onderdane wat saamkom om Hom te dien (Leuschner, 2004:2). Hierin is 'n afbeelding van die duplerise aard van die verbond te vind waarin die gelowige as onderdaan sy Koning dien. Die dien van God as ewige Koning word egter deur Sy onderdane ook in die binnekamer, huwelik, gesin en op alle ander lewensterreine voortgesit (Senn, 2000:159). Die liturgie van die lewe vind hierin noue aansluiting by die koninkryk. Aangesien die liturgie van die erediens en van die lewe in die dien van die Here God as ewige Koning berus, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat liturgie in sy geheel ook in die koninkryk gegrond is.

2.4.2.1 Basisteoretiese momente van die koninkryk

- Die koninkryk van God getuig van God se koningsheerskappy in liefde.
- Die mens as koninkryksburger word opgeroep om God as Koning te dien deur Sy koningsheerskappy met gehoorsaamheid in liefde te erken en om missionêr Sy koningsheerskappy te proklameer.
- Aangesien liturgie in wese oor die mens se diens aan God handel, vind dit sy begronding in die koninkrykserspektief.

2.4.3 Die verband tussen die verbond en die koninkryk van God

Soos reeds vermeld staan verbond en koninkryk nie teenoor mekaar nie, maar vorm gesamentlik die twee kante van 'n muntstuk (2.4.1). In die dogmatiek is die verhouding verbond en koninkryk van God duidelik uiteengesit (König, 1988:360-362; Van Wyk, 2003:19,20). Uit hierdie dogmatiese verbandleggings kan die volgende raakpunte met die liturgie uitgewys word:

- Die eerste vorm van verbandlegging tussen die twee begrippe is die besef dat die "Koninggod" en die "Verbondsgod" een en dieselfde God is wat met mense in gemeenskap tree en oor hulle heers (König, 1988:361; Van

Wyk, 2003:19). Hierdie verbandlegging is vir die liturgie van besondere belang, aangesien die ontmoetingsgebeure tussen die "Koninggod" / "Verbondsgod" met sy kinders in die liturgie sentraal staan (Vos & Pieterse, 1997:7). Die integrering van die verbond en die koninkryk as gesamentlike begronding vir die liturgie van die samekoms en die lewe berus primêr in die feit dat God Homself vrymagtig aan die mens verbind (verbond) en te gelyke tyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).

- Dit is belangrik om daarop te let dat beide die verbond en koninkryk monopleuries in oorsprong en dupleuries in uitwerking is (Van Wyk, 2003:19). Hiervolgens word die soewereine openbaring en handelinge van God in sy verhouding tot die mens voorop gestel. In sowel die verbond as die koninkryk neem God die inisiatief uit Homself om Hom aan die mens te verbind en die mens ook tot gemeenskap met Hom te roep (Floor, 1981:8,20). Vanuit liturgiese oogpunt bely gelowiges dat God alle inisiatief uit Homself neem om die mens tot gemeenskap met Hom te roep, want: "die teenwoordigheid van God in die erediens maak gemeenskap tussen die drie-enige God en die gemeente moontlik" (De Klerk, 1987:96). Die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens neem in die liturgie 'n sentrale plek in (Vos & Pieterse, 1997:16). Dit vind noue aansluiting by die verbond en die koninkryk aangesien die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens deur Hom geïnisieer word en van Hom uitgaan (Van Wyk, 2003:20). Liturgie is dus ook monopleuries in oorsprong maar dupleuries in uitwerking.
- Die dogmatiek benadruk voorts dat die Christologie en Pneumatologie in beide die verbonds- en koninkryksmotief sentraal staan, en dat dit in beide gevalle in die geloof aanvaar en bely moet word. Hierdie dogmatiese verband vind neerslag in die liturgie in die sekerheid dat die

ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders in Gees en in waarheid plaasvind en dat hierdie geestelike ontmoeting deur die geloof, wat van die Heilige Gees kom, verstaan en toegeëien moet word (De Klerk, 1987:294,295).

- Van Wyk (2003:20) vind vanuit die dogmatiek noue aansluiting met die liturgie wanneer hy opmerk dat: "In die kerk as volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees sien ons tans 'n voorlopige gestalte van die gerealiseerde verbond en die koninkryk van God, met die doop en nagmaal as tekens en seëls van die verbond en die koninkryk". In die omskrywing van die kerk as volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees, word die innige verhouding en ontmoeting tussen God en sy kinders, wat in die liturgie sentraal staan, benadruk (Vos & Pieterse, 1997:7). Die verwysing na die sakramente as liturgiese elemente, dui op sig self ook op hierdie innige verhouding wat in sowel die verbond as die koninkryk benadruk word (König, 1988:360). Van Wyk (2003:20) se woordkeuse, naamlik dat die kerk tans 'n voorlopige gestalte van die gerealiseerde verbond en die koninkryk van God vertoon, impliseer dat liturgie in hierdie aardse bedeling nog gebrekkig is (Senn, 2000:159).
- Verbond en koninkryk staan in verband met die voleinding aangesien beide uitloop op God se volledige inwonig in die gehoorsame en dienende mens. "Dán is die tabernakel van God by die mense en God alles vir/in almal" (Van Wyk, 2003:20). Verbond en koninkryk plaas liturgie in eskatologiese perspektief, aangesien die mens eskatologies gesproke roep om ook ten opsigte van sy liturgie nuutgemaak te word om God in volle heiligheid te kan dien (Court, 1994:89).

2.4.3.1 ***Basisteoretiese momente van die verband tussen die verbond en die koninkryk***

- Die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die dogmatiek, kan as gesamentlike begronding vir die liturgie gebruik word en berus primêr in die gemeenskapsbeoefening waardeur God Homself vrymagtig aan die mens verbind (verbond) en te gelyke tyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).
- Liturgie is dus in sy geheel in die verbond en die koninkryk ingebed.

2.4.4 Voorlopige basisteoretiese afleidings

Die volgende basisteoretiese afleidings vloei uit die bostaande basisteoretiese momente en dit sal saam met verdere basisteoretiese afleidings gebruik word om tot basisteoretiese vertrekpunte te formuleer.

- In die vertikale verbondsrelasie waarin God tot die mens staan, neem Hy inisiatief uit Homself om Hom vrymagtig aan die mens te verbind.
- Die verbondsgehoorsaamheid wat God van die mens eis, roep om wederliefde vir Hom.
- Die verbond bepaal die horisontale onderlinge ontmoetingsgebeure van God se verbondskinders.
- Die koninkryk van God getuig van God se koningsheerskappy in liefde.
- Die mens as koninkryksburger word opgeroep om God as Koning te dien deur Sy koningsheerskappy met gehoorsaamheid in liefde te erken en om missionêr Sy koningsheerskappy te proklameer.
- Die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die dogmatiek kan as gesamentlike begronding vir die liturgie gebruik word, en berus primêr in die gemeenskapsbeoefening

waardeur God Homself vrymagtig aan die mens verbind (verbond) en te gelyke tyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).

- Derhalwe is liturgie in sy totaliteit in die verbond en die koninkryk gegrond.

2.5 DIE WESE VAN DIE BEGRIP LITURGIE

2.5.1 Etimologie en algemene gebruik van die begrip liturgie in Ou Testamentiese konteks

Die term liturgie beteken diens (Jenni & Westerman, 1997:1406). In Hebreeus word die begrip "diens" met twee woorde omskryf, naamlik שרת (sharat) en עָבַד (abad). Die Afrikaanse woord liturgie word in Hebreeus weergegee met שרת (sharat). שרת word in betekenis van die meer algemene woord עָבַד (abad) daarin onderskei dat eersgenoemde in die algemeen 'n hoë kategorie van diens van en teenoor 'n mens beteken (Jenni & Westermann, 1997:1406), terwyl laasgenoemde die betekenis het van "menial employment" of "to cultivate the ground" (Harris, 1980:958; Jenni & Westermann, 1997:1405).

In die buite–Bybelse Ou Testamentiese konteks word die woord שרת in drie betekenisdomeine aangehaal (Strathmann, 1967:215–219):

- In die eerste plek het dit 'n sterk politieke betekenis gehad van amptelike staatsdiens. Enige amptelike of openbare dienslewering wat die staat 'n individu opgelê het, soos onder andere onderwys of militêre diens, is weergegee met die woord שרת. Hoewel hierdie liturgiese opgawe ten diepste die betekenis gehad het van vrywillige diens van welgestelde burgers, was dit nogtans wetlik afdwingbaar (Vos & Pieterse, 1997:4). In hierdie konteks kan liturgie dus beskou word as verpligte amptelike staatsdiens.
- In die tweede instansie is die woord liturgie ook in 'n sosiale domein gebruik (Strathmann, 1967:216). In hierdie verband verwys liturgie

byvoorbeeld na privaatdiens van slawe aan here of na vriende wat mekaar onderling dien, help en bystaan. Liturgie kan dus ook beskou word as vrywillige diens van 'n weldoener teenoor 'n ander mens (Vos & Pieterse, 1997:4).

- Die derde domein waarin die woord liturgie in buite–Bybelse Ou Testamentiese konteks gebruik is, is in die konteks van kultiese diens (Vos & Pieterse, 1997:4). Twee tipes kultiese diensverrigtinge is met die begrip liturgie weergegee. Die eerste was die diens van die mens direk aan sy gode en die tweede die dien van die dienaars van die verskillende heidense gode (Strathmann, 1967:218). Liturgie kan dus vanuit hierdie domein beskryf word as amptelike kultiese diens.

Die stamwoord שרת kom in die Hebreeuse teks van die Ou Testament sewe en negentig keer voor en word oorwegend in twee domeine gebruik (Fretheim, 1997:256; Jenni & Westermann, 1997:1405; Harris, 1980:958):

- Die eerste is dié van persoonlike diens teenoor 'n belangrike persoon soos dié van 'n dienaar teenoor sy meester. De Klerk (1982:12) noem dit die sosiaal-politiese gebruik van die begrip liturgie. Enkele Ou Testamentiese voorbeelde van dienaars wat teenoor hulle meerderes diens verrig het, is Josef teenoor Potifar (Gen 39:4), Joshua teenoor Moses (Eks 24:13) en Elisa teenoor Elia (1 Kon 19:21). In hierdie konteks dra die begrip liturgie die betekenis van "the personal service rendered to an important personage, usually a ruler" (Harris, 1980:958). In hierdie konteks maak Jenni en Westermann (1997:1406) die interessante opmerking dat Jakob se diens aan Laban (Gen 29:15, 18,20) met עָבָד weergegee word terwyl Josef se diens aan die belangrike gevangenes (Gen 39:4; 40:4), met שרת weergegee word. Hierdie spesifieke diens wat met שרת weergegee word, is egter nie slawediens nie: "It is the service of free people..." (Fretheim, 1997:256) "and often an activity that brings the servant honor" (Jenni

& Westermann, 1997:1406). Strathmann, (1967:220) wys op die interessante feit dat daar in die Ou Testament geen spoor te vinde is van 'n politieke nie–Bybelse gebruik van die begrip liturgie nie.

- Die tweede domein waarbinne die begrip liturgie in die Ou Testament gebruik word, is in die kultiese konteks (Harris, 1980:258). In die meeste gevalle is dit 'n verwysing na kultiese diens wat die priesters en die Leviete in en om die tabernakel en later die tempel verrig het (De Klerk, 1982:12). שרת in kultiese konteks: "basically means to minister or to wait on another, human or divine" (Fretheim, 1997:256). Hoewel die klem op tempeldiens val, word daar tog reeds in die Ou Testament spore gevind van liturgie buite die tempeldiens. In hierdie verband meld Harris (1980:258) dat "Psalm 101:6 is an important reminder that he who dwells in God's presence and serves Him must walk blamelessly before Him. This obviously goes far beyond mere ritual purity." Liturgie in die Ou Testament, hoewel grootliks gerig op tempeldiens, is dus nie daartoe beperk nie.
- Fretheim (1997:256,257) tref 'n fynere onderskeid vir שרת in kultiese konteks, wat moontlik as derde domein onderskei kan word. Volgens hom moet daar duidelik onderskei word tussen algemene kultiese diens en die dien van die Lewende God. "What this ministry entails is at times more closely specified" (Fretheim, 1997:256). Hy wys in hierdie verband daarop dat שרת in hierdie geval op spesifieke kultiese diens dui: "it is a ministering directed to and on behalf of God himself" wat in wese neerkom op "serving God with one's whole self and life" (Fretheim, 1997:256,257). Jenni & Westermann (1997:1407) tref ook onderskeid tussen "the broader and the more narrow cultic usages" van שרת en noem dat die begrip die nou gerigte betekenis het van "to stand before Yahwe to serve him".

In die Septuaginta (LXX) is שרת met λειτουργια (leiturgia) vertaal. Daarin is λειτουργια grootliks beperk tot tempeldiens, met besondere klem op offerdiens. Die offerdiens het te doen gehad met die kultus in die tempel

en die priesterdiens by en in die tempel (Vos & Pieterse, 1997:5). Die vertalers van die LXX het λειτουργια dus uiters eksklusief gebruik: "The LXX translators obviously felt a need to try to fix a regular and exclusive term for priestly ministry, and thereby to show that the cultic relation to God is something special as compared with all the other relations of service in which men might stand" (Strathmann 1967:220). Dit is van belang dat daar deurgans in gedagte gehou word dat λειτουργια in die LXX altyd dui op kultiese dienslewering wat wetlik voorgeskryf is (Barnard, 1981:53,54). Liturgiese handelinge buite die tabernakel en tempeldiens is in die LXX met ander woorde en begrippe as λειτουργια beskryf (Jenni & Westermann, 1997:1407).

2.5.1.1 Basisteoretiese momente

- Die wyse waarop die begrip liturgie in die Ou Testament gebruik is dui daarop dat daar swaar klem gelê is op liturgie as kultiese diens in en verbandhoudend met die tabernakel en tempel, hoewel daar tog ook spore is van liturgie wat uitkring tot die lewe.

2.5.2 Etimologie en algemene gebruik van die begrip liturgie in Nuwe Testamentiese konteks

Die Afrikaanse woord liturgie word in Grieks weergegee met λειτουργια wat waarskynlik 'n samestelling is van λειτος (van die volk) en εργον (werk). Hiermee word die dienswerk van die volk aangedui (Vos & Pieterse, 1997:4). λειτουργια word ses keer in die Nuwe Testament gebruik en nog 'n verdere nege kere in ander stamformasies (Strathmann,1967:226; Balz,1981:348). Op semantiese gronde plaas Louw en Nida (1988:461,533) λειτουργια in twee hoofdomeine. Domein 35.22-35.25 omskryf liturgie in algemene terme as hulp en diens in die gewone samelewing. In domein 53.13 word dit egter sterk as 'n religieuse aktiwiteit beklemtoon wat rondom die tempel, sinagoge en later Nuwe Testamentiese kerk sentreer. Balz (1981:348-349) onderskei vyf

nuanseringe van die gebruik van λειτουργια as religieuse aktiwiteit in die Nuwe Testament:

- In Lukas 1:23 dui dit op tempeldiens;
- In Hebreërs 8:6 verwys dit na priesterdiens;
- In Filippense 2:17 word dit figuurlik vir offerdiens gebruik;
- In Filippense 2:30 staan dit in die konteks van materiële hulpverlening as dankoffer. De Klerk (1982:12) beskryf die gemeentelike en persoonlike liefdesdiens van die Christene in die Nuwe Testamentiese kerk as liturgie wat gemeentelik-diakonaal gerig is;
- In Handelinge 13:2 word λειτουργια gebruik "in a way unique in the NT (also for the LXX), when it is used in a special sense in reference to worship" (Balz, 1981:349). Strathmann (1967:226-227) benadruk ook die prominensie van hierdie teksvers want "Ac. 13:2 stands in contrast with the LXX ...It thus opens up the way for broader ...purely spiritual Christian service of God ". Die besondere gebruik van liturgie in hierdie teksvers dui op die verbreding van die begrip waar dit nie slegs in eng kultiese konteks in die Nuwe Testament gebruik word nie, maar ook vir Godsdiensbeoefening in die alledaagse lewe.

Vos & Pieterse (1997:5) is van oordeel dat λειτουργια eksegeties in die Nuwe Testament vier begripsmoontlikhede het:

- Die voortsetting van die Ou Testamentiese tempeldiens (Hb 8:2, 9:21);
- Persoonlike liefdesdiens aan mense, wat ook geldelike hulpverlening insluit (Fil 2:25,30; Rm 15:27);
- Diens aan Christus (Rm 15:16; Fil 2:17)'
- Samekoms van dissipels om te aanbid (Hd 13:2).

In die wyse waarop λειτουργια in Nuwe Testamentiese konteks hanteer

word, is die ooreenkoms met die Ou Testamentiese kultiese gebruik daarvan opvallend. Die uitsondering wat in Handelinge 13:2 gemaak word, baan egter die weg vir die begronding van 'n lewensliturgie wat wyer strek as kultiese Godsverering. Die wyse waarop God in kultiese konteks en in die alledaagse lewe vereer word, word in die Nuwe Testament ook met ander woorde as λειτουργια beskryf (Strathmann, 1967:225).

2.5.2.1 ***Basisteoretiese momente***

- In die wyse waarop λειτουργία in die Nuwe Testamentiese konteks hanteer word, is die ooreenkoms met die Ou Testamentiese kultiese gebruik daarvan opvallend, hoewel daar 'n ruimer betekenisveld daaraan gekoppel word.

2.5.3 Die wese van die begrip liturgie in kontemporêre konteks

Die semantiese gebruik van die begrip λειτουργια in die Ou- en Nuwe Testament lei tot die gevolgtrekking dat liturgie as religieuse aktiwiteit die dien van God in beide kerklik kultiese konteks en die konteks van die alledaagse lewe beteken. Die wyse waarop daar in die kontemporêre Gereformeerde teologie met die begrip liturgie omgegaan word, bevestig dat liturgie nie beperk mag word tot die erediens nie. Liturgie staan onder andere in verband met gemeenskapsbeoefening met God (De Klerk, 2000a:90,91), aanbidding (Maynard-Reid, 2000:15), verbondsgemeenskap (De Klerk, 1976:2), dinamiese handelinge in Godsverering (Delrue, 2001:36), daaglikse "Gods-diens" beoefening (Trimp, 1983:59) en liturgiese belewing en lewe (Senn, 2000:159).

Die besef dat die liturgie van die samekoms nie in isolasie tot die lewe staan nie is van groot belang vir die doel van hierdie studie. Vos (1995:485) lê klem op liturgie as die "daarstelling van die gemeenskap met God", met die benadrukte byvoeging dat gemeenskap met God erediens en die daaglikse lewe oorspan. Barnard (1981:52) huldig dieselfde

standpunt in sy opmerking dat liturgie al die woorde en handelinge van die erediens omvat en dat dit in lewende wisselwerking tot die daaglikse lewe en godsdiens staan. Volgens hom is die liturgiese handelinge van die erediens bepalend vir die wyse waarop die mens liturgie in die daaglikse lewe beoefen. Vos en Pieterse (1997:16) sluit ten nouste by Barnard aan met hulle uitgangspunt dat die erediensliturgie die hart van die lewe van die gemeente is: "Die gemeentelewe vanuit die erediens en na die erediens toe. Voortdurend is hierdie heen-en-weer beweging aan die gang soos die bloed wat van die hart vloei en na die hart terugstroom". De Klerk (2000a:91) pleit ook vir 'n dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Hy beskryf die noue verband tussen hierdie twee terreine as "...saamkom en uitgaan, ontvang en gee, hoor en verkondig, bid en werk, die sistoliese en diastoliese werking van die pompende hart".

Uit hierdie omskrywing van die wese van die liturgie is dit duidelik dat liturgie nie beperk mag word tot die handelinge waardeur God slegs onder die erediens ontmoet en gedien word nie, maar dat liturgie ook in die daaglikse lewe beoefen moet word. Ontmoeting en diens gaan in die huise en in die binnekamer van die gelowige voort as uitvloeisel van die erediensliturgie. Ten einde hierdie dinamiese wisselwerking na behore te kan bepaal, word daar vervolgens na die voorlopige samevatting (2.5.4) en die stel van basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (2.6) aandag geskenk aan die basisteoretiese perspektiewe vir die aard van erediensliturgie (3.4) en daarna die basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe (5).

2.5.3.1 Basisteoretiese momente

- Uit die omskrywing van die wese van die liturgie in kontemporêre konteks, is daar 'n duidelike uitwys dat liturgie in Bybelse konteks nie beperk mag word tot die handelinge waardeur God slegs onder die erediens ontmoet en gedien word nie, maar dat liturgie ook in die

daaglikse lewe beoefen moet word.

2.5.4 Voorlopige basisteoretiese afleidings

- Die wyse waarop die begrip liturgie in die Ou Testament gebruik is, dui daarop dat daar swaar klem gelê is op liturgie as kultiese diens in en verbandhoudend met die tabernakel en tempel, hoewel daar tog ook spore is van liturgie wat uitkring tot die lewe.
- In die wyse waarop λειτουργια in die Nuwe Testamentiese konteks hanteer word, is die ooreenkoms met die Ou Testamentiese kultiese gebruik daarvan opvallend, hoewel daar 'n ruimer betekenisveld daaraan gekoppel word.
- Uit die omskrywing van die wese van die liturgie in kontemporêre konteks is daar 'n duidelike uitwys dat liturgie in Bybelse konteks nie beperk mag word tot die handelinge waardeur God slegs onder die erediens ontmoet en gedien word nie, maar dat liturgie ook in die daaglikse lewe beoefen moet word.
- Liturgie kan voorlopig omskryf word as ontmoeting en diens wat vanuit die erediens in die binnekamer, in die huise en vandaar in al die ander lewensterreine van die gelowige voortgaan.

2.6 BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

- Die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif dien as begronding vir die liturgie en berus primêr in die gemeenskapsbeoefening waardeur God Homself vrymagtig aan die mens verbind (verbond) en te gelyke tyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).
- Die wyse waarop die begrip שרת in die Ou Testament, λειτουργία in die Nuwe Testament en liturgie in kontemporêre konteks gebruik word, dui daarop dat daar oorwegend klem gelê word op liturgie as kultiese diens in en verbandhoudend met die tabernakel en tempel

en later Nuwe Testamentiese kerk, hoewel dit duidelik is dat liturgie ook uitkring tot die hele lewe.

- Vanuit die begronding en begripsomskrywing is dit duidelik dat liturgie sentreer rondom die ontmoeting van en diens aan die Lewende God wat vanuit die erediens in die binnekamer en huis en vandaar in al die ander lewensterreine van die gelowige voortgesit word.

HOOFSTUK DRIE

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE AARD VAN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS

3.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Binne die Gereformeerde tradisie is daar vanaf die Reformasie deeglike Skrifbegronding vir die liturgie van die erediens gedoen. In hierdie verband kan daar onder andere verwys word na die standaardwerke van Jonker (s.j.:20-45), Van Oosterzee (1898:22-40), Kruijf (1901:1-276), Heyns (1903:3-333) en Kuyper (1911:5-556). Hierdie liturgie, wat via die Dordtse Sinode van 1618/1619 deel geword het van die Gereformeerde kerklike tradisie en ook in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gevestig is (Kerkorde, 1980:65), is egter oorwegend staties beskou en het grootliks na erediensorde en meer spesifiek na die volgorde van liturgiese handelinge onder die erediens verwys (Barnard, 1981:51; Victor, 1996:243; Kuyper, 1902:94-99; Spoelstra, 1994:113). Die meer kontemporêre beskouing van liturgie, soos onder andere gehuldig deur Barnard (1981:45-63; 384-602), De Klerk (1990:8-27), Vos en Pieterse (1997:29-84) en Niemandt (2007:86), pleit vir die erkenning van 'n dinamiese liturgie wat groter klem lê op die wisselwerking tussen die Goddelike spreke en menslike antwoord.

Die voorafgaande hoofstuk het aangetoon dat liturgie in sy wye betekenis, wat beide die liturgie van die erediens as die liturgie van die lewe insluit, gegrond is in die verbond en koninkryksperpektiewe as openbaringslyne in die Skrif. 'n Studie na die wese van die begrip liturgie, gegrond op die etimologie en algemene gebruik daarvan, het verder aangetoon dat die begrip liturgie inderdaad 'n sirkelbetekenis het en nie beperk mag word tot erediensthandelinge nie. Vanuit die erediens na die lewe is liturgie in die lewe weer gerig op die herontmoeting in die erediens. Ten einde die aard van hierdie dieperliggende wisselwerking te bepaal is dit noodsaaklik om aanvanklik tussen die komponente liturgie van die erediens en liturgie van

die lewe, te onderskei. Dit is eers wanneer die basisteoriese beginsels onderliggend aan beide konsepte neergelê is, dat die geheimenis van die wisselwerking ontbloot kan word.

In 1.1.2.2 is die tweede kernvraag wat voortspruit uit die sentrale navorsingsvraag geformuleer as "Watter basisteoretiese beginsels kan geformuleer word vir die liturgie van die erediens?" Hierdie vraag vorm die probleemstelling van hierdie hoofstuk.

3.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is die formulering van basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens. Weens die aard van die liturgie van die erediens is dit ook noodsaaklik om basisteoretiese perspektiewe op die liturgiese handelinge van die erediens te formuleer. Alvorens die dinamiese aard van die liturgiese handelinge in die erediens in hoofstuk vier behandel word, word daar in hierdie hoofstuk in besonder op die wese en die aard van die liturgie van die erediens gefokus.

3.3 METODE

Aangesien hierdie 'n teologiese studie is en die basisteorie primêr uit die Skrif gefundeer word, sal die beginsels vir die liturgie van die erediens uit die Skrif en voortspruitende kerkgeskiedenis belig word. Eksegeties word daar volgens die gramaties-historiese metode te werk gegaan (Coetzee, De Klerk, Floor, 1980:12-26; Coetzee, 1997:1-14). Die ondersoek na die kerkgeskiedenis word gedoen deur literatuurstudie van die tersaaklike inligting wat deur kritiese denke geëvalueer word om uiteindelik tot sekere gevolgtrekkings te kom.

Eerstens word daar vanuit 1 Korintiers 12-14 gefokus op die aard en inhoud van die liturgie van die erediens. Daarna volg daar 'n kontrole uit die res van die Skrif en die Kerkgeskiedenis. Voordat daar aan die einde

van die hoofstuk basisteoretiese afleidings gemaak word oor die aard en inhoud van die liturgie van die erediens, word daar ook op die beskouing van teoloë vanuit die kontemporêre teologie gelet.

3.4 DIE WESE VAN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS

Die verengde beskouing dat die liturgie van die erediens na die volgorde van gebeure onder die erediens verwys, asof "erediens" bloot 'n program is wat begin en later afgesluit moet word (De Klerk, 1982:19; Müller, 1990:55; Vos & Pieterse, 1997:196), het tot gevolg dat die dinamiese aspek van erediensliturgie as samekoms in Gees en waarheid om die lewende God te ontmoet, te gehoorsaam en met oorgawe te luister en te aanbid, nie altyd tot sy reg kom nie (CJBF, 1997:1,4). Ten einde liturgie as dinamiese handelinge binne die geheel van die erediens te plaas, word daar vervolgens 'n snit uit 1 Korintiërs 12 -14 gemaak wat in besonder dui op die erediens as ontmoeting in Gees en in waarheid.

3.4.1 Die liturgie in 1 Korintiërs 12-14

3.4.1.1 Die motivering vir die keuse van 1 Korintiërs 12-14 as ondersoekmateriaal

'n Volledige bespreking van die geskiedenis van die samestelling van die boek in sy geheel, die skrywer, die datering en detail struktuurontleding val buite die omvang van die studie. Vir die redes hieronder uiteengesit is skrywer van oordeel dat 1 Korintiërs 12-14 'n besondere greep is waardeur die dinamiese aard van die erediensliturgie weerspieel word.

1 Korintiërs is 'n brief van die apostel Paulus wat in sy geheel gerig is aan die Christelike gemeente in Korinte, hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje (Wolmarans, 1999:1494). Die hooftema van hierdie brief is instruksies oor hoe om as Christene in 'n heidense samelewing God in opregtheid te bly dien (Wolmarans, 1999:1495). In wese handel 1

Korintiërs dus oor *ecclesia* in die wêreld (Horsley,1998:14).

Binne die geheel van die boek vorm 1 Korintiërs 12-14 'n subeenheid wat handel oor die Geestelike gawes in die liggaam van Christus en die ordelike wyse waarop Christene God behoort te dien (Horsley, 1998:167; Wolmarans, 1999:1514). Die "saamkom van die gemeente" om op ordelike wyse liturgie te beoefen, vorm so die sentrale hoofmoment uit 1 Korintiërs 12-14 (De Klerk, 1987:57). Opregte liefde (1 Kor 13:13) bind hoofstukke twaalf tot veertien tot 'n eenheid aangesien dit die gesindheid waarmee God onder die samekoms gedien moet word, baie sterk beklemtoon (Cammeraat, 1995b:239). Die gawes wat die Heilige Gees aan die kerk uitdeel om God na behore te kan dien, die praktiese instruksies oor die ordelike wyse waarop God bedien behoort te word en die klem op die gesindheid waarmee die Christen God moet dien, dien as motivering vir die keuse van 1 Korintiërs 12-14 as ondersoekmateriaal aangesien dit alles aspekte is wat die wese van die liturgie van die erediens bepaal.

3.4.1.2 Liturgiese lyne in 1 Korintiërs 12-14

In die gemeentelike lewe, soos beskrywe in 1 Korintiërs 12-14, staan die werk van die Heilige Gees voorop en word dit sigbaar in konkrete situasies wat betrekking het op die erediens (De Klerk, 1987:57). Verskillende indelings word van hierdie perikoop gemaak om bepaalde aspekte rondom die werk van die Heilige Gees te beklemtoon (vgl. De Klerk 1987:59-77; Prior, 1993:192-255; Cammeraat, 1995b:239-262; Horsley, 1998:167-197). Met die oog op die ondersoek na liturgiese inhoud en vorme word die werk van die Heilige Gees in die gemeente se belydenis (12:3), gawes (12:4-31), liefde (13:1-13), beoefening van liturgie in die erediens (14:1-25) en die goeie orde (14:26-40) as fyner perikoopindeling gebruik.

3.4.1.2.1 Die Heilige Gees en die gemeente se belydenis (1 Kor 12:3)

In die konteks van die lewe van die eerste hoorders in Korinte, was die

uitspreek van seën en vervloekinge van en deur gode 'n bekende praktyk (Winter, 1994:1180; Wolmarans, 1999:1515). Daar mag dus met reg aanvaar word dat die "Geesloses" wat nie die evangelie van die opgestane Jesus as Here aangeneem het nie, die Christene só vyandig geword het dat hulle Jesus begin vervloek het (Prior, 1993:194). Teenoor hierdie vervloekinge verseker die Heilige Gees die ware Kerk dat die opgestane Jesus van Nasaret waarlik en alleen Here is en dring die Gees die kerk ook tot die openlike belydenis van hierdie waarheid (Lambrecht, 2001:1882). "The first and foremost criterion of the Spirit is the confession 'Jesus is Lord'" (Vledder & Van Aarde, 1991:518). Die gemelde aanhaling benadruk ter selfde tyd die eksklusiewe werking van die Heilige Gees in Christene teenoor die Geesloosheid van heidene. Tereg merk De Klerk (1987:59) in hierdie verband op dat die kerk van Jesus Christus altyd 'n belydeniskerk en 'n belydende kerk moet wees.

Die kernbelydenis dat Jesus Here (*Kurios*) is, was volgens alle aanduidings van die begin af die onderskeidende geloofscredo van die Christelike kerk (Prior, 1993:194). Die liturgie van die erediens begin by God-drie-enig. Dit is Hy wat die ontmoetingsgebeure stig deur die erediens te orden en te konstitueer (De Klerk, 1987:60). Die uitspreek van hierdie belydenis het aan die begin van die erediensliturgie plaasgevind as deel van die ontmoetingsgebeure. Daardeur het die Christene die belydenis uitgespreek dat die samekoms onder leiding van die Heilige Gees plaasvind en dat Hy die ontmoeting bewerk (De Klerk, 1982:16). Die Sondag erediens staan daarom sentraal in die ontmoeting met God (Leuschner, 2004:2) en die liturgie van die Sondag erediens bemiddel in besonder hierdie heilige ontmoeting met die lewende God (Vos, 1999:102).

In die belydenis dat Jesus Here is, het die gemeente ook hulleself onder die heerskappy van Christus se koningsheerskappy gestel en openlik verklaar dat Hy in beheer van hulle lewens is (Horsley, 1998:169). Ter selfde tyd het hierdie geloofsbelydenis hulle geloof en onderlinge eenheid vertolk en versterk (De Klerk, 1987:61). Die belydenis dat Jesus Here is,

was dus van meet af aan 'n kernmoment in die liturgie van die vroeë Nuwe Testamentiese kerk.

3.4.1.2.2 Die Heilige Gees en die geestesgawes in die gemeente (1 Kor 12:4-31)

1 Korintiërs 12:4-6 dien as inleiding tot die Geestesgawes wat vanaf verse 7-11 genoem word. Die perikoop wat daarop volg tot aan die einde van hoofstuk twaalf, gee 'n beskrywing van hoe die Geestesgawes binne die eenheid van die kerk behoort te funksioneer (Wolmarans, 1999:1515).

Alle gawes kom uit dieselfde bron en die bron is God Drie-enig (:4-6). Die gawes self, wat uit Hom voortspruit, is egter verskillend. Drie groepe Geestesgawes kan onderskei word naamlik twee gawes van verstand (:8), drie gawes van wonders doen (:9-10a) en vier gawes van spraak (:10b). Buiten die verskeidenheid van gawes is daar in 'n geloofsgemeenskap ook nog 'n ryke verskeidenheid van mense aan wie verskillende gawes uitgedeel is (Prior, 1993:196). De Klerk (1987:57-58) maan in hierdie verband teen die gevaar dat die Geestesgawes as individuele gawes oorbeklemtoon mag word ten koste van koinonia. Horsley (1998:169) voel dieselfde aan as hy opmerk dat "The driving concern throughout chapter 12 is...perhaps diversity in unity". Die doel van die gawes is per slot van rekening "tot voordeel van almal" (:7) en bind derhalwe deur verskeidenheid die gemeente tot 'n eenheid (Lambrecht, 2001:1883).

Deur die uitdeel van verskillende gawes aan elkeen, rus die Heilige Gees die gemeente toe met alles wat nodig is om waarlik ecclesia te wees (Cammeraat, 1995b:256-257). Wanneer elkeen sy Geestesgawes tot voordeel van ander aanwend, vind daar verdieping in die liturgie van die samekoms plaas omdat gemeentelede daarvan bewus word dat die Gees deur hulle die gemeente toerus en opbou (De Klerk, 1987:62). Hierdie bewuswording dat die Gees deur elkeen werk, lei weer tot die versterking van die gemeente se onderlinge koinonia wat vanaf verse 12-31 beskryf

word. So word die Gees as die Bewerker van en die Toeruster tot koinonia openbaar. Koinonia-beoefening is dus 'n liturgiese handeling wat as gawe van die Heilige Gees onder die erediens en spontaan na die erediens uitgeleef moet word (De Klerk, 1987:65).

3.4.1.2.3 Die Heilige Gees en die liefde (1 Kor 13)

1 Korintiërs 13 word deur Yorke (1998:380) as "an ode to love" beskryf wat nie alleen deur die vroeë Christendom tot eer van God nie, maar ook deur heidene gesing is tot eer van hulle afgode. Hy benadruk egter die feit dat liefde nie bloot gevoelsmatig is nie, maar die aktiewe dien van God in 'n gebroke wêreld impliseer (Yorke, 1998:381; vgl. Horsley 1998:177). Winter (1994:1181) verklaar die dien van God in liefde voorts in eskatologiese perspektief. Die wyse waarop God in hierdie bedeling in liefde gedien word, vorm 'n dowwe afbeelding van sondelose liturgie na die wederkoms. Dit is daarom te verstane dat liefde die grootste van die Geestesgawes genoem word waarop elkeen hom volgens 1 Korintiërs 12:31 besonderlik moet toelê (Cammeraat, 1995b:243).

Agape-liefde beïnvloed die mens se hele lewe (Lambrecht, 2001:1886). Die mens se liefde vir God word sigbaar in liefde vir sy medemens. In die erediens as ontmoeting van die gemeente met die lewende God en ook onderling met mekaar, is opregte liefde deurslaggewend. So vorm agape-liefde die grond vir opregte Godsverering, die opbou van die gemeente en die onderlinge versterking van die eenheid daarin (De Klerk, 1987:67). Liturgie wat God behaag is dus alleenlik moontlik wanneer die ontmoetingsgebeure onder die erediens gegrond is in opregte liefde.

3.4.1.2.4 Die Heilige Gees en die beoefening van liturgie in die erediens (1 Kor 14:1-25)

Agape-liefde is die beheersende mag wat alle liturgiese handelinge in die erediens bepaal (Lambrecht, 2001:1887). In die gemelde perikoop gaan

dit veral om die Gees en die gawe van profesie, gebed, lofprysing, psalmsang en danksegging in die openbare erediens (De Klerk, 1987:68-71). Hierdie liturgiese elemente is egter nie bloot verskillende handelinge wat onder die openbare erediens verrig word nie. Liturgie impliseer 'n lewende liefdesverhouding met God wat in erediens sigbaar word en wat vandaar uitkring tot 'n "daily discipline of spending time with God" (Prior, 1993:237).

Hoewel 1 Korintiërs 14 sekerlik die mees uitgebreide lys van liturgiese handelinge in die openbare erediens weergee, word liturgie egter nie gereglementeer nie (Cammeraat, 1995b:256). In onderskeid met die tempeldiens wat God in die Ou Testament in detail gereël het, skryf die Here geen vaste orde voor aan die Nuwe Testamentiese kerk nie. Die inkleding van die erediensliturgie word volkome aan die vryheid van die gemeente oorgelaat binne die raamwerk van die riglyne volgens hierdie hoofstuk. Cammeraat (1995b:257) meld voorts dat hy van oordeel is dat die Korinte gemeente aansluiting by die sinagogediens van daardie tyd gevind het, al word dit nie hier direk vermeld nie. Liturgiese handelinge "zoals de zegen en de groet, de openbare schuldbelijdenis en genadeverkondiging, een formulier- of vrij gebed, het knielend, zittend of staand bidden, het lezen of zingen van de Tien Geboden, het (zingend) belijden van het geloof, het zingen van de berijmde psalmen of van andere berijmde Schritgedeelten, het gebruik van muziekinstrumenten" het dus in alle waarskynlikheid deel gevorm van die Korinte gemeente se samekomsliturgie, hoewel daar slegs op enkeles gefokus is in hierdie perikoop. Mens kan stellig aanvaar dat die erediensliturgie in sy geheel onder leiding van die Heilige Gees gestaan het en dat dit gerig was op die eer van God (De Klerk, 1987:71).

Opregtheid in erediensliturgie bou egter nie net reeds gelowiges op nie, maar het positief tot gevolg dat ook buitestaanders deur die gemeente se liturgie aangegryp word. 'n Ongelowige of buitestaander word deur die profesie (Woordverkondiging) en die wyse waarop die gemeente liturgie

beoefen in sy gewete aangespreek, hy kom tot selfondersoek, hy bely sy skuld, hy val op sy knieë, hy aanbid God en hy word gedring tot die openlike getuienis: "Waarlik, God is hier by julle!" (1 Kor 14:25). In hierdie belydenis word die essensie van ware erediens en opregte erediensliturgie weergegee (De Klerk, 1987:73).

3.4.1.2.5 Die Heilige Gees en die ordelikheid in die erediens (1 Kor 14:26-40)

Soos wat agape-liefde die beheersende mag is van alle liturgiese handelinge onder die erediens, vorm dit ook die grondslag van goeie orde in die gemeente se samekomste (Horsley, 1998:194; Lambrecht, 2001:1889). Liefde van en tot God bring orde, want God is 'n God van orde en vrede "and to reflect this, all things must be done in an appropriate and orderly fashion in his church" (Winter, 1994:1182). Wanorde staan teenoor liefde, orde en welvoeglikheid en is 'n ernstige belemmering in die opbou van die gemeente (:26). In die konteks van hierdie perikoop heers daar wanorde in die gemeente wanneer mense of dinge nie meer die plek inneem waar God hulle geplaas het nie, en wanneer iemand nie meer sy plek in die liggaam van Christus inneem nie maar ander oorheers of uitstoot. Orde en vrede beklemtoon daarteenoor dat alles in harmonie funksioneer en dat elkeen in die gemeente sy plek ken. Wanneer individuele lede in die gemeente hulle gawes tot voordeel en gelyke sorg vir mekaar en tot opbou van die gemeente gebruik, is daar orde en vrede (De Klerk, 1987:75; Prior,1993:252-253). Tereg merk Winter (1994:1182) op dat goeie orde die mens daarvan sal weerhou om van die kerk te praat as "'my' or 'our' church", maar hom deurentyd sal laat besef dat die kerk is "God's gathering...and that Christ's action or selfgiving is to be reflected in relationships and the meeting of needs; that there is to be participation of men and women; and that the building up in an orderly way of those who gather is a primary concern".

Tog stel liturgie wat bloot ordelike eredienshandelinge voorskryf, nie

vanself 'n erediens as ontmoeting met God daar nie (Spoelstra, 1994b: 47,53). Formalistiese liturgie word immers dwang en dit lei verkeerdelik tot 'n *codex liturgicus* ('n liturgiese wet) (Műller, 1990:55). Brienen (1992:82) is selfs van mening dat die menslike verabsolutering van liturgiese handelinge in die weg staan van 'n dinamiese liturgie in Gees en in waarheid. Erediens bly immers altyd ten diepste 'n saak van God en sy gemeente (Műller, 1990:1,11). Omdat dit 'n saak van God is, moet daar orde wees. Omdat dit te gelyke tyd ook 'n saak van die gemeente is, moet daar opregte liturgie van die mens se kant af wees (Spoelstra, 1994b:43). Műller (1990:52,53) het in hierdie verband die verhouding orde, erediens en liturgie op treffende wyse met 'n musiek metafoor verwoord. Hy meen dat die orde van 'n erediens met die partituur en die liturgie met die uitvoering van 'n orkes vergelyk kan word. Net so min as wat 'n uitstekende partituur noodwendig uitloop op 'n uitstekende orkesopvoering, net so min is 'n Skrifgefundeerde orde 'n waarborg vir 'n liturgie van kwaliteit en diepte waarin God ontmoet word. Die teendeel spreek vanself: 'n deurleefde liturgie wat ordeloos beoefen word, skaad ook die ontmoetingskarakter van die erediens.

In die liturgie word orde dikwels verkeerdelik voorgehou as rede om die erediens al meer tot in fyn besonderhede te reglementeer. De Klerk (1987:75-77) spreek hom sterk uit teen hierdie beskouing en beklemtoon dat kerkorde allereers liturgiese orde is wat die eer van God en die opbou van sy liggaam ten doel het. Liturgiese handelinge moet te alle tye ruimte bied vir volle deelname van lidmate aan die erediens. Derhalwe moet die ordelikheidsbeginsel nie met 'n strakke reglementering en oordrewe tradisionalisme verwar word nie, maar as noodsaaklike element beskou word binne die totaliteit van liturgie van die samekoms.

3.4.1.3 Samevatting van die liturgie van 1 Korintiërs 12-14

- In 1 Korintiërs 12-14 val die klem op die liturgie van die individu binne die eenheid van die gemeente samekoms. Die werk van die

Heilige Gees in die gemeente bepaal die Christen se liturgiese optrede en verantwoordelikheid.

- In die eerste plek dring die Heilige Gees die kerk tot die belydenis dat Jesus Here is (1 Kor 12:1-3). Met hierdie belydenis stel die gemeente as eenheid en elke Christen individueel homself, onder die heerskappy van Christus en word die gemeente se geloof en onderlinge eenheid versterk.
- 1 Korintiërs 12:4-31 handel oor die gawes van die Gees wat lei tot liturgiese verdieping en versterking van onderlinge koinonia in die gemeente. Groot klem val op die feit dat die Geestesgawes tot voordeel van die hele gemeente en missionêr gesproke ook buite die gemeente aangewend moet word.
- Die gawe van liefde (1 Kor 13) dien as grond vir die opbou en onderlinge versterking van die gemeente. Liefde word in die mens se lewe sigbaar in sy verhouding tot God. Liefde bepaal in besonder die liturgie van die erediens (1 Kor 14:1-25).
- Die liturgie in die Nuwe Testamentiese Kerk word nie soos in die Ou Testament in fyn detail gereglementeer nie. Nogtans is daar duidelike spore van liturgiese handelinge soos die seëngroet, openbare skuldbelydenis en genadeverkondiging, gebede in verskillende vorme, die aanhoor van die Tien Gebooie en sang in verskillende vorme en met verskillende begeleiding.
- Die wese van opregte erediensliturgie sentreer in die belydenis dat God waarlik onder die erediens by sy kinders teenwoordig is. Daardeur ontvang God die eer.
- Opregte liefde onder die gemeente lei ook tot goeie orde in die erediens. Orde laat ruimte vir gemeentelike deelname aan die erediens en gee inhoud aan die liturgie van die samekoms.

3.4.2 Kontrole uit die res van die Skrif en die kerkgeskiedenis

In die behandeling van die liturgie in die eerste Korinte-gemeente, is daar bevind dat liturgiese handelinge nie streng gereglementeer was nie, maar

nogtans gebonde was aan goeie orde onder die erediens. Volgens Calvyn dien die tweede gebod as reël vir die wyse waarop God ordelik gedien wil word en die mens dus sy liturgie op moet grond (Brienen, 1987:148). Hoewel die Skrif geen gereglementeerde "Schrift-orden" vir die liturgie neerlê nie, is daar nogtans, soos wat Brienen (1992:82) noem, "Schrift-normen" wat die inhoud en vorm van liturgiese handelinge bepaal. Ten einde tot 'n verantwoordbare standpunt te kom ten opsigte van die inhoud en die vorme van die liturgie van die samekoms, is dit nodig om buiten die lyne wat in 1 Korintiërs 12-14 openbaar word, ook op die ontwikkelingslyne uit die res van die Skrif en kerkgeskiedenis te fokus.

Die historiese ontwikkelingslyne vir die liturgie van die samekoms lê so ver terug as die Ou Testamentiese tempeldiens wat later in die Nuwe Testamentiese sinagogale diens opgeneem is. Die ontwikkeling van liturgiese inhoude en vorme toon deur die loop van die vroeë Christelike kerk en die Reformasie tot vandag, steeds merkwaardige ooreenkomste met die oorspronklike tempeldiens. Om die ontwikkelingslyne van die liturgie, komplementerend tot díe van 1 Korintiërs 12-14, aan te toon, sal die Rapport oor liturgiese sake wat op die Sinode 1985 van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het (Handelinge, 1985:398-424) as raamwerk gebruik word. Weens die omvang daarvan sal die verskillende hoofmomente wat betrekking het op hierdie studie slegs kursories aangestip word. Vir volledige navorsing in hierdie verband kan verwys word na die werke van onder andere Jonker (s.j.); Van Oosterzee (1898); Heyns (1903); Klauser (1973); Brienen (1987) en Harper (1991). Uit die navors van hierdie ontwikkelingslyne sal daar samevattend 'n eie indeling van liturgiese handelinge gemaak word wat as onderbou vir die res van die studie sal dien.

3.4.2.1 Liturgiese inhoud en vorme in die Ou Testament

Die liturgiese inhoud en vorme in die Ou Testament moet hoofsaaklik in die tempelliturgie gesoek word. Wat die tempelliturgie betref, kan die volgende

grondlyne onderskei word:

- God self het die liturgiese inhoud en vorme van die tempeldiens tot in die fynste besonderhede bepaal sodat die tempeldiens sinvol, ordelik, en tot die eer van Sy Naam kon verloop. Die boeke Levitikus en Numeri bied in hierdie verband besondere lig op die reglementering van die tempeldiens.
- God het die priesters as liturge gebruik in die ontmoetingsgebeure tussen Homself en Sy volk (Hb 8:6; 9:21) en groot klem is gelê op die versoeningsoffer wat op die verbondsgemeenskap met God gedui het (Deddens, 1981:10).
- Die tempeldiens was 'n daaglikse en dus deurlopende praktyk.
- In die tempeldiens was die liturgiese handelinge van sang, gebed, danksegging, offer, skuldbelydenis, onderrig, seëntoesegging, versoening en skuldvergewing teenwoordig.
- Veruitwendigde en formalistiese liturgie sonder ootmoedige en opregte hartsbelewing is voor God verwerplik.

3.4.2.2 Liturgiese inhoud en vorme in die Nuwe Testament

Liturgiese inhoud en vorme in die Nuwe Testament sentreer in besonder rondom die sinagogediens wat regstreeks uit die tempeldiens ontwikkel het (Deddens, 1981:11). In die sinagogale liturgie van die vroeë Nuwe Testament, is daar ten minste vyf liturgiese hoofmomente onderskei, naamlik:

- die *Shema* (Dt 6:4-9);
- gebede of opheffing van hande;
- lesing en vertaling van verskillende gedeeltes uit die wet (in 154 dele verdeel) en die profete (Lk 4:16-21);
- verklaring van een of meer gedeeltes uit die Skrif (Hd 13:16-48);
- seënbede (Nm 6:24-26).

Met sekerheid kan aanvaar word dat hierdie vyf onderskeie liturgiese hoofmomente 'n groot invloed op die latere Christelike erediens gehad het en dat veral die dialogiese karakter van die erediens sy wortels in die ou sinagogale liturgie gevind het. In aansluiting by die Ou Testamentiese kultus het die praktyk in die Joodse sinagoges ontstaan om hardop gesamentlik met "Amen" te antwoord wanneer die lof van God besing is of wanneer hulle deur hom geseën is. In hierdie opsig is die ooreenkomste tussen die hoofmomente van die sinagogale liturgie en die liturgiese handelinge in die vroeë Korinte gemeente (3.4.1.2.4) opvallend.

3.4.2.3 Liturgiese inhoud en vorme in die vroeë Christelike kerk

Gegewens wat betrekking het op die liturgiese inhoud en vorme in die vroeë Christelike kerk is grotendeels beperk tot geskrifte van die apostoliese en latere kerkvaders.

Uit die vroeë apostoliese geskrifte kan die volgende gegewens genoem word wat verband hou met die liturgie van die eerste Christelike kerke:

- Rondom hierdie tydperk bestaan daar 'n gebrek aan bronne en gedetailleerde inligting as gevolg van die eerste eeuse opvatting van "doctrina arcani". Dit kom daarop neer dat die heilsgeheime van die evangelie verborge gehou moes word vir die heidene om dit van bespotting en ontheiliging te bewaar (Jonker, s.j.:51).
- Hoewel daar tog 'n eenvoudige orde was wat gerig was op die wesentlike van die liturgie, was daar geen uitvoerige liturgie nie (Harper, 1991:16).
- Uit 'n brief van Plinius aan keiser Trajanus in die vroeë tweede eeu, blyk dit dat die godsdiensbeoefening in daardie tyd 'n baie sterk huislike karakter gedra het (Heyns, 1903:17,18).
- Woorddiens en nagmaaldiens het 'n eenheid gevorm en is spontaan gedurende die week by huise gevier (Klauser, 1973:8).
- In aansluiting by die Skriflesing en Nagmaalviering, het 'n preek

gevolg "to make worship meaningful and apropos to the ordinary Christian's everyday experience" (Maynard-Reid, 2000:30).

Uit die geskrifte van die latere kerkvaders kan die volgende liturgiese lyne uitgelig word:

- Soos dit blyk uit die geskrifte van Justinus Martyr, het godsdiensbeoefening in die tyd van die kerkvaders 'n meer kerklike karakter begin inneem (Jonker, s.j.:54).
- Hoewel daar steeds slegs 'n vae beeld van 'n vasgestelde liturgiese orde te vinde was, het Woordverkondiging en Nagmaalsviering as liturgiese hoofmomente begin uitstaan.
- Die seëngroet wat op die votum volg, kom by Hippolytus (220) vir die eerste keer in die kerklike tradisie voor (Deddens, 1981:37).
- Die volgende liturgiese handelinge het deel gevorm van Woordverkondiging: groet en seëngroet; Skriflesings afgewissel met die sing van psalms en Skrifberymings; preek; gebed; wegsturing kategumene; kollekte.
- Liturgiese handelinge wat met die nagmaalsviering verband gehou het, was: groet en antwoord; vredesoen; offertorium (aanbieding van brood en wyn); eugaristiegebed; breking van brood en kommunie.
- Vanaf die Sinode van Nicea (325) het die orde en vormgewing van die liturgie al strakker en meer gereglementeer geword.

3.4.2.4 ***Liturgiese inhoud en vorme in die middeleeue en die Reformasie***

- Gedurende die donker Middeleeue is die kerk deur Rome van haar liturgie beroof. Dit het gelei tot bykans godsdienslose leke, by wie feitlik die enigste liturgie enkele betekenislose simboliese handelinge in die katedraal was (Van Oosterzee, 1898, 12-14). Positief moet egter gemeld word dat die Roomse kerk aan die einde van die elfde

eeu weer die seën aan die einde van die mis teruggebring het nadat dit vir etlike eeue in onbruik was (Barnard, 1981:577).

- Die grootste waarde van die reformasie vir die liturgie, was dat die Woorddiens weer aan die kerkvolk teruggegee is (Jonker, s.j.:84,85).

Vanuit die reformasie is die werke van veral die volgende reformatore van betekenis vir die vorm en inhoud van die liturgie:

3.4.2.4.1 Luther

Luther het in teenstelling met Rome sterk klem gelê op die erediens as genadewerk van God in Christus deur Woord en Gees. Die inhoud van die erediens trek volgens hom saam in Woord en antwoord (Brienen, 1992:56) Naas die Psalms het Luther ook ander geestelike liedere in die erediens laat sing (Du Toit, 1977:10).

3.4.2.4.2 Zwingli

Zwingli het 'n meer vasgestelde liturgiese orde onder die erediens bepaal. Hy ontwerp 'n preekdiensorde en 'n nagmaalsdiensorde (Barnard, 1981:574). Die verskillende liturgiese elemente wat hy onderskei is:

- Votum;
- Die gemeente wat antwoord met "Amen";
- Voorlesing van preekteks;
- Gebed om verligting;
- Preek;
- Aankondigings (fees-, vasdae, huwelike, afgestorwenes);
- Apostolicum;
- Voorlees van die Wet;
- Openbare skuldbelydenis;
- Slotwoord.

3.4.2.4.3 Butzer

Butzer gee in sy geskrif, *Grund und Ursach,* wat handel oor die verskillende fasette van die erediens, veral vanuit liturgiese oogpunt, nuwe stukrag aan die Reformasie (Barnard, 1981:294-297). Hy lê in sy hantering van die liturgiese orde onder die erediens klem op die eenvoud van ontmoetingsgebeure. Hoewel hy inhoudelik grootliks aansluiting vind by die liturgie van Zwingli, voeg hy die volgende belangrike liturgiese handelinge nog by:

- Na die openbare skuldbelydenis volg troosspreuke uit die Skrif en absolusie;
- Hy lê klem op gemeentesang;
- Behalwe vir algemene gebede, hanteer hy ook nog die Onse Vader as afsonderlike gebed in die erediensliturgie;
- Van groot belang is dat hy die seën van Numeri 6 as deel van die wegsturing invoer;

3.4.2.4.4 Calvyn

Calvyn, net soos Butzer, beywer hom daarvoor om die erediens eenvoudig, sober en verstaanbaar te maak (Brienen, 1992:163-167). Volgens Brienen (1992:82), onderskei hy in hoofsaak vyf belangrike liturgiese hoofmomente vir die Sondag erediens wat elk weer in 'n aantal onderskeibare liturgiese handelinge opgedeel kan word:

- Opening (votum, skuldbelydenis en genadeverkondiging, voorlesing van die wet);
- Woorddiens (Skriflesing en prediking);
- Antwoorddiens (gebede, sang en belydenis);
- Sakrament van die Nagmaal;
- Sluiting (seën).

3.4.2.5 ***Liturgiese inhoud en vorme soos vasgestel deur kerklike vergaderings***

3.4.2.5.1 Kerklike vergaderings in Nederland

Die weg wat die reformasie vir die liturgie gebaan het, het veral via die kerk in Nederland gevestig tot 'n liturgie waarvan die inhoud en vorme deur verskillende sinodes vasgestel en bekragtig is. Die Nasionale Sinode van Dordtrecht 1681-1619 het in verskeie opsigte tot 'n hoeksteen in die Gereformeerde teologie ontwikkel. Vir die liturgie is die waarde van hierdie sinode die feit dat daar liturgiese formuliere vasgestel is wat nie liturgiese volgorde gereglementeer het nie, maar wat die onontbeerlike hoekpilare vir die liturgie van die erediens vasgestel het (CJBF, 1997:3). Die hoekpilare waarop die Gereformeerde liturgie rus, gegrond op Dordtrecht 1618-1619, is die ontmoetingsdiens, verootmoedigings en versoeningsdiens, die Woorddiens en die antwoorddiens.

3.4.2.5.2 Kerklike vergaderings in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is in 1859 gebore uit protes teen die reglementering en dwang ten opsigte van die liturgie van die erediens deur die destydse Nederduits Hervormde Kerk in die ou Transvaal. Die vyftien man wat die Gereformeerde Kerk in Rustenburg gestig het, het ten doel gehad om "de leer, tuchten en dienst der vaderen, zoals zich te Dordtrecht in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard...zooals gewijzicht naar onze tegenwoordige omstandigheden" te bewaar (CJBF, 1997:3) - [zoals\zooals word in die sitaat verskillend gespel]. Sedert die ontstaan van die GKSA is daar op verskeie sinodes besluite geneem wat betrekking gehad het op die inhoud en vorm van die liturgie. Besluite van belang vir hierdie studie sal vervolgens weergegee word:

3.4.2.5.2.1 Algemene Sinode 1862

Op hierdie eerste sinode van die GKSA is die doelstelling van die oorspronklike stigters om die diens (liturgie) van die kerke, soos dit deur die Nasionale Sinode te Dordtrecht 1618-1619 vasgestel is, te aanvaar en by wyse van 'n formele sinodebesluit te bekragtig. Die sinode het 'n openlike verklaring saamgestel wat die volgende sinsnede bevat: "Ook die Liturgie deur genoemde Sinode (Dordtrecht 1618/19) vasgestel, aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens" (CJBF, 1997:4). Die implikasie van hierdie sinodebesluit was nie die reglementering van erediensvolgorde nie, maar 'n verbintenis tot die teks van liturgiese Formuliere, die beperking van die kerklied tot Psalms en ander goedgekeurde Skrifberymings en die reel van sobere feesdae.

3.4.2.5.2.2 Algemene Sinode 1927

Op die Algemene Sinode van 1924 is deputate aangewys om die liturgiese orde in die GKSA na te gaan na aanleiding van die liturgiese beweging in Europa. Die genoemde deputate beveel op die Algemene Sinode van 1927 aan dat daar 'n vasgestelde liturgiese orde vir die oggend- en aanddiens vasgestel moet word. Met liturgiese orde het hulle die volgorde van liturgiese handelinge onder die erediens bedoel. "Die liturgiese orde vir die môrediens volgens die Rapport word met dank aangeneem en die uitvoering daarvan gelaat in die vryheid van elke kerkraad" (CJBF, 1997:4). Hierdie reglementering van 'n liturgiese orde (volgorde), was dus in wese in stryd met die Nasionale Sinode van Dordtrecht 1618-1619 wat slegs die hoekpilare vasgestel het vir 'n dinamiese liturgie in Gees en in waarheid.

3.4.2.5.2.3 Nasionale Sinode 1955

Op die Nasionale Sinode van 1952 word 'n deputaatskap van pre-advies benoem om die Sinode van 1955 aangaande die volgende sake te adviseer:

- Die aankweking van meer liturgiese besef by die gemeente;
- Die orde van die erediens;
- Wenke in verband met groter aktiwiteit van die gemeente tydens die erediens.

Die Sinode van 1955 neem die volgende besluite in verband met liturgie:

- Professor J.P.Jooste word aangewys om 'n boekie te skryf vir die aankweking van meer liturgiese besef by die gemeente;
- Die volgorde van die liturgie van die erediens soos vasgestel op die Sinode van 1927, word gehandhaaf;
- Die groetseën moet in die Naam van die Drie-enige God geskied;
- Daar moet gepoog word om meer eenvormigheid onder die eredienste van al die gemeentes te bewerkstellig.

Positief gesproke was die strewe na "liturgiese verdieping" en groter gemeente-aktiwiteit in lyn met 'n meer dinamiese liturgie onder die erediens. Die handhawing van 'n vasgestelde liturgiese volgorde om groter eenvormigheid onder die eredienste te bewerkstellig, was egter 'n besluit wat steeds stremmend ingewerk het op 'n dinamiese liturgie.

3.4.2.5.2.4 Nasionale Sinode 1985

Op hierdie sinode het 'n breedvoerige rapport gedien insake liturgiese aangeleenthede. Daarin is die historiese ontwikkeling van liturgiese inhoud en vorme uiteengesit en die liturgiese grondlyne, wat die wese van die liturgie in die GKSA beskryf, verwoord. Veral drie grondliggende aspekte uit hierdie sinodebesluit is van belang vir hierdie studie:

- Eerstens het die Sinode opnuut weer bevestig dat die wese van die liturgie as ontmoeting van God en sy gemeente beskryf kan word. Erediens is gedefinieer as "die geestelike ontmoeting en verbondsverkeer tussen die genadige Verbondsgod en sy verloste

verbondsgemeente" (Handelinge, 1985:405). In die daaropvolgende omskrywing van die inhoud van hierdie ontmoetingsgebeure (Handelinge, 1985:405-410), word die dinamiese dialogiese karakter van die erediensliturgie beklemtoon.

- Die tweede belangrike besluit op hierdie Sinode was om die fokus vanaf voorskriftelikheid in terme van liturgiese volgorde onder die erediens na die wesentlike liturgiese hoofmomente te verskuif. Hierdie hoofmomente, wat reeds op Dordt 1618-1619 vasgestel is, is breedvoerig in die laaste deel van die Rapport beskryf (Handelinge, 1985:410-425).
- Die laaste aspek wat gemeld behoort te word, is die feit dat die Sinode homself ook oor die liturgie van die lewe uitgespreek het. "Die Christelike lewe eindig nie in erediensbywoning nie maar word veral in die daaglikse lewenswandel voortgesit". Hoewel die Sinode geen verdere aandag aan hierdie aspek van die liturgie gee as bloot hierdie aanhaling nie, is dit duidelik dat liturgie nie meer beperk is tot formele eredienste nie.

3.4.2.5.2.5 Nasionale Sinode 1997

Op die Nasionale Sinode van 1994 is die volgende opdrag aan Studiedeputate gegee wat op die Sinode van 1997 gedien het:

- "om duidelike beginsels, liturgiese inhoude en vorme uit die Skrif, Belydenis, Kerkorde en kerkgeskiedenis aan te wys vir die liturgiese orde; en
- om te bepaal watter liturgiese inhoude, vorme en ordes aan die vryheid van die kerke oorgelaat behoort te word en watter ter wille van 'n meer eenvormige erediens in die kerkverband die gesamentlike instemming van die kerke behoort te ontvang" (Handelinge, 1994:559).

Die rapport van die genoemde Studiedeputate is met wysigings op die

Nasionale Sinode van 1997 goedgekeur en daar is ook opdrag gegee om al die besluite van 1985 en 1997 in "boekvorm aan al die gemeentes in die kerkverband deur te gee". Aan hierdie opdrag is daar uitvoering gegee met die opstel en verspreiding van die boekie getiteld *Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie*.

Die uitgangspunt van die Sinode was 'n dinamiese Skrifgefundeerde liturgie wat gerig is op die ontmoetingsgebeure tussen die lewende Verbondsgod en sy verbondsvolk. Die besluite van die Sinode van 1997 het inhoudelik nie baie van die van 1985 verskil nie. Vir hierdie studie word kortliks slegs na twee besluite verwys:

- Eerstens word vier duidelik onderskeibare hoofmomente in die liturgie genoem, te wete: "Die Ontmoetingsdiens (Introïtus), die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens" (CJBF, 1997:9). Onder elkeen van hierdie hoofmomente is 'n aantal liturgiese handelinge te onderskei. Ten opsigte van die vier hoofmomente bestaan daar gemeen akkoord, daar dit die wese van die liturgie uitmaak. Wyslik is opnuut bevestig dat liturgiese volgorde aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat word.
- Waar daar in 1985 slegs amper terloops gemeld is dat liturgie nie alleen tot die formele erediens beperk mag word nie, het die Sinode van 1997 groter klem gelê op die liturgie van die lewe. Iets van die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe kom tot uiting in die Sinode se beskouing dat liturgie dui op wat mense doen wanneer hulle God persoonlik, in hulle huise en gesinne en ook gemeentelik ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. Groot klem is in die omvattende besluit gelê op die feit dat liturgie in die binnekamer, huisgemeenskap, en trouens in die hele lewe van die gelowige, voortgesit moet word as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente as volk van God.

Liturgiese aspekte op die Nasionale Sinodes van 2000, 2003 en 2006 is oorheers deur die inhoud van die teks van die kerklied, die wyse van nagmaalsviering en die besondere diens van die vrou in die amp. Aangesien hierdie aspekte nie direk verband hou met die navorsingsvraag nie, word daar vir die doel van hierdie studie, slegs kennis daarvan geneem.

3.4.2.6 ***Kontrolering van liturgiese inhoud en vorm uit die breër Gereformeerde tradisie***

Aangesien die omvang van hierdie studie dit nie toelaat om die liturgiese ontwikkeling in die breë Gereformeerde tradisie breedvoerig na te vors nie, word slegs kursories na enkele kontemporêre Gereformeerde eksponente in Suid-Afrika verwys. Die bydrae en beskouings van Barnard (1981), De Klerk (1982), Müller (1990), Vos en Pieterse (1997), en De Klerk (1999 en 2005) met betrekking tot die inhoud en vorm van die liturgie, verteenwoordig breedweg die hoofstroom in die liturgie in Suid-Afrika. Enkele tersaaklike standpunte van hierdie teoloë wat met hierdie studie verband hou, sal kortliks uitgestip word.

3.4.2.6.1 A.C. Barnard

A.C. Barnard se boek *Die Erediens* (1981), kan as standaardwerk vir die liturgie beskou word. Vir die doel van hierdie studie word slegs op twee aspekte uit sy omvangryke werk gefokus:

- Barnard het 'n besondere bydrae tot die beter verstaan van die Gereformeerde liturgie in Suid-Afrika gemaak. Van groot waarde is sy uitgesproke mening dat die vorm of inrigting van die erediens altyd die inhoud van die liturgiese gebeure onder die erediens moet dien (Barnard, 1981:578). Daarmee bevestig hy dat die erediens nooit as statiese gereglementeerde program beskou mag word nie, maar dat die erediens 'n dinamiese wisselwerking is van

ontmoetingsgebeure enersyds horisontaal tussen die lewende God en sy kinders en andersyds vertikaal tussen gelowiges onderling (Barnard, 1981:452). Omdat hy klem lê op die inhoud van liturgiese gebeure onder die erediens, behandel hy elke handeling breedvoerig sonder om dit in rigiede volgorde te tregter.

- Een van die wesenskenmerke van die erediens van Sondag is volgens Barnard (1981:459) dat dit onlosmaaklik in verband staan met die erediens van die lewe: "Die eintlike sin en betekenis daarvan kom tot openbaring wanneer die erediens van die Sondag waar word in die erediens van die lewe". Nadat hy op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe dui, beklemtoon hy die roeping en verantwoordelikheid van die kerk in die praxis van die lewe (Barnard, 1981:459-466).

3.4.2.6.2 J.J. De Klerk

In 1982 verskyn die boek *Liturgiese Grondlyne* uit die pen van J.J. De Klerk. Vir die doel van hierdie studie lê die waarde van De Klerk se beskouing daarin dat hy teenoor 'n indeling wat gerig is op die onderskeiding van bepaalde hoofmomente, direk in navolging van Luther, aansluit by die wese van die erediens, naamlik die dialogiese ontmoetingskarakter tussen God en sy gemeente. Op grond van hierdie karakter onderskei hy slegs twee dominerende momente binne hierdie besondere ontmoeting, naamlik die gebeds- en verkondigingskarakter van die erediens (De Klerk, 1982:67).

Skematies word De Klerk (1982:67,68) se indeling vir die liturgie as volg uiteengesit:

GEBEDSKARAKTER	VERKONDIGINGSKARAKTER
1.Votum	
	2.Seëngroet
3.Lofsang	

4.Wet

5.Verootmoediging

6.Genadeverkondiging en retensie

7.Geloofsbelydenis

8.Gebed voor preek

9.Skriflesing en preek

10.Gebed na preek

11.Kollekte (offergawes)

12.Slotsang

13.Seën

3.4.2.6.3 J. Müller

Műller (1990:56) verkies om, soos hy dit stel in sy boek *Die Erediens as Fees* (1990), die liturgiese hoofmomente eerder hoekstene vir die liturgie te noem en die verskillende liturgiese handeling onder elke hoeksteen, liturgiese boustene. Die ses onontbeerlike hoekstene wat hy onderskei toon inhoudelik merkbare ooreenkomste met die hoofmomente van Calvyn (3.4.2.4.4), met die belangrikste wysiging dat verootmoediging en vryspraak, volgens hom, nie deel van die opening nie maar 'n aparte onderskeibare hoeksteen behoort te vorm.

Skematies kan Műller se liturgiese uiteensetting as volg weergegee word:

HOEKSTENE	**BOUSTENE**
1. DIE AANVANG EN GROET	1.1 Voorbereiding
	1.2 Votum
	1.3 Seëngroet
	1.4 Lied
2. VEROOTMOEDIGING EN VRYSPRAAK	2.1 Skuldbelydenis
	2.2 Vryspraak
	2.3 Lofliedere
	2.4 Wet

3. PREDIKING

4. SAKRAMENTE
   - 4.1 Doop
   - 4.2 Nagmaal

5. ANTWOORD
   - 5.1 Geloofsbelydenis
   - 5.2 Gebed
   - 5.3 Offergawes
   - 5.4 Antwoordlied

6. WEGSENDING

3.4.2.6.4 C.J.A. Vos en H.J.C. Pieterse

Vos en Pieterse publiseer in 1997 hulle boek *Hoe Lieflik is U Woning* wat nuwe vars perspektiewe op die liturgie van die erediens bied. Uit hierdie omvangryke publikasie is dit veral hul perspektief dat liturgie 'n dinamiese ontmoetingsgebeure impliseer, wat betrekking het op hierdie studie.

Starheid en rigiditeit is na die mening van Vos en Pieterse (1997:169) die grootste hinderrnisse vir 'n dinamiese liturgie. Ten einde hierdie gevare vir 'n dinamiese liturgie teen te werk, pleit hulle vir soepel orde wat ruimte laat vir 'n beweeglike variasie in die liturgie. In die lig hiervan bespreek hulle, sonder om eksakte hoofmomente te identifiseer, vyftien liturgiese bakens wat deel vorm van die erediensliturgie (Vos & Pieterse, 1997:197-259). In die laaste hoofstuk van die boek gee hulle breedvoerig 'n aantal opsies van verskillende liturgieë vir verskillende geleenthede, wat hulle verbintenis tot 'n meer soepel liturgie bevestig (Vos & Pieterse, 1997:259-342).

3.4.2.6.5 B.J. De Klerk

Vir die doel van hierdie studie word daar na twee artikels van De Klerk verwys, naamlik *Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie* (1999b:331-330) en *Die liturgie van aftrede* (2005:463-485). Uit hierdie twee artikels word twee belangrike aspekte uitgelig wat van belang is vir die liturgie van die erediens:

- De Klerk het aan die liturgiek in sy geheel en daardeur ook aan die liturgie van die erediens 'n diepte-dimensie gegee met sy pleidooi dat daar weggeskram moet word van erediensvernuwing in die sin van erediensverpopularisering en dat daar in die plek daarvan eerstens gefokus moet word op die verdieping in die liturgie. Verdieping is ,volgens hom, die dieper besef, belewing en belydenis van God se magtige teenwoordigheid onder sy kinders in die erediens, maar ook in die daaglikse lewe. God kan nie deur menslike verpopularisering teenwoordig gemaak word nie: "vir sy teenwoordigheid kan net gebid word en dan gelowig vertrou word op sy belofte om in die samekoms te wees" (De Klerk, 1999b:318). Met sy beskouing van liturgiese verdieping, vul De Klerk grootliks die leemte wat op die Nasionale Sinode van 1955 van die GKSA uitgespreek is, naamlik dat daar meer liturgiese besef onder die gemeente aangekweek behoort te word (3.4.2.5.2.3).
- Binne die geheel van liturgiese hoofmomente, tref De Klerk (2005:463-485) weer 'n fynere nuanse onderskeid met 'n vyfpunt indeling wat grootliks gerig is op die effek van die ontmoetingsgebeure in die liturgie. In antwoord en reaksie op die Goddelike openbaring tree die volgende menslike emosies na vore tydens die ontmoetingsgebeure:

    - Verwondering
    - Verootmoediging
    - Versoening
    - Verbintenis
    - Versekering

Hierdie indeling van liturgiese momente baan die weg vir 'n dinamiese liturgie wat sy konkretisering ook in die daaglikse lewe vind.

3.4.3 Basisteoretiese perspektiewe op die aard van die liturgie van die erediens

- Die wese van die liturgie van die samekoms, bestaan volgens 1 Korintiërs 12-14, uit die volgende uitvloeisels van die werk van die Heilige Gees:
    - Die gemeente se belydenis dat Jesus alleen Here is;
    - Die uitdeel van Geestesgawes aan die gemeente om God te kan dien onder die erediens en in die daaglikse lewe;
    - Die gawe van agape-liefde wat die grond is vir opregte liturgie;
    - Liturgiese handelinge wat gesamentlik gefokus is in die belydenis dat God waarlik onder Sy saamgekome kinders teenwoordig is;
    - Orde wat ruimte laat vir gesamentlike deelname aan die erediens en inhoud aan die liturgie van die samekoms gee.
- God self het in die Ou Testament die liturgiese inhoud en vorme van die tempeldiens tot in die fynste besonderhede bepaal sodat dit sinvol, ordelik, en tot die eer van Sy Naam verloop het. Liturgiese handelinge soos sang, gebed, danksegging, offer, skuldbelydenis, onderrig, seëntoesegging, versoening en skuldvergewing het deel gevorm van die tempelliturgie.
- In die sinagogale liturgie wat heersend was in die vroeë Nuwe Testament, is daar ten minste vyf liturgiese hoofmomente onderskei, naamlik: die *Shema* (Dt 6:4-9); gebede of opheffing van hande; lesing en vertaling van verskillende gedeeltes uit die wet (in 154 dele verdeel) en die profete (Lk 4:16-21); verklaring van een of meer gedeeltes uit die Skrif (Hd 13:16-48) en seënbede (Nm 6:24-26).
- Uit die vroeë apostoliese geskrifte kan die afleiding gemaak word dat daar in die eerste Christelike kerke geen uitvoerige liturgie was nie en dat godsdiensbeoefening in daardie tyd 'n baie sterk huislike karakter gedra het.
- Uit die geskrifte van die latere kerkvaders blyk dit dat

godsdiensbeoefening 'n meer kerklike karakter begin aanneem het en dat die orde en vormgewing van die liturgie vanaf die Sinode van Nicea (325) al strakker en meer gereglementeer is.

- Die grootste waarde van die reformasie vir die liturgie was dat die vorm en inhoud van die liturgie, anders as in die Middeleeue by die Roomse kerk, weer uit die Woord vasgestel is. Vanuit die reformasie is die bydrae van veral Luther, Zwingli, Butzer en Calvyn van betekenis vir die ontwikkeling van 'n Skrifgefundeerde liturgiese orde waarin die ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders deur sy Woord en Gees, sentraal staan.
- Vir die liturgie lê die waarde van die Nasionale Sinode van Dordtrecht 1681-1619 in die feit dat daar liturgiese formuliere vasgestel is wat nie liturgiese volgorde gereglementeer het nie, maar wat die onontbeerlike hoekpilare vir die liturgie van die erediens vasgestel het.
- Navorsing van die Sinodebesluite in die GKSA toon dat die fokus deur die jare heen vanaf voorskriftelikheid in terme van liturgiese volgorde onder die erediens, na die wesentlike liturgiese hoofmomente verskuif het. Hierdie hoofmomente, wat reeds op Dordtrecht 1618-1619 vasgestel is, bestaan uit die ontmoetingsdiens (*introïtus*), die verootmoedigings- en versoeningsdiens, die Woorddiens en die antwoorddiens. Onder elkeen van hierdie hoofmomente is 'n aantal liturgiese handelinge te onderskei. Die liturgiese volgorde onder die erediens word aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat.
- Die bydrae van kontemporêre teoloë tot die liturgie lê daarin dat die kommunikatiewe dinamika van die ontmoetingsgebeure onder die erediens deurgaans beklemtoon word. Hoewel daar nuanseverskille by hulle is, kan daar nogtans bepaalde liturgiese hoofmomente by elkeen onderskei word wat die orde van die erediensliturgie bepaal. Die effek van die ontmoetingsgebeure op die mens, wat weer 'n direkte invloed op sy liturgiese belewing en verantwoordelikheid het, is vir die doeleindes van hierdie studie van groot waarde.

- Samevattend kan die liturgie van die samekoms omskryf word as die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

HOOFSTUK 4
BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE LITURGIESE HANDELINGE VAN DIE EREDIENS

4.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In hoofstuk twee is aangetoon dat liturgie in sy wese nie net op die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders op vertikale vlak dui nie, maar ook op die dinamika van die ontmoeting tussen sy kinders onderling en hulle verhouding tot die wêreld op horisontale vlak (vgl. Crichton, 1992:21; Strydom & Kellerman, 1992:205; Saliers, 1994:154). Liturgie vergestalt die kerk se wêreldbeskouing (Saliers, 1994:37; Senn 2000: xi, 1) en derhalwe is dit onmoontlik om hierdie ontmoetingsgebeure tot die erediensliturgie te beperk. Die dieper dimensie wat vorm vind binne die orde van die erediens, moet voortgesit word in die daaglikse lewe van elke Christen (Vanhoutte, 1995:24; De Klerk, 2005:463). Ten einde die aard van die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe aan te dui, is dit nodig om in hierdie hoofstuk op verskillende liturgiese handelinge onder die erediens te fokus.

Deur die eeue heen is verskeie hoofmomente in die liturgie onderskei waaruit verdere liturgiese handelinge afgelei is (3.4.2; Heystek, 1997:32-33). Die doel van hierdie indelings was telkens om orde en struktuur in die liturgie te bewerkstellig (Vorster,1996:210). Uit hierdie edele motief het die werklikheid egter ontstaan dat liturgiese handelinge onder die erediens toenemend star, rigied en gereglementeerd begin word het (Vorster,1996:219). Die liturgie van die erediens is hierdeur in 'n groot mate van sy dinamiese ontmoetingskarakter beroof (Letsosa, 2005:378) en die liturgie van die lewe het van die erediensliturgie verwyderd geraak. Strauss (2001:128) praat in hierdie verband van die "gebalkoniseerde lewenshouding van die moderne mens. Soos mense vanaf hulle balkon neerkyk op die straatgebeure, sonder dat hulle die minste betrokke is by

wat voor hulle gebeur, so beleef die moderne mens liturgie in die erediens en in die daaglikse lewe klinies op 'n afstand".

Die studie het egter reeds getoon dat die liturgiese handelinge wat onder die erediens plaasvind in 'n besondere dinamiese verhouding tot mekaar staan (vgl. Venter, 1998:16,17; Letsosa, 2005:378). In hoofstuk drie word tot die slotsom gekom dat die dinamiese aard van die liturgie in die ontmoeting tussen God en sy kinders opgesluit is. Aangesien alle liturgiese handelinge uit hierdie ontmoetingsgebeure spruit, staan die dialogiese wisselwerking tussen Goddelike Woord en menslike antwoord deurentyd as uitgangspunt sentraal (Vos & Pieterse, 1997:193,194). Hierin word daar sterk aansluiting gevind by Luther se beskouing van die wese van die erediens (3.4.2.4.1; Brienen, 1992:56). God neem rede uit Homself om die mens te ontmoet en die mens se antwoord daarop manifesteer in verskillende liturgiese handelinge. Strydom en Kellerman (1992:205) wys egter in hierdie verband daarop dat die dialogiese ontmoetingsgebeure in die erediens nie in 'n konsekwente woord-antwoordskema van liturgiese handelinge getregter hoef te wees nie. Die dialogiese aspek van erediens dui primêr op die Woord-wederwoord ontmoeting tussen God en sy volk as gespreksgenote, en nie in die vorm waarin dit geskied nie: dit gaan primêr oor die "liturgiese inhoud en nie die liturgiese orde nie" (Handelinge, 1997:737). Dit is in die lig hiervan te verstane dat Venter (1998:16) pleit vir soepelheid in die liturgiese volgorde binne die erediens en Letsosa (2005:378) opmerk: "A non-flexible liturgy would quickly lead to formalism".

Die dinamiese ontmoetingsgebeure van Woord-antwoorddiens kan dus nie ten volle tot sy reg kom wanneer chronologiese liturgiese handelinge onder die erediens formalisties soos 'n program deurgewerk word nie. In die Handelinge van die 46e Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens as volg beskryf: "'n Kragtige liturgie vloei voort uit die teenwoordigheid van God in die samekoms, die opregte verootmoediging voor God, die kragvolle spreek van God in die Woorddiens, die bewuste en

deurleefde aanbidding van God in die antwoord van die gemeente en die wegstuur van die gemeente om God in huis, binnekamer en die daaglikse lewe met oorgawe te dien" (Handelinge, 1997:741). Ten einde diepte aan hierdie dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente onder die erediens te verleen, word al die verskillende liturgiese handelinge dus in die raamwerk van ontmoetingsdiens, verootmoediging- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens geplaas (Handelinge, 1997:741). Hierdie vier elemente word beskou as die hoofmomente van die liturgiese orde en dit "shape the liturgy and give it a character of communicative interaction" (Letsosa, 2005:379). Die indeling van liturgiese handelinge onder die vier hoofmomente is egter nie star, rigied en gereglementeerd nie, maar bly steeds dinamiese handelinge (Vorster,1996:219; Vos & Pieterse, 1997:193; 4.4).

Die mens bly nie onaangeraak deur hierdie ontmoetingsgebeure nie. De Klerk (2005:463) wys daarop dat daar in opregte liturgiese beoefening 'n dieper "geheimenisvolle" betekenis van elke liturgiese handeling behoort te wees en toon aan dat minstens die volgende menslike reaksies deur die ontmoeting tussen God en mens in die erediens voortgebring word:

- Verwondering
- Verootmoediging
- Versoening
- Verbintenis
- Versekering

Dit wat in die erediens gebeur is bepalend vir die wyse waarop God in die daaglikse lewe gedien en verheerlik word (Senn, 2000:x; Strauss, 2001:126). Daarom is die vraag waarop in hierdie hoofstuk gefokus word watter basisteoretiese perspektiewe uit die liturgiese handelinge van die erediens onderskei kan word wat as basisteoretiese beginsels kan dien vir die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe.

4.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die dinamiese aard van die liturgiese handelinge onder die erediens te beklemtoon en tot basisteoretiese afleidings te kom wat saam met ander basisteoretiese vertrekpunte en perspektiewe in Afdeling A kan saamtrek in basisteoretiese beginsels.

4.3 METODE

Aangesien hierdie 'n teologiese studie is en die basisteorie primêr uit die Skrif gefundeer word, sal liturgiese momente uit die Skrif en voortspruitende kerkgeskiedenis belig word. Eksegeties word daar volgens die gramaties-historiese metode te werk gegaan (Coetzee, De Klerk, Floor, 1980:12-26; Coetzee, 1997:1-14). Die ondersoek na die kerkgeskiedenis word gedoen deur literatuurstudie van die tersaaklike inligting wat deur kritiese denke geëvalueer word om uiteindelik tot sekere gevolgtrekkings te kom.

In aansluiting by Luther se beskouing word die dialogiese wisselwerking tussen Goddelike Woord en menslike antwoord as vertrekpunt van die liturgie van die erediens gebruik. Liturgiese handelinge in die erediens word onder die vier hoofmomente vir liturgiese orde behandel (4.1; Handelinge, 1997:741). Hoewel die navorser oortuig is dat daar in die Skrif geen vaste volgorde van liturgiese handelinge gereglementeer word nie, word die kronologie van liturgiese handelinge aan die hand van die hoofmomente soos dit oorwegend binne die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika plaasvind, as struktuur gebruik vir die doeleindes van hierdie studie (vgl. Handelinge, 1997:741-767). Daarna sal die navorser sekere basisteoretiese hoofmomente uit die liturgiese handelinge formuleer.

Opsommend kan die onderskeie liturgiese handelinge binne die raamwerk van liturgiese hoofmomente as volg weergegee word:

- Ontmoetingsdiens
    - Goddelike oproep tot ontmoeting
    - Votum
    - Ontmoetingseën
    - Gemeente lofsang
    - Geloofsbelydenis
- Verootmoediging- en Versoeningsdiens
    - Dekaloog
    - Verootmoediging en Vryspraak
- Woorddiens
    - Epiklese-gebed
    - Skriflesing
    - Prediking
- Antwoorddiens
    - Dankgebed
    - Diens van barmhartigheid
    - Gemeentelike sang
    - Wegstuurseën
    - Gemeentelike "Amen"

4.4 LITURGIESE HOOFMOMENTE VAN DIE EREDIENS

4.4.1 Ontmoetingsdiens (*introïtus*)

"Binne die ontmoetingsruimte van die erediens ontmoet mense God as 'n Persoon ...Hy is die...Ontmoetende" (Barnard & Vos, 2001:19; vgl. Brienen 1992:66). God se ontmoeting met sy kinders geskied deur sy Woord en Gees. Deur sy Gees is God lewend teenwoordig by sy kinders. Die Gees is ten diepste die Ontmoetingsbewerker aangesien Hy in elke liturgiese handeling besig is om ontmoeting te bewerk (De Klerk, 1987:97; Crichton 1992:9,19).

Die ontmoetingsdiens wat gegrond is in God as die Ontmoetingsbewerker,

staan ook bekend as die *introïtus*, wat die letterlike betekenis van intog, binnekoms of ingang dra (Boendermaker, 1977:37; Handelinge, 1997:742). Histories kan die *introïtus* se oorsprong teruggevoer word tot die Joodse tempeltradisie soos wat dit veral in die Psalms na vore kom. Die sogenaamde "Pelgrimspsalms" (Ps 120-134) het almal die ondertoon van die volk van die Here wat van heinde en ver na die tempel in Jerusalem optrek om God daar in sy heiligdom te kan ontmoet (Boendermaker, 1977:37,38). Hierdie gedagte van "opgaan om in die teenwoordigheid van God in te tree", het uiteindelik neerslag in die Roomse tradisie gevind deur die sing van die "introïtus-zang" voor die begin van elke erediens deur 'n koor (Boendermaker, 1977:38, Van Leeuwen, 1998a:155). Daardeur is die begrip *introïtus* egter tot intreelied voor die erediens verskraal. In die Gereformeerde tradisie is die begrip *introïtus* egter van intreelied tot meer omvattende voorbereiding tot die erediens verruim (Handelinge, 1997:742; Vos & Pieterse, 1997:200).

Die ontmoetingsdiens of *introïtus* bevat die volgende vier liturgiese handelinge, naamlik die votum, ontmoetingseën, lofliedere en geloofsbelydenis (Handelinge, 1997:742). In die votum lê die erkenning van die gemeente dat God in die samekoms teenwoordig is en dat dit Hy is wat die mens in staat stel om Hom en mekaar te kan ontmoet. Die ontmoetingseën is God se handeling waardeur Hy die gemeente bekragtig om Hom waarlik te kan ontmoet. Die lofsang is die gemeente se antwoord van lofprysing waardeur die grootsheid van God se seën beantwoord word. Die geloofsbelydenis vorm ook deel van die gemeente se reaksie op God se teenwoordigheid onder en sy seën op sy gemeente. "Op grond van Christus se versoening (Heb 10:19) kry die gemeente in Hebreërs 10:22 die opdrag: "Laat ons toetree, intree!" (Handelinge, 1997:742).

4.4.2 Verootmoedigings- en versoeningsdiens

"In de liturgie wordt de mens als het ware over de drempel van het oeroude zijn heengetrokken naar het nieuwe, dat God in Jezus Christus schenkt "

(Jonker, 1962:123). Die erkenning van die oorgang van die sondeverlore ou mens na die begenadigde nuwe in Christus (Ef 2:4,5) vind liturgies primêr inslag in verootmoediging en genadeverkondiging (Krikke, 1976:155). Die feit dat God 'n "vergewende God" is (Handelinge, 1997:747), vorm die kern van die Blye Boodskap wat in die liturgie gedenk word (Van Nijen, 1998:178), en is die genadewerk van die Heilige Gees (Letsosa, 2005:389).

Na die ontmoetingsdiens is die mens diep onder die besef van die heilige grootheid van God en daardeur word hy tot die besef van sy eie nietigheid en sonde gelei (Immink, 1998:185). Die verootmoedigings- en versoeningsdiens omvat die onderskeie liturgiese elemente wat die sondige mens in ootmoed tot die heilige God laat nader. Die hoofmomente van hierdie liturgiese elemente sluit in – verootmoediging by die aanhoor van God se eise, skuldbelydenis, vryspraak van God, waarskuwing van oordeel aan die mens wat geen berou toon nie, en die aanhoor van die Wet van die Here as eis tot 'n dankbaarheidslewe (Handelinge, 1997:748). Die tema van verootmoediging en versoening word in bykans elke liturgiese handeling in die erediens gevind aangesien elke liturgiese handeling binne die kader van ontmoeting tussen die heilige God en die nietige sondaar mens val. Omdat verootmoediging en versoening egter so 'n kern tema in die liturgie vorm, is dit reeds van die vroegste Christelike kerke tot vandag toe as afsonderlike liturgiese hoofmoment beskou (Jonker, 1962:123; Krikke, 1976:155,156; Boendermaker, 1977:41; Vos & Pieterse, 1997:214,215; Letsosa, 2005:384).

As afsonderlike liturgiese hoofmoment vind dit ordelik plek tussen die ontmoetingsdiens en die Woorddiens: "Dit versterk vroeg in die liturgiese gang van die samekoms troos en vrede in die gemeente. Dit versterk die gemeente se vrymoedigheid om in die teenwoordigheid van die Here te verkeer, na Hom te luister en Hom aan te spreek" (Handelinge, 1997:748). Dit sluit veral verootmoediging in deur die aanhoor van God se eise (deur die voorlees van die Wet, samevatting van die Wet of gepaste

Skrifgedeelte, of selfs deur die sing van 'n gepaste psalm), die biddende skuldbelydenis (deur sang of gebed), die vryspraak van God, waardeur versoening kom (deur 'n gepaste Skrifgedeelte of psalm), en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid (Handelinge, 1997:746; Immink, 1998:185-191).

In die liturgiese handelinge van verootmoediging word die mens in besonder bewus van sy sonde, ellende en onwaardigheid. Hierdie sondebesef dwing hom tot skuldbelydenis. Op die verootmoediging en skuldbelydenis volg die smeking om genade en die beroep op die barmhartigheid van die vergewende God (Van Nijen, 1998:177). Die verkondiging van vryspraak laat die mens in verwondering voor die genade van God staan en bring hom tot die besef dat dit God is wat versoening bewerkstellig deur sy Seun. Dit gee troos en vrede en laat die mens uitsien na die Woorddiens wat volg (Handelinge, 1997:746,747; Letsosa, 2005: 383,384).

4.4.3 Woorddiens

Die Gees is in besonder die Ontmoetingsbewerker deur die Woord van God, want God openbaar Homself deur die werking van sy Gees deur sy Woord aan sy kinders (De Klerk, 1987:97; Handelinge, 1997:750; Barnard, 1998b:216). Die menslike woordeskat is egter nie ryk en gedifferensieerd genoeg om inhoud aan die begrip "Woord" te verleen nie. God se Woord is nie bloot beperk tot die liturgiese handeling van Skriflesing nie, maar is die aktiewe handelinge van God waardeur Hy die mens roep, toerus en in staat stel om Hom te ontmoet. Vanhoutte (1995:16) verklaar in hierdie verband kort en bondig: "Zijn Woord werkt". Uit God se mond is Woord tegelyk Woord en daad, hoorbaar uit die Bybel maar ook sigbaar in liturgiese handelinge soos die seën en sakramente. Tereg merk Barnard (1981:423) in hierdie verband op: "Woord in die Bybel is woord in aksie, woord in beweging". Die dinamika van God se woordgebeure onder die erediens verleen 'n besondere dimensie daaraan.

Die liturgiese handelinge wat in besonder in die Woorddiens as hoofmoment na vore kom, is die epiklese-gebed, Skriflesing, prediking en sakramente (Handelinge, 1997:750; Barnard, 1998a:198; Barnard, 1998b:210; Oskamp, 1998:221; Letsosa, 2005:387). Die besef dat God met die Skriflesing regstreeks aan die woord kom (Handelinge, 1997:751), vul die mens enersyds met verwondering maar andersyds met verootmoediging en 'n besef van totale afhanklikheid. Die mens kan immers nie na die Woord luister, dit verstaan, glo en gehoorsaam uit eie krag nie. Die epiklese-gebed voor die Skriflesing rig die mens op God se Woord en skep afwagting by hom om daarna te luister (Oskamp, 1998:221). Skriflesing en prediking dwing die mens ook tot verbintenis om gehoorsaam te wees aan God se opdragte uit sy Woord: "In de bijbel zijn lof en klacht, vloeken en zegene, gebed en dank, zingen en zuchten, méé overgeleverd als bijbel en dus als Woord van God. Woord is niet het 'naakte Woord' maar gehoord en beantwoord Woord" (Barnard, 1998b:216). Woordverkondiging gee by alles troos en hoop aangesien die mens daardeur in sy geloof gevoed en versterk word.

Deur die Woorddiens word die mens dus tot 'n beslissing en reaksie gedwing wat deur die antwoorddiens as vierde liturgiese hoofmoment gevolg word.

4.4.4 Antwoorddiens

God se Woord keer nooit leeg tot Hom terug nie, maar laat gebeur waarvoor Hy dit gestuur het (Jes 55:11; Letsosa, 2005:394). Op die ontmoetingsgebeure waardeur God Homself deur sy Woord en Gees openbaar, kan die mens dus nie passief en onaangeraak staan nie (Brienen, 1992:110; Burger, 1999:14). Gedring deur die Gees moet hy antwoord (Barnard, 1998b:216). Oskamp (1998:217) noem dit die dubbele beweging van: "van God uit en naar God toe". Erediens is immers in sy wese die dialogiese, dog ongelyke, gesprekvoering tussen die heilige God en die sondige mens waarin God die basis lê vir hierdie ontmoeting

(Strauss, 2001:130). Die mens se ontmoeting met die lewende God is derhalwe ook nie bloot lippetaal nie, maar aktiewe handelinge wat sy hele lewe in elke faset raak. Alles wat die mens doen wanneer hy die lewende God in die erediens ontmoet, vorm deel van die liturgiese inhoud van die antwoorddiens (Venter, 1998:16) en vloei organies uit die Woorddiens voort (Letsosa, 2005:394).

Ten spyte daarvan dat elke menslike handeling in die erediens as gevolg van die dialogiese karakter daarvan ten diepste deel vorm van die antwoorddiens, is daar tog sekere liturgiese handelinge wat in besonder die mens se antwoord op die Woorddiens reflekteer. Die antwoorddiens (responsia) word beskou as die gelowige se antwoord op al drie die voorafgaande liturgiese hoofmomente, naamlik: die ontmoetingsdiens, die verootmoediging- en versoeningsdiens en die Woorddiens.

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word daar in besonder na die liturgiese handelinge van "amen", gebed, sang en die offer van die liefdegawe as antwoorddiens verwys (Handelinge, 1997:759-765; vgl. Letsosa, 2005:394,395). Oor die indeling van die wegstuurseën in een van die vier liturgiese hoofmomente, bestaan daar nie eenstemmigheid nie. Letsosa (2005:395) ag dit as deel van die antwoorddiens, terwyl dit in die Handelinge van die GKSA as losstaande liturgiese handeling hanteer word sonder om dit in een van die vier hoofmomente in te deel (Handelinge, 1997:766,767). Die navorser is ook van oordeel dat die wegstuurseën nie organies deel van die antwoorddiens uitmaak nie, en dat dit bes moontlik die logieste as deel van Woorddiens beskou behoort te word. Die wegstuurseën bly immers proklamering in die vorm van toesegging deur God waardeur Hy gelowiges bekragtig vir hulle dienswerk buite die erediens (vgl. Van Leeuwen, 1998b:258-264).

Vir die doel van hierdie studie sal die wegstuurseën as liturgiese handeling na die laaste handelinge van die antwoorddiens behandel word, aangesien dit na sy aard grootliks as sluitsteen (nie slot!) van die erediensliturgie dien.

Die erediens is in sy wese dialogiese ontmoetingsgebeure (3.4.3). In die antwoorddiens as liturgiese hoofmoment, is dit die gelowige wat, bewus van sy eie nietigheid, dit durf waag om met die lewende God in gesprek te tree. In elkeen van die liturgiese handelinge waarin die mens op die spreke van God antwoord, is daar dus spore van verwondering en verootmoediging te vind. Uit die ontmoetingsgebeure ontvang die mens ook die troosvolle boodskap van versoening wat hom tot 'n nog meer toegewyde dankbaarheidslewe aanspoor.

4.4.5 Samehang tussen ontmoetingsdiens, verootmoediging- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens

Die dialogiese karakter van Goddelike Woord en menslike antwoord in die erediens kan wel onderskei word, maar dit vloei so ineen en sluit so by mekaar aan dat daar telkens terug- en vooruitgegryp moet word om die eenheid te behou. Liturgiese handelinge en selfs hoofmomente kan onderskei maar nooit geskei word nie (Barnard, 1981:422; Strydom & Kellerman, 1992:205; Oskamp & Schuman, 1998:153). Dit is belangrik om nooit uit die oog te verloor dat die Nuwe Testament, in teenstelling met die Ou Testament, geen wydvertakte, allesomvattende ordereëlings vir die samekoms van God en sy gemeente bevat nie (Brienen, 1992:71). Die kern van liturgiese handelinge wat uit hierdie dialoog voortvloei sal binne die kader van die vier vermelde liturgiese hoofmomente (4.3) in hierdie hoofstuk individueel beskou word ten einde basisteoretiese perspektiewe te vorm wat relevant vir hierdie studie sal wees (4.7). Daar moet egter deurentyd op die dialogiese aard van die gebeure gelet word en in gedagte gehou word dat die orde en volgorde van liturgiese handelinge nie rigied gevolg hoef te word nie. Dit is ook nie die oogmerk van hierdie hoofstuk om ander liturgiese momente wat ter verryking van die erediens geassimileer kan word, te bespreek nie. Die fokus val op die liturgiese handelinge binne die vier liturgiese hoofmomente soos in 4.3 vermeld.

4.5 LITURGIESE HANDELINGE IN DIE EREDIENS

4.5.1 Liturgiese handelinge wat primêr uit die ontmoetingsdiens *vloei*

4.5.1.1 Voorbereiding op ontmoeting

Die begronding vir die samekoms van die gemeente lê opgesluit in die vierde gebod. Die Sabbatdag is deur God geseën en vir Homself opgeëis (Ek 20:8-11; H.K., So. 38; Trimp, 1983:62). In die konteks van die Ou Testamentiese tempeldiens is daar volgens Psalm 27 veral twee belangrike redes waarom die mens as deel van 'n geloofsgemeenskap op die dag van die Here moet saamkom. Aan die een kant spruit die samekoms uit gehoorsaamheid aan 'n bevel: "Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!". Ek is hier om U te dien, Here." (Ps 27:8). Aan die ander kant spruit die samekoms uit 'n begeerte van die mens om in Sy huis Sy goedheid te belewe (Ps 27:4). In die Nuwe Testament word hierdie opdrag uitdruklik in Hebreërs 10:25 gestel as die gemeente daarop gewys word dat hulle nie van die onderlinge byeenkomste van die gemeente mag wegbly nie (Strauss, 2001:126). Basden (1999:136) formuleer die samehang van gehoorsaamheid aan 'n Godsopdrag en die begeerte om in sy teenwoordigheid te verkeer, as volg: "The primary purpose of worship is to offer praise and thanksgiving to God for who he is and for what he has done (adoration) and to reaffirm our love for and commitment to him (dedication)".

Die gemeente se samekoms om God te ontmoet, vloei dus voort uit 'n direkte bevel. Tog spruit die begeerte om God te ontmoet nie uit die mens self nie. Die mens kan God alleen ontmoet omdat God self die ontmoeting bewerkstellig en die uitnodiging rig (Krikke, 1976:139; Saliers, 1994:28). Dit is immers Hy Self wat die mens deur sy Woord en Gees roep en vir die ontmoeting voorberei (Letsosa, 2005:381, 383). God neem daarvoor die inisiatief uit Homself (Spoelstra, 1994b:44). Dieselfde God wat beveel dat die onderlinge samekomste nie nagelaat moet word nie, wat daarop

aandring dat die mens nie net as individu nie maar as deel van God se gesin moet aanbid, is ook die God wat die begeerte na die samekoms in sy huis wek.

Hierdie ontmoeting mag egter nie gering geag word nie. Die Prediker rig 'n waarskuwende woord tot erediensgangers: "Wees baie versigtig as jy na die huis van God toe gaan. Dit is beter om nader te kom en te luister as om jou offer te bring soos 'n dwaas dit sou doen" (Pred 4:17). Hieruit blyk die gesindheid waarmee na die erediens opgegaan moet word duidelik. Műller en Deddens sien hierin 'n duidelike oproep tot voorbereiding: "Ons moet God voorbereid ontmoet" (Műller, 1990:57) en "Men ging niet onvoorbereid de sabbat in!" (Deddens, 1981:21). Hulle word hierin ondersteun deur Spoelstra (1994b:53) wat dit ook duidelik stel dat die ontmoeting, 'n voorreg geïnisieer en bewerk deur die heilige God, gepaardgaan met die mens se verantwoordelikheid om homself voor te berei vir hierdie ontmoeting (vgl. Brienen, 1992:109). Hierin word die uniekheid van die ontmoetingsgebeure met die lewende God duidelik. Om God voorbereid te kan ontmoet, vereis meer as die blote gehoorsaamheid van mense wat saamkom vir 'n erediens. Dit strek verder as om twee ure op 'n Sondag af te sonder vir erediensbywoning.

Erediensvoorbereiding begin reeds wanneer die mens die deure van die kerkgebou uitgaan na afloop van 'n erediens. Toegerus om die week te gaan werk, is daar reeds die begeerte om volgende Sondag weer saam te kom in die huis van die Here (Boendermaker, 1977:35,36; Brienen, 1987:175; Barnard & Vos, 2001:28). Dit is soos die sistoliese en diastoliese werking van die pompende hart: elkeen is uitgestuur vir werk, maar klaar ook weer geroep vir saamkom (Barnard, 1981:51,51; De Klerk, 2000a:91, 1.1.1.3; 2.5.3). 'n Ander beeld wat gebruik kan word om hierdie wisselwerking te verduidelik is dat die liturgiese handelinge die ketting is waardeur die ratte van die erediens en lewe aanmekaar verbind word. Wanneer die ratte draai, beweeg die ketting tussen die ratte en beweeg die skakels van die ketting van die een rat na die ander.

Die voorbereiding vir die volgende erediens word vanaf die vorige erediens in die binnekamer, huwelik, huis en ook breër saam met medegelowiges voortgesit. Dit vind vergestalting in onder andere biddend Bybel lees en oordenking, sang en veral ook gebed (Krikke, 1976:142). Dit is voorts ook elkeen se plig om gedurende die week die bedienaar van die Woord in gebed op te dra sodat hy die insig mag kry om volgens die mening van die Gees te mag spreek (2 Tess 3:1) en ook om self voorbereid na die huis van die Here op te gaan (Deddens, 1981:22-24).

Sondagoggend voor die erediens is besonder belangrik met die oog op voorbereiding. Aangesien die erediens 'n amptelike ontmoeting met die heilige God is, vra dit groot erns en eerbied vir Hom in wie se teenwoordigheid die mens gaan intree (Jordaan, 1996:5). Om na die huis van die Here op te gaan, vra heilige verootmoediging (Van Leeuwen, 1998a:154). Barnard (1981:528-531) wys in aansluiting by Jordaan en Van Leeuwen daarop dat die hele wese van die mens op die ontmoeting met God in die erediens ingestel behoort te wees. Om rustig betyds te wees, om vooraf medegelowiges te groet, gewyde musiek voor die diens, genoegsame tyd vir stilgebed, oordenking en ook Bybellees, die saamkom van die kerkraad voor die diens en die besondere voorbidding wat daar in hulle midde behoort plaas te vind, bepaalde aankondiginge en die moontlike sing van introïtuslied, is alles praktiese vergestaltings van sinvolle en deeglike voorbereiding op die besondere ontmoeting met God onder die erediens (Boendermaker, 1977:35,36; Du Toit, 1977:49; Van Leeuwen, 1998a:154,155). Hoewel dit as vraag gestel kan word of voorbereiding op die ontmoeting in die erediens as afsonderlike liturgiese handeling gereken behoort te word, bly die saak van biddende voorbereiding onontbeerlik vir diepgaande liturgie in die erediens.

Strauss (2001:133) is van mening dat stilte 'n uiters belangrike komponent in die ontmoetingsgebeure rondom die erediens behoort te wees. Hy grond sy standpunt op Habakuk 2:20 en merk op dat stilte die mens bewus maak van die heiligheid en teenwoordigheid van God onder sy

saamgekome kinders. Stilte in die teenwoordigheid van die heilige God mag ook die gevoel van verwondering en verootmoediging by die voorbereidende mens versterk (Oskamp, 1998:218). Met die oog op voorbereiding vir die erediens kan stilte dus 'n belangrike funksie vervul (vgl. Vorster, 1996:211). Met reg merk Müller (1990:58) op: "Sondaars kan tog nie net in God se teenwoordigheid instorm nie" en Deddens (1981:25): "Ik pleit voor een goede en tijdige voorbereiding voor heel de eredienst, zovel van de kant van de voorganger als van de kant van de gemeente". Brienen (1992: 85) ondersteun ook die gedagte dat stilte wat ruimte laat vir stille konsentrasie en voorbereiding die aanvang van die erediens moet voorafgaan.

Die eskatologiese dimensie van die liturgie van die erediens word versterk deur sowel die voorafgaande oproep tot voorbereiding as die feit dat die erediens op 'n Sondag plaasvind. Saliers (1994:52) stel dit duidelik: "The eschatological significance of Sunday is well known in the early church's practice and teaching" en verder (1994:53) "Thus the concept of an octave between Sunday and Sunday gathers into itself a rhythm of death / resurrection / ascension moving from Sunday to Sunday." (vgl. Vrijlandt, 1987:35; Crichton, 1992:10)

4.5.1.1.1 Basisteoretiese afleidings

- Die begronding vir ontmoeting met God in sy huis rus op twee bene: aan die een kant is dit gehoorsaamheid van die mens aan 'n direkte bevel van die Here; aan die ander kant spruit dit voort uit 'n begeerte by die mens om in die teenwoordigheid van die lewende God te verkeer.
- Gehoorsaamheid aan die oproep om as gemeente op die dag van die Here saam te kom, vereis meer as bloot die bywoning van die erediens, dit verg biddende voorbereiding vir die erediens.
- In die stilte van biddende voorbereiding word die mens in besonder bewus van die heiligheid en teenwoordigheid van die lewende God,

wat tot verwondering en verootmoediging lei.

Tradisioneel is die votum die eerste liturgiese handeling wat tydens die erediens verrig word. Dit sal derhalwe eerste bespreek word.

4.5.1.2 Votum

"Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 124:8)

"Votum", in sy oorspronklike Latynse vorm, het die afgeleide betekenis van begeerte, gebed, verlange, verklaring of gelofte (Barnard, 1981:539; Műller, 1990:59). In "kerklatijn" het dit ten diepste die betekenis van 'n tipe "wijdingswoord" wat enersyds 'n sterk belydeniskarakter dra en andersyds dui op die konstituering van die vergadering van gelowiges wat in die teenwoordigheid van God intree (Deddens, 1981:36). Die woorde uit Psalm 124:8 is reeds in die Kedusha van die ou sinagogediens as belydenis gebruik en het later gedurende die Middeleeue as *adjutorium* in die voorbereiding tot die Roomse mis gedien (Brienen, 1987:221; Van Leeuwen, 1998a:159). Hoewel dit onseker is of Calvyn Psalm 124 ook as votum gebruik het, het hy wel die erediens met 'n trinitariese formule as votum begin. Hy motiveer dit deur te sê dat die mens se dade en onderneming om God te ontmoet, met die inroep van die Naam en hulp van die Here moet begin (Institusie, III, 20:3; Brienen, 1987:221). Volgens Du Toit (1977:14) is daar egter sekerheid omtrent die feit dat Calvyn ten minste in die Franse gemeente te Straatsburg die votum uit Psalm 124:8 gebruik het. Hy wys voorts daarop dat die bewoording uit Psalm 124 ook deur die Provinsiale Sinode van Dordtrecht in 1574 as votum voorgeskryf is (Du Toit,1977:14). Dit is dus duidelik dat die votum uit Psalm 124, soos dit vandag ook nog gebruik word, 'n lang geskiedenis het wat uit die Ou Testament spruit.

Daar is verskeie gedagterigtings rondom die funksie wat die votum inneem.

Aan die een kant word dit beskou as die "begin" van die erediens. "A. Kuyper was van oordeel dat dit votum de functie heeft van een hamerslag, waarmee de vergadering der gelovigen wordt geopend" (Deddens, 1981:36; vgl. Karres, 1965:11; Van Leeuwen, 1998a:156,157). Vos en Pieterse (1997:202), in navolging van Barnard (1981:535), huldig dieselfde standpunt deur aan te voer dat die votum 'n ordelike wyse is vir die erediens om te begin. Sedert 1962 is dit ook die amptelike standpunt in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Barnard, 1981:536). Die huidige standpunt in die GKSA dat die votum die openingsverklaring is waarmee die vergadering van gelowiges begin, sluit dus aan by die bogenoemde gedagterigting (Handelinge, 1985:410; Handelinge, 1997:742). Barnard (1981:536) voel so sterk oor hierdie saak dat hy verklaar dat niks wat voor die votum plaasvind deel van die erediens uitmaak nie. In hierdie opsig stem sy standpunt ooreen met Du Toit (1977:14) wat na 'n Psalm voor die votum as "iets voorlopigs" verwys wat slegs dien om "des te stigteliker en plegtiger" met die votum te kan open.

Műller (1990:57) weerhou hom egter daarvan om 'n absolute beginpunt vir die erediens te probeer vasstel. Hy gebruik eerder die begrip "aanvang" as "begin" en voer dit terug tot die oomblik dat die mens die kerkgebou binnekom, sy plek inneem en homself rustig voorberei op die ontmoeting met God. Met hierdie standpunt verhoed hy dat daar aan die erediens as 'n statiese program gedink word wat puntsgewys deurgewerk moet word tot aan die einde.

Indien die belydenis dat die erediens in sy wese in Goddelike Woord gegrond is en dat dit die Here is wat sy gemeente byeenroep, aanvaar word, moet daar sterker by Műller aansluiting gevind word. Die votum sal dan nie in absolute sin as die begin van die erediens beskou kan word soos wat onder andere Barnard (1981:535) en Du Toit (1977:14) dit stel nie. Die votum moet eerder beskou word as menslike antwoord op die roepstem van God wat sy gemeente al reeds vir 'n week lank deur sy Woord en Gees roep. Die votum kan beskou word as die ordelike

organiese aanvang van die erediens as deel van die siklus van God wat reeds deur die week roep en die mens wat op die roepstem reageer.

Die votum het ook ten doel om aan die erediens sy ware karakter en sin te gee, want die votum is 'n verklaring van die aard van die samekoms (Brienen, 1992:85; Heystek, 1997:33). Buiten dat dit die ordelike aanvang van die erediens aandui, is dit ook 'n openingsverklaring waardeur die vergaderde gemeente openlik teenoor mekaar en ook die wêreld bely in Wie se Naam hulle vergader en Wie hulle in hulle diens vereer (Vorster, 1996:210; Van Leeuwen, 1998a:159). Terselfdertyd is die votum ook 'n belydenis van afhanklikheid in die teenwoordigheid van God: "The function of the votum is efficient to convince God's children of their absolute dependence on God" (Letsosa, 2005:382; vgl. Van der Merwe, 1977:27). Die mens kan nie uit homself die ontmoeting met God bewerkstellig nie – hy is ten volle afhanklik van God daarvoor. In die votum bely elkeen afsonderlik, maar die gemeente gesamentlik, hulle afhanklikheid teenoor God (Vos & Pieterse,1997:204). In hierdie opsig dra die votum dus 'n sterk verootmoedigings karakter. Die votum dra egter ook 'n gebedskarakter. Tesame met die verklaring van afhanklikheid spreek elkeen vir homself en die gemeente gesamentlik ook die gebed uit om die inroeping van hulp en heil van God op hierdie besondere ontmoeting (Barnard, 1981:537). Deur hierdie gebed word ook gevra na die vermoë om die blik weg te skuif van die sorge van die lewe en bewus te raak van en te fokus op die seënende teenwoordigheid van die Here (Burger, 1999:15).

Dit sal 'n verskraling van die ryke betekenis van die votum wees as dit slegs as ordelike aanvang, getuienis, belydenis van afhanklikheid of gebedsvorm beskou word. Die votum behoort ook as 'n openlike verklaring beskou te word om teenoor die aanwesiges en die wêreld daarbuite te verklaar dat die gelowiges in die Naam van die Here vergader (Vorster, 1996: 210,211). Die uniekheid van die votum word juis weerspieël in die vele dimensies daarvan. Enersyds is dit dus 'n verklaring in diepe ootmoed teenoor die Lewende God, andersyds 'n triomfantlike verklaring teenoor die

wêreld daar buite dat Hy in Wie se Naam die gemeente vergader, die enigste ware God is. Hierdie verklaring kan as gebed geuiter word en dui die organiese aanvang van die liturgie van die erediens aan.

Die votum behoort aan die gemeente as antwoord op God wat vooraf geroep het. Al gaan die liturg die gemeente voor in die uitspreek daarvan, bly dit die antwoord van die gemeente en moet elke lidmaat dit bewustelik in sy hart naspreek. Deur hierdie bewustelike meespreek, bind die votum die gemeente tot 'n liefdeseenheid (Pecklers, 2003:138) en stel hulle hulleself ook bewustelik as eenheid voor God (Smit, 1982:51). Tereg merk Van Leeuwen (1998a:159) op dat die uitspreek van die votum altyd in een asem "Votum en Groet" beteken wat die gerigtheid op God en onderlinge eenheid van die saamgekome gemeente aandui. Ook vir Calvyn was die koinonia aspek van die erediens, soos dit vergestalting vind in die votum, van wesentlike belang (Brienen, 1987:172,173). Die gebruik dat die gemeente die woorde van die votum, of dan ten minste 'n deel daarvan, hardop uitspreek, behoort groter prominensie in die erediens te ontvang aangesien dit die dialogiese karakter van die erediens benadruk (Van der Walt, 1987:37). Oor die geskil of dit met oop of toe oë uitgespreek of aangehoor behoort te word, word daar ter versterking van die belydeniskarakter verkies dat dit met oop oë geskied.

Die votum kan nie effekloos uitgespreek of aangehoor word nie. Wanneer die teenwoordigheid van God betree word, dan pas verwondering, maar ook verootmoediging wat beskryf kan word as: "ontsag, eerbied, gegryp wees deur God se heiligheid en heerlikheid" (De Klerk, 2005:466; vgl. Handelinge, 1997:743). Iets van die onbegryplike ongelykheid van die ontmoetingsgebeure tree in die votum na vore. Ten diepste vind daar 'n "Mysterie" plaas met die uitspreek van die votum (Krikke, 1976:146), veral in ag genome die feit dat die nietige sondaar mens dit durf waag om in die teenwoordigheid van die Heilige God in te tree (Vorster, 1996:211). Die grootsheid van hierdie toetrede is dat God die mens in liefde ontvang. Daarom is dit ook gepas dat die votum met "amen", as algemene

instemming van die hele gemeente afgesluit behoort te word (Trimp,1983, 96,97).

Du Toit (1977:15,16) vestig die aandag daarop dat daar geen Skrifgronde daarvoor bestaan dat die votum (as menslike handeling) en die seën (as Goddelike handeling) noodwendig direk op mekaar hoef te volg nie (vgl. Brienen, 1987:222). Die vraag kan dus gevra word of die erediensverrigtinge noodwendig met die votum as antwoord van die mens op God wat hom tot ontmoeting roep, formeel moet begin. Sal daar nie 'n diepgang wees as die gemeente, wat deur God byeengebring is, eers op die seën van God en Sy toesegging van genade en vrede moet wag alvorens hulle met die votum nader nie? Ons bely dat dit God is wat sy gemeente byeen roep, is dit gepas dat die gemeente eerste handel? Saliers (1994:118) se afgeleide antwoord op hierdie vraag is 'ja'. Hy argumenteer "Yet every liturgical assembly, ..., is radically dependent upon the gift of God's presence. Therefore all true worship, begins and ends with a calling upon the name of the triune God, whose Holy Spirit gives life to our worship.." Hierin word 'n fyn klemverskuiwing verwoord. Indien ons bely dat dit God is wat roep en God wat die gemeente dring om aan die roepstem gehoor te gee, is dit 'n gegewe dat God wel teenwoordig is wanneer sy gemeente in sy teenwoordigheid bymekaar kom. Die gemeente kan dan met stille ontsag wag op God wat eerste praat. In die mens se gebrokenheid "beleef" hy egter nie altyd God se teenwoordigheid nie en die "belewenis" kan moontlik versterk word deur die aktiewe handeling van "in afwagting wag" op God wat sy teenwoordigheid onder sy gemeente bevestig deur hulle eerste te seën.

4.5.1.2.1 Basisteoretiese afleidings

- Die votum is die gemeente se openingsverklaring wat die organiese aanvang van die erediens aantoon.
- Die votum is enersyds 'n belydenis van afhanklikheid teenoor God en andersyds 'n triomfantlike verklaring teenoor die wêreld dat die

saamgekome gemeente se hulp alleen in die Naam van die Here is.

- Die votum bewerk opregte verootmoediging, maar tegelyk ook verwondering wanneer die gemeente besef dat hulle die Naam van die lewende God van hemel en aarde aanroep en in sy heilige teenwoordigheid intree.

Tradisioneel word die votum deur die ontmoetingseën gevolg. Vervolgens val die fokus op hierdie element van die erediensliturgie.

4.5.1.3 Ontmoetingseën

"Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here" (1 Tim 1:2)

Twee sterk uiteenlopende standpunte bestaan rakende die aard van die seën wat direk na die votum uitgespreek word. Sommige skrywers beskou dit as 'n blote groetseën (Jonker, s.j.:145; Jonker, 1962:144,145; Deddens, 1981:37; Műller 1990:62), terwyl ondersteuners van 'n ander gedagterigting dit in navolging van Calvyn (Brienen, 1987:222) sien as 'n vorm van toesegging soortgelyk aan die Aaronitiese seën van Numeri 6:24-27 (Du Toit, 1977:15; Visser, 1981:1; Van der Walt, 1987:37; Heystek, 1997:33).

Die verskil in standpunt spruit uit die wyse waarop die seën histories gebruik is. Volgens Deddens (1981:37) is die oorsprong van die bekende formule van genade en vrede waarskynlik te vinde in 'n kombinasie van die bekende Griekse groetformule "genade" (gaire) en die Hebreeuse "vrede" (shalom). In die vroeë Christelike kerk was dit gebruiklik om die erediens met hierdie formule as seën te open (Barnard, 1981:540). In die Roomse tradisie het die seëngroet tot die sogenaamde "introïtus" ontwikkel. Dit het verwys na die seëngroet waarmee die "geestelikes" die gemeente gegroet het nadat hulle die kerk in die vorm van 'n optog binnegekom het en deur die "gewone kerkvolk" of gemeente toegesing is (Van der Merwe, 1977:27). Tydens die reformasie is die erediens slegs met die votum geopen. Die

orde van Paltz in die Nederlandse tradisie het die votum en die seën vir die eerste keer in kombinasie gebruik (Barnard, 1981:540).

Die vraag kom nou ter sprake of die karakter van hierdie seën primêr deur die groet of die seën bepaal word (Smit, 1982:51, Műller, 1990:62; Vorster, 1996:211). Vos en Pieterse (1997:212) antwoord deur daarop te wys dat die een die ander nie uitsluit nie, aangesien groet en seën in die Ou Testament met dieselfde woord weergegee word (ברך) (vgl. Van de Kamp, 1998:316,317). Om te groet was dus meer as bloot beleefdheid, dit was ook om seën mee te deel. Műller (1990:62) bly nogtans van mening dat die klem by die eerste seën op groet moet val terwyl dit met die wegsending aan die einde van die erediens op seën moet val.

Indien die klem op groet gelê word, is dit nodig om te bepaal van wie die groet kom. Jonker (1962:144,145) is van mening dat die uitspreek van genade, barmhartigheid en vrede bedoel is om slegs 'n beleefdheidsgroet tussen liturg en gemeente te wees en druk homself as volg daaroor uit: "Men heeft lange tijd deze groet als een zegen beschouwd...Dit is een misverstand...Nu groet de dienaar de gemeente en hij ziet de gemeente aan en de gemeente ziet hem aan". Die gebruik van die seën as groet van verwelkoming van die kant van die liturg soos by Jonker spruit uit die Roomse tradisie. Dit strook egter nie met die wese van die erediens nie (Van der Merwe, 1977:27; Vos & Pieterse, 1997:207,209). Die wese van die erediens sentreer immers primêr rondom die ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders en daarom kan die seën nie as beleefdheidsgroet van die liturg aan die gemeente beskou word nie. Die ander moontlikheid, wat onder andere deur Barnard (1981:541) en Műller (1990:61,62) gehuldig word, is dat die seën 'n groet van die Here aan sy saamgekome gemeente is en daarom die groetseën genoem behoort te word. In hierdie geval groet die liturg die gemeente namens en op gesag van God (Barnard, 1981:541). Letsosa (2005:383) wys in hierdie verband op die belangrikheid van groet in die Afrikakerke: "To have a greeting from one in high position even has a greater effect it is a favour to have access

to God".

Die handgebaar wat die simboliek van die groetseën as groet van God moet ondersteun, behoort daarom slegs die oplig van die regterhand as teken van groet te wees (Barnard, 1981:541). Vir Müller (1990:62) val die klem op groet so sterk dat hy hom as volg daaroor uitspreek: "Die groetboodskap sou duideliker deurkom indien die voorganger na die votum sou sê: "Nou groet ek julle in die naam van die Here...", en terwyl hy dit sê, 'n wuiwende gebaar maak, sy hand laat sak en dan voortgaan om die groetwoorde...uit te spreek." Dit is in die lig van hierdie standpunt te verstane dat Barnard (1981:541) van mening is dat enige persoon wat as liturg voorgaan (ongeag of dit 'n geordende bedienaar van die Woord is, of nie) die gemeente met die seënformule en bypassende handgebaar mag groet.

Teenoor die oorbeklemtoning van die seën as groet, het die Sinodes van die GKSA van 1955 (Handelinge, 1955:406) en 1985 (Handelinge, 1985:412) die standpunt ingeneem dat die wesenlike van hierdie liturgiese handeling juis in die seën gesetel is en nie in die groet nie. "Die 'groet'-gedagte moet nie op die voorgrond geplaas word nie, omdat God nie 'n mens bloot groet nie maar hom of in genade aansien of tot oordeel ontmoet" (vgl. Du Toit, 1977:155; Handelinge, 1985:412; Handelinge, 1997:742,743). Hierdie beskouing strook met die belydenis dat God se Woord sy handelende daad is waardeur Hy die mens in staat stel om Hom te ontmoet (4.4.1; Visser, 1981:1) Hierdie argument word ook ondersteun deur Brienen (1992:85) wat skryf: "Het gaat in elk geval om de begroeting van de gemeente door de drieënige God, die toezegt aanwesig te zijn met zijn liefde en genade" en Van de Kamp (1998:319) wat opmerk: "De zegen is... in laaste instansie daad van de Heer". In die lig hiervan verkies die navorser om na hierdie seën as ontmoetingseën te verwys en nie as groetseën nie, soos wat dit algemeen in die GKSA gebruik word (Handelinge, 1997:744). Omdat die ontmoetingseën God se handelende daad is in antwoord op die mens se votum, behoort die liturg die

seëngebaar met beide arms omhoog te maak terwyl hy die seën van en namens die Here op die gemeente te lê. Die gebaar moet dus een wees van toesegging en nie van gebed of groet nie. Van der Walt (1987:37) benadruk die feit dat die seën toesegging en nie 'n wens of gebed is nie deur daarop te wys dat die werkwoord van die seënformule in 1 Petrus 1:2 in die *aoristos optatief* is wat uitsluitlik op 'n toesegging deur die handeling in die hede dui (vgl. Schwandt & Collins, 2006). In die lig hiervan, is die navorser van oordeel dat die liturg, nadat hy die seën as toesegging deur die Here uitgespreek het, sy arms moet laat sak voordat hy namens die gemeente (of die gemeente dalk self!) met "Amen" daarop antwoord.

Omdat die seën van die Here af kom in die vorm van toesegging, is die navorser verder van oordeel dat die liturg daarop gesteld behoort te wees om die seën 'n toeseggingskarakter te gee deur dit in die indikatief-vorm uit te spreek en "Die Here seën jou" te sê in plaas van "Die Here sal jou seën". Dit moet dus nie die karakter van gebed of 'n wens dra nie. Dit is voorts ook belangrik om ter wille van liturgiese verdieping die gemeente daarop te wys dat dit 'n toesegging is met ryke simboliek (Jongerius, 1998:82). Dit betaam die mens daarom om hierdie seëntoesegging van God met oop oë te aanskou en met "amen" te beantwoord.

Die ontmoetingseën vervul 'n uiters belangrike funksie in die erediensliturgie. Uitgaande van die standpunt dat hierdie seën toesegging is, is dit die Goddelike handeling waardeur die mens bemagtig word om Hom te ontmoet deur in sy heilige teenwoordigheid in te tree (Visser,1981:1; Van de Kamp, 1998:320; Letsosa, 2005:383). Wanneer God sy gemeente seën, word die gemeente deur Hom ontvang in sy gemeenskapsbeoefening deur die versekering van sy genade en sy teenwoordigheid (Vorster, 1996:211). God seën die mens en stel hom daardeur in staat om Hom te kan ontmoet: iets wat die mens nie uit homself kan doen nie.

Niemand kan ongeraak wees wanneer hy deur die Here geseën word nie.

Die effek van die seën van die Here op die mens behoort eerstens die van verwondering te wees – aangegryp deur die wete dat dit die almagtige God is wat die nietige mens met sy Goddelike krag toerus om Hom waarlik in Gees en in waarheid te kan ontmoet. Die seën dui, soos in die geval van die votum, derhalwe ook op die ongelyke ontmoeting tussen die heilige God en die nietige sondaarmens. Die seën roep egter ook tot lofverheffing. Dit pas die mens om die seënende God met lofprysing te verheerlik (Van de Kamp, 1998:322; De Klerk, 2005:466).

4.5.1.3.1 Basisteoretiese afleidings

- Die ontmoetingseën is God se handelende daad waardeur Hy die gemeente se votum antwoord.
- Die ontmoetingseën is God se toesegging van genade en vrede op sy gemeente waardeur die mens bemagtig word om Hom in Gees en in waarheid te kan ontmoet.
- Die ontmoetingseën vervul die gemeente met verwondering en dring haar voorts tot lofprysing.

Aangesien die ontmoetingseën die mens tot lofprysing stem, sal die gemeente se lofsang as volgende liturgiese element onder bespreking kom.

4.5.1.4 Gemeentesang

"... sing met julle hele hart tot eer van die Here" (Ef 5:19)

Bemagtig deur die seën van God (4.5.3) pas dit die mens om die seënende God met lofprysing te verheerlik (Van de Kamp, 1998:322; Van der Merwe, 2003:5; Letsosa, 2005:383). Volgens Mays (1994:450) is musiek by uitstek die medium waardeur hierdie lofprysing moet plaasvind: "The LORD is to be praised in music" en Kloppenburg (1998:266) sê: "Een reformatorische gemeente is een zingende gemeente...in iedere kerkdienst wordt er

gezongen voor Gods aangezicht". In hierdie twee opmerkings word die aard en noodsaak van gemeentesang beskryf.

Die karakter en rol van gemeentesang as liturgiese element in die erediens, is egter baie meer omvattend as bloot lofprysend. Musiek en sang as liturgiese element vervul verskeie funksies in die liturgie van die erediens. Dit word veral in die boek Psalms en deur die toonsetting daarvan beklemtoon (Vos & Műller, 1990:87,88; Vos, 1998:686-688). Kloppers (1997:179) is van mening dat die belangrikste funksie van die liturgiese lied eenvoudig as: "conversation with God, as answer to God's Word" weergegee kan word. Liturgie gee uitdrukking aan die mens se geloofsbelewing en op grond daarvan huldig Vos die standpunt dat: "the psalms - which are also an interpretation of acts of faith and lived faith - are a rich source of liturgical inspiration" (Vos, 1998:686). In die sing van die Psalms is menslike pathos en Goddelike ethos nou verweefd en word alle lewensomstandighede, menslike emosies en geloofstemas daarin verwoord (Van der Merwe, 2001:435). "A human person can be utterly at home in the psalter" (Jüngling, 1998:780). In die gemeente se sang weerklink vreugde, dank en lofprysing (De Klerk, 2002a:1-18; Janse & Hendriks, 2002:44-53), maar ook verootmoediging en selfs uitdrukking van pyn en vrees in krisissituasies (Vos & Pieterse, 1997:233) . Sommige psalms druk stille berusting en geloofsversekering in die teenwoordigheid van die Here uit, terwyl ander teenoor Hom kla en smeek. Deur liturgiese sang kan die Woord van God geproklameer word en die mens tot offerhandeling opgeroep word waardeur hy homself tot daadkrag verbind (Strydom & Kellerman, 1992:204,205; Janse & Hendriks, 2002:46-49). In party psalms word oor die skoonheid van die lewe en goeie verhoudings tussen mense gesing terwyl ander psalms van gebroke verhoudings, haat en selfs wraak melding maak (Vos, 1998:689). Daar is liturgiese sang wat die onbegryplike grootheid van God met matelose verwondering in mensewoorde (probeer) verwoord (De Klerk, 2002a:4), in ander weer word met God geworstel oor die onopgeloste raaisels in die lewe (Van der Merwe, 2003:5). "Die Psalms is 'n boek wat die verhaal van God en mens

se omgang met mekaar vertel" (Vos, 1998:689), net soos wat daar ook ander geestelike liedere is wat uitdrukking gee aan die mens se volle geloofsbelewing (Vorster, 1996:214; Schuman, 1998:166,169; Venter, 2003:30).

Calvyn het ook die unieke karakter van Psalms beskryf as "the written Word of God but also as the 'anatomy of the soul', a mirror of the religious affections" (Witvliet, 1997:283). In die lig van 'n opmerking soos hierdie is dit te verstane dat Calvyn slegs getoonsette Psalms uit die Bybel in die erediens laat sing het, in teenstelling met Luther wat naas die Psalms ook ander geestelike liedere laat sing het (Du Toit, 1977:10). Tesame met die verweefdheid van Goddelike ethos en menslike pathos, bied Psalms ook duidelike liturgiese lyne vir "corporate worship" (Mays, 1994:9) en "private meditation" of "spiritual development" (Whybray, 1996:12). Erediens en lewensliturgie word so onlosmaaklik aan mekaar verbind in die Psalms dat Mays (1994:36) van 'n "double identity" as een van die unieke eienskappe in die Psalms praat.

Uit die omvang van die inhoud van liturgiese sang is dit dus duidelik dat God in antwoord op sy seën geloof kan word deur lofsang, dat sy grootheid deur sang bely kan word as deel van die liturgiese handeling van geloofsbelydenis, maar dat Hy ook daardeur om genade gesmeek kan word as deel van die liturgiese handeling van verootmoediging. Sang kan proklamerend van aard wees wanneer die Wet byvoorbeeld gesing word: God self kom dan daardeur aan die Woord. Dit kan voorts ook as gebed dien en deur sang kan die gelowige God op sy Woord antwoord. Dit kan in verband gebring word met die ontmoeting en die wegstuur met die seën van die Here. In kort sou daar met reg gesê kon word dat elke liturgiese hoofmoment en liturgiese handeling in die erediens aan een of ander vorm van sang verbind kan word.

"Soos jy glo, so sing jy". In hierdie kort en bondige opmerking van Venter (2003:30) lê 'n verskuilde waarskuwing. Iets van die groot gevaar van

onnadenkendheid is in hierdie opmerking opgesluit (vgl. Du Toit, 1977:10). Sang is stellig die liturgiese element waarby die hele gemeente die mees direkte betrokkenheid by erediensliturgie het (Venter, 2003:30). Die wyse en gesindheid waarmee daar gesing word, bepaal hoe diep (of oppervlakkig) die gemeente se liturgie is (Basden, 1999:36,37). Gevolglik moet dit sinvol voorgegee word deur die liturg sodat dit nie onnadenkend of losstaande van die res van die liturgie gesing word nie. Kloppers (1997:182) voeg in hierdie verband nog by dat die kerklied verbruikersvriendelik moet wees in terme van melodie en begeleiding sodat die gemeente werklik na behore en gemaklik uitdrukking aan hulle geloofsbelewing kan gee (vgl. Vos & Pieterse, 1997:232; Letsosa, 2005:383).

In Psalm 150, wat alom beskou word as die sluitsteen van die Psalms (Whybray, 1996: 18-21), word die sewe instrumente van die tempelorkes beskryf as verteenwoordigend van al die destydse musiekinstrumente (Calvijn, 1970:1010; Allen, 1983:324, Jűngling, 1998:859). Wilcock (2001:286) herlei die gebruik van hierdie gemelde musiekinstrumente na die prosessie waarmee Dawid die ark na Jerusalem teruggebring het (2 Sam 6; 1 Krn 15). Op grond hiervan is Salomons (1986:17,19) van oordeel dat die pyporrel, wat hy noem die "Koninklike instrument", by uitstek die mees geskikte begeleidingsinstrument vir sang in die erediens is aangesien dit bykans al die Bybelse begeleidings instrumente kan namaak en tot 'n orkes-eenheid kan bind wat uiters stigtelik is vir erediensgebruik. Aan die ander kant van die spektrum het die sogenaamde "praise and worship"-kultuur tussen 1960 en 1970 uit die Jesus People Movement ontstaan wat gelei het tot die verpopularisering van kerkmusiek (De Klerk, 2002a:15). Uit hierdie "praise and worship"-kultuur het sogenaamde "gospel-eredienste" in talle Protestantse kerke ontstaan wat as alternatiewe erediens parallel met die sogenaamde konserwatiewe erediens beoefen word om voorsiening te maak vir die gevarieerde musiekaanvoeling van die moderne lidmaat (Kruger, 2002:20). Hierdie twee uiteenlopende strome het sedertdien tot spanning en selfs konflik in verskeie kerkgemeenskappe

gelei (De Klerk, 2002a:15). Műller (1990:40), Vorster, (1996:215), Strydom (1997:143), Venter (2003:30) en Kruger (2002:32,33) bepleit daarom almal 'n baie fyn balans tussen die tradisionele en die moderne ten opsigte van kerkmusiek en begeleiding.

Aangesien die inhoud en die begeleiding van die kerklied 'n saak is wat deur eeue heen (en vandag steeds) tot spanning in kerke en kerkverband gelei het (Du Toit, 1920:5,6; Du Toit, 1977:4-10; Vorster 1996:214; Venter, 2003:30), behoort die inhoud van die kerklied aan die hand van minstens die volgende kriteria getoets te word:

- dat dit die Bybelse waarheid moet weerspieël (Vorster, 1996:214; Kloppers, 1997:182),
- dat dit gerig moet wees op die God wat Homself in die Woord aan ons openbaar (Bingle & De Klerk, 1999:19),
- dat dit nie die kerk se belydenis mag weerspreek nie (Venter, 2003:30); en
- dat dit ook nie in stryd met die wese van die erediens mag wees nie (Vorster, 1996:214; De Klerk, 2002a:16,17).

4.5.1.4.1 Basisteoretiese afleidings

- Liturgies speel musiek 'n belangrike rol in die ontmoetingsgebeure onder die erediens, aangesien dit die mens se antwoord op God se Woord verwoord.
- Die inhoud, melodie, aankondiging en begeleiding van die kerklied is belangrik en moet bo alles gerig wees op die eer van God.
- Die kerklied gee uitdrukking aan die gemeente se liturgiese besef en kom onder andere tot uitdrukking in verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging.

Die gemeente wat deur God byeengeroep is en so oorbluf is deur die genade van sy seën dat lofsang onwillekeurig opklink, bely ook gedring

deur die Heilige Gees hulle geloof in die Drie-enige God. Derhalwe is die geloofsbelydenis 'n onmisbare volgende liturgiese element.

4.5.1.5 Geloofsbelydenis

"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word." (Rm 10:9)

"Die kerk is 'n belydenisgemeenskap" (Vos & Pieterse, 1997:240). Die geloofsbelydenis van die gemeente het 'n drieërlei gerigtheid. Dit is bo alles gerig op die eer van God self en dra derhalwe die karater van doksologie en adorasie (De Klerk, 1982:83,84). Die geloofsbelydenis het verder ook 'n gerigtheid op die saamgekome gemeente self. Dit bevestig die gemeente se eenheid en verbondenheid van en verantwoordelikheid vir mekaar. Die gemeente van gelowiges stel hulleself as "eenheid in die ware geloof" voor God (Handelinge, 1997:744; vgl. Brienen, 1987:222). Derdens is die geloofsbelydenis ook 'n gemeentelike getuienis wat op die wêreld gerig is waarin daar verklaar word dat die Here God alleen gedien word (Burger, 1999:7) en dat die gemeente hulleself teenoor die wêreld afsonder (Handelinge, 1997:745). So word die geloofsbelydenis dan uitgespreek voor God, mekaar en die wêreld. "Die mense moet hoor dat die gemeente inderdaad glo; verder wat hulle glo; ook wat die konsekwensies is van so in die drie-enige God te glo" (Barnard, 1981:573).

Die wortels van die geloofsbelydenis gaan histories so ver terug as in die Ou Testament (Dt 6:4-9) en later ook in die sinagogale stelsel. Aanvanklik was die geloofsbelydenis gerig op die belydenis dat die Here die enige God is (*Shema*) (Barnard, 1981:572). In die Nuwe Testament het dit in besonder rondom die menswording en Godheid van Jesus Christus gesentreer. In die Vroeë Kerk was dit aanvanklik 'n persoonlike geloofsbelydenis wat beperk was tot die doopritueel. Dit het eers in 1014 op aandrang van Karel die Grote 'n kollektiewe openbare geloofsbelydenis van die kerk geword. In daardie tyd het dit in besonder met die Roomse

mis saamgeval (Jonker, 1962:313; Boendermaker, 1977:49). Via die Reformasie het dit tot 'n selfstandige liturgiese handeling van die gemeente se erediensliturgie ontwikkel (Vos & Pieterse, 1997:239). Die geloofsbelydenis van Nicea is in die Oosterse kerk en Roomse tradisie as amptelike geloofscredo gebruik terwyl die *Apostolicum* tydens die Reformasie as amptelike geloofscredo van die Christelike Kerk aanvaar is (Jonker, 1962:132). Hoewel die geloofsbelydenis van Atanasius met verdrag van tyd sy regmatige plek as amptelike belydenisskrif van die Christelike kerk vandag verkry het, is die *Apostolicum* egter as mees gebruikte van die drie ekumeniese geloofsbelydenisse van die Reformatoriese kerke gevestig (Handelinge, 1985:414).

Die wyse waarop daar in die erediens belydenis van geloof gedoen moet word, kan nie gereglementeer word nie. In die praktyk kan dit geskied deur stille instemming terwyl die liturg voorgaan, deur dit te sing aan die hand van 'n erkende beryming, deur dit almal hardop saam op te sê of selfs deur wisselspraak tussen mans en vrouens soos wat Zwingli dit tydens die Reformasie gedoen het (Barnard, 1981:574; Handelinge, 1985:414; Vos & Pieterse, 1997:243; Letsosa, 2005:383).

Oor die plek waar die geloofsbelydenis onder die erediens as liturgiese handeling hanteer behoort te word, loop die menings uiteen. In die GKSA bely die gemeente haar geloof in die drie-enige God normaalweg direk na die lofpsalm waarop die Wet van God dan volg (Handelinge, 1985:413,414; Handelinge, 1997:745; Letsosa, 2005:383). Volgens Boendermaker (1977:50) en De Klerk (1982:85) hoort dit op voetspoor van Luther na die Wet, *verootmoediging en genadeverkondiging as teken van aanvaarding* van God se vryspraak (vgl. Du Toit, 1977:23). Jonker (1962:131) en Műller (1990:92,93) is egter van oordeel dat die openlike bely van die gemeente se geloof direk na die preek as spontane, logiese reaksie op die spreke van God moet volg. Vir Barnard (1981:571,572) is die logiese plek vir die geloofsbelydenis na die dankgebed en dra dit 'n samevattende karakter waarin die gemeente haar geloof bevestig. Omdat die erediens egter 'n

dinamiese ontmoetingsgebeure is, vind die skrywer die meeste aanklank by die beskouing van Vos en Pieterse (1997:243) waarin hulle hulle daarvan weerhou om aan die geloofsbelydenis een vaste plek in die erediensliturgie te gee. Die Sinode van 1997 van die GKSA huldig ook hierdie standpunt (Handelinge, 1997:745).

Die openlike belydenis van die gemeente se geloof in God drie-enig is 'n kern liturgiese moment onder die erediens wat 'n antwoord is op die spreke van God (Smit, 1982:57). Hierdie belydenis mag egter nie weens die oorbekendheid daarvan tot lippe-belydenis vervaag nie, want dan word dit "een blok in de liturgie" (Boendermaker, 1977:49). Dit is van die uiterste belang dat die gemeente bewustelik moet deel in die belydenis. Vorster (1996:212) huldig die standpunt dat die postmoderne mens nie meer gediend daarmee is om bloot net van 'n afstand af te hoor nie. Vandag se lidmate wil die geloofsbelydenis ook ervaar. Dit is dus belangrik dat die klem met die geloofsbelydenis beide op inhoud en op ervaring moet val. Tereg merk Barnard (1981:574) op: "Dit is die belydenis van die geloof van die gemeente in die openbaar en daarom behoort die gemeente self dit te doen" en ook Letsosa (2005:383) "A confession carries more power if it becomes words of a group of people rather than an individual speaking on behalf of people". Dit is nodig om te besef dat al dra die geloofsbelydenis 'n kollektiewe karakter onder die erediens met 'n drieërlei gerigtheid (Vorster, 1996:212), dit steeds individuele gelowiges is wat binne die eenheid van die kerk hulle geloof openlik bely. Hierdie persoonlike geloofsbelydenis behoort derhalwe ook deur elke individu as kernmoment in die liturgie van die lewe voortgesit te word (Smit, 1982:57).

Die menslike reaksie op die geloofsbelydenis behoort enersyds verootmoediging te wees aangesien dit 'n belydenis is wat die nietige mens teenoor die heilige God uitspreek waarin hy sy afhanklikheid teenoor Hom bely (Vorster, 1996:212). Andersyds behoort dit die karakter van verwondering en versekering te dra, aangesien dit die mens se geborgenheid in God wat sy gemeente ontmoet, bevestig en versterk (De

Klerk, 1987:84,85).

4.5.1.5.1 Basisteoretiese afleidings

- Die geloofsbelydenis van die gemeente het 'n drieërlei gerigtheid, naamlik tot eer van God alleen, tot onderlinge versterking van die eenheid van ware gelowiges, en as getuienis teenoor die wêreld dat die gemeente se geloof uitsluitlik in die Here God gegrond is.
- Die drie algemene geloofsbelydenisse te wete die geloofsbelydenis van Atanasius, Nicea en die *Apostolicum* word as amptelike geloofscredo van die Christelike Kerk aanvaar.
- Die plek en die wyse waarop daar belydenis van geloof gedoen moet word onder die erediens, behoort nie gereglementeer te word nie.
- Wie sy geloof in die lewende God bely, behoort in verwondering en ootmoed voor sy grootheid te staan, maar ter selfde tyd triomfantlik teenoor die wêreld te getuig van die lewende God wie hy bely.

Die nietige mens wat sy geloof teenoor die wêreld en mekaar bely, kom onder die besef van God se grootheid. Ons bely immers nie ons geloof deur God te herinner aan wie Hy is nie. Die geloofsbelydenis versterk ons afhanklikheid van God omdat dit ons onwillekeurig weer tot die besef bring van hoe groot Hy is. Hierteenoor word die mens ook al meer bewus van sy sondigheid en nietigheid. Ten einde God se groot genade met die mens te beklemtoon en die mens tot dankbaarheid te dring, kom die liturgiese hoofmoment van verootmoediging- en versoeningsdiens aan die orde.

4.5.2 Verootmoediging- en versoeningsdiens

4.5.2.1 Dekaloog

"Toe het God al hierdie gebooie aangekondig" (Eks 20:1)

In die Tien Gebooie ontmoet die indikatief van God se verbondsgenade en die imperatief van verbondsgehoorsaamheid mekaar die heel duidelikste (Kloppers, 1993:236). God se verlossing in Christus staan as heilsindikatief sentraal (Institusie II, 7:1; Braulik,1998:212) en vorm die grond vir die Dekaloog soos wat dit in Eksodus 20 en Deuteronomium 5 opgeteken is. Die verkondiging van hierdie indikatief en imperatief behoort onder die erediens as kernmoment te funksioneer (Barnard, 1981:544,545). Die gerigtheid van die Dekaloog is egter nie beperk tot die gemeente as eenheid nie, maar moet ook uitkring tot die individu (Dt 6.6), die huis (Dt 6:7) en nog wyer tot die hele gemeenskap (Dt 6:9). "Erediens en leven werden daardoor nauw op elkaar betrokken" (Immink, 1998:191; vgl. Institusie II, 8:2; Miller, 1990:102).

Die wyse waarop die Dekaloog in die vroeë stadium van die volk Israel gefunksioneer het, gee vir ons vandag basisteoretiese perspektiewe op die Dekaloog as liturgiese element onder die erediens. In Deuteronomium 6 gee God self duidelike instruksies ten opsigte van die nakoming van sy wet. Bo alles staan die hartsgesindheid van liefde as sentrale moment waarmee die wet nagekom behoort te word (:4-5; Institusie II, 7:12). Hierdie woorde staan bekend as die sogenaamde "*Shema*" (Braulik, 1998:212). "The first instruction about what to do with 'these words' is to implant them in the heart, keep them in mind, make them part of one's very being" (Miller, 1990:104). In verse 1-3 word inhoud aan hierdie opdrag gegee: dit is voorskrifte en bepalings waarna geluister moet word (:3), wat geleer moet word (:1) en gehoorsaam moet word (:2) sodat die mens daarvolgens kan lewe (:1) en God kan dien (:2) (vgl. Immink, 1998:192; Osumi 1998:499).

Aan hierdie opdrag is daar ook duidelike tydsbepalings gebind naamlik "jou lewe lank" (:2) of "al die dae van jou lewe" (1953 Vertaling). Die dien van God in liefde is dus nie tot bepaalde geleenthede beperk nie, maar is 'n lewensroeping vir elke dag onder alle omstandighede. Met reg sou gestel kon word dat die hele lewe liturgie is, of ten minste behoort te wees.

"Those who live under the rule of the Lord of Israel are to set their lives and shape their daily conduct and their interior directions by these most important and primary words" (Miller, 1990:98). Die roeping tot gehoorsaamheid in liefde moes deur Israel (en moet vandag nog) van geslag tot geslag deur woord en voorbeeld oorgedra word (Dt 6:2,7). Lering in Deuteronomium is altyd gerig op die volgende generasie: "What the people learn from Moses and the Lord is to be passed on to the children so that each new generation shall be prepared to stand before God and fear the LORD your God" (Miller, 1990:107).

Die wet as liturgiese handeling moet in die daaglikse lewe voortgesit word deur in gehoorsaamheid daarvolgens te lewe. Brienen (1992:87) stel dit duidelik dat: "De gemeente gaat naar huis ... en wordt opgeroepen deze God te dienen op straat, thuis, in de leef- en werksituasies en – relaties van elke dag!" Dit is daarom noodsaaklik dat ouers dit self met die regte hartsgesindheid van liefde moet onderhou, om daardeur hulle kinders in voorbeeld voor te gaan (Merrill, 1994:167). Die wyse waarop kinders in die vrese van die Here opgevoed moet word is deur inskerping (Dt 6:7), formele onderrig (Dt 6,7), informele onderrig (Dt 6:7), deur die meedoen aan godsdienstige rituele (Dt 6:8), deur herinnering (Dt 6:9) en deur die vraag en antwoord metode (Dt 6:20,21). Dit spreek dus vanself dat die wet nie tot liturgiese element onder die erediens beperk mag word nie, maar dat die onderrig daarvan ook in die huise moet voortgaan. Nooit mag hierdie opvoeding bloot klinies formalisties geskied nie (Miller, 1990:110). Die Wet is die grond vir die mens se daaglikse optrede (Burger, 1999:15).

Die lewensroeping van elkeen in wie se hart God se wet ingeplant is (Immink, 1998:193), moet ook verder uitkring tot alle samelewingsverbande. Die *Shema*-bepalings is immers nie beperk tot die individu en huis nie, dit moet ook op die stadspoorte geskryf word om daarvolgens te lewe (Dt 6:9). Die *Shema* moet nie alleen net aan Israel voorgehou word nie, maar ook die sewe heidense volke in Kanaän moet tot kennis van geloof in die God van Israel kom (Osumi, 1998:499). Hierdie

beskouing van Osumi stem ooreen met Hayes (1999:276) se siening dat die einddoel van gehoorsaamheid aan die wet van God niks anders is as "renewal of life" en niks anders as die proklamasie van "God's providential sovereignty" behoort te wees nie. Die belydenis dat die Here alleen God is, moet sigbaar vergestalting kry in die daaglikse lewe van alle mense.

God eis van sy volk besondere simboliese handelinge in die hantering van die *Shema*. Moses en die hele volk ontvang die opdrag van die Here om die bepalings daarvan as herinneringsteken aan die hande vas te bind en as merkteken op die voorhoof aan te bring (Dt 6:8), asook om dit as herinneringsteken aan die deurkosyne van hulle eie huise en aan die stadspoorte aan te bring (Dt 6:9). Hierdie sigbare merktekens was egter meer as blote herinneringstekens "that suggests the imagery of the words as a kind of companion in life" (Miller, 1990:105). Hierdie Godgegewe merktekens het die volk van die Here sigbaar van ander heidense volke onderskei. In daardie opsig was die merktekens onderskeidingstekens wat 'n bepaalde credo gedra het (Merrill, 1994 167).

In ag genome die instruksies ten opsigte van die nakoming van die wet in Deuteronomium 4-6 en verder binne die konteks van die Skrif in sy geheel, is die funksie van die Dekaloog, volgens Calvyn (Institusie II, 7:6-12), drieërlei van aard:

- Die eerste funksie noem hy die *usus politicus* wat dui op God se wet aan die ganse mensdom om kragtens sy algemene openbaring die mens te bedwing om hom binne 'n bepaalde morele fatsoen te hou (vgl. Handelinge 1997:749; Vos & Pieterse, 1997:235).
- Die tweede gebruik is die *usus paedagogicus* en kom kortliks daarop neer dat die wet van die Here die mens van sy sonde oortuig en hom na Christus toe dryf. Die wet is dus ons tugmeester na Christus toe (Gl 3:24; vgl. Vorster, 1996:212; Handelinge 1997:749).
- Die derde funksie van die wet staan as die *usus normativus* bekend. Hiervolgens het die wet ten doel om die mens op te roep

tot 'n dankbaarheidslewe en om aan hom die riglyne te gee vir sodanige nuwe lewe. Die wet geld dus as norm vir die verhouding tussen God en die mens en die mens tot sy medemens (vgl. Müller, 1990:69; Handelinge 1997:749; Vos & Pieterse, 1997:237).

Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die plek van die dekaloog as liturgiese handeling binne die erediens nie. Dit blyk dat die voorlees van die wet onder die erediens eers in die tyd van Calvyn gevestig is (Du Toit, 1977:19; Immink, 1998:192). Hy het die wet in twee dele (volgens die twee tafels) na die skuldbelydenis laat sing as antwoord van die gemeente op God se vryspraak (Institusie II, 8:11; Müller, 1990:68). Barnard (1981:544,546) gee self ook voorkeur aan die plasing van die wet na die skuldbelydenis en voor die prediking, soos wat Calvyn dit gedoen het. In die GKSA is die gebruik egter dat die Wet direk na die geloofsbelydenis voorgelees word met die volgende besluit as grond daarvoor:

- Die wet is die wil van God vir ons dankbaarheid, en die opdrag (imperatief) berus in die Skrif altyd op die stellige openbaring van God se bestaan en werk (indikatief).
- Die Heidelbergse Kategismus plaas die behandeling van die wet in die derde deel, en dit handel oor ons dankbaarheidslewe (Handelinge, 1985:414)

Die navorser stem egter eerder met die standpunt van onder andere De Klerk (1982:80), Müller (1990:69,70) en Vos en Pieterse (1997:236-238) saam, naamlik dat die plasing van die wet in die erediensliturgie afhang van watter funksie van die wet in die erediens beklemtoon word. Wanneer dit beskou word as kenbron van die mens se ellende, behoort dit voor die genadeverkondiging ingeskuif te word. As dit aan die anderkant as reël vir 'n dankbaarheidslewe beskou word, behoort dit aan die begin van die erediens direk na die geloofsbelydenis geplaas te word. De Klerk (1982:81) voel sterk daaroor dat daar aan die wet ook 'n plek direk na die lofsang aan die begin van die erediens gegee kan word. As motivering van

sy standpunt lê hy klem op die feit dat die Dekaloog as troonwet beskou moet word wat as bepalende dokument van die verbondsooreenkoms tussen die Here en sy volk, 'n konstituerende betekenis vir die verbondsverkeer dra. Wanneer dit na die lofsang voorgelees word, gee dit uitdrukking aan sy konstituerende, struktuurordende, verootmoedigende en dankbaarheidsreëlende betekenis.

Die wet van die Here behoort ter inskerping by herhaling Sondae voorgehou te word om elke dag en oomblik onderhou te word (Du Toit, 1977:20; Handelinge, 1997:749; Immink, 1998:193). Aangesien die inhoud daarvan (soos die geloofsbelydenis) oorbekend is as gevolg van die weeklikse herhaling daarvan, bestaan die gevaar dat die mens letterlik horende doof word daarvoor (Vorster, 1996:213). Dit plaas die verantwoordelikheid op die liturg om die gemeente voortdurend op al die funksies van die wet te wys en om nie slegs die funksie van sondebesef en dankbaarheid te beklemtoon nie (Letsosa, 2005:386). Dit mag ook verrykend wees om sekere aspekte van die wet van tyd tot tyd uit ander Skrifgedeeltes toe te lig en te verklaar (Műller, 1990:69,70; Handelinge, 1997:749). Die belangrikheid om die toepassingsveld van die wet op die hele lewe te rig, kan ook nie genoegsaam beklemtoon word nie (Vos en Pieterse, 1997:238; Immink, 1998:193).

Die reaksie van die mens op die wet behoort eerstens die van verootmoediging te wees (Du Toit, 1977:23). Wanneer dit as spieël vir sondebesef gebruik word, besef die mens hoe groot sy sonde voor God is. Die wet laat die mens ook iets van die onbegryplike groot liefde van die Here besef wanneer sy genade en versoening in Christus verkondig word. Ter selfde tyd dwing die wet die mens tot 'n verbintenis van 'n opregte dankbaarheidslewe (Handelinge, 1997:745-747; Immink, 1998:192; vgl. De Klerk, 2005:463-469).

4.5.2.1.1 Basisteoretiese afleidings

- God se verlossing in Christus staan as heilsindikatief sentraal en vorm die grond vir die Dekaloog.
- Die hartsgesindheid van liefde teenoor God, die gelowige self en sy naaste staan as imperatief sentraal in die nakoming van die wet.
- Die bepalings van die wet wat as liturgiese handeling onder die erediens aangehoor word, moet in die daaglikse lewe van elke Christen voortgesit word deur in gehoorsaamheid daarvolgens te lewe.
- Deur die wet word die mens opnuut weer tot sondebesef gedwing wat hom tot versoening met God in Christus laat smeek.
- Die wet dring die gelowige ook tot die verbintenis om in dankbaarheid volgens God se wil te leef.

Diep onder die besef van sy sondige natuur word die mens gedring om homself voor God te verootmoedig. Die heilige lewende God verleen vryspraak aan elkeen wat Hom daarom smeek. Daarom is dit onmoontlik om die liturgiese handelinge van verootmoediging en vryspraak afsonderlik te beskou.

4.5.2.2 Verootmoediging en vryspraak

"Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." (1 Jh 1:9)

Hoewel verootmoediging en vryspraak twee onderskeibare liturgiese handelinge is, is hulle só nou verwant dat hulle nooit van mekaar geskei kan word nie (Brienen, 1992: 86; Vos & Pieterse, 1997:229; Vos, 2004:641). Die menslike handeling van verootmoediging en skuldbelydenis is die antwoord op die verklaring van God se heilige en magtige teenwoordigheid onder sy gemeente in die erediens (Van Nijen, 1998:178). Die vryspraak is God se antwoord van versekering aan die

verootmoedigende mens dat sy sonde in Jesus Christus hom vergewe is (Immink, 1998:186). Ten spyte van hierdie noue verwantskap, is skuldbelydenis nie 'n voorwaarde vir skuldvergewing nie, want God neem van Sy kant af inisiatief om na die mens in sonde uit te reik lank voordat die mens sy skuld bely (De Klerk, 1999a:28,29). "Skuldbelydenis is nie 'n manier om God te oorreed tot vergifnis nie. Dit is die besef van die werklikheid van ons skuld en die grootheid van God se genade" (Vos, 2004:643). Treffend word dié verhouding deur Burger (1999:9) opgesom: "Die genade is groter en sterker as die sonde, en waar die sonde meer word, word die genade altyd nog meer..."

Die spore van openbare skuldbelydenis lê histories in die Ou Testamentiese tempeldiens en later ook in die sinagoges en Nuwe Testament (Jonker, 1962:123; Krikke, 1976:155,156; Boendenmaker, 1977:41). Volgens die Didache was dit ook 'n vaste gebruik in die vroeë Christelike kerk (Handelinge, 1997:747). In die tyd van die Rooms Katolieke is die openbare skuldbelydenis deur persoonlike oorbieg en die aflaatstelsel op die agtergrond geskuif (Vos, 2004:643,644). Tydens die Reformasie het dit weer sy regmatige plek onder die erediens verkry (Barnard, 1981:546,547; De Klerk, 1999a:25). Die Sinode van Middelburg (1518) het egter hierdie eeu-oue gebruik as onnodig verklaar en die stap gemotiveer deur aan te voer dat daar in elk geval tydens die Woordverkondiging altyd sprake is van skuldbelydenis en genadeverkondiging (Smit, 1982:60). Hierdie Sinodebesluit het tot gevolg gehad dat hierdie liturgiese elemente in die Christelike kerke van Nederland en later ook in Suid-Afrika ten onregte in onbruik verval of bloot formalisties geraak het (De Klerk, 1999a:24). Dit is eers in die vyftigerjare van die vorige eeu weer in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in ere herstel (Vos & Pieterse, 1997:224).

Anders as in veral die Nederduits Gereformeerde Kerk, het die praktyk van openbare skuldbelydenis en versoening in die GKSA nie 'n vaste liturgiese element onder die erediens geword nie (Vorster, 1996:213). Die beginsel

en selfs noodsaaklikheid daarvan is weliswaar Sinodaal goedgekeur (Handelinge, 1997:747), maar die toepassing daarvan in die praktyk is aan die vryheid van die individuele gemeentes oorgelaat, met die gevolg dat dit in talle gemeentes in onbruik geraak het of eenvoudig net nagelaat word (CJBF, 1997:15,16; De Klerk, 1999a:24).

Skuldbelydenis en versoening (soos en in samehang met die geloofsbelydenis en die wet) het ook nie 'n statiese plek binne die erediensliturgie nie. In die Reformasie het daar twee uiteenlopende hooflyne ontwikkel waarin die een die skuldbelydenis en versoening aan die begin van die erediens geplaas het en die ander rigting dit na die preek sy vaste plek gegee het (Jonker, 1962: 124; Immink, 1998:185). Zwingli, Micron, à Lasco en Dathenus het met beklemtoning van die *pronaus*, die skuldbelydenis en versoening na die preek geplaas (Müller, 1990:64; Vos & Pieterse, 1997:223). In aansluiting by die *confiteor* wat deur onder andere Bucer, Calvyn en Pollanus ontwikkel is, plaas die tweede rigting die skuldbelydenis en versoening aan die begin van die erediens voor die preek (Boendermaker, 1977:41; Barnard, 1981:547; Vos & Pieterse, 1997:223). Voorkeur aan laasgenoemde standpunt bo die eerste lê in die feit dat die mens as versoende kind van God die res van die erediens sy diens aan God met dankbaarheid kan wei sonder die kruis van skuld (Du Toit, 1977:25; Deddens, 1995:524,525). Barnard (1981:550) sluit met die volgende opmerking by hierdie standpunt aan: "Dit is die eis van die evangelie om die skuld te bely, en dit is die genade van die evangelie dat op die belydenis van skuld die genade van God betuig en verkondig kan word". Verkondiging van vergifnis van sonde beteken vryspraak of absolusie. Dit mag nooit van die verootmoediging geskei word nie, maar volg organies op die skuldbelydenis van die gemeente. Die gemeente wat as gevolg van haar sondebesef verpletter voor die Here staan, het nodig om vertroos te word en in haar geloof versterk te word (De Klerk, 1982:82). Die gemeente kan met sekerheid weet en daarom dit ook aanhoor dat die Here, op grond van die verdienste van Christus, hulle vergewe het (Letsosa, 2005:384).

De Klerk (1999a:37), op voetspoor van Calvyn (Deddens, 1995:525), voeg in hierdie verband by dat hy van mening is dat die verootmoedigings- en versoeningsdiens deur die wet as hoogtepunt van dankbaarheid gevolg behoort te word. Hy merk op: "Die gemeente beweeg van 'n denkende gemeente, in die nadink oor God se heiligheid en die mens se sondigheid, na 'n dankende gemeente, wat nou as bevrydes hulle aan God opnuut kan verbind" (vgl. Jonker, 1962:124).

De Klerk (1982:72) is egter van mening dat die verootmoediging en vryspraak direk ná die wet behoort te volg. Hy voer aan dat dit die verbondsvolk betaam om na die wet as verbondseis, diep in berou oor die verbondsbreuk, voor die Verbondsgod neer te buig. Die plasing van die verootmoediging en vryspraak na die wet is 'n gebruik wat algemeen in baie kerke toegepas word.

Die wyse van verootmoediging en skuldbelydenis in die erediens is nie 'n rigiede handeling nie. Die gebruike uit die geskiedenis word in 'n groot mate vandag nog nagevolg. Die mees algemene wyse waarop daar skuldbelydenis gedoen word, is deur gemeentesang (De Klerk, 1999a:35) en gebede (Immink, 1998:186; Vos, 2004:644,645). In sommige gevalle gaan die liturg voor met die voorlees van 'n liturgiese formulier (De Klerk, 1982:72). In uitsonderlike gevalle word daar van wisseldialoog gebruik gemaak waarin die liturg voorgaan met 'n skuldbelydenis en die gemeente daarop antwoord deur hetsy sang of 'n formulespreuk (Vos & Pieterse, 1997:225-229). Verootmoediging kom ook spontaan in ander liturgiese handelinge soos die votum, geloofsbelydenis, die wetslesing en prediking na vore (Handelinge, 1997:748).

Vryspraak kan (en moet) ook onder die prediking verkondig word, want: "De sleutelen van het hemelrijk bestaan in de prediking van het evangelie" (Immink, 1998:190). Wanneer dit egter as aparte liturgiese handeling hanteer word, geskied dit op 'n besonder versterkte en geïntensifiseerde wyse en kom die saak van absolusie werklik tot sy reg (Immink, 1998:191).

God alleen kan vryspreek en daarom moet die absolusie altyd verkondigend deur die liturg voorgehou word en nie in die vorm van 'n gebed of smeking nie (De Klerk, 1982:82). Hierdie verkondiging moet uit die Woord geskied deur spesifieke Skrifgedeeltes waarin die vergewing van sonde na vore kom, aan die gemeente voor te lees. Sodoende word die gemeente getroos en haar geloof versterk (Deddens, 1995:493; Letsosa, 2005:384).

Ten einde te verhoed dat die genadeverkondiging 'n goedkoop outomatiese saak vir almal word, het Calvyn telkens 'n voorvoegsel in die vorm van 'n voorwaarde voor die genadeverkondiging geplaas. Daarin is die vryspraak gekwalifiseer sodat dit slegs van krag is vir diegene wat waarlik berou oor hulle sonde het en opreg daarteen stry (Jonker, 1962:126,127). Hieruit het die latere gebruik van vermaning of retensie ontwikkel waaruit die liturg uit die Woord oordeel aan almal verkondig wat hardnekkig in hulle sonde volhard (De Klerk, 1982:82; Handelinge, 1997:748).

Dit word algemeen aanvaar dat die skuldbelydenis 'n korporatiewe karakter dra (Vos, 2004:644) en daarom waarsku Műller (1990:66) ernstig teen die gebruik van stilgebed daarvoor aangesien dit in hierdie liturgiese handeling, volgens hom, om die sonde van die gemeente en nie primêr die van die individu handel nie. Gedagtig aan Calvyn se beskouing dat algemene en persoonlike sonde elke mens persoonlik raak (Barnard, 1981:550), kan daar egter met reg die vraag gevra word of stilgebed onder die erediens nie inderdaad as 'n moontlike wyse van verootmoediging aangewend kan word nie (vgl. De Klerk, 1999:35,36). Karres (1965:70-72) is van mening dat die krag van gewyde stilte onder die erediens oor die algemeen ten onregte misken word en dat daar in elke liturgiese handeling ruimte vir stilte is. "De oefening in het stil zijn, als een niet passief wachten, maar als een actief zich stil houden voor God, verdient de grootste aandacht, juis met het oog op de ontmoeting met God...Daarvoor dient het hart te luisteren, in stilte" (Karres, 1965:71).

Kollektiewe skuldbelydenis moet ook lei tot individuele skuldbelydenis voor God. Net soos wat die Dekaloog in die enkelvoud weergegee word met die bedoeling om dit ook kollektief te gehoorsaam, so behoort die kollektiewe karakter van die openbare skuldbelydenis ook deur te werk tot die individu in sy verhouding tot God, homself en sy naaste (Merrill, 1994:167). Skuldbelydenis onder die erediens moet dus voortgesit word in die daaglikse lewe (De Klerk, 1999a:37-39). Die mens se sonde is deel van sy daaglikse lewe en daarom behoort dit ook daagliks voor God bely te word. Ter selfde tyd is God se genade in Christus 'n daaglikse werklikheid en daarom is dit nodig om hierdie genadeverkondiging ook daagliks te hoor en te oordink (vgl. Vos, 2004:650). Die vraag is inderdaad dus ook of kollektiewe skuldbelydenis nie ook in kleiner samelewingsverbande toegepas behoort te word nie. Daar kan spesifiek in hierdie verband gedink word aan man en vrou in die huwelik of 'n gesin wat hulle met diepe berou voor God verootmoedig en Hom om vergewing van ('n spesifieke) sonde smeek. In dieselfde asem behoort so 'n kleiner samelewingskring ook kollektief vryspraak uit die Woord te kan kry tot troos en versterking van hulle geloof (vgl. De Klerk, 1999a:37-39).

Verootmoediging en versoening behoort as noodsaaklike liturgiese elemente binne die geheel van die erediensliturgie beskou te word (Immink, 1998:191; De Klerk, 1999a:37). In hierdie liturgiese element kan die volgende momente van menslike reaksie onderskei word (vgl. De Klerk, 2005:463):

- Verwondering: in die diens van verootmoediging en versoening staan die mens in sy nietigheid en sonde voor die werklikheid van die heiligheid en grootheid van God.
- Verootmoediging: deur sy sonde voor die heilige God te bely, erken die sondaar sy ellende en verootmoedig hy hom diep voor God.
- Versoening: die Evangelie is in sy geheel daarop gerig dat God in Christus die sondaar deur geloof vryspreek en met Hom versoen.
- Verbintenis: as versoende streef die Christen daarna om in

dankbaarheid volgens die wil van God te leef.

- Verkondiging: die versoende het die profetiese roeping om die boodskap van versoening in woord en daad uit te leef.

4.5.2.2.1 Basisteoretiese afleidings

- Verootmoediging en versoening is onderskeibaar maar vorm as liturgiese element 'n eenheid.
- Ten spyte van hierdie noue verwantskap is skuldbelydenis nie 'n voorwaarde vir skuldvergewing nie, want God neem van Sy kant af inisiatief om na die mens in sonde uit te reik, lank voordat die mens sy skuld bely.
- Die wyse van verootmoediging en skuldbelydenis in die erediens kan geskied onder andere deur gemeentesang, gebede, liturgiese formuliere, wisseldialoog, stilgebed en prediking.
- In die wyse waarop versoening verkondig word, behoort voorkeur gegee te word aan die verkondiging van skuldvergifnis direk uit die Woord.
- Kollektiewe skuldbelydenis moet ook lei tot individuele skuldbelydenis voor God.
- Die menslike reaksie van verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging vind vergestalting in hierdie liturgiese element.

Woorddiens volg versoening en verootmoediging as liturgiese hoofmoment op. Normaalweg word die Woorddiens deur gebed ingelei (Brienen 1992:87). Die gebed is derhalwe die volgende liturgiese element onder bespreking. Alhoewel onderskei word tussen die epiklese-gebed en die gebed na die Woorverkondiging as liturgiese momente, word die "gebed" as liturgiese handeling globaal gesproke in die onderstaande bespreking hanteer.

4.5.3 Woorddiens

4.5.3.1 Gebed

"Stuur u lig en u waarheid dat die my lei en my bring na u heilige berg, na u woning" (Ps 43:3)

"Gebed is die asemtog van die siel. Wat is goedkoper as 'n asemtog en wat is duurder as 'n gebed? Wat is makliker as om asem te haal en wat is moeiliker as om te bid?" (Floor, 1996:12). Floor voer verder aan dat gebed die mens enersyds in gemeenskap met God bring en andersyds God in gemeenskap met die mens. Nogtans bly hierdie gebedsgemeenskap waardeur die mens in die teenwoordigheid van die lewende God intree, ten diepste 'n misterie wat die mens onwillekeurig en voortdurend met verwondering behoort te vervul (Blijlevens, 1998:205).

Gebed en Woord is onlosmaaklik aan mekaar verbind (Oskamp, 1998:221). Deur die Woord praat God met sy kinders – Hy is altyd die Eerste (Handelinge, 1997:760). Gebed, op sy beurt, is die mens se antwoord op God se Woord. Tog bly dit steeds God wat deur die werking van die Heilige Gees die antwoord op sy Woord by die mens ontlok (De Klerk, 1987:302). "Dit is die werk van die Heilige Gees. Waar die Gees van God die geloof in die hart werk, daar word gebid. Gebed is die eerste vrug van geloof" (Floor, 1996:12; vgl, Institusie III, 20:1). Oskamp, (1998:217,222) pas hierdie noue band tussen gebed en Woord ook op die liturgie van die erediens toe. Hy argumenteer dat net so onmoontlik as wat dit is om die Woord aan te hoor sonder dat daar eers gebid word vir die regte luister daarna, net so onmoontlik is dit dat die Woord aangehoor word sonder om daarna te bid as antwoord daarop. Hierdie twee gebede (die een voor en die ander na die Woordverkondiging) noem Vos en Pieterse (1997:244) geloofskommunikasie en dit neem 'n onvervangbare plek in die erediensliturgie in. Die gebed voor die Woordbediening word die epiklese-gebed genoem omdat dit direk gerig is op die mens se verstaan van die

Woord (Handelinge, 1997:760; Oskamp, 1998:217). Die gebed na die prediking dien as menslike antwoord op die spreke van God deur sy Woord (Vorster, 1996:216) en in tradisioneel die langer "hoofgebed" (Handelinge, 1997:760).

Liggaamstaal in aanbidding vorm 'n uiters sentrale komponent in gebed en is op sig self 'n omvattende liturgiese aangeleentheid, want "ook in onze lichamelijke houding en gedragingen moet deze ontmoeting met God tot uitdrukking kommen" (Jonker, 1962:145; vgl. Vos & Pieterse, 1997:251). Dit blyk uit die Ou Testament dat die knielende (Ps 95:6) en die staande (1 Sam 1:26) gebedsposisies normatief bepaald was (Du Toit, 1977:26; Vorster, 1996:217). In die Nuwe Testament word daar egter nêrens 'n gebedshouding voorskriftelik voorgehou nie en dit is voorts ook nie Skriftuurlik te verantwoord dat mans en vroue verskillende gebedshoudings inneem nie (Handelinge, 1997:762). Spoelstra (1994c:576) benadruk nogtans dat die liggaamshouding met die aard van die gebed moet korreleer en dat die mens in sy gebedshouding moet ervaar dat hy nie met die daaglikse dinge van die lewe besig is nie, maar dat hy deur gebed in die teenwoordigheid van die lewende God intree. Du Toit (1977:26) merk in hierdie verband op: "Ontroerende eerbied betaam ons. Eerbied moet ook uit die gestalte van die liggaam spreek". Calvyn (Institusie III, 20:29) het heilige eerbied nie slegs in liggaamshouding gesoek nie, maar ten diepste in die hartsgesindheid van die liturg en die gemeente. Eers waarsku hy teen gebedshoogmoed wanneer hy stel dat dit 'n gruwel in die oë van die Here is as Hy deur "praatsiek beeldsprakigheid" afgepers word om die mens se gebede te moet verhoor, waarna hy dan vermeld dat "gebed *eintlik ontroering* van die binneste hart is, wat voor God, die Ondersoeker van ons harte, uitgestort en oopgevlek word".

Aangesien die meeste moderne kerke so ontwerp is dat die knielhouding onprakties is, is dit wenslik dat die gemeente verkieslik sit wanneer berou op die voorgrond tree en wanneer daar voor die Woordverkondiging gebid word om die verligting van die verstand deur die Heilige Gees (Handelinge,

1997:762). Die staande houding gee weer beter uitdrukking aan dankbaarheid, vreugde en oorwinning (Vorster, 1996:217).

Geerts (1998:254-261) bied 'n totale ander vorm van gebed en gebedshouding as die tradisioneel bekende. As Christen danseres voer sy aan dat die spanningsveld tussen kuns en geloof mekaar in gebedsdans vind, hoewel sy dit self 'n "ongewone vorm van bidden" noem (Geerts, 1998:254). Tog voer sy aan dat hierdie gebedsvorm sy regmatige plek naas die tradisionele vorme behoort in te neem, aangesien die moderne mens voordurend op soek is: "naar een nieuwe taal om hun geloof te uiten" (Geerts, 1998:256). Hoewel nuut en moontlik radikaal, begrond sy nogtans hierdie vorm van gebedsdans op die Woord, met spesifieke verwysing na Koning Dawid wat volgens 2 Samuel 6:14 voor die ark uit gedans het (Geerts, 1998:256).

Geerts argumenteer dat gebedsdans nog meer volledig uitdrukking aan geloof gee as gebed in woorde. "Geloven is iets waar je je helemaal aan overgeeft, en wanneer men mag bidden met woorden, gevormd door de stem, waarom zou men niet kunnen bidden met gebaren gemaakt door het hele lichaam? De dans is ook een universele taal, evenwel zonder woorden. In feite begint de dans daar, waar woorden tekort schieten. De dans wil iets van het 'onzichtbare, zichtbaar' maken. Daarom is de dans bij uitstek de taal van de ziel" (Geerts, 1998:256,257). Gedagtig aan haar beskouing dat dans in feite voortgaan wanneer woorde te kort skiet, blyk dit dat sy gebedsdans in besonder geskik ag vir dankbetuiging en lofprysing in die liturgie. Hoewel sy as gelowige danseres eerlik van oortuiging is dat gebedsdans naas gebed met woorde liturgies ook verantwoordbaar is, kan die kritiese vraag egter gevra word of hierdie vorm van gebedsdans geskik is vir kollektiewe aanbidding in die liturgie van die erediens.

Soos reeds genoem in die inleiding van 4.5.3, word daar binne die liturgie van die erediens hoofsaaklik twee vorme van gebed onderskei, naamlik die epiklese-gebed voor die prediking en die gebed na die prediking as

respons van die mens op die gepredikte Woord (De Klerk, 1987:303; Vorster, 1996:217; Handelinge, 1997:760; Oskamp, 1998:217,222).

4.5.3.1.1 Epiklese-gebed

Dit pas liturg en gemeente om, voordat daar direk na God uit sy Woord geluister word, in diepe afhanklikheid voor Hom te verskyn (De Klerk, 1987:303; Oskamp, 1998:217). Műller (1990:71) noem dit 'n "hoed–in–die–hand" situasie wat in teologiese taal epiklese genoem word. "Die epiklese beteken dat gebid word dat die Heilige Gees die Skrif wat gelees gaan word en die verkondiging daarvan, so sal open en verlig dat die ware bedoeling daarvan vir die mense van vandag sal duidelik word en dat dit die mense hier en nou sal aanspreek; en dat die Gees die harte van die mense so sal aanraak dat hulle die gelese en verkondigende Woord sal hoor as God se eie Woord aan hulle en dat hulle dit sal glo en gehoorsaam" (Barnard, 1981:555). Dit gaan ten diepste dus nie om die opening van God se Woord nie (díé is en bly immers lewend – Heb 4:12), maar om die opening van verstokte sondaar harte deur die werking van die Gees (De Klerk, 1982:74) om gelowig met aandag die Woord aan te hoor (Jk 1:19), dit gelowig aan te neem (Jk 1:21), dit te gehoorsaam (Jk 1:22), hom daarin te verdiep (Jk 1:25a) en uiteindelik daarin te volhard (Jk 1:25b). Vir al hierdie dinge is die mens ten volle afhanklik van God en daarom is dit nodig dat daar opreg tot Hom gebid moet word dat Hy deur sy Gees die mens se verduisterde verstand en hart só sal verlig dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees (Du Toit, 1977:28; Handelinge, 1997:750; Letsosa, 2005:390), dat die gemeente dit as God se woord sal aanneem en dat die Woord vrug sal voortbring (De Klerk, 1987:303).

Die epiklese-gebed behoort na sy aard kort te wees omdat dit 'n gebed is met 'n bepaalde gerigtheid (De Klerk, 1982:73; Handelinge, 1997:760). Die elemente van aanbidding, verootmoediging en inroeping van die Heilige Gees behoort sentraal daarin te staan (Blijleven, 1998:205,209-211) en al

is dit net in 'n kort sin, behoort die gemeente hom in sy swakheid voor God te verootmoedig (De Klerk, 1987:303). In die geval van die epiklese-gebed moet die liggaamshouding altyd die innerlike ingesteldheid van ootmoed en afhanklikheid weerspieël (Jonker, 1962:145; Vorster, 1996:217; Handelinge, 1997:762). Vos & Pieterse (1997:252) is in hierdie opsig van oordeel dat die sittende houding in ons Westerse kultuur waarskynlik die beste uitdrukking hieraan gee.

4.5.3.1.2 Gebed na die preek

"Die Woord roep gebed op. Die openbaring van wie God is en wat sy wil is, is 'n noodsaaklike voorwaarde vir gebed. Sonder gemeenskap met die Woord van God kan daar geen gebedsgemeenskap ontstaan nie" (CJBF, 1997:26). Uit die Woord spruit gebed as respons van die mens voort (Oskamp, 1998:223). Die Woord mag immers nie net klinies aangehoor word nie, maar moet ook besing en gevier word en tot toerusting van die mens dien om dit in die daaglikse lewe uit te leef (Geerts, 1998:261). Hierdie gebed onder die erediens is die gebed van die gemeente en nie in die eerste plek vir die gemeente nie. Die liturg bid dus nie vir nie, maar namens en saam met die gemeente (Műller, 1990:95).

In hierdie gebed na die preek behoort die volgende elemente vervat te wees:

- Lofprysing, aanbidding en eer: Dit is die innigste en hoogste vorm van eerbetoon en daardeur aanbid die gemeente God vir wie Hy is.
- Dank: God word deur die gemeente gedank vir wat Hy aan die mens gee en doen. Burger (1999:19) pleit in hierdie verband dat God se genade nie klinies besing behoort te word nie, maar dat daar opregte toeëiening van sy heil en genade sal geskied: "want, om te hoor van die genade en om dit toe te eien, is nie dieselfde ding nie".
- Skuldbelydenis: As antwoord op die eis van die Woorddiens, bely die gemeente haar onmag om aan God se verbondseise te voldoen

en word daar om vergifnis van sonde gesmeek.

- Voorbidding (*intercessio*) en smeking: In hierdie element van die gebed word die nood van die gemeente en die wêreld voor God uitgespreek. Omdat die gemeente met vrymoedigheid in gebed tot God mag nader, moet daar voorbidding gedoen word vir die kerk, alle mense in nood, die owerheid en die hele wêreld. Die kerk het 'n missionêre roeping en daarom moet hierdie ook 'n gebed wees wat na buite gerig is. "Wat die sending van die kerk in die wêreld betref, behoort daar veel meer sistematies vir die kerk en die evangelieverkondiging in verskillende lande van die wêreld voorbidding gedoen te word" (Du Preez, 1988:86).
- Beloftes: Die Christen mag hom op grond van sy kindskap beroep op al God se beloftes in sy Woord (Barnard, 1981:556,557; De Klerk, 1982:76; De Klerk, 1987:304; Müller, 1990:94; CJBF, 1997:26; Oskamp, 1998:222,223).

4.5.3.1.3 Basisteoretiese afleidings

- Gebed is ten diepste die geheimenis waardeur die mens in gemeenskap met God gebring word, maar ter selfde tyd God in gemeenskap met die mens.
- Gebed en Woord is onlosmaaklik aan mekaar verbind: deur die Woord praat God met sy kinders, terwyl gebed, op sy beurt, die mens se antwoord op God se spreke is.
- Hierdie noue band tussen gebed en Woord vind in besonder in die kommunikatiewe karakter van die erediens vergestalting: net so onmoontlik as wat dit is om die Woord aan te hoor sonder dat daar eers gebid word vir die regte luister daarna, net so onmoontlik is dit dat die Woord aangehoor word sonder om daarna te bid as antwoord daarop.
- Hoewel die liggaamshouding tydens aanbidding nie voorskriftelik in die Skrif bepaal word nie, moet dit nogtans met die aard van die gebed korreleer.

- In die epiklese gebed voor die Woordverkondiging, is dit nodig dat daar opreg tot God gebid moet word dat Hy deur sy Gees die mens se verduisterde verstand en hart só sal verlig dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees
- In die gebed na die preek behoort die volgende elemente vervat te wees: lofprysing, aanbidding en eer, dank, skuldbelydenis, voorbidding en smeking.
- Die dialogiese karakter van gebed wek verwondering op, die besef van die ongelykheid van hierdie dialoog dwing die gelowige tot verootmoediging en die geloof dat God die verhoorder van gebede is, bring troos en die sekerheid van versoening.

Na die epiklese-gebed buig die gemeente voor die geopende Woord van God. Hierdie liturgiese handeling van Skriflesing staan sentraal in die erediens, omdat dit die regstreekse spreke van God self is (Brienen, 1992:88).

4.5 3.2 Skriflesing

"Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees,
is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee..." (Lk 4:16,17)

Omdat God in die ontmoetingsgebeure alle inisiatief uit Homself neem (De Klerk, 1987:143), is die regstreekse aanspreek van sy saamgekome gemeente deur sy Woord die keerpunt (Boendermaker, 1977:43) en die belangrikste aktiwiteit wat in hierdie ontmoeting kan plaasvind (McKim, 1992:306). "Die Woord van God moet nie net middellik deur die prediking nie maar veral onmiddelik en regstreeks deur die Skriflesing na die gemeente uitgaan" (CJBF, 1997:19). In die Skriflesing kom God in Christus deur sy Gees persoonlik na sy gemeente, om in en aan hulle lewe te werk (Noren, 1992:32; Vos, 1995:490; Fourie & Müller, 1996:378;

Pieterse, 2002:75). Hierdie ontmoeting van God deur sy Woord en Gees is ten diepste 'n misterie (Institusie I, 9:3), wat op 'n drieërlei ontmoeting uitloop. Ten eerste is dit 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente, ten tweede bewerk dit 'n ontmoeting tussen die gemeente en God en laastens bewerk die Woord en Gees ook die onderlinge ontmoeting van die gemeente met mekaar (De Klerk, 1987:99-101). Burger (1999:6,16) bevestig hierdie persoonlike aard van Skriflesing in sy opmerking dat die Woord as enigste normerende Openbaringsbron altyd 'n bepaalde adres het. In die Skriflesing betoon die lewende Woord sy krag, want dit is ten diepste die bediening van die gesag van Christus (Vorster, 1992:460). Die regstreekse spreke van God deur sy Woord tot sy gemeente, is immers die regstreekse werk van die Heilige Gees tot die gemeente en in die gemeente (Handelinge, 1985, 415). Die Skiflesing staan derhalwe sentraal in die erediens en is bepalend vir al die ander liturgiese handelinge (Smit, 1982:62; De Klerk, 1987:143,144; Vos 1995:490).

Histories spruit die gebruik van Skriflesing uit die sinagogediens waar daar aanvanklik drie voorlesings was te wete uit die Ou Testament (veral die Tora), die evangelies en uit die Nuwe Testamentiese briewe (Boendermaker, 1977:44,45; Barnard, 1998a:195). In die vierde eeu maak Chrysostomus uitdruklik melding van Skriflesing onder die erediens (Du Toit, 1977:16). Dit blyk dat daar in die Oosterse Kerk die gebruik was om die Skrif opeenvolgend te lees (*lectio continua*) met die primêre oogmerk om ongeletterdes en nuwe gelowiges in die geheimenis van die Woord in te lei (Barnard, 1998a:200,201), 'n gebruik wat later ook in die Weste oorgeneem is (De Klerk, 1987:145). Verskraalde verkondiging waar geliefde Skrifgedeeltes voorkeur kry sodat die volle raad van God nie verkondig word nie, is deur hierdie gebruik teëgewerk (Boendermaker, 1977:44; Vos & Pieterse, 1997:246,247). In die lig van hierdie gebruik, word daar in die GKSA naas die lees uit die Woord met die oog op die prediking ook ruimte gelaat vir selfstandige Skriflesing (Handelinge, 1985:415; Handelinge, 1997:752-755). Die motivering vir meervoudige Skriflesing spruit uit die feit dat die Woord die fokuspunt van die ontmoeting

met God onder die erediens is en dat dit 'n gesonde Skrifgefundeerde tradisie uit die vroeë Christelike kerk is wat vandag nog voortgesit behoort te word (Smit, 1982:61,62; Handelinge, 1997:752). Selfstandige Skriflesing bevestig voorts ook die duidelikheid (NGB art. 5) en genoegsaamheid (NGB art. 7) van die Heilige Skrif en werk daartoe mee dat die volle raad van God verkondig word (Barnard, 1981:563,564; Barnard, 1998a:199). De Klerk (1987:149-165) voer 'n in-diepte bespreking oor die aard en noodsaaklikheid van selfstandige Skriflesing naas Skriflesing met die oog op die prediking onder die erediens. Hy kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat: "Skriflesing is selfstandig van prediking en gebed in die erediens. Die ander handelinge in die erediens is van Skriflesing afhanklik en word deur Skriflesing opgeroep. As 'n gemeente die Skriflesing nie as 'n ontmoeting met God self belewe nie sal hulle dit nog minder onder die prediking belewe dat God met hulle praat" (De Klerk, 1987:165,166).

Oor die plek en gewenstheid van selfstandige Skriflesing bestaan daar egter nie volkome eenstemmigheid nie. Műller (1990:72,73) ag hierdie gebruik as onnodig en is van mening dat dit slegs dienend was in die tyd voor die boekdrukkuns toe dit nog nodig was om ongeletterde lidmate in Skrifkennis op te voed. Een enkele Skrifgedeelte wat sorgvuldig voorgelees en uitgelê word deur prediking, behoort volgens hom voorkeur te kry omdat die hedendaagse mens baie minder op lineêre kommunikasie ingestel is.

Alhoewel selfstandige Skriflesing in die Gereformeerde tradisie nie algemeen as liturgiese moment onder die erediens gebruik word nie (Smit, 1982:63), blyk dit nogtans dat die oordeelkundige toepassing daarvan tot groot seën vir die gemeente kan wees (vgl. Barnard, 1981:563,564; Handelinge, 1985:415; De Klerk, 1987:149-165; Vos & Pieterse, 1997:246,247).

Waaroor daar wel eenstemmigheid in die Gereformeerde tradisie bestaan is dat Skriflesing en prediking bymekaar hoort (vgl. Lk 4:20,21; McKim,

1992:306,307). Die doel van Skriflesing met die oog op die prediking is daarop gerig dat die teks wat uitgelê word binne die konteks van die Skrifwoord gehoor moet word, sodat die verband waaruit die teks kom, beter verstaan kan word (Vorster, 1992:460; Letsosa, 2005:390). Nooit mag dit egter gebruik of verstaan word as bloot 'n aanloop of inleiding tot die preek nie (Műller, 1990:73) want Skriflesing is nie die mindere van die prediking nie (De Klerk, 1982:88). Die Woord staan altyd sentraal (dit vorm die primaat) en die prediking is altyd uitvloeisel van die Skriflesing. "Die prediking het 'n dienende funksie van oopmaak en toepas ten opsigte van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei..." (CJBF, 1997:21).

Die persepsie dat erediens om die preek as hoof liturgiese moment sentreer, moet te alle koste reggestel word (Letsosa, 2005:389,390). Skriflesing behoort altyd sentraal te staan. De Klerk (1982:88) waarsku daarom tereg dat die liturg nooit na die Skriflesing die Bybel met groot gebaar mag toemaak en eenkant skuif en daardeur die indruk skep dat die preek wat nou gaan volg, die hoogtepunt van die erediens is nie. Die prediker moet met sy vinger op die teks preek, daarom steek daar in die gebruik van die Kanselbybel mooi simboliek wat daarop dui dat die Woord sentraal staan (Du Toit,1991:4). "Die groot Kanselbybel...plaas die Woord, waarom dit primêr in die erediens moet gaan, in 'n raampie sodat hierdie Woord beter 'gehoor' kan word" (Roets & Dreyer,1998:722). Die gebruik in talle gemeentes om 'n kosbare antieke Kanselbybel te hê wat permanent oop lê, grens, na die mening van Barnard (1998a:198), egter aan skyngeloof, want: "het accent vallen op de dode letter, en is dus een schijnsymbool". Daar lê 'n veel kragtiger boodskap in die fisiese oopmaak en later weer toemaak van 'n Bybel waaruit daar gelees word. Tesame met die simboliek van die Kanselbybel, moet dit ook as uiters hoë prioriteit beskou word om die gemeente aan te moedig om self uit hulle eie Bybels mee te lees (Du Toit, 1977:17). Die hedendaagse gebruik om die Skrifgedeelte deur middel van elektroniese toerusting op 'n skerm te projekteer sodat die hele gemeente die Skriflesing kan volg, is ondersteunend tot hierdie gedagte. Daardeur word die primaat van die

Woord benadruk en sintuiglik dra lees saam met gehoor by tot die beter verstaan en onthou van die inhoud van die Woord (Barnard, 1981:564).

Niemand kan ongeraak wees by die aanhoor van die Woord nie (Jes 55:11). Letsosa (2005:390) benadruk die "humbleness" waarmee die mens in die erediens tot God moet nader wanneer daar uit die Skrif gelees moet word. Dit pas elkeen om eers in gebed stil te word en te bid om die verligting van die Heilige Gees voordat die Woord geopen word (4.7.1.1). 'n Oomblik van stilte voor Skriflesing kan in hierdie opsig ook bydra tot die besef van ootmoed en ontsag teenoor die heilige God en dit kan meewerk tot afwagting om na die Woordverkondiging te luister (Vorster, 1996:211; Strauss, 2001:133; Oskamp, 1998:223). Aangesien die Skrif 'n tweesnydende swaard is (Heb 4:12), word elkeen wat dit aanhoor telkens tot 'n beslissing en verbintenis gedwing (Jak 1:22). Deur die Woord word die gelowige getroos, geleer en vermaan en word die leer van verlossing in Jesus Christus as Evangelie van versoening verkondig (2 Tm 3:15-4:2).

4.5.3.2.1 Basisteoretiese afleidings

- Deur Skriflesing kom God in Christus deur sy Gees persoonlik en regstreeks aan die woord en derhalwe vorm dit die fokuspunt van die erediens.
- Skriflesing bewerk 'n drieërlei ontmoeting te wete tussen God en sy gemeente, tussen die gemeente en God en laastens tussen die gemeente onderling met mekaar.
- Selfstandige Skriflesing benadruk die eenheid en deurlopendheid van die Woord en Skriflesing met die oog op die prediking het ten doel om die Woord in 'n bepaalde konteks te belig.
- Die simboliese waarde van 'n Kanselbybel kan met die regte aanwending daarvan bydra om die fokus op die Skriflesing te laat val.
- Skriflesing dwing die gelowige tot verootmoediging, maar laat hom ook die genade van versoening verstaan.

Brienen (1992:88) skryf: "De prediking ligt vast aan de ketting van de Woord." Die eenvoudige logika wat verteenwoordig word deur die orde van prediking, of evangelie bediening wat volg op Skriflesing, is kosbaar en beklemtoon die sentrale posisie van Skriflesing in die erediensliturgie. Die volgende liturgiese element onder bespreking is derhalwe "prediking".

4.5.3.3 Prediking

"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie?
En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?
En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?" (Rm 10:14)

Prediking is in sy wese bedoel om 'n kommunikatiewe handeling te wees (Vos, 1995:490). Die Skrif getuig dit self: "Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?...Die geloof kom dus deur die prediking wat mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus" (Rm 10:14,15;17). Met respek sou gesê kon word dat God sy Woord ook deur engele of self deur 'n besondere openbaring sou kon laat hoor (Institusie I, 7:1), maar nogtans was dit van meet af aan sy bedoeling om dit deur geroepe mense na mense te bring (Burger, 1999:7). In die Ou Testament het God sy Woord deur geroepe profete laat hoor, en in die Nuwe Testament is prediking normaalweg deur profetevoorlesers gelewer in die sinagogediens. So het Christus self in die sinagoge van Nasaret ook eers uit die Skrif gelees en dit daarna uitgelê (Lk 4:14 e.v.; Barnard, 1998b:212,213).

In die wyse waarop die Woord uitgelê word speel die hoorgebeure 'n belangrike rol. "In die preek is God naby aan ons. Praat- en hoor naby. Sy Woord proklameer sy koningskap en koninkryk. In sy Woord is Hy reddend naby. Sy Woord skenk bevryding. Sy Woord vermaan, vertroos, bemoedig en onderrig ons. Sy Woord seën mense. In sy Woord gee Hy

aan ons beloftes op pad na die toekoms" (Vos & Pieterse, 1997:249). Dit gaan dus om die lewende Woord van die sprekende God wat konkreet aan sy kerk en die wêreld bedien word (Barnard, 1981:565; Fourie & Műller, 1996:378).

Die inhoud van die prediking mag niks anders wees as die verkondiging van heil in Jesus Christus nie (Institusie I, 6:3; McKim, 1992:307). Vorster (1992:461) stel dit op kragtige wyse wanneer hy opmerk: "Prediking is nie 'n gepraat oor God nie, maar God wat praat". Omdat God deur dienende prediking aan die Woord kom, dra prediking kragtens sy aard gesag (Vorster, 1992:460), hoewel dit steeds 'n voorwaardelike karakter dra omdat dit altyd toetsbaar aan die Skrif moet bly (Boendermaker, 1977:47). Műller (1990:74) merk tereg in aansluiting hierby op dat die Woord nie deur die prediker met eietydse kunsgrepe geaktualiseer hoef te word nie, want dit is en bly in sy wese aktueel! (vgl. Smit, 1996:11). Aktuele prediking beteken om die aktuele Woord konkreet, lewend, dinamies en appelerend in die leefwêreld van 'n bepaalde gemeente op 'n bepaalde Sondag te laat spreek (Fourie & Műller, 1996:378; De Klerk & Nagel, 2004:141-143). Die gemeente moet uiteindelik vol verwondering voor die eintlike Bron van die Woord staan, voor God drie-enig, met die belydenis dat Hy Homself ook deur die prediking op 'n besondere wyse aan hulle openbaar (Barnard, 1981:565; Vos, 1995:490).

Prediking mag nooit as geïsoleerde liturgiese handeling in die erediens beskou word nie (Du Toit, 1977:28), maar vorm integraal deel van die eredienstliturgie (Pieterse, 2002:93,94). Die tema van die preek bepaal grootliks die keuse en inhoud van die votum, sang, Skrifgedeeltes wat gebruik word vir die verootmoedigings- en versoeningsdiens en ook die gebede. Eweneens vorm al hierdie verskillende liturgiese handelinge saam 'n eenheid waarin die Woord sentraal staan tot toerusting en versterking van die gemeente (Noren, 1992: 38; Vos & Pieterse,1997:248). Prediking vloei altyd voort uit die Skriflesing en daarom moet dit noodwendig lei tot 'n antwoord en reaksie van die gemeente (Barnard, 1998b:211). Vanuit die

erediens moet die prediking weer deur die toegeruste gemeente aan die wêreld verkondig word. Deur die prediking word gelowiges toegerus en opgeroep: "om wêreldbetrokke te wees omdat God aktief betrokke is by die verlossing van die wêreld" (Burger, 1999:7).

Aangesien die samelewing van die een en twintigste eeu deur snelle tegnologiese ontwikkeling gebombardeer word (Pieterse, 2002:75), het die tradisionele hoorsamelewing na 'n moderne siensamelewing verander. Smit (1996:10) merk in hierdie verband op dat dit in kerke tot gevolg gehad het dat die klem al hoe meer op vermaaklikheid ("entertainment") begin val het as op aanbidding ("worship"). Die preekstoel het in sekere sin plek gemaak vir die verhoog. Van die predikant vra dit 'n ingrypende skuif in ingesteldheid (Burger, 1999:12). Om van hierdie verandering 'n geleentheid te maak, is suiwer kontekstuele prediking 'n vereiste (Vorster, 1992:460). Dit bestaan uit deeglike Woordverklaring, kennis van die gemeente en aktuele toepassing. Die werk en inspirasie van die Heilige Gees mag nie uit die oog verloor word nie en daarom mag die rasionele verstaan van prediking ook nie oorbeklemtoon word nie. Die hele gemeente (kinders ingesluit) neem aan die handeling van die prediking deel deur biddende luister (Boendermaker, 1977:47). Luisterende deelname aan die prediking laat die gelowige in verwondering staan teenoor die lewende God aangesien niemand ongeraak kan wees wanneer die Woord uitgelê en in die konkrete leefwêreld van die mens toegepas word nie. Die aktiewe luisteraksie sluit in verstaan, instemming en toe-eiening van die Evangelie wat verkondig word en daarom is die "amen" na die preek nie bloot die afsluiting van die prediker nie, maar die gemeente se instemming en toe-eiening van die boodskap wat aan hulle toevertrou is (Jonker, 1962:148; Van Leeuwen, 1998b:265). "Die gemeente moet daarom bid om die gawe van die profesie, wat beteken die gawe om in 'n konkrete situasie die boodskap prakties toe te pas" (CJBF, 1997:22). Die doel van prediking moet altyd daarop gerig wees om die gemeente deur die verkondiging van die Woord te bemagtig om die imperatief wat uit die prediking voortvloei te gehoorsaam (Vos, 1995:490) en die prediking as

"heilsmiddel" tot troos aan te neem (Barnard, 1998b:211).

Met verwysing na die verskuiwing binne die samelewing van 'n hoor- na 'n sien- en beleefkultuur en die aanpassing wat dit te weeg moet bring ten opsigte van prediking, kom Smit (1996:11) uiteindelik tot die volgende gevolgtrekking: "Liturgieë wat uit lang, onafgebroke monoloë bestaan, is uit. Sinvolle inkleding waar elkeen van die liturgiese aspekte 'n dinamiese plek kry om ons geloofsbelewenis te versterk en ons van harte op die Here te rig, is in. Prediking wat net op sinnestreling en emosionele afreagering gerig is, is net so eensydig as koue, intellektualistiese prediking wat maak of mense nie ook harte het nie".

4.5.3.3.1 Basisteoretiese afleidings

- Prediking is 'n kommunikatiewe handeling wat voortvloei uit Skriflesing en dra kragtens sy aard gesag, aangesien dit as inhoud die verkondiging van heil in Jesus Christus verkondig.
- Deur die gepredikte Woord word gelowiges vermaan, vertroos, bemoedig en onderrig en tot 'n beslissing gedwing om gehoorsaam te wees aan die geopenbaarde wil van God.
- Die Woord moet suiwer uitgelê en in die konkrete leefwêreld van die mens toegepas word. In die lig van 'n veranderende samelewing, moet daar groot klem gelê word op kontekstuele prediking.

Woorddiens roep om 'n antwoord van die gelowige (Handelinge, 1997:741). Die gemeente kan in antwoord op die verkondiging van die Woord oorgaan tot sang (4.5.4) of gebed (4.7.1.2). Deel van die antwoorddiens as liturgiese hoofmoment, is ook die diens van barmhartigheid waardeur die gemeente se dankbaarheid weerspieël word.

4.5.4 Antwoorddiens

4.5.4.1 Diens van barmhartigheid

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het,
nie met teensin of uit dwang nie, want God het die
blymoedige gewer lief". (2 Kor 9:7)

"Eerdienst loopt over in dienstbetoon" (Oskamp, 1998:224). Die liturgiese handeling van die diens van barmhartigheid spruit dus voort uit die groot offer van Christus wat in elke erediens sentraal staan (Müller, 1990:100). Die dryfveer vir die gee van offergawes is liefde vir God wat sigbaar vergestalting vind in liefde vir die naaste (Du Toit, 1977:32,159) en 'n sensitiwiteit vir die naaste se nooddruf (Institusie II, 8:46). Hierdie liturgiese handeling is gegrond in die Ou Testamentiese verbondsbepalings van verskillende offers wat die mens aan God verskuldig was (Jonker, 1962:135; De Klerk, 1982:74). In die Nuwe Testament het die eerste Christene allerlei gawes *in natura* na die eredienste gebring. Hierdie gawes was veral gerig op die liefdesmaaltye waartydens nagmaal ook gevier is. Sedert die elfde eeu het die *in natura* gawes in geldelike offergawes oorgegaan en is dit met die Reformasie as liturgiese handeling onder die erediens gevestig (Boendermaker, 1977:48; Barnard, 1981:574-575; Vos & Pieterse, 1997:254). Vir Calvyn het die liefdesgemeenskap van die gemeente in die gee van "aalmoezen" gemanifesteer waardeur behoeftige lidmate in die gemeente van lewensonderhoud voorsien kon word (Brienen, 1987:177). Hierdie diens van barmhartigheid was vir hom so belangrik dat hy plek daaraan onder die erediens gegee het (Brienen, 1987:177) en dat hy dit as deel van die dankbaarheidsdiens beskou het, wat volgens hom een van die vier wesenlike elemente van die erediens gevorm het (Institusie IV, 17:44). Calvyn se standpunt oor die diens van barmhartigheid vind ook in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 103 vergestalting. Daarin word die offer van liefdegawes naas die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en die

openlike aanroep van die Naam van die Here, as wesentlike element van die erediens beskou (Visser, 1999:110).

Die offer van liefdesgawes en voorbidding is onlosmaaklik aan mekaar verbind. "Voorbidding sonder offers in die erediens, sou 'n abstrakte, bloedlose godsdiens verteenwoordig. Offers sonder voorbidding sou weer 'n 'social gospel' verteenwoordig. Die een kan nie sonder die ander een nie!" (Műller, 1990:100; vgl. Du Toit, 1977:160). Dit is derhalwe liturgies gesproke die aangewese plek om die liefdesgawes na die prediking en voorbidding as deel van die dankbaarheidsdiens op te neem (Visser, 1999:111; vgl. Institusie IV, 17:44). Die mens durf immers nie net "geestelik" op God se genade in Jesus Christus reageer nie, hy moet ook in dade en in materie daarop antwoord (Műller, 1990:100). In die gee en uitdeel van liefdesgawes word God se genade in Christus tasbaar en sigbaar in die gemeente en ook in die wêreld buite die gemeente (Du Rand, 1993:1796).

In die Skrif word die gesindheid waarmee gawes aan God geoffer word, ook duidelik aangespreek. Waar dit nie uit liefde vir Christus en uit dankbaarheid vir sy verlossingswerk gebring word nie, verval dit maklik in gewoonte of pligpleging (Mal 1:6-14; 2 Kor 9:7; Visser, 1999:110). In die konteks van hierdie gesindheid word die Christen se offergawe immers liefdesdiens genoem (Du Toit, 1977:32; Du Rand, 1993:1797). Wat vooraf bewustelik met die regte gesindheid na die erediens gebring word as 'n offer (Deddens, 1981:23) is 'n dankoffer aan God, 'n lofoffer aan Hom en ook 'n diensoffer aan die naaste (Vos & Pieterse, 1997:254). Vir Oskamp (1998:224) is die dankoffer onder die erediens ook die eerste vorm van verbintenis om dankbaarheid ook buite die erediens te betoon: "Het gaat in de aanbieding van de gaven om herniewde toewijding aan God en om beschikbaarheid aan zijn dient".

4.5.4.1.1 Basisteoretiese afleidings

- Die offer van liefdesgawes spruit as verbintenis tot dankbaarheid voort uit die groot offer van Christus wat in elke erediens sentraal staan.
- Die gesindheid van die offer van liefdesgawes moet uit dankbaarheid en liefde vir God spruit en oorvloei in liefde en sensitiwiteit vir die naaste se nooddruf.
- Die offer van liefdesgawes is 'n dankoffer uit liefde vir God en die naaste wat onlosmaaklik aan voorbidding verbind is.

4.5.4.2 Wegstuurseën

"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!" (2 Kor 13:13)

Calvyn het verklaar dat Hy Wie die erediens begin het deur die mens tot ontmoeting met Hom te roep en te seën, dit ook moet "besloten" (Brienen, 1987:222). Die wyse waarop die Here dit doen, is deur sy seën op sy gemeente te lê (De Klerk, 1982:88). Soos in die geval van die ontmoetingseën, is hierdie seën ook toesegging van en met Goddelike krag wat deur die liturg namens Christus op die gemeente gelê word (Müller, 1990:104). Dit is derhalwe 'n magswoord vol van ryke bedoeling en troos (De Klerk, 1982:89). Die drie seënformules wat die wese van die wegstuurseën die beste verwoord, is die woorde in Numeri 6:24-26, 2 Korintiërs 13:13 en 1 Petrus 5:10,11 (Handelinge, 1985:419). Van groot belang is die sekerheid dat elkeen van hierdie seënformules altyd Trinitaries gerig moet wees, selfs al word dit nie eksplisiet verwoord nie (Visser, 1981:2). Dit is per slot van rekening altyd God drie-enig wat sy kinders seën (Deddens, 1981:38,39).

Die formele afsluiting van die erediens deur die seën beteken egter nie die einde van liturgie nie – per slot van rekening is dit nie: "'n totsiens van God"

nie (Műller, 1990:102). Ten diepste is die seën aan die einde van die erediens toerusting om liturgie voort te sit in die wêreld. Toegeruste gelowiges word dus huistoe gestuur om die liturgie van die lewe voort te sit in die normale lewe (De Klerk, 1982:88; Műller, 1990:102,103; De Klerk, 1999a:326). In die lig van hierdie voortsetting van liturgie in die daaglikse lewe is die term "slotseën", soos wat die Handelinge van die Sinode GKSA (1985:419) dit gebruik het, 'n verskraling van die inhoud daarvan. Die woordkeuse "wegstuurseën" soos in latere Sinodes gebruik (CJBF, 1997:30), gee inhoudelik groter betekenis aan die aard van hierdie seën. Dit is duidelik dat: "die seën nie bloot dien om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar eerder die wegstuur van die volk is om 'n nuwe tydperk van genade onder die seënende hand van die Here binne te gaan. Deur hierdie seën eindig die verering van God nie, maar word die gemeente weggestuur om hierdie verering in hulle huise en werkplek voort te sit" (CJBF,1997:30). Van Leeuwen (1998b:257) sluit direk hierby aan deur te noem dat daar in die "wegzending (*dismissio*)" altyd twee kern momente opgesluit is, naamlik: "de gelovingen worden uit de dienst gezonden en de wereld in gezonden". Die gemeente staan en leef dus onder die Here se seën tydens en na die formele erediens (De Klerk, 1999b:316; Vos, 1999:110).

Die seën spruit uit die Ou Testamentiese erediens. Met verwysing na Levitikus 16:13 en Numeri 6:24-26 toon Deddens (1981:38,39) aan dat dit gebruiklik was dat die priester, nadat hy die wierookoffer op die groot versoendag gebring het, uitgegaan het om die vergaderde volk te seën. In opdrag van die Here self (Num 6:27), is die seën namens Hom deur die priester uitgespreek. Die bedoeling van hierdie Aaronitiese seën wat op die volk gelê is, was toesegging van God se teenwoordigheid wanneer die volk weer teruggaan na hulle huise om God se verbondsbepalings ook daar te gaan uitleef (Van Leeuwen, 1998b:258). Reeds in Ou Testamentiese konteks was die toesegging van seën dus toerusting vir die alledaagse lewe.

In die Nuwe Testament word dieselfde betekenis aan die seën gekoppel. Wanneer Christus opvaar na die hemel, doen Hy dit seënend (Luk 24:51). Daardie seën was nie 'n blote aangename toesegging ter wille van die dissipels self nie (Műller, 1990:103), maar toerusting en wegsturing met die oog op die wêreld (De Klerk, 1982:89; Van Leeuwen, 1998b:258,259). As 'n dissipelkorps wat deur Christus self toegerus is met sy seën, moes hulle die evangelie vanaf Jerusalem uitdra tot aan die uithoeke van die aarde (Hd 1:8). In die vroeë Nuwe Testamentiese kerk het die seën bly voortleef as toerusting tot dienswerk (Deddens, 1981:39). Saam met die Aaronitiese seën uit Numeri 6:24-26, is die sogenaamde: "apostolishe zegen" uit 2 Korintiërs 13:13 ook as wegstuurseën gebruik. In die moeilike tyd van vervolging het hierdie seën buiten toerusting, ook die betekenis van vertroosting gehad: "Dat volk mag dan gesterkt naar huis gaan. Het heeft Gods beloften in de Evangelieprediking gehoord. Het heeft die beloften nog eens extra op het hart gebonden gekregen in de zegen" (Deddens, 1981:39).

Die wegstuur na die daaglikse lewe met die toerusting van God se seën, roep al reeds weer na saamkom in die erediens om deur God geseën te word (De Klerk, 1999b:326,327). Dit is die dubbelbeweging van die gelowige se roeping en toerusting (Burger, 1999:15). Hierdie ritme van uitgestuur word en weer terugkeer na die huis van die Here, word deur Barnard (1981:460) beskryf in beelde van:

> "saamkom en uitgaan
> terugtrek en terugkeer / te voorskyn tree
> ontvang en gee
> hoor en verkondig
> bid en werk, ora et labora
> inasem en uitblaas
> verenig en uitstrooi
> die sistoliese en diastoliese werking, soos by die pomp en versamel van bloed deur die hart"

Deur hierdie beeld is dit dus duidelik dat erediens en die lewe nie in isolasie tot mekaar staan nie, maar dat die een voortdurend tot die ander roep. Die tregter waardeur die liturgie vanuit die erediens oorvloei na die lewe is die wegstuurseën. Die tregter waardeur die liturgie van die lewe weer na die erediens spoel, is deur die ontmoetingseën.

Die uitspreek van die wegstuurseën gaan gepaard met 'n simboliese handgebaar. Waar daar met betrekking tot die ontmoetingseën onder navorsers nie eenstemmigheid bestaan ten opsigte van die handgebaar nie, bestaan daar ten opsigte van die wegstuurseën wel eenstemmigheid oor die handgebaar. Met uitgestrekte arms en oop handpalms wat horisontaal oopgestrek is (Lev 9:22; De Klerk, 1982:89, Brienen, 1992:90), is dit asof dit die Here God self is wat van bo sy seën op sy gemeente neerlê (Jonker, 1962:145). Hierdie handeling benadruk die aard van die wegstuurseën, naamlik dat dit toesegging is. In die lig hiervan is die skrywer van oordeel dat die seënformule altyd as toesegging geformuleer moet word, en nie as 'n wens of gebed nie. Per slot van rekening is dit nie 'n wens of gebed wat uitgespreek word nie (Jonker, 1962:145), maar 'n handelende aksie van God self (Van Leeuwen 1998b:262). Die navorser is daarom voorts oortuig daarvan dat die liturg na die uitspreek van die seën eers sy arms moet laat sak voordat hy die "amen" uitspreek. As liturg verrig hy immers twee afsonderlike handelinge namens twee gespreksgenote – wanneer hy seën tree hy namens God op en wanneer hy "amen" uitspreek, dan doen hy dit namens die gemeente.

Aangesien die wegstuurseën die tregter van toerusting is om die liturgie van die erediens in die lewe voort te sit, spreek dit vanself dat die gelowige dit nie ongeraak kan ontvang nie. Aan die een kant moet dit elkeen wat die grootsheid van hierdie Goddelike toesegging ontvang met heilige eerbied en verwondering vervul. Aan die ander kant moet elkeen met die krag van Goddelike toerusting tot die verbintenis gerig wees om die liturgie van die erediens in woord en daad in die daaglikse lewe te gaan voortsit.

4.5.4.2.1 Basisteoretiese afleidings

- Die seën aan die einde van die erediens is nie 'n slotseën nie maar 'n wegstuurseën waardeur die gemeente, deur die kragvolle werking van God drie-enig, toerusting ontvang om die liturgie van die erediens in die daaglikse lewe voort te sit.
- Die wegstuurseën as Goddelike toesegging van krag en vrede behoort deur die gemeente as geloofseenheid, maar ook deur elke gelowige persoonlik, met "amen" toegeëien te word.
- Elkeen behoort onder die erediens in stille eerbied en verwondering die seën van die Here te ontvang en gedring word tot die verbintenis om die liturgie van die erediens in die lewe voort te sit.

4.5.4.3 Amen

"Gesangboekies word een-een toegeslaan
nog as ons sing. Iemand staan
klaar in die paadjie, soek sy hoed
Amen! Ons sluit - u diens gaan aan"
I.L. de Villiers (soos aangehaal in Vos & Pieterse, 1997:255)

"Amen" – die laaste woord in die eredienstliturgie. Aan die een kant dui hierdie woord op die afsluiting van die erediens (Műller, 1990: 107) aan die ander kant is dit die uitroep van 'n gemeente wat so aangegryp is deur die sekerheid dat God hulle deur die week sal vergesel dat hulle die wegstuurseën met hart en mond toeëien deur hardop "Amen" te sê (Deddens, 1981:111; Műller, 1990:104). "Het is de instemming door de gemeente op het gesprokene van de dienaar" (Jonker, 1962:148). "Amen" is dus niks minder as 'n be-aming of respons op wat God deur die liturg gespreek het nie (Műller, 1990: 104, Burger, 1999:16).

Brienen (1987:222) dui aan dat Calvyn namens die gemeente "Amen" gesê het. As liturg het hy dus die Godsbelofte wat uit die wegstuurseën

voortvloei, naamlik dat Hy sy gemeente vergesel op hulle lewenspad, letterlik namens alle aanwesige gelowiges toegeëien. Heystek (1997:33) en De Klerk (1999b:326; 1987:217) is egter van mening dat dit meer wenslik is as die gemeente aktief meedoen in die ontvang en toeëien van die seën deur hardop saam as kollektiewe gemeente "Amen" te sing of te sê.

Deddens (1981:109) maak die insiggewende opmerking dat die Hebreeuse woord "Amen" opgeneem is in alle wêreldtale en onvertaald gebruik word. Hy gee verder ook 'n kort historiese oorsig oor die gebruik van die woord in beide die Ou en Nuwe Testament (Deddens, 1981:109-111; vgl. Jonker, 1962:148). Ou Testamenties dra dit die betekenis van die bekragtiging van 'n eed (Neh 5:13), die bekragtiging van 'n opdrag (1 Kon 1:36) en instemming tot lofprysing (1 Kron 16:36). "Amen" staan dus in verband met onderwerping, aanvaarding en toe-eiening in die Ou Testament. Nuwe Testamenties word "amen" as liturgiese antwoord in die erediens (1 Kor 14:16) en in besonder ook as bevestiging van lofprysing gebruik (Rm 11:36). Ook hier dra dit die betekenis van toe-eiening: "Die gemeente maakt daardoor het Woord Gods geldig voor zichzelf" (Deddens, 1981:111).

God se teenwoordigheid by die mens dwing die mens altyd tot 'n antwoord (Burger, 1999:16). Dat die mens met "amen" kan antwoord op God se ontmoeting onder die erediens, is dus nie uit homself nie – die mens kan dit slegs doen deur Christus (2 Kor 14:16). God se heilige teenwoordigheid word ook in die hemel met "Amen" besing (Op 5:14). In hierdie opsig moet die mens se "Amen" hier op aarde reeds in eskatologiese perspektief beskou word.

As liturgiese handeling heel aan die einde van die formele erediens, is die gemeente se antwoord van "Amen" na God se seën, van groot betekenis. Die gemeente erken daardeur hulle bekragtiging tot voortgesette diens en aanvaar daardeur verantwoordelikheid om hulle roeping ook buite die

erediens te gaan uitleef. Die gemeente beaam dus daardeur dat hulle God se seën hulleself toegeëien het deur "Amen" daarop te antwoord. Daardeur word die weg gebaan vir die liturgie van die lewe wat uit die erediensliturgie voortspruit. 'n Opregte "Amen' wek emosies van verwondering, versterking en verbintenis by die gelowige wat as toegeruste die nuwe week met die seën van God aanpak.

4.5.4.3.1 Basisteoretiese afleidings

- "Amen" is menslike toe-eiening of beaming op God wat geseën het.
- Toegerus met Goddelike krag wat uit die wegstuurseën voortspruit, aanvaar gelowiges deur die uitspreek van "Amen", die roeping om die erediensliturgie in die daaglikse lewe voort te sit.
- Hoewel die liturg namens die gemeente met "Amen" kan antwoord, bly dit wenslik dat die gemeente dit self uitspreek as toe-eiening.

4.6 ANDER LITURGIESE PLEGTIGHEDE

Alle eredienste is liturgiese plegtighede waaraan allerlei liturgiese handelinge verbonde is. Daar is sekere liturgiese handelinge wat nie elke Sondag plaasvind nie. Hierdie liturgiese handelinge sluit onder meer die bediening van die sakramente in, bevestiging van ampsdraers, belydenis van geloofaflegging, tughandelinge en ook liturgiese handelinge wat nie direk verband hou met Sondag eredienste nie soos 'n begrafnisdiens of 'n kerklike huweliksbevestiging. Vanweë die aard en begrensing van hierdie studie word hierdie liturgiese handelinge nie bespreek nie. Vir die bespreking van hierdie liturgiese handelinge en plegtighede kan onder andere verwys word na De Klerk, 1982:90; Vos en Pieterse, 1997:150-190 en Letsosa, 2005:399-412.

4.7 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE LITURGIESE HANDELINGE IN DIE EREDIENS

- Die dialogiese karakter van die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoenigsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.
- Erediens begin by God wat die gelowige reeds gedurende die week deur sy Woord en Gees roep en voorberei om Hom Sondag in sy huis te ontmoet.
- Die mens reageer daarop deur in gehoorsaamheid voorbereid en met groot afwagting na die erediens te gaan.
- Die votum is die gelowige se antwoord op God wat geroep het en dit geskied in die vorm van 'n belydenis: enersyds is dit 'n belydenis van afhanklikheid teenoor die Here en andersyds is dit 'n triomfantlike verklaring teenoor die wêreld dat die gelowige se hulp alleen in die Naam van die Here is.
- Die ontmoetingseën is God se antwoord op die mens se votum en dit bestaan uit toesegging van genade, liefde en vrede waardeur die gemeente bemagtig word om Hom in die erediens te kan ontmoet.
- Sang is die gemeente se antwoord op God wat in die erediens ontmoet word en gee uitdrukking aan die gelowige se verwondering, verootmoediging, versoening en verbintenis wat uit hierdie ontmoeting spruit.
- Die geloofsbelydenis, as antwoord op die Goddelike ontmoeting, is gerig op God, op medegelowiges en op die wêreld.
- Die dekaloog is gegrond in God se heilsindikatief van verlossing in Christus en staan as imperatief sentraal vir die uitleef van 'n dankbaarheidslewe.
- Verootmoediging en versoening vorm as liturgiese handelinge 'n eenheid en dwing die gelowige tot skuldbelydenis en dankbaarheid vir verlossing in die belofte van vryspraak in Jesus Christus.
- Gebed en Woordbedienig word as liturgiese elemente onlosmaaklik

aan mekaar verbind: God praat deur die Woord en die mens antwoord gelowig op God se spreke deur gebed.

- Skriflesing vorm die primaat van die erediens en bewerk 'n drieërlei ontmoeting, naamlik tussen God en die mens, die mens en God en die mens met sy medemens.
- Prediking is 'n kommunikatiewe handeling wat uit Skriflesing voortvloei en dra na sy aard gesag aangesien dit as inhoud die verkondiging van heil in Jesus Christus verkondig.
- Die gee van liefdesgawes is 'n offer van dankbaarheid wat voortspruit uit die groot offer van Christus wat in elke erediens sentraal staan.
- Die seën aan die einde van die erediens is nie 'n slotseën nie, maar 'n wegstuurseën waardeur die gemeente deur God drie-enig bekragtig word om die liturgie van die erediens in die daaglikse lewe voort te sit.
- Deur te antwoord met "Amen" na die wegstuurseën, eien elke geseënde gelowige daardeur homself die bekragtiging van God toe en aanvaar hy daardeur ook die verantwoordelikheid om die liturgie van die erediens in die lewe te gaan voortsit.

HOOFSTUK 5
BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE AARD VAN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

5.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Brienen (1987:175) haal die volgende aan uit 'n preek van Calvyn uit Deuteronomium 33: "*Nous ne sommes pas mis en ce monde, sinon pour faire hommage à Dieu de nostre vie*" (vert.: "Wij zijn voor niets anders in deze wereld gezet, dan om God te eren met ons leven"). Uit hierdie spesifieke aanhaling lê ten grond dat Calvyn met groot nadruk beklemtoon het dat liturgie altyd ten doel het: "het Here (te) dienen op zondag in de kerk en Hem (te) dienen door de week op het werk" (Brienen, 1987:175).

Die gemeente lewe altyd vanuit die erediens terug na die erediens toe (Leuschner, 2004:1). Die erediens kan dus met reg die begin of grond vir die liturgie van die lewe genoem word (Smit, 2002:131). Die liturgie wat gelowiges onder die erediens verrig, moet ook buite die georganiseerde kerk in die samelewing beoefen word. Liturgie behoort altyd in die huise en in die binnekamer van die gelowige voort gesit te word as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente (CJBF, 1997:1). Lewensliturgie verwys dus na Christene wat van Maandag tot Sondag en van vroeg tot laat hulleself tot beskikking van God stel (Müller, 1990:52). Vanuit die veilige hawe van die erediens, gaan gelowiges as toegeruste en versterkte getuies in die wêreld in. Hulle roeping is (behoort te wees!) om deur voorbeeld te wys wat dit is om 'n Christen te wees wat die Lewende God onder alle omstandighede dien, en so 'n impak op die lewens van nie-Christene te maak. Luther, aangehaal deur Senn (2000:160), het in hierdie verband opgemerk dat Christene "will make us...little Christs to our neighbors". Christene het per slot van rekening die roeping om "in but not of the world" te lewe (Senn, 2000:161). Senn merk in dieselfde asem op dat die mens se liturgie in sy daaglikse lewe hierdie "dialectic" moet reflekteer. Liturgie

het in hierdie opsig dus sterk raakpunte met die Christelike etiek (Spoelstra, 1994a:119,120; Brienen, 1987:175; Smit, 2002:138).

Ten spyte daarvan dat liturgie ook in die daaglikse lewe vergestalting behoort te vind, word liturgie en liturgiese handelinge verkeerdelik steeds in 'n groot mate tot erediensgebeure beperk (Jonker, s.j.:91; Dijk, 1955:5,437; Barnard, 1981:51; Victor, 1996:243; CJBF, 1997:2-6). Smit (2002:139-147) kom na 'n vergelykende studie ook tot die slotsom dat die omskrywing van die lewensterreine waarin liturgie beoefen moet word, nie eenvoudig gedefinieer kan word nie. Liturgie, soos dit deur Christene beoefen word, is vanaf na die sondeval gebrekkig en met sonde bevlek (Fenwick & Spinks, 1995:11; Senn, 2000:159; Psalmboek, 2001:129; Pecklers, 2003:1).

Die probleemstelling wat uit die oriëntering vloei en wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, is wat die aard en inhoud van die liturgie van die lewe is.

5.2 DOELSTELLING

Aangesien liturgie en liturgiese handelinge in 'n groot mate tot erediensgebeure beperk word (5.1), is dit in die eerste plek noodsaaklik om Skrifgefundeerd aan te toon dat liturgie vanuit die erediens oral en onder alle omstandighede in die daaglikse lewe beoefen behoort te word. Daarna is dit nodig om Skrifgefundeerd aan te toon dat liturgie in uitgebreide lewensterreine beoefen moet word wat vanuit die erediens uitkring. Dit is ten slotte nodig om in hierdie hoofstuk Skrifgefundeerd aan te toon hoe liturgie in eskatologiese perspektief daar uitsien, vanweë die feit dat die mens se liturgie in hierdie bedeling met sonde bevlek is.

5.3 METODE

Aangesien hierdie 'n teologiese studie is en die basisteorie primêr uit die Skrif gefundeer word, sal die liturgiese momente soos wat dit in

lewensliturgie vergestalting vind, uit die Skrif belig word. Eksegeties word daar volgens die grammaties-historiese metode te werk gegaan (Coetzee, De Klerk, Floor, 1980:12-26; Coetzee, 1997:1-14). Eerstens word daar vanuit snitte uit Handelinge 2, 4 en 5 aangetoon wat die wese van die liturgie van die lewe in die eerste Nuwe Testamentiese kerk was. Tweedens word daar vanuit die Bergpredikasie in Matteus 5-7 aangetoon wat die reikwydte van die lewensterreine is waarin liturgie beoefen behoort te word. Ten slotte word daar vanuit snitte uit Openbaring 4,14 en 21 gefokus op liturgie in eskatologiese perspektief.

5.4 DIE WESE VAN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE IN HANDELINGE 2:42-47; 4:32-37 EN 5:12-16

Die boek Handelinge word alom beskou as die Bybelboek wat die ontstaan en groei van die Nuwe Testamentiese kerk en die nuwe lewe en lewensstyl van die eerste Christene beskryf (Joubert, 1999:1379; Suggit, 1992:38). Eerstens sal daar gemotiveer word waarom enkele gekose snitte uit Handelinge relevant is vir die ondersoek na 'n begronding vir die liturgie van die lewe. Vervolgens sal liturgiese lyne uit die gekose Skrifgedeeltes belig word en laastens sal die liturgiese lyne verwerk word tot 'n samevattende konklusie.

5.4.1 Motivering vir die keuse van Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16 as ondersoekmateriaal

Die beredenering van die vraag na die geskiedenis van die samestelling van die boek in sy geheel, die skrywer, die datering en 'n gedetailleerde struktuurontleding val buite die omvang van hierdie studie.

Joubert (1999:1379) beskou Handelinge 2:42-47; 4:32-37 en 5:12-16 as drie "opsommings" wat 'n nuwe leefstyl vir nuwe mense in die eerste Jerusalemgemeente beskryf. Iets van die geweldige dinamika van hierdie Geesvervulde gemeente word deur Lukas as skrywer van die gemelde

Skrifgedeeltes verwoord (Taylor, 2001:1742). Die uitstorting van die Heilige Gees, wat die Skrifgedeeltes voorafgaan, het nie alleen 'n effek op die eerste gemeente as geloofseenheid gehad nie, maar ook op elke gemeentelid individueel: "the quality of Christian life developed in depth and intensity" (Barrett, 1994:160). Die uitstorting van die Heilige Gees het ook die era van die huiskerke ingelei en besondere klem op die eerste Christene se "own life of worship" gelê (Bovon, 1998:1514; Gempf, 1994:1074).

Die wyse waarop God direk na Pinkster in die Jerusalemgemeente, in die huiskerke wat ontstaan het en ook deur individuele gelowiges gedien is, vorm die basis vir die formulering van die lewensliturgie van die vroegste Christelike kerk. Aangesien die gekose Skrifgedeeltes uit Handelinge die dien van God in al drie *loci* beskryf, dien dit as motivering vir die keuse as ondersoekmateriaal.

5.4.2 Liturgiese lyne in Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16

5.4.2.1 Lewensliturgie in die lig van Handelinge 2:42-47

Handelinge 2:42-47 staan in 'n baie bepaalde konteks. Die uitstorting van die Heilige Gees (Hd 2:1-13) vorm die grond vir 'n nuwe lewe in gemeenskap met die lewende God (Cammeraat, 1995a:739). Toegeruste Christene na Pinkster het die opdrag ontvang om God op 'n ander wyse as vroeër volgens die destydse Joodse tradisie te dien en te eer, aangesien Christus die vervulling van die Ou Verbond is. Hierdie nuwe inhoud wat aan hulle liturgie gegee is, het groot spanning tussen die nuwe Christenbekeerlinge en die heidene veroorsaak (Marguerat, 2002:192-153). In Handeling 2:14-40 verduidelik die apostel Petrus wat die nuwe lewe van die Geesvervulde Christen inhou en dat die enigste weg tot redding die weg deur geloof in Jesus Christus is. Handelinge 2:41 meld dat 'n groot getal ortodokse Jode en waarskynlik ook Griekse heidene tot geloof in Christus gekom het (Stott, 1990:78-79). Handelinge 2:42 gee 'n

kernagtige beskrywing van die geestelike kwaliteite van die eerste gemeente (Van Zyl, 1987:26). Wat daarop volg (2:43-47), weerspieël die gedragskode, atmosfeer en gesindheid waarmee Christene liturgie in die vroegste Christelike gemeente beoefen het (Steyn, 1996:40).

Die vermelding van die vier geestelike kwaliteite in Handelinge 2:42 dien as kernvers wat in die res van die perikoop slegs verder omskryf word (Witherington, 1998:156,161). Loubser (1994a:64) maak die opmerking dat hierdie 'n beskrywing van die nuutgebore Christene weergee soos wat daar voorheen nie was nie en Bovon (1998:1513) sê: "These four elements summarize the main features of life in the newborn Church".

Die vier elemente word in twee dele saamgevat. Die leer van die apostels en gebede beskryf primêr die eerste Christene se verhouding tot God en die onderlinge verbondenheid en gemeenskaplike maaltye primêr hulle verhouding onderling tot mekaar (Barrett, 1994:162; Witherington, 1998:160). Vervolgens word hierdie vier eienskappe van nader belig.

5.4.2.1.1 Die volharding in die leer van die Apostels

In gehoorsaamheid aan Christus het die apostels in die tempel, sinagoges en in huise voortgegaan met die belangrike taak aan hulle opgedra naamlik die onderrig van die gemeente oor die koninkryk van God. Hiermee saam hang die wonders en tekens wat Christus deur hulle gedoen het (:43). Die reaksie van die eerste Christene was dat hulle die leer wat aan hulle verkondig is, met blymoedigheid aangeneem het en dat hulle hulle hele lewe daarvolgens ingerig het (Van Zyl, 1987:26). Die liturgiese element van Woordverkondiging in die tempel, sinagoges, sowel as tuis tesame met gehoorsaamheid aan die Woord word as wesentlik gestel in die funksionering van die eerste nuutgebore Christene in Jerusalem. Die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die samekoms en die liturgie van die lewe word binne die eerste gemeente baie organies voorgehou. Hulle was in alle opsigte gedring deur die leer wat deur die

apostels aan hulle gebring is. Woordverkondiging wat uitloop op die praktiese dien van God in alle lewensomstandighede, vind gemeentelik, huislik en individueel plaas (Barrett, 1994:162-163; Bovon, 1998:1513).

5.4.2.1.2 Onderlinge verbondenheid

Die onderlinge verbondenheid van die eerste Christene word weergegee met die begrip koinonia en moet ook in verband gebring word met eensgesindheid en gemeenskaplike besittings (:44-45). Dit moet egter sterk beklemtoon word dat hierdie gemeenskaplike besit geensins dieselfde betekenis dra as wat aan moderne kommunisme gekoppel word nie (Van Zyl, 1987:26). Opregte liefde vir mekaar het tot spontane onderlinge versorging van mekaar gelei. Dié wat in oorvloed gehad het, het van hulle eie besittings prysgegee om dié wat gebrek gely het te help. Vir Lukas staan dit vas dat Geesvervulde Christene daadwerklik vry raak om hulle medebroers en -susters in die Here nie alleen geestelik nie, maar ook met hulle besittings te begin dien. Dit is een van die kragtigste getuienisse wat van hierdie eerste gemeente uitgegaan het (Gempf, 1994:1073). Die liturgiese element van liefdesdiens wat aan medegelowiges in die daaglikse lewe betoon is, kom dus hier sterk tot uitdrukking (Witherington, 1998:161-162).

5.4.2.1.3 Gemeenskaplike maaltye

Vers 47 beskryf die praktyk van die gemeenskaplike maaltye wat waarskynlik ook op die sogenaamde liefdesmaaltye dui waarvan daar in 1 Korintiërs 11:20-22 sprake is (Vermaak & Janse van Rensburg, 2001:584-587). Die "breking van die brood" (1933 Vertaling) dui in hierdie konteks op armversorging en die viering van nagmaal. Dié wat nie broodgebrek gely het nie, het genoeg voedsel na gemeentebyeenkomste geneem om daar gemeenskaplik deur almal - ook die minderbevoorregtes - genuttig te word. Die viering van nagmaal het ook by dié geleenthede plaasgevind (Loubser, 1994a:63-64). Die heilsame effek van hierdie saameet geleenthede was

geloofsversterkend en het die eerste Christengemeente se solidariteit bevestig (Van Zyl, 1987:26). Die oorsprong van die sogenaamde huiskerke word ook hier gevind (Cammeraat, 1995a:750-751). Saameet, die viering van nagmaal, gemeentebyeenkomste in die tempel en by huise en die gee van liefdesgawes vir die diens van barmhartigheid is liturgiese elemente wat uit hierdie eienskap van die eerste Jerusalemgemeente voortvloei. Die dinamiese wisselwerking tussen erediensliturgie en lewensliturgie word in die leefstyl van hierdie eerste Christengemeente as besondere eienskap uitgelig.

5.4.2.1.4 Volgehoue gebede

Die toegewyde gebedslewe van die eerste Christene staan ook in verband met die tempelbyeenkomste (vers 46) en die lofprysing van God (:47; Van Zyl,1987:26). Hoewel dit nou 'n Christelike gemeente was, het hulle nie totaal met die Joodse tradisie gebreek nie. Hulle het steeds daagliks na die tempel opgegaan om op die gebruiklike gebedsure te gaan aanbid. Die sing van bepaalde Psalms het deel uitgemaak van hierdie gebedsbyeenkomste en was voorts besonderlik gekenmerk deur lofprysing (Cammeraat, 1995a:750). Die gesamentlike gebedsbyeenkomste was egter nie die enigste gebedsgeleenthede van die eerste Christene nie. Gebede het in die binnekamer, huise en daaglikse lewe voortgegaan as uiters noodsaaklike en sentrale liturgiese element (Witherington, 1998:163).

Hierdie wesenskenmerke van die eerste Christene in die Jerusalemgemeente moet beskou word as die belangrikste vier dele van die liturgie van die vroeë Christelike kerk (Taylor, 2001:1742). Bovon (1998:1513) voeg daarby "Thus the celebration of the liturgy is the image in miniature of the whole life of the community".

5.4.2.2 Lewensliturgie in die lig van Handelinge 4:32-37

Handelinge 4:32-37 is die tweede van drie "opsommings" wat die nuwe Geesvervulde lewe van die eerste Christene in die Jerusalemgemeente beskryf (Joubert, 1999:1379). Inhoudelik stem dit grootliks met die beskrywing van Handelinge 2:42-47 ooreen. Die konteks van gebeure verskil egter radikaal (Johnson, 1992:85). Die beskrywing van Handelinge 2:42-47 volg direk op die uitstorting van die Heilige Gees. Die eerste bekeerlinge was vol ywer en die hele volk was die gemeente goedgesind. Die omstandighede was dus uiters gunstig vir die snelle groei van die gemeente en die Here het inderdaad baie mense by die gemeente gevoeg (2:47). Kort daarna slaan die duiwel egter toe met fisiese vervolging en dreigemente (4:1-22). Die tweede beskrywing van die eienskappe van die eerste gemeente staan dus in die konteks van bedreiging. Die gemeentegetalle in die tweede beskrywing is ook reeds baie groter as in die eerste beskrywing. So verskil die konteks van die eerste en tweede beskrywing van die eienskappe in die Jerusalemgemeente (Stott, 1990:105).

Soos in die geval van Handelinge 2:42-47, moet Handelinge 4:32-37 ook teen die agtergrond van die werk van die Heilige Gees gelees word. Die reaksie van die gemeente op die bedreiging van die Joodse Raad was om tot volgehoue gebed oor te gaan (4:23-30). God antwoord hulle hulpgeroep deur sy teenwoordigheid aan hulle bekend te maak op 'n besondere wyse en deur die toerusting met krag van die Heilige Gees (4:31; Witherington, 1998:204). Die herbevestiging en herbekragtiging deur die Heilige Gees met die oog op die krisis waarin die gemeente hulle bevind het, het 'n drieledige gevolg gehad naamlik: dit het hulle eenheid nóg verder versterk (4:32), dit het hulle tot nóg kragdadiger getuienis gedring (Hd 4:33) en tot georganiseerde barmhartigheidsdiens aangespoor (4:34-37; Van Zyl, 1987:39).

5.4.2.2.1 Onderlinge eenheid

Marguerat (2002:122-123) stel dit onomwonde as feit dat die enigste ware eenheid 'n eenheid in die Gees is wat deur die Woord gewerk word en deur gebed versterk word. Dít was die eenheid waarmee hierdie eerste gemeente beskryf is. Die uitdrukking "een van hart en siel" is 'n unieke uitdrukking wat iets van die destydse Joodse en Griekse godsdiens en kultuur weerspieël het (Johnson, 1992:86). In die Hellenistiese literatuur dui die uitdrukking "een van siel" op 'n besondere vriendskapsverhouding waarin vriende mekaar ook materieel bystaan (Witherington, 1998:205). Die eenheid soos wat dit hier in Handelinge 4:32 beskryf word, kan moontlik die beste weergegee word as "friends are one soul...and hold all things in common" (Johnson, 1992:86). Dit is die wil van God dat Christene as Geesverenigde eenheid werklik op mekaar ingestel moet wees en nie bloot as los individue Hom moet dien nie (Taylor, 2001:1745). Vanuit liturgiese oogpunt is dit hier van belang om daarop te wys dat onderlinge eenheid nie alleen beperk word tot erediens nie, maar dat die eerste Christene se eenheid in hulle daaglikse omgang met mekaar sigbaar geword het.

5.4.2.2.2 Die getuieniskarakter

Die herbevestiging en herbekragtiging deur die Heilige Gees, het die apostels nóg kragdadiger laat getuig (4:33). Nieteenstaande die dreigende houding van die Joodse Raad, word Woordverkondiging nie gestuit nie. Die verwysing na die genade van God wat groot was oor die hele gemeente dui in hierdie geval op die effek van die Woord op die predikers en op die toehoorders (Van Zyl, 1987:39). Die apostels het enersyds met groot ywer die Woord verkondig en die Woord het andersyds 'n vernuwende effek op almal wat dit geglo het, gehad. Die dreigende houding van die Joodse Raad het tot gevolg gehad dat nie alleen die apostels nie, maar ook elke ander Christen van die grootheid van God begin getuig het (Stott, 1990:106-107). Liturgies gesproke is die

getuieniskarakter van elke Christen in sy daaglikse lewe belangrik om as eienskap van lewensliturgie te beklemtoon.

5.4.2.2.3 Barmhartigheidsdiens

Die prysgee van persoonlike besittings tot voordeel van ander, is die duidelikste bewys van die vernuwende effek van die Woord op die eerste Christene in die Jerusalemgemeente (Taylor, 2001:1745). In Handelinge 2:44-46 word vermeld dat die Christene spontaan van hulle eie besittings verkoop het en die geld spontaan uitgedeel het soos wat hulle dit goed geag het. In die tweede beskrywing in Handeling 4:32,34-37 word 'n ander werkswyse beskryf (Johnson, 1992:86-87). Omdat die gemeente te groot geword het, kon daar nie meer spontaan op ongeorganiseerde wyse geld uitgedeel word nie. Al die geld is na die apostels gebring sodat húlle op georganiseerde wyse geld aan die behoeftiges kon uitdeel (Bovon, 1998:1518). Later het dit geblyk dat die praktyk van georganiseerde barmhartigheidsdiens só omvangryk geword het dat daar spesiale manne daarvoor gekies is sodat die apostels van daardie spesifieke dienswerk onthef kon word om hulle aandag aan Woordverkondiging te wy (6:1-7; Stott, 1990:120-124). Die diens van barmhartigheid was liturgies gesproke dus 'n handeling onder die eerste Christene wat nie beperk was tot die formele samekoms van die gemeente nie, maar wat spontaan onderling sowel as georganiseerd beoefen is.

Vir die liturgie is die Geesverenigde eenheid waarbinne God gedien wil word, kragdadige Woordverkondiging, gehoorsaamheid aan die Woord en die beoefening van die diens van barmhartigheid die kernaspekte wat in Handelinge 4:32-37 uitstaan.

5.4.2.3 <u>Lewensliturgie in die lig van Handelinge 5:12-16</u>

Handelinge 5:12-16 is die laaste van die drie "opsommings" wat die dinamika van die leefstyl van die eerste Christene in die

Jerusalemgemeente beskryf. Ook hierdie perikoop staan in die konteks van die aanvegtinge van die duiwel. In Handelinge 5:1-11 word die kerk in 'n sonde-gebroke werklikheid gestel deur die beskrywing van die sonde van Ananias en Saffira (Barrett, 1994:251-252). Nogtans kon die duiwel nie die uitbreiding van die Woord, die saamkom van gelowiges en die uitleef van nuwe Christen geloof stuit nie (Stott, 1990: 113).

5.4.2.3.1 Die uitbreiding van die Woord

Anders as in die eerste twee "opsommings", word hier pertinent melding gemaak van die gawe van wonders deur die apostels. Hierdie beskrywing moet ook teen die agtergrond van die gelowiges se gebed gelees word, waar hulle gesmeek het om die gawe van wonders en God hulle gebed beantwoord het (4:30-31). Die gemelde wondergenesings in hierdie perikoop mag egter nie los van die Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees beskou word nie (Johnson, 1992:108). Deur die wonders word die krag van die Woord bevestig en die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die Nuwe Testamentiese kerk geïllustreer. Buitestaanders word deur die wonders aangegryp en deur Woordverkondiging wat daarop volg, bring die Heilige Gees die wat bestem is vir die ewige lewe tot geloof (Marguerat, 2002:120). Van belang vanuit liturgiese oogpunt, is die feit dat wondergenesings en die daaruit voortspruitende Woordverkondiging, nie beperk was tot formele saamkomgeleenthede van die gemeente nie, maar in die wandelgange van die daaglikse lewe plaasgevind het.

5.4.2.3.2 Die samekoms van die gelowiges

Die Jerusalemgemeente het in getalle steeds gegroei. Tempelsamekomste, soos dit die tradisie onder die Jode was, het steeds voort gegaan. 'n Groot getal nuwe bekeerlinge wat nog nie sterk in die geloof was nie, het in die geheim en moontlik in die kleiner kring van huiskerke hulle godsdiens op 'n ander manier en met 'n ander betekenis as vroeër begin beoefen (Witherington, 1998:221-224). Die besondere

vermelding van vroue wat ook in die geloofsgemeenskap van die sigbare kerk opgeneem is, was 'n verbreding van die destydse tradisionele beskouing (Johnson, 1992:107). Die seën van die Here was groot en die Jerusalemgemeente het kwalitatief en kwantitatief steeds bly groei (Marguerat 2002:114-115). Die merkwaardige van hierdie perikoop is dat Christene vanuit die daaglikse lewe die begeerte het om mekaar as geloofsgenote op te soek.

Die twee liturgiese elemente wat uit hierdie perikoop na vore kom is volgehoue Woordverkondiging en die begeerte van Christene om saam te kom.

5.4.2.4 ***Voorlopige samevatting van die liturgie van die lewe in Handelinge 2:42-47; 4:32-37; 5:12-16***

- In die boek Handelinge moet liturgie beskou word binne die kragveld van die uitstorting van die Heilige Gees. Geesvervuld het die eerste Christene in Jerusalem gesamentlik in die tempel, in kleiner groepe in huiskerke, maar ook individueel in die alledaagse lewe liturgie beoefen.
- Erediensliturgie en lewensliturgie is in die beskrywing van hierdie gemeente organies vermeng. Die liturgie van die erediens word voortgesit in die daaglikse lewe terwyl die gelowige vanuit die daaglikse lewe die begeerte het om weer saam te kom.
- Die eerste Christene het in gehoorsaamheid volhard in die leer van die apostels deur liturgie te bly beoefen ten spyte van vervolging. Woordverkondiging wat uitloop op die spontane dien van God in alle lewensomstandighede vind gemeentelik, huislik en individueel deur elke Christen plaas.
- Die onderlinge verbondenheid van die eerste Christene het sigbaar geword in liefdesdiens waarin medegelowiges mekaar nie alleen net geestelik nie, maar ook met hulle besittings begin dien het. Die diens van barmhartigheid was een van die kragtigste getuienisse

wat van hierdie eerste gemeente uitgegaan het en was nie beperk tot formele eredienste nie, maar was sigbaar in hulle daaglikse omgang met mekaar.

- Saameet, die viering van nagmaal, gemeentebyeenkomste in die tempel en by huise en die gee van liefdesgawes vir die diens van barmhartigheid is liturgiese elemente wat uit die gemeenskaplike maaltye van die eerste Jerusalemgemeente voortgevloei het.
- Die gebedslewe van die eerste Christene is gekenmerk deur gesamentlike gebedsbyeenkomste wat ook in die binnekamer, huise en daaglikse lewe voortgegaan het as uiters noodsaaklike en sentrale liturgiese element.
- Samevattend kan die liturgie van die lewe van die eerste Christene in die Jerusalemgemeente beskryf word as die sigbaar vernude optrede van nuwe mense in Christus wat God in alle omstandighede en te alle tye gedien het en voortspruitend daaruit ook mekaar in liefde gedien en ondersteun het.

5.5 LEWENSTERREINE WAARBINNE LITURGIE BEOEFEN MOET WORD

5.5.1 Liturgiese lyne in Matteus 5-7

5.5.1.1 Motivering vir die gebruik van Matteus 5-7 as locus classicus vir die bepaling van terreine waarbinne liturgie beoefen moet word

Dit val buite die omvang van hierdie studie om volledig eksegese van die hele Skrifgedeelte te doen. Omdat daar in hierdie studie spesifiek op liturgiese aspekte gekonsentreer word, sal daar slegs op bepaalde temas in die Bergpredikasie gefokus word wat verband hou met liturgie in bepaalde lewensterreine.

Van alle Skrifgedeeltes is daar sekerlik geen duideliker riglyne as juis in die

Bergpredikasie van wat dit prakties beteken om in die alledaagse lewe die Here God onder alle omstandighede te dien en die mens se Christenskap uit te leef nie (Blomberg, 1992:93-94). "The Sermon deals with the basic issues of living as a Christian in a secular society" (Domeris, 1990:67).

Hagner (1993:82-83) stel "the righteousness of the kingdom of God" as oorkoepelende tema van die Bergpredikasie. Hy onderverdeel hierdie tema dan in 'n persoonlike en 'n sosiale etiek wat hy "the ethics of the kingdom" noem. Robinson (1997:279) handhaaf 'n fyner indeling: hy onderskei "three levels of human existence, namely the individual personal, the public social, and the deeper cultural". Op persoonlike vlak word alle persoonlik religieuse aktiwiteite geag. Aspekte soos die huwelik en interpersoonlike verhoudinge sorteer onder die publiek sosiale dimensie. Die mens in sy verhouding tot die ekonomie, ekologie en die kerk ag hy weer as kultureel van aard. Gedagtig aan Robinson se indeling en met die oog op die navors van liturgiese lyne in die Bergprediking, word die volgende eie tema-indeling gedoen wat die lewensterreine vir liturgie omskryf :

- die mens in sy persoonlike verhouding tot God,
- die mens in sy verhouding tot die maatskappy en
- die mens in sy verhouding tot die kerk.

Die navorser is van oordeel dat hierdie tema-indeling omvattend is van die leefwêreld van die mens waarbinne liturgie beoefen moet word. In hierdie studie word daar uit die geheel van die Bergpredikasie slegs selektief op tersaaklike Skrifuitsprake gelet. Ten einde die verskillende lewensterreine waarin liturgie beoefen moet word nog duideliker te definieer, word daar vervolgens eers kortliks op die breër struktuur van die Bergpredikasie gelet.

5.5.1.2 Die struktuur van die Bergpredikasie

Hoewel 'n gedetailleerde struktuurontleding buite die omvang van hierdie

studie val, beklemtoon die besondere struktuur van die Bergpredikasie 'n belangrike liturgiese element wat direk betrekking het op hierdie studie. Eksegeties bestaan daar redelike eenstemmigheid dat die Bergpredikasie uit 'n inleiding, hoofdeel en 'n slot saamgestel is (Luz, 1989:212-213; Van Bruggen, 1990:84; Blomberg,1992:93; Hagner, 1993:84). Oor die presiese indeling van die hoofdeel loop die verskillende menings egter uiteen. Tog is dit opmerklik dat Jesus se gebed in Matteus 6:5-15 deur al die aangehaaldes uitgelig word as die spil waarom die hele Bergpredikasie in 'n mindere of meerdere mate draai.

Vanuit liturgiese oogpunt is die aksentuering van gebed van groot belang. "The structure of the Sermon on the Mount already clearly gives indications as to how it should be understood: The Lord's Prayer is its central text" (Luz, 1989:213). Die mens se persoonlike verhouding met God, die maatskappy en die kerk staan derhalwe direk binne die kragveld van gebed. Sonder die krag van gebed is die praktiese dien van God in gehoorsaamheid aan Sy wil nie moontlik nie.

5.5.1.3 Die mens se persoonlike verhouding met God

5.5.1.3.1 Die seënuitsprake

Van Zyl (1999:1123) spreek die mening uit dat die seënuitsprake (5:3-12) nie sonder rede die aanhef tot die Bergpredikasie vorm nie. Daardeur word die Goddelike indikatief as die grond van die imperatief wat in die res van die Bergpredikasie volg, gelê. Daar moet deurgaans in gedagte gehou word dat die Bergpredikasie in sy geheel 'n gesagvolle preek van Jesus Christus aan 'n groot skare is, wat positief met seën begin. In hierdie opsig toon die inleiding tot die Bergpredikasie merkwaardige ooreenkomste met die aanhef van die Tien Gebooie (Ek 20:1; Howard & Van Iersel, 2001:1476; Leske, 1998:1270). Die agt seënuitsprake getuig inhoudelik van 'n nuwe lewe in die koninkryk van die hemel wat in wese in stryd is met die lewensuitkyk van die wêreld (Cammeraat, 1995a:58-59). Elke mens

moet dus die eis van 'n nuwe lewe in Christus as lewenscredo najaag. Hierdie nuwe lewe begin by 'n hartsgesindheid van liefde vir God en word sigbaar in gehoorsaamheid aan Hom (Cammeraat, 1995a:59). So vorm die seënuitsprake waarmee die Bergpredikasie begin die grond vir 'n nuwe lewe in Christus wat die mens se verhouding met homself, sy medemens, die samelewing in geheel, die natuur en bo alles sy verhouding met God bepaal. Ten diepste gaan dit "oor mense wat deur God geseënd genoem word omdat hulle deel het aan sy koninkryk en daarom met blydskap kan doen wat reg is" (Van Zyl, 1999:1123). Die kern van 'n persoonlike verhouding met God lê in die strewe na volmaaktheid (Mt 5:48) wat beteken "dat mensen weer gaan leven naar Gods beeld en gelijkenis (Gen 1,27) en zijn liefde weerspiegel" (Howard & Van Iersel, 2001:1483). Prakties beteken dit dus dat Christus deur hierdie preek geseëndes leer om God met toewyding in die daaglikse lewe te dien.

5.5.1.3.2 Woordomgang

Die wyse waarop Christus die Woord (in hierdie geval nog slegs die Ou Testament) hanteer in die Bergpredikasie, dien tot voorbeeld vir die mens om self ook lewend met die Woord om te gaan (Cammeraat, 1995a:58-59). Matteus 5:17-20 dien in hierdie verband as die grond van persoonlike Woordomgang. Christus het immers nie gekom om die Wet en die Profete ongeldig te maak nie, maar om dit sy ware en volle betekenis te gee. "Jezus zet zelf die bijbel op de eerste plaats. Hij zegt: 'Ik kom juist de wet vervullen'. Geloven in Jezus betekent dan ook dat we de hele bijbel serius moeten nemen" (Van Bruggen, 1985:28).

In Matteus 5:21-48 verduidelik Christus aan die hand van ses verskillende situasies wat die vervulling van die Ou Testamentiese Wet in die praktyk beteken (Howard & Van Iersel, 2001:1479). Hierdie Skrifgedeelte staan as die ses teenstellings bekend omdat elke perikoop met die woorde "maar Ek sê vir julle..." begin (vgl. 5:22; Fuller,1988:956; Van Zyl, 1999:1124). Telkens beklemtoon Christus die hartsgesindheid waarmee die eis

uitgevoer moet word teenoor kliniese wetsgehoorsaamheid sonder liefde. "De Heere Jezus maakt met behulp van een aantal voorbeelden duidelijk waar het God in Zijn Wet om gaan: om liefde. Alle uiterlijke Wetsonderhouding die niet voortkomt uit liefde tot God en de medemens, heeft geen enkele waarde voor God" (Cammeraat, 1995a:59). Getroue daaglikse omgang met die Woord versterk die mens se liefde vir God en lei hom om God met die regte hartsgesindheid in gehoorsaamheid te dien (Van Bruggen, 1985:27-28). Sodoende vorm die Woord van God die grond vir alle liturgiese handelinge in alle lewensomstandighede.

5.5.1.3.3 Gebedsomgang

'n Tweede belangrike aspek van die mens se persoonlike verhouding met God is sy gebedslewe. Gedagtig aan die struktuurontleding van die Bergpredikasie in sy geheel, is dit begryplik dat Christus sy volgelinge noukeurig onderrig het in die openbare en binnekamer gebedslewe (6:5-15) tesame met die hele saak van gebedsverhoring (7:7-12). "Gebed lê die hart van die bergrede ...bloot" (Van Zyl, 1999:1126).

Christus se onderrig handel in wese oor drie hoofmomente. Eerstens waarsku Hy teen openbare gebedsvertoon (Leske,1998:1276). Hy wys die lang openbare gebede van die Fariseërs af as uiterste vorm van huigelary omdat hulle nie die eer van God daarin soek nie, maar dit misbruik as toonbeeld van geloofshoogmoed (Mt 6:5). So kan veral die openbare gebed "een toneelstuk worden in plaats van communicatie met God" (Howard & Van Iersel, 2001:1484). "Not the place does damage, but the manner and the aim" (Luz,1989:359).

Die tweede hoofmoment in Christus se onderrig handel oor die liturgiese handeling van binnekamer gebedsroetine (Mt 6:6; France, 1994:913). Die noodsaak van die opdrag van binnekamer-afsondering (in die Bybelse tyd was dit 'n donker stoorkamer aan die buitekant van die huis) is om die teenwoordigheid van God sonder enige steurnis of afleiding op te soek.

"De binnenkamer is voor ieder persoonlijk nodig...omdat het ons voor niemand minder plaats dan voor de heilige en almachtige God zelf" (Van Bruggen, 1985:56). Wanneer Christus die "Onse Vader" as modelgebed aan sy volgelinge leer, is dit die eenvoud en soberheid wat opval teenoor die hoogdrawende gebede van die Fariseërs van destyds (Cammeraat, 1995a:64-65; Howard & Van Iersel, 2001:1484). France (1994:913) som die wese en noodsaak van die binnekamergebed kort en bondig op: "True prayer is not a technique nor a performance, but a relationship".

In Matteus 7:7-12 word die derde hoofmoment in die onderrig oor die gebedslewe beskryf as die opdrag tot gebedsvolharding in samehang met die sekerheid van gebedsverhoring. Hierdie opdrag en sekerheid is gegrond in die verbondsrelasie tussen God en die mens waarin God die gewer is van alles wat goed is (Cammeraat, 1995a:75). France (1994:913) waarsku egter met reg teen die dwaalleer van 'n voorspoedsteologie wat valslik verkondig dat gebedsverhoring van menslike opregtheid en inset afhang: "Persistence in prayer...can expect an answer not because of the technique used but because of the God who is being addressed". Die regte verstaan van die verhouding tussen vra en ontvang is 'n ingewortelde geloofsaak omdat gebedsvolharding nie 'n waarborg is dat die bidder sal ontvang wat hy vra nie. God wat die Kenner van elke hart is, weet immers beter as die mens self wat vir die mens die beste is (Leske, 1998:1280). Geloofskennis en –insig in die verhouding tussen gebedsvolharding en gebedsverhoring, is noodsaaklik ter wille van geloofsvrede (Luz, 1989:422).

Christus se gebedsonderrig het ten diepste ten doel om die mens in sy persoonlike verhouding met God te verenig (Howard & Van Iersel, 2001:1484). As liturgiese handeling in die daaglikse lewe kan dit dus nie genoegsaam beklemtoon word nie.

5.5.1.3.4 Vas

Hoewel die gebruik van vas in die Bergpredikasie in dieselfde konteks as

gebed hanteer word (Mt 6:16-18; Cammeraat, 1995a:75), is dit tog 'n eiesoortige liturgiese handeling wat 'n prominente plek in die godsdiens van die destydse Jodedom beklee het (Howard & Van Iersel, 2001:1485). Onder die volk was dit gebruiklik om op die Groot Versoendag en op ander spesiale dae vir die hele dag lank te vas (Sg 7:1-14). Luz (1989:361) noem hierdie geleenthede "public fasting" omdat die hele volk op daardie spesifieke dag daaraan meegedoen het. Tydens sulke vasgeleenthede het die volk gewoonlik niks geëet of gedrink nie, vodde aangetrek en as op hulle hoofde gegooi. Die simboliek daaraan verbonde was teken van rou en totale verootmoediging (Fuller, 1988:959; Leske, 1998:1278).

Die Fariseërs het die gewoonte gehad om buiten op vasgestelde feesgeleenthede ook nog twee maal per week te vas "om Mozes' ontvangst van de Wet op de berg Sinai te gedenken" (Howard & Van Iersel, 2001:1486). In die Bergrede het Christus teen hulle verkeerde motiewe gewaarsku omdat hulle met groot vertoon gevas het om daardeur hulle voortreflikheid bo die res van die volk te toon (Mt 6:16). Christus het deur hierdie waarskuwing egter nie die praktyk van individuele vas veroordeel nie, maar die verkeerde gesindheid daarvan: "De mensen hoeven het niet te zien: God moet het weten!" (Van Bruggen, 1985:61). Lloyd-Jones (1987a:34) betreur die moderne neiging dat Christene vandag nie meer vas nie: "fasting has almost disappeared from our lives and even out of the field of our consideration". Hy is van mening dat dit in oorreaksie is op die leer van die Rooms Katolieke uit die Middeleeue. Luz (1989:361-362) lig ook die gebruik van individuele vas uit as 'n onontginde skat en verwoord die waarde daarvan in die volgende opmerking: "The text does not only give a special Christian motivation...but simply presupposes it as an expression of piety in order to inculcate the right orientation of the fasting person to God alone".

5.5.1.3.5 Voorlopige samevatting

- Die eerste lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is

dié van die mens in sy persoonlike verhouding tot God.

- In die Bergpredikasie word hierdie verhouding eerstens beskryf in die seënuitsprake in Matteus 5:3-12. Die verbonsindikatief vorm in hierdie perikoop die grond vir die imperatief van 'n lewe in volmaaktheid voor God.
- Die tweede liturgiese handeling in die Bergpredikasie wat die mens se persoonlike verhouding met God beskryf, is getroue Woordomgang. Daarin was Christus die mens tot voorbeeld.
- Gebedsomgang is die derde liturgiese handeling wat die mens se persoonlike verhouding met God beskryf. Die struktuur van die Bergpredikasie bevestig inhoudelik die belangrike plek wat gebed in die lewe van die mens moet inneem.
- Vas vorm die laaste liturgiese handeling wat die persoonlike verhouding met God in die Bergpredikasie beskryf. Hoewel die beoefening daarvan minder algemeen is, blyk die waarde daarvan uiters geloofsversterkend te wees.

5.5.1.4 Die mens se verhouding tot die maatskappy

Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie moet beoefen is waar hy in 'n verhouding tot die maatskappy staan. Die maatskappy sluit in die konteks van die Bergpredikasie die mens in sy verhouding tot sy lewensmaat, sy medemens, die owerheid, die ekonomie en die ekologie in.

5.5.1.4.1 Die mens in die huweliksverhouding

In Matteus 5:27-32 verkondig Christus sy wil met betrekking tot die mens in die huweliksverhouding. Hierdie Skrifgedeelte handel in wese oor die heiligheid en die onverbreekbaarheid van die huwelik (Fuller, 1988:957). Teenoor die wettiese uitleg van die sewende gebod deur die Fariseërs, verklaar Christus die Goddelike bedoeling daarvan (5:27-28). God eis van elkeen ook gedagte-heiligheid ten opsigte van die seksuele (Leske, 1998:1274). Dit val op dat dit die man is wat in hierdie geval aangespreek

word as die een wat die heiligheid van die huwelik moet beskerm. Tog is dit die Goddelike opdrag aan beide man en vrou om heilig en eerbaar binne en buite die huwelik te leef (Howard & Van Iersel, 2001:1481).

Die onverbreekbaarheid van die huwelik word in Matteus 5:31-32 ook teen die agtergrond van die wettiese uitleg van die Fariseërs verklaar. "Men legt dit gebod zo uit dat de man voor het minste of geringste van zijn vrouw mag scheiden, als hij haar maar een scheidbrief geeft" (Cammeraat, 1995a:60). Christus benadruk die wil van sy Vader dat owerspel die enigste grond vir egskeiding is (5:32), omdat owerspel in sy wese reeds egskeiding impliseer (Luz, 1989:297). Die wedersydse gesindheid van man en vrou in die huwelik word ook implisiet in die uitleg van die sewende gebod aangespreek. Sonder opregte liefde vir mekaar voldoen die huwelik nie aan die Goddelike bedoeling daarvan nie (Cammeraat, 1995a:59-60). Liefde vind sy diepste grond in eenvlesigheid: "Marriage is not a civil contract, or a sacrament; marriage is something in which these two persons become one flesh" (Lloyd-Jones, 1987a:257).

Die eis tot 'n heilige onverbreekbare huwelik soos wat dit in die Bergpredikasie uiteengesit is, kry 'n diepte-dimensie in die toepassing daarvan in Efesiërs 5:31-32. God se verbondsverhouding met die mens in die Ou Testament word in die huwelik afgebeeld en in die Nuwe Testament word Christus die bruidegom en sy kerk die bruid genoem (Op 19:7-9). Dit spreek dus vanself dat die huweliksverhouding tussen man en vrou gegrond moet wees in hulle verhouding tot God.

Die huwelik is die nouste en mees intieme terrein waarbinne man en vrou liturgie moet beoefen. Uit Christus se preek is dit duidelik dat man en vrou die opdrag het om binne die huweliksverhouding nougeset volgens die eis van God se gebooie te leef. Dit is die wil van God dat beide man en vrou heilig en eerbaar met mekaar sal saamleef en dat daar met die uiterste sorgsaamheid oor die onverbreekbaarheid van hulle huwelik gewaak sal word. Hulle huwelik moet immers deurentyd 'n weerspieëling wees van die

verbondsverhouding tussen God en sy kerk. Voorts dien die huwelik ook as basis vir die gesin om 'n gevestigde gesinsliturgie te kan vorm waarin God met toewyding en liefde vereer kan word (Trokan, 1998;286-288).

5.5.1.4.2 Die mens in sy verhouding tot sy medemens

In die Bergpredikasie is daar vier uitsprake wat direk betrekking het op die mens in sy verhouding tot sy medemens (5:21-26; 5:38-42; 5:43-48; 7:1-6). In elkeen van hierdie vier perikope waarsku Christus teen die menslike emosie van kwaadwilligheid in die een of ander vorm teenoor 'n ander mens. Die Fariseërs het die Ou Testamentiese wet op so 'n wyse geïnterpreteer dat hulle regverdiging daarvoor gevind het om wanneer dit hulle self pas, in vyandskap met hulle naaste te leef (Cammeraat, 1995a:59-60). Wanneer Christus hierdie verdraaide wetsuitlegging weerlê, bevestig Hy Homself as die betroubare uitlegger van God se wet (Van Zyl, 1999:1124).

5.5.1.4.2.1 Matteus 5:21-26

Die oortreding van die gebod "jy mag nie moord pleeg nie", vind nie alleen plaas in die eksplisiete daad nie, maar ook in woorde en gedagtes (Howard & Van Iersel, 2001:1480). "The commandment is broken whenever one does harm to another, whether it be physical, mental, or spiritual" (Leske, 1998:1273). Aan die hand van twee voorbeelde wys Christus verder daarop dat die mens steeds nie die gebod nakom wanneer daar slegs van kwaadwilligheid afgesien word nie. Elkeen het die verpligting om positief die kwaad met die goeie te oorwin volgens die wil van God (Fuller, 1988:957). Luz (1989:289-290) beklemtoon die uitgebreide betekenis van die medemens tot wie elkeen in 'n bepaalde verhouding staan. In die eerste voorbeeld maan Christus elkeen tot versoening met sy medegelowiges en in die tweede voorbeeld ook tot almal buite die geloofsgemeenskap. Die mens moet in vrede en in liefde tot sy naaste leef.

5.5.1.4.2.2 Matteus 5:38-42

Die natuurlike reaksie van die mens wanneer hy te na gekom word, is dié van vergelding. Die Fariseërs het vir hierdie menslike reaksie regverdiging gevind deur Eksodus 21:23-25 letterlik te verstaan en toe te pas. By wyse van antitese wys Christus egter daarop dat: "The old Torah injunction was not intended to encourage revenge, but to restrict it" (Fuller, 1988:957). Die navolger van Christus word opgeroep om allerlei kreatiewe maniere te bedink en in werking te stel om geweld met liefde te beveg (Van Zyl, 1999:1125). Liefde vir die medemens weerstaan immers wraak en vergelding (Howard & Van Iersel, 2001:1482).

5.5.1.4.2.3 Matteus 5:43-48

Nêrens in die Ou Testament word daar goedkeurend daarna verwys om jou naaste te haat nie. Die enkele verwysings na haat, soos byvoorbeeld in Psalm 137:7-9 en 139:19-24, mag egter nie buite konteks gelees en veralgemeen word nie (Leske, 1998:1276). Die enigste bronverwysing wat die Fariseërs werklik kon gebruik vir die regverdiging van hulle standpunt om wel in sekere omstandighede hulle naaste te kon haat, was die Joodse interpretasie uit 'n Qumran geskrif '1QS 1:9-10' (Fuller, 1988:957; Luz, 1989:339). Christus weerlê egter hulle dwaling deur klem te lê op die liefdesgebod wat alle vyandskap oorbrug: "reaching out to people in love and concern is the way of fulfilling the Law and the prophets...There are no distinction to be made between neighbours and enemies, for all are the recipients of Gods' love and consequently are to be recipients of ones' own love" (Leske, 1998:1276). Liefde vir die vyand vind 'n diepte-dimensie in die opdrag tot pertinente voorbidding (Howard & Van Iersel, 2001:1483).

5.5.1.4.2.4 Matteus 7:1-6

Wanneer Christus die veroordeling van die medemens verbied, het Hy in die eerste plek die hoogmoedigheid van die Fariseërs in die oog (Lloyd-

Jones,1987b:158). Die onderskeid tussen oordeel en veroordeel, lê nie in die sonde wat die sondaar begaan nie, maar ten diepste in die gesindheid waarmee die sonde weerlê word (Cammeraat, 1995a:74). Sonde mag nooit stilswyend aanvaar word nie, maar moet in liefde beveg word. Die hiperbool van die timmerman wat spreekwoordelik met 'n balk in sy eie oog 'n splintertjie uit die oog van sy naaste wil haal, is 'n ernstige waarskuwing teen alle vorme van hoogmoed, ligvaardigheid, harteloosheid, boosaardigheid, kwaadwilligheid en liefdelose (ver)oordeling van die naaste (Cammeraat, 1995a:74; Howard & Van Iersel, 2001:1487).

Die mens in sy verhouding tot sy medemens is 'n lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word (5.5.1.4.2). Ook hierdie verhouding is gegrond in die dien van God in gehoorsaamheid. Liturgies gesproke het Christus die weg vir 'n nuwe lewe in heiligheid vir die mens in sy verhouding tot sy naaste neergelê. Dit is die wil van die Here dat die mens die sesde gebod sal gehoorsaam (5:12-26), nie vergeldend teenoor sy naaste sal optree nie (5:38-42), sy vyand sal liefhê (5:43-48) en nie in hoogmoed sy medemens sal veroordeel nie (7:1-6). Die diepste grond van die mens se verhouding tot sy medemens is opregte liefde vir God en daarom ook vir sy naaste.

5.5.1.4.3 Die mens in sy verhouding tot die owerheid

In die Bergpredikasie is daar twee indirekte verwysings wat 'n beskrywing gee van die mens in sy verhouding tot die owerheid. In Matteus 5:25-26 word melding gemaak van 'n regsgeding en Matteus 5:33-37 handel oor eedswering.

5.5.1.4.3.1 Matteus 5:25-26

Wanneer Christus die noodsaaklikheid van versoening beklemtoon, gebruik Hy 'n dreigende regsgeding om die konsekwensie van die vermaning te beklemtoon. Die regsgeding waarvan hier melding gemaak word, is waarskynlik 'n "Hellenistic financial lawsuit" (Luz, 1989:281). Dit was onder

die Jode van destyds gebruiklik om 'n skuldenaar aan die gereg oor te gee om agterstallige skuld in te vorder. In uiterste gevalle is die skuldenaar gemartel of as slaaf verkoop of in die tronk gegooi totdat iemand die skuld betaal het (Lloyd-Jones, 1987a:29). Die opvallende van hierdie kort verwysing na 'n regsgeding is dat Christus dit nie afwysend veroordeel nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die owerheid inderdaad deur bepaalde wetgewing die regte van die individu moet beskerm (Luz, 1989:290).

5.5.1.4.3.2 Matteus 5:33-37

Die waarskuwing teen die ligvaardige aflegging van die eed, staan in die Bergpredikasie in kultiese konteks (Leske, 1998:1275). Christus veroordeel die Fariseërs se dwaalleer oor die gebruik van die eed. Uit valse skroom het die Jode van ouds nie die Godsnaam eksplisiet genoem nie, maar plaasvervangers daarvoor gebruik (5:34-36). Dit kom egter neer op die oortreding van die derde gebod, want telkens wanneer die eed op so 'n leuenagtige manier afgelê word, word God se Naam bespot (Van Zyl, 1999:1125). Uit die konteks van Christus se lering oor die eedswering is dit duidelik dat die noodsaaklike aflê van die eed nie verbied word nie. Tydens sy verhoor het Christus immers in gehoorsaamheid daarop gereageer (Mt 26:63-64; Lloyd-Jones, 1987a:267). In die praktyk is dit egter wenslik dat die gebruik van eedswering beperk behoort te word tot uiterste situasies waar veral die owerheid die waarheid deur eedswering vereis (H.K.,So. 37; Luz, 1989:321-322).

Hoewel die mens se verhouding tot die owerheid in die Bergpredikasie slegs implisiet hanteer word, kan hierdie verhouding positief weergegee word as dat dit God se wil is dat die mens die owerheid moet gehoorsaam en onder die gesag daarvan moet buig. Gedagtig aan die definisie dat liturgie die dien van God in alle lewensterreine is, is Christus se lering oor die mens in sy verhouding tot die owerheid hier van belang. Gehoorsaamheid aan die owerheid beteken gehoorsaamheid aan die wil

van God. Hierdie gehoorsaamheid aan die wil van God vorm 'n deel van lewensliturgie.

5.5.1.4.4 Die mens se verhouding tot die ekonomie

In die Bergpredikasie is daar veral vier perikope wat die mens se verhouding tot geld en materiële versorging beskryf. In Matteus 6:1-4 lê die opdrag tot armversorging; in 6:19-21 maan Christus teen misplaaste prioriteite; 6:24 waarsku teen gierigheid en 6:25-34 handel oor die sorge van die lewe.

5.5.1.4.4.1 Matteus 6:1-4

Armversorging was 'n belangrike faset van die Joodse en vroeg-Christelike gemeenskapslewe (Van Zyl,1999:1126). Armes was ten volle aangewese op die vrygewigheid van individue. Die gee van aalmoese is deur die Here self voorgeskryf (Dt 15:7-11) en as deel van die godsdienstige bepalings. Dit moet gesien word as 'n manier om God se gawes met mekaar te deel in verbondsrelasie (Leske, 1998:1277). Lloyd-Jones (1987b:18) beklemtoon dat die opdrag tot armversorging meer inhou as bloot die gee van geld: "Almsgiving, of course, means helping people, giving money, time, anything you like which is going to help people". Die skynheilige bymotiewe waarmee die Fariseërs aalmoese aan die armes uitgedeel het, was egter bloot om eersug (Cammeraat,1995a:63). Hierteen het Christus Hom openlik uitgespreek. Die beginsel wat Christus vir armversorging stel word kort en bondig deur Howard en Van Iersel (2001:1484) saamgevat: "Een kind van God geeft aalmoezen en fanfare, spontaan en pretentieloos, zo dat zelfs de linkerhand niet weet wat de rechterhand doet. God allen weet het en zegent". Daar waar armversorging uit liefde vir Christus geskied, word lewensliturgie sigbaar in 'n Christen se lewe.

5.5.1.4.4.2 Matteus 6:19-20

Die mens koester van nature die onversadigbare begeerte om aardse skatte te besit (Cammeraat, 1995a:70). Omdat God self aardse besittings uitdeel na die maat wat dit Hom behaag, is privaat besit ten volle geoorloof (Luz, 1989:393-394). In hierdie perikoop waarsku Christus egter teen die oordrewe drang na aardse rykdom om daardeur lewenssekuriteit te bekom (Van Bruggen, 1985:63). Die mens se aardse lewe moet altyd in ewigheidsperspektief gesien word. Aardse skatte is verganklik en die oordrewe drang daarna plaas 'n sluier op sy uiteindelike lewensdoel en bestemming. 'n Christen behoort altyd die regte perspektief te behou van: "I am not the possessor of these things; I merely have them on lease, and they do not really belong to me. I cannot take my wealth with me, I cannot take my gifts with me. I am but a custodian of these things" (Lloyd-Jones, 1987b:84).

Van belang vir die liturgie, is die mens in sy relasie tot aardse besittings. Die oordrewe drang daarna maak daarvan 'n afgod wat 'n belemmering is in sy verhouding tot God. Positief gesproke word God juis verheerlik deur die mens in sy omgang met aardse besittings, wanneer die mens besef dat wat hy is en het, alles genade uit die hand van die Here is.

5.5.1.4.4.3 Matteus 6:24

In hierdie enkele teksvers word die waarskuwing na die oordrewe drang na aardse rykdom tot 'n hoogtepunt gevoer. Die drang na geld kan so sterk ontwikkel, dat dit prioriteitsgewys 'n belangriker plek in die lewe van die mens kan inneem as sy persoonlike verhouding met God (Luz, 1989:399). Dit is teen hierdie agtergrond dat Christus God en Mammon (die Aramese woord vir geld) teenoor mekaar stel as onverenigbare "Here" (Van Zyl, 1999:1128). Cammeraat (1995a:70) voer aan dat die smag na aardse rykdom ten diepste 'n bewys van ongeloof is omdat die mens die belofte van God se troue versorging nie ten volle vertrou nie. Rykdom lei ook

makliker tot verdere gierigheid (Van Bruggen, 1985:66).

Ook uit hierdie perikoop waarsku Christus dat die dien van die Here negatief beïnvloed kan word deur misplaaste prioriteite. God moet altyd ook met die geld wat Hy uit genade skenk, in die alledaagse lewe gedien word.

5.5.1.4.4.4 Matteus 6:25-34

Die lewe in Galilea in die tyd van Jesus was as gevolg van swaar tol- en belastinggeld van die owerheid en as gevolg van ramings en tiendes van die kant van die Fariseërs, gekenmerk deur geldbesorgdheid en 'n oorlewingsdrang onder die volk Israel (Howard & Van Iersel, 2001:1486). Sorge van die lewe het die gevaar om in die weg te staan van die mens in sy persoonlike verhouding tot God. Die beskrywing van die voëls se kommervrye bestaan (6:26) en die veldlelies se moeitevrye prag (6:28-30), illustreer teen daardie spesifieke agtergrond God se allesomvattende versorging van die mens (Van Zyl, 1999:1128). Die sonde van die mens se lewensangs en kommer oor sy daaglikse bestaan word daardeur aan die kaak gestel. As God die voëls en die lelies van die veld so volmaak versorg, hoeveel te meer sal Hy dit nie vir die mens as die kroon van Sy skepping doen nie? (Leske, 1998:1279). Groter as die sorge van die lewe, is die opdrag dat die mens hom allereers moet beywer vir die koninkryk van God en die nakom van Sy wil (6:33). Om God te dien en te verheerlik, weeg swaarder op as enige materiële saak.

Die mens se verhouding tot geld en ander materiële aspekte is deel van die lewenswerklikheid waarbinne liturgie beoefen moet word. Alle materiële sake moet binne die raamwerk van God se allesomvattende versorging van sy skepping beskou word. Die mens is alleen maar rentmeester van dit wat deur God aan hom toevertrou word, en uit dit wat hy ontvang moet hy ook uitdeel aan behoeftiges. Armversorging bly egter altyd 'n saak tussen God en mens alleen. Al gaan dit ook met 'n kind van God materieel

gesproke moeilik, leef die mens onder die sekere belofte van God se troue versorging. Geldgierigheid mag nooit die allesoorheersende dryfveer van die mens se bestaan word nie. God wil dat die mens Hom ook in en deur geld en ander materiële dinge in liefde sal dien.

5.5.1.4.5 Die mens in sy verhouding tot die ekologie

Christus beskryf nie direk die mens se verhouding tot die ekologie nie. Tog is daar enkele metafore uit die natuur waaruit bepaalde afleidings gemaak kan word met betrekking tot die mens in sy verhouding tot die natuur. Per slot van rekening is die natuur ook een van die samelewingsverbande waarbinne liturgie beoefen moet word. Dit is opvallend dat Christus in sy lering in die Bergpredikasie in die meeste gevalle wanneer Hy 'n metafoor uit die natuur gebruik van teenstellings in die natuur gebruik maak om 'n bepaalde geloofswaarheid te verduidelik. Hierdie metafore "are used because of the contrast 'useless / useful' ... 'dangerous / useful'" (Luz, 1989:422).

5.5.1.4.5.1 Matteus 5:13

Sout wat sout is staan hier teenoor sout wat verslaan het. Eersgenoemde is waardevol terwyl laasgenoemde waardeloos is en weggegooi word om deur mense vertrap te word. Deur hierdie teëstelling word die mens se gehoorsaamheid/ongehoorsaamheid aan sy sendingroeping beskryf (Maleya, 2001:37).

5.5.1.4.5.2 Matteus 6:19

Dit is alom bekend dat motte klerasie en roes yster verniel (Lloyd-Jones, 1987b:80). Christus gebruik hierdie spesifieke metafoor om die verganklikheid van aardse skatte, wat deur motte en roes verniel kan word, teenoor die onverganklikheid van hemelse skatte, wat onaantasbaar is, te beklemtoon (Cammeraat, 1995a:70)

5.5.1.4.5.3 Matteus 6:26-30

Die kommervrye bestaan van die voëls (:26) en die moeitevrye prag van die veldlelies (:28), word in hierdie geval teenoor die lewensangs en bekommernis van die mens gestel (Van Zyl, 1999:1128). Gras wat die een dag nog lowergroen is, maar die volgende dag verdor het, word in hierdie selfde perikoop ook antiteties gestel. Dit dui in hierdie geval op die totale verganklikheid van alle geskape dinge (Leske,1998:1279).

5.5.1.4.5.4 Matteus 7:9

Die teëstellings "klip/brood" en "slang/vis" dui in hierdie bepaalde konteks op die totaal verhewe wyse waarop God die mens soveel beter as die mens homself versorg. "The one who is founded on faith in the heavenly Father can, in the - admittedly ambiguous - experience of earthly fathers, recognize helpful pointers to the heavenly Father" (Luz, 1989:422).

5.5.1.4.5.5 Matteus 7:15-20

In hierdie perikoop word vier teëstellings gebruik om een enkele geloofswaarheid te bevestig. Skape/wolwe, druiwe/doringstruike, vye/dissels en 'n goeie boom/slegte boom dui op disharmonie in die natuur. So staan die waarheid wat deur Christus verkondig word, teenoor die dwaalleer van die vals profete (Luz, 1989:442).

5.5.1.4.5.6 Matteus 7:24-27

Die laaste metafoor wat betrekking het op die natuur, is die teëstelling tussen die effek van stormreën en vloedwaters op 'n huis wat op sand en 'n huis wat op rots gebou is. Eersgenoemde hou nie stand teen die natuurelemente nie, terwyl laasgenoemde nie deur die vloedwaters meegesleur is nie. Christus gebruik hierdie metafoor om die verskil tussen geloofsstandvastigheid en -onstandvastigheid te verduidelik (Van Bruggen,

1985:87).

Hoewel Christus in die Bergpredikasie nie direk die verhouding van die mens tot die natuur beskryf nie, kan daar nogtans uit die gebruik van gemelde metafore uit die natuur bepaalde afleidings in hierdie verband gemaak word. Enersyds moet die mens se afhanklikheid van die natuur om te kan oorleef uitgelig word, en andersyds die mens se nietigheid en weerloosheid teenoor sekere natuurelemente. Die mens vorm onlosmaaklik deel van die skepping is sy geheel. Binne hierdie geskape werklikheid moet die mens God ook in sy verhouding tot die natuur dien.

5.5.1.4.6 Voorlopige samevatting

- Die tweede lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is die mens in sy verhouding tot die maatskappy. Onder die maatskappy resorteer aspekte rakende die mens in sy verhouding tot sy lewensmaat in die huwelik, sy medemens, die owerheid, die ekonomie en die ekologie.
- Omdat die huwelik 'n weerspieëling is van die verbondsverhouding tussen Christus en sy kerk, het beide man en vrou die opdrag om volgens die eis van die Woord eerbaar met mekaar saam te leef en noulettend te waak teen die onverbreekbaarheid van hulle huwelik.
- Die aard van die verhouding tussen die mens en sy medemens word direk deur sy liefde tot God bepaal. Opregte liefde verbied benadeling, vergelding, wraak en hoogmoedige veroordeling van sy naaste.
- Die owerheid is 'n Goddelike instelling en daarom het die mens die roeping om die owerheid te gehoorsaam en te eerbiedig.
- Die mens se verhouding tot die ekonomie staan in die raamwerk van God se troue versorging van sy skepping. Die mens bly deurentyd slegs rentmeester van dit wat God aan hom toevertrou het. Elkeen moet meedoen aan armversorging en niemand mag ooit in gierigheid verval nie.

- In sy verhouding tot die ekologie, staan die mens se afhanklikheid van en nietigheid teenoor die natuur uit.
- Die liturgiese lyn wat uit die mens in sy verhouding tot die maatskappy getrek kan word, is dat God gedien word deur mense wat in elke samelewingsverband nougeset volgens die eis van sy Woord lewe.

5.5.1.5 Die mens in sy verhouding tot die kerk

5.5.1.5.1 Die kerk as sentrale lewensterrein vir liturgie van die lewe

Die mens in sy verhouding tot die kerk vorm in die Bergpredikasie die derde lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word. Hoewel Christus nie hierdie bepaalde verhouding direk in die Bergpredikasie hanteer nie, werp die konteks waarbinne die Bergpredikasie staan besondere lig op hierdie verhouding. Die enkele verwysings in die Bergpredikasie self wat wel op hierdie verhouding betrekking het, sal ook belig word.

5.5.1.5.1.1 Matteus 4:23-25

Die gebeure soos beskryf in Matteus 4:23-25 het direk aanleiding gegee tot die Bergpredikasie (Davies & Allison, 1988:413; Cousland, 2002:101-102). Die relevansie van hierdie perikoop is Christus se optrede in Galilea en die omstreke. Anders as in die geval van Johannes die Doper na wie mense in die woestyn gegaan het, het Christus van dorp na dorp gegaan "to sought out listeners" (Davies & Allison, 1988:413). Die verwysing na Christus se besoeke aan sinagoges (:23) was tiperend van sy metode van evangelieverkondiging (Luz, 1989:205). Die sensasie van sy wonders kort na die begin van sy openbare optrede, het massa-toestroming na Hom tot gevolg gehad. "Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg" (4:25). Die logiese afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat Christus bloot om praktiese

redes die groter ruimte van 'n nabygeleë berg opgesoek het om die groot skare volgelinge te kon akkommodeer (Davies & Allison, 1988:413-414). Die Bergpredikasie kan in daardie opsig dus beskou word as verlengstuk van die sinagoge. Liturgies gesproke is die punt van belang dat Christus uitgereik het om mense rondom Hom te versamel met die oog op lering. Daar mag dus tot die gevolgtrekking gekom word dat lewensliturgie veranker is in die liturgie van die samekoms.

5.5.1.5.1.2 Matteus 5:13-16

Hierdie perikoop beklemtoon die sterk missionêre karakter van die kerk (Maleya, 2001:62-85). Die uitdrukking "sout vir die aarde" vind sy oorsprong in Levitikus 2:13 en herinner aan die verbond met God. Hierdie metafoor dui ook op die heilsame effek wat die regte gebruik van sout in die alledaagse gebruikslewe het (Howard & Van Iersel, 2001:1478). Die simboliese betekenis en die heilsame effek daarvan word in hierdie Skrifgedeelte in verband gebring met die mens se roeping op aarde. "...they are to be that permanent living people – covenant that would draw others together into a living relationship with God" (Leske, 1998: 1272).

Die tweede metafoor is dié van lig wat teenoor duisternis gestel word (:14). Hierdie teëstelling is 'n bekende metafoor wat die werke van God teenoor die werke van Satan uitdruk (Luz, 1989:251). Die roeping van die mens as ligdraer hier op aarde, is om so te leef dat sy lewenswyse 'n sigbare getuienis sal wees van gehoorsaamheid aan God en Gods lig daardeur weerspieël word. Hierdie roeping moet individueel en kollektief beskou word (Howard & Van Iersel, 2001:1478-1479). Die missionêre karakter van die kerk word kragtig verwoord in Lloyd-Jones (1987a:18) se standpunt "that what the Church needs to do is not to organize evangelistic campaigns to attract outside people, but to begin herself to live the Christian life. If she did that, men and women would be crowding into our buildings".

Liturgie hou direk verband met die missionêre karakter van die kerk. God moet binne alle samelewingsverbande deur alle mense gedien en verheerlik word. Omdat Hy egter nie deur alle mense gedien word nie, is dit die besondere opdrag van die kerk om uit te gaan na alle volke, tale en nasies om die Evangelie aan hulle te bring. Deur gehoorsaamheid aan hierdie opdrag ontvang God die eer.

5.5.1.5.1.3 Matteus 6:5

In hierdie vers waarsku Christus teen die skynheilige motiewe van die Fariseërs se gebede in die sinagoges. In die ou Joodse tradisie was die sinagoge in besonder die plek van gebed en lering uit die Ou Testamentiese geskrifte (Luz, 1989:358). Die positiewe strekking van hierdie vers is die beklemtoning van 'n gebedsgemeenskap in die sinagogale tradisie (Llyod-Jones, 1987b:46). In hierdie perikoop word daar dus duidelik melding gemaak van die liturgie in die samekoms.

5.5.1.5.1.4 Matteus 7:15-20

Christus het nie alleen die roeping van sy kerk benadruk nie, maar sy kudde ook teen die dwaalleer van die vals profete gewaarsku. Die grootste gevaar van hierdie dwaalleraars is dat hulle uit die kerk self kom en op baie subtiele wyse gelowiges mislei (Lloyd-Jones, 1987b:241-242). Liturgie deur saamgekome gelowiges word negatief beïnvloed deur dwaalleer wat vanuit die kerk voortspruit.

5.5.1.5.2 Voorlopige samevatting

- Die eerste belangrike aspek in die mens se verhouding tot die kerk is die erkenning dat Christus die inisiatief neem om mense tot gemeenskap met Hom te roep. Die praktyk van erediens is dus aan God te danke en vorm die sentrale uitgangspunt vir liturgie.
- Die kerk bestaan voorts ook nie ter wille van haarself nie, maar bo

alles ter wille van die eer van God se Naam. God het daarom in besonder Sy kerk uitgekies en versamel om liturgie te beoefen.

- Die kerk het 'n sterk missionêre roeping wat gedra word deur gebed.
- Christus beskerm sy kerk deur haar te waarsku teen dwaalleer.

5.5.1.6 ***Samevatting van die lewensterreine van die liturgie van die lewe in Matteus 5-7***

- Die begrip "Bergpredikasie" verduidelik presies wat Matteus 5-7 in sy wese is: dit is naamlik 'n gesagvolle preek van Jesus Christus aan 'n groot skare van volgelinge. Liturgies gesproke is hier dus van 'n vorm van erediens sprake.
- Die inhoud van hierdie preek van Christus moet egter nie net aangehoor word nie, maar moet in gehoorsaamheid aan Sy wil in die praktyk van die daaglikse lewe uitgeleef word. Erediensliturgie gaan lewensliturgie dus vooraf.
- Die eerste lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is dié van die mens in sy persoonlike verhouding met God. In die Bergpredikasie vorm die verbondsindikatief die grond vir die imperatief van 'n lewe in volmaaktheid voor God. Woordomgang, gebedsomgang en vas behoort as liturgiese handelinge uitgelig te word om te dien as inhoud van 'n lewensliturgie wat die mens se persoonlike verhouding met God beskryf.
- Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie beoefen, is in sy verhouding tot die maatskappy. Die maatskappy sluit in die konteks van die Bergpredikasie, die mens in sy verhouding tot sy lewensmaat, sy medemens, die owerheid, die ekonomie en die ekologie.
- Die derde lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word is die mens in sy verhouding tot die kerk. Die konteks van die Bergpredikasie benadruk Christus se besorgdheid oor mense daarin dat dit Hy is wat die inisiatief neem om mense tot gemeenskap met Hom te roep.

- Christus het in sy bergprediking swaar klem gelê op die praktyk van lewensliturgie. Met groot nadruk het Hy as Leermeester die mensdom geleer hoe om liturgie binne alle lewensterreine met toewyding en liefde te beoefen om God daardeur te dien en te verheerlik.
- Samevattend kan die liturgie van die lewe vanuit die Bergpredikasie beskryf word as 'n dinamiese ontmoetingsgebeure wat vanuit die samekoms oorvloei na die daaglikse lewe en wat in besonder gerig is op menslike handelinge wat verrig word wanneer God, nie net in die gemeentelike samekoms nie, maar ook deur elke Christen persoonlik, in sy huis, die maatskappy en ook weer kerklik, ontmoet word.

5.6 LITURGIE IN ESKATOLOGIESE PERSPEKTIEF

5.6.1 Die liturgie in Openbaring 4:1-5:14, 14:1-5 en 21:1-5

5.6.1.1 Motivering vir die keuse van Openbaring 4:1-5:14, 14:1-5 en 21:1-5 as ondersoekmateriaal

Die beredenering van die vraag na die geskiedenis van die samestelling van die boek in sy geheel, die skrywer, die datering en 'n gedetailleerde struktuurontleding val buite die omvang van die studie. In bogemelde Skrifgedeeltes word daar slegs op tersaaklike liturgiese elemente gefokus.

Liturgie dui op wat mense persoonlik, huislik, in die maatskappy en kerk doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid, dien en verheerlik. Hierdie liturgie is egter sedert die sondeval totaal gebrekkig (Fenwick & Spinks, 1995:11; Senn, 2000:159; Psalmboek, 2001:129; Pecklers, 2003:1). Senn (2000:159) gaan so vêr as om te sê dat gemeet aan die mens se opdrag om sy Skepper te dien en te verheerlik, lewensliturgie "as we know from everyday experience, barely exists". Die mens se mees opregte godsdiensbeoefening is immers steeds met sonde

bevlek (H.K., So. 3, Vr. 8). Vanweë die sonde is daar by die mens die verlange om van die verslawing en verderf van die sondeval bevry te word. Eskatologies gesproke roep die mens dus om ook ten opsigte van sy liturgie nuutgemaak te word om God in volle heiligheid te kan dien. Teenoor die gebroke liturgie waarmee die mens God in hierdie bedeling vereer, word daar in Openbaring 5:9 en14:3 luisterryk melding gemaak van die "nuwe lied" as verteenwoordigend van geheiligde liturgie waarmee God in die hemel vereer word (Court, 1994:89). Aan hierdie sondelose liturgie van die "nuwe lied" sal elke mens wat nuutgemaak sal word, deel (Op 21:5). Vir die doeleindes van hierdie studie is die vermelde perikope waarbinne die "nuwe lied" en die belofte dat alles met die wederkoms nuut gemaak sal word, dus van belang. Daaruit word die herskape liturgie van die toekomstige bedeling aan die mens in die huidige bedeling openbaar.

5.6.1.2 Die nuwe lied in die konteks van Openbaring 4:1-5:14 en 14:1-5

In Openbaring 5:9 en 14:3 word melding gemaak van 'n nuwe lied wat deur verskillende wesens by verskillende geleenthede gesing is. Die vraag wat hieruit ontstaan is of hier van twee verskillende nuwe liedere melding gemaak word en of dit dieselfde lied is wat slegs verskillend opgeteken is. Desrosiers (2000:39) waarsku teen rigiede afleidings uit die boek Openbaring aangesien die boek in sy geheel teen die agtergrond van die feit dat dit apokaliptiese stof is, gelees en verstaan moet word. Die openbaring aangaande die toekomstige bedeling is immers nie bedoel om deurgrond te word nie, maar om met verwagting uit te sien na die vervulling van beloftes (Court, 2000:7-8; Walhout, 2000:16).

Tog blyk dit asof die verwysing na die twee nuwe liedere in werklikheid slegs een lied is wat uit verskillende kontekste beskryf is (Morris, 1987:96,171). Hoewel die kontekste van beskrywing verskil, is die nuwe lied telkens gebind aan die werk van Jesus Christus. In Openbaring 5:9 word daar na Hom verwys as die Lam wat as Verlosser opgetree het,

terwyl daar in Openbaring 14:3 na Hom verwys word as Oorwinnaar en Regter wat oor Satan triomfeer (Groenewald, 1986:83,147). Om Jesus Christus as Verlosser en Oorwinnaar te eer, word 'n nuwe lied gesing.

In die Ou Testament word op verskeie plekke melding gemaak van 'n nuwe lied (Ps 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; Jes 42:10), maar hier in Openbaring is die lied wat gesing word nuut omdat Christus deur sy dood en opstanding die genade-bedeling van die nuwe verbond ingelei het. Die woordjie nuut hou verband met die herskepping van alle dinge (Smit, 2003:65) en kom nege keer in die boek Openbaring voor. Daar is sprake van 'n nuwe naam (2:17; 3:12), die nuwe Jerusalem (3:12; 21:2), die nuwe hemel en die nuwe aarde (21:1) omdat God alles nuut gemaak het (Knight, 1999:65,102; Morris, 1987:96-97).

Die Griekse term wat in die gemelde verse vir nuut gebruik word, is καινος *(kainos)*. καινος dui op wat nuut is omdat dit nooit oud sal word nie, nooit sal verwelk nie en nooit sal vergaan nie. Dit is 'n nuutheid wat nie môre of oormôre ou nuus sal wees nie (Smit, 2003:67). Dit is nuutheid wat ewige verwondering afdwing (De Klerk, 2003-Preek). Liturgie wat met sonde bevlek is, word dus in hierdie bedeling beoefen binne die konteks van die belofte van nuwe sondelose liturgie in die bedeling wat nog moet kom.

Uit die gekose perikope is dit duidelik dat die mens nie die enigste lewende wesens is wat liturgie beoefen nie. Openbaring 4 en 5 toon 'n klimaktiese opbou. Johannes sien in 'n visioen die hemele geopen (4:1). Die eerste wat sy oog opval is 'n troon (4:2). Hy wat op die troon sit kan en mag egter nie beskryf word nie. Hierdie gesig vervul Johannes met verwondering.

Dig by die troon van God sien Johannes vier lewende wesens (4:6b-11). Ten spyte van enkele verskille toon hierdie vier lewende wesens merkwaardige ooreenkomste met die vier lewende wesens wat in Esegiël 1:5-14 beskryf word. Hierdie wesens het in hulle gestalte iets van 'n mens,

'n bul, 'n leeu en 'n arend. "The mightiest among the birds is the eagle, the mightiest among the domestic animals is the bull, the mightiest among the wild animals is the lion, and the mightiest among all is man" (Morris, 1987:89). Hulle versinnebeeld die totaliteit van die skepping en is die belangrikste onder die geskape wesens. Die feit dat hulle in vier windrigtings kyk, dien as aanduiding dat hulle beheer het oor die hele ruimtelike skepping (Knight, 1999:61). Die werk van die vier lewende wesens is om leiding te neem by die aanhef van die lofsang (4:8) en om die wil van God uit te voer (6:1-7). In die eerste van vyf liedere (4:8) hef die vier lewende wesens die drie maal heilig lofsang aan waardeur hulle God verheerlik (Groenewald, 1986:78). Hy is die Here God sonder begin of einde.

In 'n tweede konsentriese sirkel rondom die troon van die Here sien Johannes vier-en-twintig ouderlinge (4:4). Vier-en-twintig is 'n simboliese getal wat herinner aan die dienswerk van die priesters en die Leviete in die tyd van Dawid (1 Kr 24:4; 25:9-31). Teen hierdie agtergrond word die doel van die vier-en-twintig hemelwesens bekend. Hulle is daar om die heerlikheid van God te besing, om die gebede van die gelowiges voor die troon te bring en om met wierook en met 'n siter in die hand, die nuwe lied te sing. "Hulle sou dus gedui kon word as die leiers van die liturgiese verrigtings in die hemel" (Groenewald, 1986:76). Hierdie hemelwesens verteenwoordig die triomferende kerk (Knight, 1999:60) en herinner aan die belofte dat: "The church is invited to join in the heavenly worship" (Court, 1994:118). Telkens wanneer die vier lewende wesens die heerlikheid van God besing, kniel die vier-en-twintig ouderlinge voor God wat op sy troon sit (4:9,10).

By die lofsang van die vier lewende wesens, val ook die vier-en-twintig ouderlinge in (4:10). Sonder ophou besing hulle almal saam die lof van God. Die gekombineerde lofsang van die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge soos beskryf in Openbaring 4:11, verskil wesentlik van die nuwe lied in Openbaring 5. "This liturgical passage is exclusively

monotheistic and it makes no reference to the heavenly Christ. The liturgy becomes binitarian in ch. 5, but only once the sovereignty of God has been established" (Knight, 1999:61). Hierdie hemellied wat slegs deur die vier hemelwesens en die vier-en-twintig ouderlinge gesing word, word vanuit die hemel uitgebrei na 'n nuwe lied waarin die ganse skepping deel het. So baan die gekombineerde lofsang die weg vir die sing van die nuwe lied in Openbaring 5.

Soos reeds vermeld, is die inhoud van die nuwe lied Jesus Christus as Verlosser en Oorwinnaar/Regter wat oor Satan triomfeer (Groenewald, 1986: 83,147). Die lied self kan breedweg in drie strofes opgedeel word (Court, 2000:57; Morris, 1987:97). Die gekombineerde koor van die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge uit die hemel is die eerste om die nuwe lied te sing. Anders as in die eerste twee liedere van Openbaring 4 waarin die heerlikheid van God op sy troon besing is, word die heerlikheid van die Lam in die eerste strofe van die nuwe lied besing. Nadat hulle alleen die eerste strofe van die nuwe lied gesing het (5:9,10), volg die tweede strofe wat deur 'n ontelbare menigte van engele gesing word (5:12). Ook in hierdie strofe word die heerlikheid van die Lam besing. Die derde strofe bou op tot 'n klimaks wanneer "die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is", saam in sangstem uitbreek, hierdie keer tot lof en heerlikheid van God én die Lam (5:13). Deel van hierdie universele lofprysing is die simboliese honderd-vier-en-veertig duisend uitverkore mense op wie se voorkoppe die Naam van die Vader en die Lam geskrywe staan (14:1,3; Walhout, 2000:142). Hierdie honderd-vier-en veertig duisend mense verteenwoordig alle Christene deur al die eeue heen en moet derhalwe beskou word as die kerk wat Christus vir Hom vergader het om Hom te dien (Knight, 1999:102). "For the congregation has increased beyond the four living creatures and the twenty-four elders. It now comprises the one hundred and forty-four thousand servants of God who were selected and sealed...to sing God's praise to the accompaniment of harp music" (Court, 1994:30).

Vir 'n derde maal kniel die vier-en-twintig ouderlinge as verteenwoordigend van die kerk voor God om Hom te aanbid en "Die vier lewende wesens het gesê: 'Amen'" (5:14).

Vir De Klerk (2003) lê die sleutel van nuut wees en die nuwe lied in verwondering vir God. Die grond vir verwondering is die genade dat die mens in Jesus Christus 'n nuut verloste skepsel is. Wát die mens ook al sing, as hy dit in verwondering vir God sing, dan is dit deel van die nuwe lied. Alle liedere bly dus nuut solank as wat die grootheid van God met verwondering besing word. Dit spreek dus vanself dat die nuwe lied slegs deur Christene gesing kan word en dat dit altyd met ontsag gedoen moet word. Die nuwe lied is egter nie beperk tot die formele samekomste van die gemeente nie. Dit moet vanuit die erediens voortvloei na alle huise. Ook in die huise van Christene moet God met verwondering besing word (De Klerk, 2003) en dan weer vanuit die huise weer saamvloei tot een groot koor by die samekoms van gelowiges.

Die sing van die nuwe lied dui egter op meer as hoorbare sang. Dit behoort binne die konteks van Openbaring te verwys na liturgie in die wydste sin. Deur die bril van apokaliptiek word iets van die sondelose liturgie in die hemel aan die mens op aarde openbaar. Die simboliese honderd-vier-en-veertig duisend sal God in volkome heiligheid dien (Walhout, 2000:142).

Die sing van die nuwe lied in hierdie bedeling op aarde, word steeds gedoen in totale sonde gebrokenheid (Court, 2000:57). Ons nuwe lied roep daarom na die nuwe hemel en die nuwe aarde wanneer God alles nuut sal maak (21:5). Waar ons aanbidding en verwondering tans deur die sonde verdof word, sal dit na die wederkoms volkome geheilig wees. Dan sal God die volle eer ontvang van sy kerk (Senn, 2000:60).

5.6.1.3 *Samevatting van die liturgie in Openbaring 4:1-5:14 en 14:1-5*

- In die gekose Skrifgedeeltes uit Openbaring, word 'n dimensie van sondelose hemelse liturgie aan die "in-sonde-gevalle-mens" op aarde openbaar.
- Hierdie volmaakte liturgie word beskryf aan die hand 'n visioen waarin verskillende lewende wesens 'n nuwe lied sing. Die inhoud van hierdie nuwe lied is gebind aan Jesus Christus wat Homself openbaar as Verlosser en Oorwinnaar/Regter oor Satan.
- Die nuwe lied word gesing deur die vier lewende wesens rondom die troon van God, die vier-en-twintig ouderlinge, 'n skare van ontelbare engele, die honderd-vier-en-veertig duisend uitverkorenes en uiteindelik kosmologies alles wat bestaan. Hierdie gemelde dienende singende wesens verteenwoordig almal wat deel in die ewige lewe.
- In die hemelse liturgie word geen onderskeid tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe getref nie.
- Al beoefen die mens tans op aarde nog liturgie in gebrokenheid, leef hy nogtans in die belofte dat ook sy liturgie in die lewe van die toekomstige bedeling, volkome nuut en heilig sal wees.

5.7 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE AARD VAN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

Uit die navorsing gedoen in hierdie hoofstuk kan die volgende basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe geformuleer word:

- Die liturgie van die lewe dui vanuit bepaalde perikope uit Handelinge op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in die praktyk van hulle daaglikse lewe.

- Die lewensterreine waarin liturgie in die daaglikse lewe beoefen moet word, is volgens Christus se lering vanuit die Bergpredikasie allesomvattend:
    - Die eerste lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is dié van die mens in sy persoonlike verhouding met God.
    - Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie moet beoefen, is in sy verhouding tot die maatskappy.
    - Die derde lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is die mens in sy verhouding tot die kerk.
- In Openbaring word 'n dimensie van sondelose hemelse liturgie aan die "in-sonde-gevalle-mens" op aarde openbaar waarin die belofte uitgespreek word dat die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid en in afsonderlike sfere beoefen word, in die toekomstige bedeling na die wederkoms nuut, sondeloos en as eenheid in die hemel beoefen sal word.

HOOFSTUK SES
BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR DIE BEPALING VAN DIE AARD VAN DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

6.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Dit het reeds in hierdie studie aan die lig gekom dat die begrip "liturgie", binne die konteks van die Skrif 'n eng en wye betekenis dra (1.1.1). In eng konteks het dit die betekenis van handelinge wat deur die mens verrig word wanneer hy God in die erediens ontmoet en dien. In ruimer konteks het liturgie die betekenis van handelinge wat deur die mens verrig word wanneer hy God ook in die daaglikse lewe ontmoet en dien. Die begrip liturgie omsluit sowel die erediensliturgie as die liturgie van die lewe. Die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is onskeibaar, ondeelbaar, hoogstens onderskeibaar.

In hoofstuk een is aangetoon dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe in 'n bepaalde verband tot mekaar staan en wisselwerkend op mekaar inwerk (1.1.1.2). Daar is ook aangetoon dat 'n leemte in navorsing bestaan oor die aard van hierdie genoemde wisselwerking (1.1.2). Die sentrale probleem wat hierdie studie onderlê is daarom juis die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens.

In hoofstuk twee is die liturgie van die erediens en die lewe vanuit die Skrif begrond. Beide se begronding is in die sentrale tema van die verbond en koninkryk gevind en daarom kan dit nie van mekaar geskei word nie (2.4).

In hoofstuk drie is basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens gestel (3.4.3). In hoofstuk vier is daar op basisteoretiese perspektiewe gefokus wat in die liturgiese hoofmomente en daaruit voortspruitende liturgiese handelinge in die erediens gevind word (4.7).

In hoofstuk vyf is basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe vasgestel (5.7). Die lewensterreine waarin die gelowige sy liturgie moet beoefen is ook vanuit die Skrif vasgestel (5.5). Verder is basisteoretiese perspektiewe ook gestel vir liturgie in eskatologiese perspektief (5.6).

Die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is egter nog nie bepaal en sistematies uiteengesit nie.

6.2 DOELSTELLING

In hierdie hoofstuk sal vanuit die voorafgaande hoofstukke basisteoretiese beginsels neergelê word wat die ideale aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe aandui. Hierdie basisteoretiese beginsels sal as raamwerk dien vir die navorsing in die metateoretiese en praktykteoretiese afdelings.

6.3 METODE

Om basisteoretiese beginsels vir die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vas te stel, word 'n sintese uit die bevindinge van die voorafgaande navorsing gemaak. Hieruit word basisteoretiese beginsels geformuleer om die aard van die wisselwerking van die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe aan te dui.

6.4 SINTESE VAN BEVINDINGE UIT HOOFSTUKKE TWEE TOT VYF

6.4.1 Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe uit hoofstuk twee

Die vertrekpunte soos geformuleer in 2.6 word hieronder weergegee waarna 'n basisteoretiese beginsel daaruit geëkstraheer word. (Ter wille van duidelikheid word na die **B**asisteoretiese **V**ertrekpunte as **BV** verwys.)

BV1 Die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif dien as begronding vir die liturgie en berus primêr in die gemeenskapsbeoefening waardeur God Homself vrymagtig aan die mens verbind (verbond) en te gelyke tyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).

BV2 Die wyse waarop die begrip שרת in die Ou Testament, λειτουργία in die Nuwe Testament en "liturgie" in kontemporêre konteks gebruik word, dui daarop dat daar oorwegend klem gelê word op liturgie as kultiese diens in en verbandhoudend met die tabernakel en tempel en later Nuwe Testamentiese kerk, hoewel dit duidelik is dat liturgie ook uitkring tot die hele lewe.

BV3 Vanuit die begronding en begripsomskrywing is dit duidelik dat liturgie rondom die ontmoeting van en diens aan die Lewende God sentreer wat vanuit die erediens in die binnekamer en huis en vandaar in al die ander lewensterreine van die gelowige voortgesit word.

6.4.1.1 Samevatting van basisteoretiese vertrekpunte

- Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond en is derhalwe onskeibaar, ondeelbaar hoogstens onderskeibaar: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig.

6.4.2 Basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens uit hoofstuk drie

Die basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die erediens soos geformuleer in 3.4.3 word hieronder weergegee waarna 'n basisteoretiese beginsel daaruit geëkstraheer word. (Ter wille van duidelikheid word na die **B**asisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die **E**rediens as **BE** verwys).

BE1 Die wese van die liturgie van die samekoms bestaan, volgens 1 Korintiërs 12-14, uit die volgende uitvloeisels van die werk van die Heilige Gees:

- Die gemeente se belydenis dat Jesus alleen Here is;
- Die uitdeel van Geestesgawes aan die gemeente om God te kan dien onder die erediens en in die daaglikse lewe;
- Die gawe van agape-liefde wat die grond is vir opregte liturgie;
- Liturgiese handelinge wat gesamentlik gefokus is in die belydenis dat God waarlik onder Sy saamgekome kinders teenwoordig is;
- Orde wat ruimte laat vir gesamentlike deelname aan die erediens en inhoud aan die liturgie van die samekoms gee.

BE2 God self het in die Ou Testament die liturgiese inhoud en vorme van die tempeldiens tot in die fynste besonderhede bepaal sodat dit sinvol, ordelik, en tot die eer van Sy Naam verloop het. Liturgiese handelinge soos sang, gebed, danksegging, offer, skuldbelydenis, onderrig, seëntoesegging, versoening en skuldvergewing het deel gevorm van die tempelliturgie.

BE3 In die sinagogale liturgie wat beheersend was in die vroeë Nuwe Testament, is daar ten minste vyf liturgiese hoofmomente onderskei, naamlik: die *Shema* (Dt 6:4-9); gebede of opheffing van hande; lesing en

vertaling van verskillende gedeeltes uit die wet (in 154 dele verdeel) en die profete (Lk 4:16-21); verklaring van een of meer gedeeltes uit die Skrif (Hd 13:16-48) en seënbede (Nm 6:24-26).

BE4 Uit die vroeë apostoliese geskrifte kan die afleiding gemaak word dat daar in die eerste Christelike kerke geen uitvoerige liturgie was nie en dat godsdiensbeoefening in daardie tyd 'n baie sterk huislike karakter gedra het.

BE5 Uit die geskrifte van die latere kerkvaders blyk dit dat godsdiensbeoefening 'n meer kerklike karakter begin inneem het en dat die orde en vormgewing van die liturgie vanaf die Sinode van Nicea (325), al strakker en meer gereglementeer is.

BE6 Die grootste waarde van die reformasie vir die liturgie was dat die vorm en inhoud van die liturgie, anders as in die Middeleeue by die Roomse kerk, weer uit die Woord vasgestel is. Vanuit die reformasie is die bydrae van veral Luther, Zwingli, Butzer en Calvyn van betekenis vir die ontwikkeling van 'n Skrifgefundeerde liturgiese orde waarin die ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders deur sy Woord en Gees, sentraal staan.

BE7 Vir die liturgie lê die waarde van die Nasionale Sinode van Dordtrecht (1618-1619) in die feit dat daar liturgiese formuliere vasgestel is wat nie liturgiese volgorde gereglementeer het nie, maar wat die onontbeerlike hoekpilare vir die liturgie van die erediens vasgestel het.

BE8 Navorsing van Sinodebesluite in die GKSA, toon dat die fokus deur die jare heen vanaf voorskriftelikheid in terme van liturgiese volgorde onder die erediens verskuif het na die wesentlike liturgiese hoofmomente. Hierdie hoofmomente, wat reeds op Dordt 1618-1619 vasgestel is, bestaan uit die ontmoetingsdiens (*introïtus*), die verootmoedigings- en versoeningsdiens, die Woorddiens en die antwoorddiens. Onder elkeen

van hierdie hoofmomente is 'n aantal liturgiese handelinge te onderskei en die liturgiese volgorde onder die erediens word aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat.

BE9 Die bydrae van kontemporêre teoloë tot die liturgie lê daarin dat die kommunikatiewe dinamika van die ontmoetingsgebeure onder die erediens deurgaans beklemtoon word. Hoewel daar nuanse verskille by hulle is, kan daar nogtans bepaalde liturgiese hoofmomente by elkeen onderskei word wat die orde van die erediensliturgie bepaal. Die effek van die ontmoetingsgebeure op die mens wat 'n direkte invloed op sy liturgiese belewing en verantwoordelikheid het, is vir die doeleindes van hierdie studie van groot waarde.

6.4.2.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die erediens

- Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

6.4.3 Basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge van die erediens uit hoofstuk vier

Die vertrekpunte soos geformuleer in 4.7 word hieronder weergegee waarna basisteoretiese beginsels daaruit geëkstraheer word. (Ter wille van duidelikheid word na die **B**asisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese **H**andelinge van die erediens as **BH** verwys).

BH1 Die dialogiese karakter van die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.

BH2 Erediens begin by God wat die gelowige reeds gedurende die week deur sy Woord en Gees roep en voorberei om Hom Sondag in sy huis te ontmoet.

BH3 Die mens reageer daarop deur in gehoorsaamheid, voorbereid, en met verwagting na die erediens te gaan.

BH4 Die votum is die gelowige se antwoord op God wat geroep het en dit geskied in die vorm van 'n belydenis: enersyds is dit 'n belydenis van afhanklikheid teenoor die Here en andersyds is dit 'n triomfantlike verklaring teenoor die wêreld dat die gelowige se hulp alleen in die Naam van die Here is.

BH5 Die ontmoetingseën is God se antwoord op die mens se votum en dit bestaan uit toesegging van genade, liefde en vrede waardeur die gemeente bemagtig word om Hom in die erediens te kan ontmoet.

BH6 Sang is die gemeente se antwoord op God wat in die erediens ontmoet word en gee uitdrukking aan die gelowige se verwondering, verootmoediging, versoening en verbintenis wat uit hierdie ontmoeting spruit.

BH7 Die geloofsbelydenis, as antwoord op die Goddelike ontmoeting, is gerig op God, op medegelowiges en op die wêreld.

BH8 Die dekaloog is gegrond in God se heilsindikatief van verlossing in Christus en staan as imperatief sentraal vir die uitleef van 'n dankbaarheidslewe.

BH9 Verootmoediging en versoening vorm as liturgiese handelinge 'n eenheid en dwing die gelowige tot skuldbelydenis en dankbaarheid vir verlossing in Jesus Christus.

BH10 Gebed en Woordbedienig word as liturgiese elemente onlosmaaklik aan mekaar verbind: God praat deur die Woord en die mens antwoord gelowig op God se spreke deur gebed.

BH11 Skriflesing vorm die primaat van die erediens en bewerk 'n drieërlei ontmoeting, naamlik tussen God en die mens, die mens en God, en die mens met sy medemens.

BH12 Prediking is 'n kommunikatiewe handeling wat uit Skriflesing voortvloei en dra na sy aard gesag aangesien dit as inhoud die verkondiging van heil in Jesus Christus verkondig.

BH13 Die gee van liefdesgawes is 'n offer van dankbaarheid wat voortspruit uit die groot offer van Christus wat in elke erediens sentraal staan.

BH14 Die seën aan die einde van die erediens is nie 'n slotseën nie, maar 'n wegstuurseën waardeur die gemeente deur God drie-enig bekragtig word om die liturgie van die erediens in die daaglikse lewe voort te sit.

BH15 Deur te antwoord met "Amen" na die wegstuurseën, eien elke geseënde gelowige daardeur homself die bekragtiging van God toe en aanvaar hy daardeur ook die verantwoordelikheid om die liturgie van die erediens in die lewe te gaan voortsit.

6.4.3.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe vir die liturgiese handelinge van die erediens

- Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.
- Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die

lewe is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen deur God te ontmoet, en te dien en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen.

6.4.4 Basisteoretiese perspektiewe vir die aard van liturgie van die lewe uit hoofstuk vyf

Die basisteoretiese perspektiewe vir die aard van die liturgie van die lewe soos geformuleer in 5.7 word hieronder weergegee waarna basisteoretiese beginsels daaruit geëkstraheer word. (Ter wille van duidelikheid word na die **B**asisteoretiese perspektiewe vir die aard van liturgie van die **L**ewe as **BL** verwys).

BL1 In die boek Handelinge moet liturgie in die erediens en die daaglikse lewe beskou word binne die kragveld van die uitstorting van die Heilige Gees.

BL2 Erediensliturgie en lewensliturgie is organies vermeng: die liturgie van die erediens word voortgesit in die daaglikse lewe terwyl die gelowige vanuit die daaglikse lewe die begeerte het om weer saam te kom.

BL3 Woordverkondiging, gebedsbyeenkomste, saameet, onderlinge verbondenheid wat sigbaar word in liefdesdiens waarin medegelowiges mekaar nie alleen net geestelik nie, maar ook met hulle besittings dien, is lewensliturgie wat uitloop op die spontane ontmoeting en dien van God in alle lewensomstandighede: gemeentelik, huislik en individueel.

BL4 Die eerste lewensterrein waarbinne liturgie volgens die Bergpredikasie beoefen moet word, is dié van die mens in sy persoonlike verhouding met God. In die Bergpredikasie vorm die verbondsindikatief die grond vir die imperatief van 'n lewe in volmaaktheid voor God. Woordomgang, gebedsomgang en vas behoort as liturgiese handelinge uitgelig te word om te dien as inhoud van 'n lewensliturgie wat die mens se persoonlike

verhouding met God beskryf.

BL5 Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie beoefen, is in sy verhouding tot die maatskappy. Die maatskappy sluit binne die konteks van die Bergpredikasie die mens in sy verhouding tot sy lewensmaat, sy medemens, die owerheid, die ekonomie en die ekologie in.

BL6 Die derde lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word is die mens in sy verhouding tot die kerk. Die konteks van die Bergpredikasie benadruk Christus se besorgdheid oor mense daarin dat dit Hy is wat die inisiatief neem om mense tot gemeenskap met Hom te roep.

BL7 In Openbaring word 'n dimensie van sondelose hemelse liturgie aan die "in-sonde-gevalle-mens" op aarde openbaar waarin liturgie wat tans nog in twee sfere beoefen word, een geheiligde hemelse liturgie tot eer van God sal wees. Die belofte word ook uitgespreek dat, selfs al is die mens se beoefening van liturgie tans nog in gebrokenheid, dit nogtans in die lewe van die toekomstige bedeling, volkome nuut en heilig sal wees.

6.4.4.1 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die lewe

- Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waar kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hulle daaglikse lewe.
- Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid in onderskeie sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms as een geheiligde hemelse liturgie van die ewigheid, beoefen word.

6.5 BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

Uit die navorsing gedoen in Afdeling A word die ideale aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vergestalt in die basisteoretiese beginsels wat hieronder geformuleer word. (Ter wille van duidelikheid word na die **B**asisteoretiese beginsels vir die **W**isselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe as **BW** verwys).

6.5.1 Begronding van liturgie [BW1]

- Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond en moet as eenheid beskou word wat hoogstens onderskeibaar is: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig.

6.5.2 Die aard van die liturgie van die erediens [BW2]

- Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

6.5.3 Die inhoud van die liturgie van die erediens [BW3]

- Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.

6.5.4 Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe [BW4]

- Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen, God te ontmoet en te dien, en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen.

6.5.5 Die lewensterreine waarin liturgie beoefen moet word [BW5]

- Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hulle daaglikse lewe.

6.5.6 Die bestemming van liturgie [BW6]

- Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid in onderskeie sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms as een geheiligde hemelse liturgie van die ewigheid, beoefen word.

Met die formuleer van bogemelde basisteoretiese beginsels is die eerste fase van die van die studie volgens die model van Zerfass (1974:164-177) afgehandel. Die navorsing sal vervolgens gerig wees op die formuleer van metateoretiese perspektiewe.

AFDELING B

HOOFSTUK SEWE
METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

7.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In Afdeling A is basisteoretiese beginsels neergelê vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (6.5). Een van hierdie basisteoretiese beginsels is dat liturgie nie tot die erediens beperk mag word nie, maar dat dit vanuit die erediens moet oorvloei na alle lewensterreine (6.5.5). Die lewenswerklikheid van Christene in die een-en-twintigste eeu verskil egter radikaal van die wêreld waarin Christene in die Bybelse konteks geleef het. Die lewenswerklikheid waarin liturgie beoefen word, het bepaald 'n invloed op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (Griffin, 1989:xi; Vorster, 1993:1; Smit & Vorster, 2000:515,516; Le Roux, 2001:87; Du Toit & Spannenberg 2002:1134; Niemandt, 2007:9). Die navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is hoe die lewenswerklikheid waarin liturgie beoefen moet word, spesifiek in Suid-Afrikaanse konteks, daar uitsien. Insig op hierdie vraag kan bydra tot die beantwoording van die breë navorsingsvraag van hierdie studie (vgl. Zerfass, 1974:164-177; Roets & Dreyer, 1998:713,714).

7.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie hoofstuk is om vanuit naasliggende vakwetenskappe metateoretiese perspektiewe te vorm wat die lewenswerklikheid belig

waarin liturgie in Suid-Afrikaanse konteks beoefen moet word. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, stel die navorsing twee sekondêre doelstellings. In die eerste plek beskryf die hoofstuk die universele tydgees van die een-en-twintigste eeu, naamlik postmodernisme, in breë trekke. Daarna tregter die fokus van die hoofstuk na die konkretisering van die wêreldsgees in Suid-Afrikaanse konteks, en val die fokus spesifiek op die transformasie in Suid-Afrika sedert 1994. In aansluiting hierby bevat die hieropvolgende hoofstuk 'n empiriese studie waarin die navorser ten doel gehad het om te bepaal hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die Reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef (Hfst. 8).

7.3 METODE

Ten einde 'n praktykteoretiese model te ontwikkel wat die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe soos dit in die basisteorie (6.5) as ideaal gestel word, nastreef, is dit nodig om die basisteoretiese beginsels in hermeneutiese wisselwerking met die metateorie te bring. Die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het word as basis gebruik (vgl. Venter, 1996: 25-26). Die ontwerp van 'n metateorie behels die navors van die situasie-werklikheid (praxis) vanuit ander vakwetenskappe wat raakvlakke met die Praktiese Teologie toon. Om vanaf die bestaande praxis by 'n nuwe praktykteorie uit te kom, moet die basisteorie in die spanningsveld van die praxis van vandag gebring word (Heyns, 1990:37-39; Van der Ven, 1994:29-31). Hierdie praxis word empiries-analities met behulp van die kennis van ander vakwetenskappe ondersoek, sodat 'n juiste beeld van die werklikheid verkry kan word (Roets & Dreyer, 1998:713,714).

Aangesien liturgie in alle samelewingsterreine beoefen moet word, is dit nodig om van naasliggende vakwetenskappe gebruik te maak om 'n ware beeld van die werklikheid te kry (vgl. Heystek, 2000:127). Steyn en Lotter

(2006:106) wys daarop dat empiriese navorsing ook 'n metode kan wees om dieper insig in die leefwêreld van die mens te bekom en dus deel kan uitmaak van die metateorie. Hoofstuk agt maak aan die hand van empiriese navorsing 'n dieptesnit van gelowiges se verstaan en ervaar van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe binne die leefwêreld van Christene in Suid-Afrika. Met behulp van die metateoretiese perspektiewe uit hierdie hoofstuk en die perspektiewe uit hoofstuk agt, kan die praxis belig word waarteen die basisteorie gemeet kan word. Gevolglik kan die navorser 'n praktykteorie ontwikkel wat die ideaal, soos gestel in die basisteorie, nastreef. Hoofstuk nege bied 'n samevatting van metateoretiese perspektiewe waarteen die basisteorie gemeet kan word. In Afdeling C volg die ontwikkeling van 'n praktykteorie.

Vir die doel van hierdie studie sal hierdie hoofstuk ter wille van struktuur op die lewensterreine fokus soos dit uiteengesit is in die basisteorie (5.5; 5.5.1.6). Hierdie lewensterreine omsluit die mens in sy persoonlike verhouding tot God, tot die maatskappy en die kerk. Navorsing toon dat die grootste invloed op die lewensterreine waarin liturgie in Suid-Afrika beoefen moet word, kom van die kant van die postmodernisme en die transformasie wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasvind (Kingma & Lotter, 2002:309; Niemandt, 2007:9). Dit is derhalwe nodig om vanuit die hoek van die postmodernisme en die transformasieproses in Suid-Afrika relevante aspekte te identifiseer wat lig kan werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe. So 'n proses kan 'n ware beeld van die werklikheid van die lewensterreine waarin liturgie in Suid-Afrikaanse konteks beoefen word, weergee.

Die navorsing in hierdie hoofstuk het dus eerstens ten doel om die werklikheid van die algemene gees en invloed van postmodernisme te skets as tydsgees waarin liturgie in die een en twintigste eeu beoefen moet word. Die bedoeling is nie om 'n uitgebreide uiteensetting en evaluering van postmodernisme as fenomeen te gee nie. Daarvoor is die omvang van hierdie tydsgees te groot. Vervolgens ondersoek die hoofstuk die invloed

van die transformasieproses sedert 1994 op die Suid-Afrikaanse samelewing. Die hoofstuk sluit af met relevante afleidings wat verband hou met die studie. Hierdie afleidings sal van hulp wees in die meet van die basisteorie aan die praxis in die proses om 'n praktykteoretiese model te vorm.

7.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE VANUIT DIE POSTMODERNE KONTEKS

7.4.1 Die wese van postmodernisme

Postmodernisme as fenomeen opsig self en as huidige gees van ons tyd het 'n direkte invloed op elke sfeer waarin die individu funksioneer (Griffin, 1989:xi; Vorster, 1993:1; Smit & Vorster, 2000:515-518; Le Roux, 2001:87; Du Toit & Spannenberg 2002:1134; Engelbrecht 2005:6). Chuman konkretiseer die impak van hierdie tydsgees wanneer hy skryf: "We who occupy the modern age take for granted certain values that we live by and that are part of our culture....and if the postmodernists are correct, those values are now fading from the scene" (Chuman, 1993:7,8). Gelowiges leef nie in 'n steriele ruimte ongeaffekteer deur hierdie nuwe tydsgees waarin gevestigde waardestelsels as uitgediend beskou word nie (Venter, 1998:17). Derhalwe impakteer die postmoderne tydsgees, wat deur Niemandt (2007:9) as 'n geestelike getygolf beskryf is, direk op die mens se persoonlike verhouding met God, die maatskappy en die kerk (Heystek, 1998:17; Fleck, 2004).

Alvorens die impak van postmodernisme op hierdie geïdentifiseerde lewensterreine bepaal kan word (Hfst. 5) is dit nodig om die wesenskenmerke van postmodernisme weer te gee. Om die impak van postmodernisme op die totale mens te verstaan, is dit nodig om kortliks te kyk waar die postmodernistiese tydsgees ontstaan het en hoe dit verskil

van die voorafgaande tydsgees. Die impak van die huidige tydsgees kan eers na waarde geanaliseer word wanneer dit teenoor die voorafgaande gestel word.

Postmodernisme is, soos die naam van die fenomeen aandui, deur modernisme voorafgegaan (Janse van Rensburg, 2000:4,5). Die tydsgees van die moderrnisme is gekarakteriseer deur die volgende kenmerke:

- Die individu is ten koste van die gemeenskap beklemtoon (Duvenage, 1999:26);
- Die "waarheid" is gelykgestel aan dit wat "verstaan" kan word (Duvenage, 1999: 26);
- Mensgesentreerde denke is beskou as die hoogste waarde (Duvenage, 1999:26; Vorster 1999b:11);
- In die wetenskap is feite beklemtoon bo waardes en daar is geglo in die bestaan van 'n "objective truth - truth that existed above and beyond anyone person's mere opinion" (Chuman, 1993:8; Duvenage, 1999: 26);
- Wetenskap en tegnologie het met rasse skrede ontwikkel en vooruitgegaan (Vorster, 1999:11);
- Moderniste het geglo dat die wetenskap die fondamente van tradisionele gesag en waarhede laat tuimel het (Hurd, 1998) en dat rede die verhoudings in die gemeenskap definieer (Janse van Rensburg, 2000:15);
- Godloosheid en sekularisasie was toenemend aan die orde van die dag (Vorster, 1999:11).

In sy insiggewende werk *Nuwe Drome* trek Niemandt (2007:21-23) direkte lyne tussen die kenmerke van die tydsgees van modernisme en die invloed wat dit op die kerk gehad het. Die resultaat dui onomwonde aan dat die kerk **in** die wêreld funksioneer en beïnvloed word deur die onderstrominge van die gees van die tyd. Onder die invloed van modernisme het die kerk die volgende eienskappe openbaar:

- In die kerk is groot klem geplaas op die "ordelike manier van dinge

doen" en groot waarde is geheg aan kerkordes. Beginsels was van groter belang geag as verhoudings (Niemandt, 2007:21);

- In die erediens is min ruimte gelaat vir emosionele belewing van geloof. Klem is geplaas op die "verstaan" van die Woord (Niemandt, 2007:21);
- In ekstreme gevalle is selfs negatief geoordeel oor emosies en ervaring as deel van geloofsbelewing (Niemandt, 2007:21);
- Die Bybel is gelees met die doel om objektiewe waarhede daarin te ontdek. In die modernisme het die wetenskap van die teologie gepoog om vaste waarhede oor God daar te stel en insig te gee oor die aard van God (Niemandt, 2007:22);
- Teologie is beskou as die eksklusiewe wetenskap van gespesialiseerde teoloë (Niemandt, 2007:22);
- Beheer en kontrole in die kerk is toegepas deur middel van strukture en objektiewe prosedures (Niemandt, 2007:22);
- Die klem het sterk geval op die verskille wat tussen gelowiges bestaan en kerke is gevorm rondom klein geskille. Weinig aandag is gegee aan die ekumene (Niemandt, 2007:23);
- Godsdiens is in 'n groot mate beperk tot dit wat met die geestelike te doen het (Niemandt, 2007:23);
- Die invloed van Kolonialisme was sterk in die kerk teenwoordig en is weerspieël deur die feit dat sendelinge se gewoontes en kleredrag saam met die evangelie na nuwe lidmate van ander kultuurgroepe gebring is (Niemandt, 2007:23).

Modernisme het geleidelik oorgevloei in postmodernisme. Engelbrecht (2005:6) argumenteer dat postmodernisme nie die modernisme verwerp nie, maar op die donker kant daarvan fokus (vgl. Lyotard, 1987:34; Loubsher 1994b:160; Groothuis, 2000:38; Du Toit, 2001:49-50; Cilliers 2002:3). Om postmodernisme te definieer is geen geringe taak nie (Scanlon, 1999:228; Cilliers 2002:1; Janse van Renburg, 2000:5). Hierdie komplekse verskynsel is geen duidelik omlynde begrip nie en word op 'n verskeidenheid maniere beoordeel en beskryf (Breed & J van Rensburg,

2001:409; Cilliers 2002:2; Du Toit & Spannenberg, 2002:1135; Du Toit, 2002:12; Janse van Rensburg 2002:41). Eagleton (1996:vii) se beskrywing verduidelik waarom die fenomeen van postmodernisme inderwaarheid "onbeskryfbaar" is (vgl. Adam, 1995:1). Hy beskryf postmodernisme as "a style of thought which is suspicious of classical notions of the truth, reason, identity and objectivity, of the idea of universal progress or emancipation, of single frameworks, grand narratives or ultimate grounds of explanation. Against these Enlightenment norms, it sees the world as contingent, ungrounded, diverse, unstable, indeterminate, a set of disunified cultures or interpretations which breed a degree of scepticism about the objectivity of truth, history and norms, the givenness of natures and the coherence of identities ... Postmodernism is a style of culture which reflects something of this epochal change, in a depthless, decentered, ungrounded, self-reflexive, playful, derivative, eclectic, pluralistic art which blurs the boundaries between 'high' and 'popular' culture as well as between art and everyday experience."

Hierdie omskrywing van die tydsgees van postmodernisme word ondersteun deur kenmerke wat al deur verskeie skrywers geïdentifiseer is. Hierdie kenmerke is van kardinale belang vir hierdie studie aangesien dit perspektief verleen aan die huidige tydgees waarin liturgie beoefen moet word. Wanneer die impak van die postmodernisme op die geïdentifiseerde lewensterreine ondersoek word, sal dit weer onder die loep geneem word. Hierdie kenmerke kan as volg gelys word:

- Waarheid is nooit absoluut nie maar relatief (Robinson, 1997:276; Groothuis 2000:48; Smit & Vorster, 2000:518; Becker, 2001; De Jong, 2001:233; Du Toit, 2002:12; Du Toit & Spannenberg, 2002:1135; Kingma & Lotter, 2002:316; Louw, 2002:82; Pieterse, 2002:83; Engelbrecht, 2005:6; Leffel, 2007);
- Objektiewe kennis is onmoontlik (Du Toit & Spannenberg, 2002:1135);
- Die leuen bestaan nie en is bloot 'n ander perspektief op die waarheid (Breed & J van Rensburg, 2001:409; Louw, 2002:82;

Engelbrecht, 2005:6; Vitaro, 2006);

- Postmodernisme verwerp kulturele sekerheid (cultural certainty) en vooruitgang (Arlandson, 2007);
- Beginsels en fundamentele waardes moet plek maak vir 'n waarheid met verskillende fasette en daarom is 'n pluraliteit van waarde – en godsdienssisteme - aanvaarbaar (Hurd, 1998; Gergen, 1991:231; Robinson, 1997:276; Smit & Vorster, 2000:519; Breed & Janse van Rensburg 2001:408; De Jong, 2001:235; Louw, 2002:82; Pieterse, 2002:80; Van der Walt 2003:338; Engelbrecht, 2005:6);
- Vanweë die feit dat individue verskillende persoonlikhede kan hê, kan een persoon verskillende moraliteite in verskillende situasies openbaar (Van der Walt, 2003: 338; Engelbrecht, 2005:6);
- Godsdienstige oortuigings en waardes is 'n persoonlike saak en niemand word veroordeel op grond van hulle siening van sake nie (Breed & J van Rensburg 2001: 409; De Jong 2001:233; Kingma & Lotter, 2002:316; Louw, 2002:82; Engelbrecht 2005:6);
- Daar is geen een, ware godsdiens nie – van belang is nie wat waar is nie, maar wat die individu wil hê waar moet wees (Griffin, 1989:1-15; Cobb, 2002:57; Engelbrecht, 2005:6);
- Belewing en spiritualiteit is belangriker as waarheid (Smit & Vorster, 2000:518,520; Kingma & Lotter, 2002:315; Pieterse, 2002:80,84; Engelbrecht, 2005:6);
- Die hede is belangriker as die toekoms en daarom vervaag die individu se ewigheidsperspektief (Janse van Rensburg, 2002:48; Engelbrecht, 2005:6);
- Vryheid van denke, vryheid van spraak, keuse van moraliteit en menseregte word uitgangspunte (Smit & Vorster, 2000:518; Breed & J van Rensburg, 2001: 409; De Jong, 2001:237; Cobb, 2002:171; Van der Walt, 2003:335,337);
- Die individu en individualiteit word bo gesagstrukture geag, voorop gestel, en is outonoom maar die erkenning van die andersheid van ander dui op 'n mensgerigtheid vreemd aan die modernisme (Smit & Vorster, 2000:519; Breed & J van Rensburg 2001:409,410,430; Van

der Walt, 2003:333-337). Hierdie "erkenning van die andersheid van ander" in die postmodernisme lei egter dikwels tot immoraliteit (Breed & J van Rensburg, 2001:430);

- Die postmoderne mens is behep met die relativering van mag (Janse van Rensburg, 2002:54; Louw, 2002:82);
- Die outonome postmoderne mens is nie meer lojaal aan strukture of instellings nie en dit gee aanleiding tot 'n selfsugtige samelewing (Pieterse, 2002:81; Vitaro, 2006);
- Die postmoderne mens is onseker van homself, hunkerend "na groter geluk en sekerheid" (Bauman,1998:67; Janse van Rensburg, 2002:47:).

Met hierdie karakteriserende eienskappe voor oë, is dit duidelik dat die modernistiese vertroue in Rede en Wetenskap as weg tot waarheid en geluk, plek gemaak het vir 'n diepgewortelde wantroue in dieselfde Rede en Wetenskap in 'n "all goes"-tydsgees (Olthuis, 1999:144; Louw, 2002:82). Louw (2002:82) verwoord hierdie ontwikkeling as volg: "While modernity refers to the power of human reason, that is the attempt to control life by the positivistic stance of critical, rational, analytical thinking, postmodernity refers to a hermeneutics of suspicion, which becomes the critique of relativism on the critique of positivism." In die lig hiervan is dit te verstane dat Murray (2001:146) Graham Cray se beskrywing van postmodernisme aanhaal: "One of the best descriptions of postmodern culture is that of "shopping", that the world and all of history is a vast supermarket, and you can pick out the ingredients you like, and assemble them into your own version of something." Janse van Rensburg (2000:xii) kamoefleer nie sy gesindheid jeens hierdie fenomeen, wanneer hy stel dat "I am particularly concerned about what is already happening, and will increasingly happen, to the nature of theology as an academic discipline if 'the poison of postmodernity' (to coin a phrase) is allowed to influence theology in general, and practical theology in particular."

Daar moet egter daarteen gewaak word om postmodernisme voor die voet

te veroordeel (Kingma & Lotter, 2002:315). Die wegbeweeg van die aanvaarding van die Rede en Wetenskap as enigste kenbron van waarheid, die afbreek van grense tussen mense en die oplewing van spiritualiteit is maar enkele aspekte van hierdie tydsgees wat positief op die kerk kan inwerk. Wanneer die impak van postmodernisme op die geïdentifiseerde lewensterreine ondersoek word, sal die positiewe impak van die tydsgees ook in ag geneem moet word. Die relatiwiteit, gefragmenteerdheid en pluraliteit inherent aan postmodernisme word weerspieël in die onderstaande bespreking waar dit meestal onmoontlik is om tot 'n enkelgeldende gevolgtrekking te kom wat die waar en juiste siening van sake vanuit 'n postmoderne perspektief weerspieël.

7.4.2 Die postmoderne mens se verhouding tot God

Die kenmerke van die postmodernisme soos dit hierbo aangestip is, het 'n geweldige impak op die mens se verhouding tot God. Met inagneming van die geheimenis van die werking van die Heilige Gees, moet dit gestel word dat dit vir die ongelowige postmoderne mens moeilik is om die konsep van geloof en 'n persoonlike verhouding tot God te aanvaar. Hierdie tydsgees waarin geen waarheid absoluut kan wees nie en objektiewe kennis onmoontlik is, laat – menslik gesproke – geen ruimte vir "Die Groot Verhaal" van hierdie wêreld nie en lei tot die miskenning van die heilsindikatief vervat in die verbonds- en koninkryksperspektiewe. Aan die ander kant is daar die dieper soeke na spiritualiteit en dit kan by die gelowige 'n verdiepende geestesgroei teweeg bring (Kingma & Lotter, 2002:317; Lotter, 2001:10). Die behoefte na affektiwiteit en die soeke na emosionele geborgenheid en warmte kan 'n doelbewuste aksie om naby aan God te leef inspireer (Kingma & Lotter, 2002:316). Die postmoderne behoefte aan belewing en ervaring kan die gelowige dring tot diepgaande Bybelstudie en ander geestelike groeigeleenthede (Pieterse, 2002:80). Aangesien faktore soos menslike ervaring, gevoel, geloof en spiritualiteit in die postmodernistiese tydsgleuf 'n rol speel in die proses van ken en verstaan, kan die gelowige in 'n openhartiger en totale verhouding met God

betrokke raak (Kingma & Lotter, 2002:315,316). So 'n verhouding is nie beperk tot die binnekamer nie en omvat veel meer as die kliniese bestudering van die Woord. Dit is 'n verhouding waarin die gelowige werklik in verootmoediging, dankbaarheid en nederigheid gedring word tot dade wat na buite uitgeleef word.

Hierdie positiewe impak ten spyt, vind die negatiewe aspekte van postmodernisme ook inslag in die persoonlike verhouding tussen God en die gelowige. Die postmoderne gelowige is krities en Bybelse waarhede word nie klakkeloos aanvaar nie (Janse van Rensburg, 2002:49; Du Toit & Spannenberg, 2002:1145). Aangesien die moontlikheid van "objektiewe interpretasie" deur die postmodernisme ontken word, word selfs geskiedkundige feite in twyfel getrek en word gevra of daar onderskei kan word tussen geskiedenis en fiksie (Arlandson, 2007). Die vitale lewensingesteldheid wat voortvloei uit postmodernisme verlang dat die gelowige deurentyd die persoonlike verhouding met God wil "ervaar" (Janse van Rensburg, 2002:49). Gekoppel aan die mense se "misterieuse verlange na selftransendensie" (Pieterse, 2002:85) is die duidelike gevaar hieraan verbonde dat die "kennis en vertroue" komponente van geloof nie meer genoeg is nie en aangevul moet word deur "beleef". Dit lei weer daartoe dat die gelowige in die postmoderne era 'n ongebalanseerde charismatiese belewing nodig ag as bewys van geloof. Hierdie behoefte impakteer direk op die mens se persoonlike verhouding met God, wat gevestig en gegrond moet wees in geloof alleen. Wanneer die gelowige nie charismatiese hoogtepunte beleef nie, taan geloofsekerheid.

7.4.3 Die postmoderne mens se verhouding tot die maatskappy

7.4.3.1 Die postmoderne mens se verhouding in die huwelik en gesin

In 'n maatskappy met 'n hartgrondige wantroue in dogmas en sisteme waar 'n verskeidenheid van waarhede, etiese reëls en perspektiewe erken word

en tegelyk geldig kan wees is dit 'n groot uitdaging vir die gelowige om volgens die Waarheid van die Skrif te leef (Kingma & Lotter, 2002:316). Wanneer samelewingstrukture in oënskou geneem word, is dit opsigtelik dat die huwelik as samelewingsverband by uitstek as die slagoffer van postmodernisme geëtiketteer kan word. Popenoe & Dafoe Whitehead (1999) het reeds in 1999 bevind dat "45% of first marriages today are expected to break up over the course of a lifetime".

In 'n samelewing waar die tydsgees die objektiewe soeke na waarheid negeer en dit vervang met subjektiwiteit, seëvier die konsep bekend as morele relatiwiteit (Vitaro, 2006; Hulse, s.j.). Die voorstanders van morele relatiwiteit maak aanspraak daarop dat die waarheid in individuele waarneming en belewing gevind word en dat daar geen absolute, universele, alomvattende standaard van waarheid is wat die lewe en samelewingstruktuur orden nie (Vitaro, 2006). Aangesien daar geen standaard is om te bepaal wat verkeerd is nie, kan elke individu ook self besluit wat vir hom of haar reg en aanvaarbaar is, ongeag die standpunt van ander. In morele relatiwiteit gedy selfsug aangesien die individu slegs dit in ag neem wat vir hom of haar die beste is en die gevolge van sy of haar optrede op ander lede van die gemeenskap, selfs die gesinskring, negeer (Vitaro, 2006).

Die volgende tiperende kenmerke van die postmoderne mens dra grootliks by tot die erodering van die huwelik, en daardeur ook die gesin, as samelewingstruktuur:

- Soeke na affektiwiteit en geborgenheid (Kingma & Lotter, 2002:317): wanneer die huweliksverhouding gespanne word en konflik ervaar word, wend een van die partye hulle makliker na 'n derde party in 'n soeke na affektiwiteit en geborgenheid;
- Verwerping van gesag en outoriteit (Pieterse, 2002:80): dit kulmineer in die verwerping van Bybelse gesag en voorskrifte met betrekking tot die huwelik. Die man se gesagsposisie as hoof van die huis word bevraagteken;

- Tradisionele toewyding en verbintenis aan 'n spesifieke identiteit het verbygegaan (Pieterse, 2002:80). In samehang hiermee word die vervlakking van waardes as lewensnorm aanvaar;
- Geen lojaliteit teenoor instelling of afkoms nie (Pieterse, 2002:81): die lewensmaat en kinders moet maar self sien en kom klaar want in hierdie lewe is dit elkeen vir homself;
- Rolprent- en televisiesterre is rolmodelle en kan meestal nie met 'n Bybelse leefstyl vereenselwig word nie. (Janse van Rensburg, 2002:51) en deur die sepies word 'n verwronge beeld van huwelikstrou en die gevolge van huweliksontrou voorgehou;
- Kommunikasiemedia skep verwarrende beelde: "the many watch the few" en sodoende word ideale geskep om in weelde te leef soos sepiesterre (Janse van Rensburg, 2002:51);
- Daar leef 'n ironiese paradoks onder wêreldburgers van "ek wil soos hulle wees", teenoor "ek wil myself wees". Die individu wil nie deur ouerlike gesag, kerklike lerings, kulturele tradisie of burgerlike eise geïnhibeer word nie (Janse van Rensburg, 2002:51);
- Die postmoderne mens is seksueel ongebonde: die opkoms van feminisme en regte van homoseksueel-geörienteerde mense beïnvloed die samelewing se siening van die huwelik (Janse van Rensburg, 2002:54);
- As man en vrou gelyke is "under post modern thought, both parents are free to pursue their own careers instead of spending time with their children". Hierdeur word nie net die huweliksverhouding nie, maar ook die gesinsverband, onder geweldige druk geplaas (Becker, 2001).

Fleck (2004) beklemtoon dat die huwelik en gesin die boustene van die samelewing is. Erodering van hierdie basis vrot deur tot elke faset van alle samelewingsverhoudinge. In die postmoderne tydsgleuf weerspieël die huwelik en gesinsverband nie die geestelike dimensie waarvoor dit in die lewe geroep is nie, en sodoende het dit 'n negatiewe invloed op die liturgie.

7.4.3.2 Die postmoderne mens se verhouding met sy medemens

Postmodernisme het in 'n sekere sin 'n anomalie teweeg gebring in die mens se verhouding tot sy medemens. Alhoewel 'n groot premie op verdraagsaamheid teenoor vreemde standpunte en denkrigtings geplaas word, is die postmoderne kultuur 'n selfsugtige kultuur gerig op die onmiddellike bevrediging van die individu se eie behoeftes (Duvenage, 1999:27; Breed & J van Rensburg, 2001:410,430; Kingma & Lotter, 2002:316; Vitaro, 2006). Dit lei outomaties daartoe dat die tipiese postmoderne mens minder empaties teenoor sy medemens optree en sy eie belange eerste stel. Die relatiwiteit van postmodernisme word egter gevind in die direkte teenstelling dat die individu tegelykertyd as mens gedefinieer word as gevolg van en "in" sy verhouding met sy medemens (Cobb, 2002:122). Dit is ook vir die postmoderne mens moeilik om sy medemens te vertrou as gevolg van 'n inherente wantroue wat gewortel is in die relatiwiteit van die waarheid. Indien daar geen allesomvattende, universele waarheid is nie en moraliteit relatief is, kan die individu nie aanvaar dat sy of haar medemens deurgaans dieselfde karaktereienskappe sal openbaar of dieselfde waardes sal behou nie.

7.4.3.3 Die postmoderne mens se verhouding tot die ekonomie

Die begrip ekonomie is wyd en word hierin slegs hanteer soos dit manifesteer en van belang is vir die man op straat. Dit word nie hanteer as 'n korporatiewe begrip nie en daarom word ekonomiese teorieë soos kapitalisme en Marxisme nie aangeraak in hierdie studie nie. Die literatuurstudie toon duidelik dat die tydsgees van postmodernisme as interdissiplinêre filosofie ook die ekonomie beïnvloed (vgl. Kelly 1998; Padgen,1999; Privateer, 2005/2006; Mavroudeas, 2006; Klaes, 2007). Padgen (1999) argumenteer dat postmodernisme die kultuurerfenis van die moderne verbruikerskapitalisme is. Hy identifiseer tegnologiese ontwikkeling en die gevorderde kapitalistiese ekonomie as die katalisators wat die paradigmaswaai in die rigting van postmodernisme teweeggebring

het (vgl. Kelly, 1998). Tegnologiese ontwikkeling het ruimte, tyd en afstand irrelevant gemaak en die internet as kommunikasiemedium het die gesig van die wêreldhandelsmark permanent verander. Globalisering is teweeg gebring deurdat die internet, selfone en vliegtuie die natuurlike hindernis van tyd en ruimte oorkom het. Hierdie ontwikkeling versterk die mens se groeiende behoefte aan "onmiddellike bevrediging" wat bydra tot die ontwikkeling van 'n "kits-kultuur". Die anomalië wat inherent deel is aan postmodernisme word egter ook gevind in die benadering tot die ekonomie. In teenstelling met die kits-kultuur wat vergestalt word in 'n verbruikerskultuur, word die belang van die omgewing in die definiëring van die mens deur die postmodernisme bevorder en vind 'n klemverskuiwing binne die begrip "verbruikerskultuur" plaas (Cobb, 2002:121). Dit is, in teorie, nie meer aanvaarbaar dat die natuur ly onder die mens se materiële beheptheid nie. Cobb (2002:123) stel dat 'n uitdaging hierdeur teweeggebring word: "We must find ways of meeting the real human needs of all and attaining a satisfying life that are far less consumptive than the lifestyles of the affluent today." Tog word die ekonomie nog gedryf deur die mens se individualisme en is die mens gefokus op die verbetering van sy eie materiële situasie.

7.4.3.4 Die postmoderne mens se verhouding tot die owerheid

Cobb (2002:125) illustreer hoe die owerheid en politiek twee aspekte is wat nie onaangeraak is deur postmodernisme nie deur sy stelling dat "The postmodern model of persons-in-community in no way commits us to national sovereignty as that has been understood in the past. It could point forward to a world in which both local and global political bodies exercise power that is not compatible with traditional ideas of national sovereignty." Kingma en Lotter (2002:318) vestig die aandag verder daarop dat anti-institusionalisme ook 'n kenmerk is van hierdie nuwe tydsgees waarin ons leef. Anti-institusionalisme is 'n inherente teenkanting teen gesag en gesagsvorme wat kulmineer in die individu se verset teen gesag. Vorster (1993:8) argumenteer dat gesagsinstellings op ekonomiese en

regeringsvlakke al meer aan kritiek onderwerp word. Dit staaf inderwaarheid Cobb (2002:125) se stelling soos dit hierbo aangehaal is. Die kritiek wat teen regerings gerig word is 'n natuurlike uitvloeisel van postmodernisme wat onder andere die kenmerke van relativering van mag en minagting van strukture weerspieël (7.4.1). Dieselfde kritiek word teen die kerk as struktuur gerig, soos later bespreek sal word (7.4.4). Die selfbelang van die individu en klem op die "mens" vind neerslag in die erkenning van menseregte. Globalisering en die impak wat dit op die wêreldekonomie het word weerspieël in die soeke na "oorgrens" gesagstrukture (7.4.3.3). Die Verenigde Nasies Organisasie, Europese Unie en Afrika Unie is produkte van hierdie behoefte (Lindgren Alves, 2000:479). Hierin word verdere stille getuienis vir Cobb (2002:125) se stelling gevind. Die Afrika Renaissance is 'n direkte uitvloeisel van hierdie soeke na "oorgrens" gesagstrukture. Hierdie aspek word in meer detail aangespreek in 7.5 hieronder, wanneer die impak van die post-94 transformasieproses in Suid-Afrika in oënskou geneem word.

7.4.3.5 Die postmoderne mens se verhouding tot die ekologie

Cobb (2002:121,122) plaas die postmoderne mens se verhouding tot die natuur in perspektief wanneer hy skryf: "Their well-being individually and communaly depends on a healthy and beautiful natural context. From this perspective, the quality of individual lives is deeply affected by the quality of the community and of the natural environment in which they occur". In 7.4.3.3 voer die navorser aan dat die postmoderne mens onder die besef gekom het dat die natuur van meer waarde vir die mens is as bloot 'n bron van verbruikbare materiaal. In die konstruk "mens-in-gemeenskap" waar die individu slegs binne sy verhouding tot ander sy waarde kan bepaal, is die natuur een van die komponente waardeur die mens gedefinieer word (Niemandt, 2007:131). Dit kan dus gestel word dat die postmoderne mens se verhouding tot die natuur steeds antroposentries is (Scholtz, 2005:16). Die mens staan steeds sentraal, maar die rol van die natuur is met die verloop van tyd geherdefinieer. Dit is nie net die bron van verbruikbare

materiaal wat tot die mens se ekonomiese groei bydra nie, maar dra by tot die bepaling van wie die mens is aangesien dit ook beskou word as 'n "social construct" waarbinne die mens funksioneer (Sessions, 1995:9). Die mens ag homself dus as bewaker of beskermheer van die aarde, nie vanweë die Goddelike opdrag in hierdie verband nie, maar vanweë die nut en belang wat die aarde en haar natuurlike hulpbronne vir die mens inhou.

7.4.4 Die postmoderne mens se verhouding tot die kerk

Wanneer die invloed van postmodernisme op die kerk onder die soeklig geplaas word, kan twee duidelik teenstrydige lyne onderskei word. Aan die een kant gebeur dit in tradisionele kerke dat die kerk sukkel om aan te pas in die veranderende en dikwels chaotiese tye. Kerkwees soos wat dit tradisioneel bekend was, werk nie meer in die postmoderne era nie en Christene is nie meer tevrede met gebruiklike antwoorde nie (Niemandt, 2007:37). Dikwels is dit die kerk se reaksie om onder hierdie omstandighede laer te trek en verbete vas te klou aan die bekende.

Tog kan dit nie ontken word dat die tydsgees van postmodernisme en die simptome daarvan soos dit deel word van Christene wat binne hierdie tydsgees gebore word, grootword en leef, nuwe uitdagings aan die kerk stel nie. Postmodernisme is nie 'n "gier" wat na willekeur aan- of afgeleer kan word nie (Niemandt, 2007:20). Dit is 'n werklikheid, 'n begrip wat die gebrokenheid van die hedendaagse samelewing saamvat en verwoord. Dieselfde kenmerke van hierdie tydsgees wat daartoe lei dat mense regerings met agterdog bejeën en waarhede relativeer, vind inslag in die mens se verhouding tot die kerk.

Die grootste struikelblok waarmee die kerk in die postmoderne samelewing gekonfronteer word, is die mens se hartgrondige wantroue in dogmas en sisteme wat kulmineer in die verwerping van gesag en outoriteit (Pieterse, 2002:80; Kingma & Lotter, 2002: 316). Die mens se tradisionele toewyding of verbintenis aan 'n spesifieke identiteit het verbygegaan (Pieterse,

2002:80). Mense openbaar nie meer 'n lojaliteit teenoor instelling of afkoms nie en gaan daarom nie meer kerk-toe omdat hulle so grootgeword het nie (Pieterse, 2002:81). Verder is die postmoderne mens uiters krities en alle uitgangspunte wat daarop aanspraak maak dat dit die waarheid is wat vir alle mense geld, word bevraagteken (Pieterse, 2002:75,82; Janse van Rensburg, 2002:48). Die uitdaging wat so 'n gesindheid vir die kerk en veral die Christelike dogma inhou, is voor die handliggend.

Relativisme, inherent aan die tydsgees, veroorsaak 'n groot verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste en 'n verskeidenheid van godsdienste en waardes word gelyk geag en erken (Duvenage, 1999:27; Kingma & Lotter, 2002:316). Kritiek teen ander denominasies en gelowe word moeilik aanvaar en die oortuiging neem toe dat elkeen op sy eie standpunt geregtig is en dat daar waarheidsmomente in alle gelowe is (Janse van Rensburg, 2002:50). Daarom word spiritualiteit in 'n tipiese postmoderne tydgees benader. Leffel (2007) verwys na studies wat toon dat "Larger portions of born again christians and people who attend evangelical churches concur with this sentiment [all religions are equally valid paths to the same god] than reject it." Omdat die verkondiging van Christus as enigste Weg en volle Waarheid deur die postmoderne wêreld beskou word as miskenning van ander se reg op eie oortuiging, word Christene geïnhibeer en het dit 'n direkte impak op die uitleef en missionêre roeping van die kerk (Kingma & Lotter, 2002: 317). "Attempting to convert is unacceptable because it implies standing in judgement over others' beliefs" (Leffel, 2007). Selfs prediking word "met 'n knippie sout" geneem omdat waarheid gerelativeer word (Du Toit & Spannenberg, 2002:1145; Janse Van Rensburg, 2002:49,54). Lidmate word interpreterende waarnemers en die postmoderne hermeneutiese reëls is radikaal anders as voorheen (Du Toit & Spannenberg, 2002:1143). "No longer is God in authority through his word. Now the reader constructs meaning. What does it mean to me? is the only thing we can know" (McCallum, s.j.).

7.4.5 Samevatting: 'n negatiewe gees van postmodernisme

Die primêre bedoeling van hierdie afdeling was om die werklikheid van die algemene gees en invloed van postmodernisme te skets as tydsgees waarin liturgie in die een en twintigste eeu beoefen moet word. Die bedoeling was nie 'n uitgebreide uiteensetting en evaluering van postmodernisme as fenomeen nie. Daarvoor is die omvang van hierdie tydsgees te groot. Derhalwe is daar meer klem gelê op aspekte wat negatief inwerk op die mens in sy persoonlike verhouding met God, die maatskappy en die kerk as leefwêreld waarin liturgie beoefen moet word.

Die postmoderne tydsgees is verder op 'n baie spesifieke wyse in die Suid-Afrikaanse samelewing gekonkretiseer (Niemandt, 2007:14). Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die transformasie in Suid-Afrika sedert 1994.

Alvorens die effek van die transformasieproses onder oë geneem word, word sekere metateoretiese afleidings oor die invloed van postmodernisme op die mens se lewenswerklikheid gemaak.

7.4.6 Metateoretiese afleidings uit postmodernisme

- Postmodernisme is 'n universele tydsgees waarin gevestigde waardesisteme as uitgediend beskou word.
- Die primêre kenmerk van hierdie tydsgees is die relativering van waardes en die erkenning van 'n pluraliteit van beginsels.
- Postmodernisme is 'n geestelike getygolf wat 'n direkte impak het op die gelowige in sy verhouding tot God, die maatskappy en die kerk.
- Die gelowige se verhouding tot God word direk deur die tydsgees geraak. Aan die een kant het die postmoderne mens 'n dieper behoefte aan en soeke na spiritualiteit, maar aan die ander kant word dogma bevraagteken omdat die postmoderne mens geen waarheid as absoluut beskou nie en ook nie gesag en outoriteit

geredelik aanvaar nie.

- Omdat die tipiese postmoderne mens sy eie waardes, norme en etiese reëls bepaal, lei dit tot "morele relatiwiteit" wat ook in huweliks- en gesinsverhoudinge neerslag vind en wat tot grootskaalse erodering van die huwelik en gesin as Godgegewe instellings lei.
- In sy verhouding tot sy medemens bestaan daar by die postmoderne mens die anomalie tussen verdraagsaamheid en selfsug wat konkretiseer in die behoefte om deel te wees van 'n groep aan die een kant, teenoor wantroue en 'n gebrek aan empatie vir sy medemens aan die ander kant.
- Tegnologiese ontwikkeling tesame met 'n kapitalistiese ekonomie lei tot 'n postmoderne ekonomiese kitskultuur waarin "ekonomiese individualisme" op die spits gedryf word en waar individue fokus op persoonlike materiële rykdom, al is dit ten koste van ander.
- Die postmoderne mens het 'n menseregte gedrewe anti-institusionalistiese houding teenoor die owerheid wat kulmineer in 'n inherente teenkanting teen en minagting van gesag en gesagstrukture en die relativering van mag.
- Omdat die postmoderne mens antroposentries in sy verhouding tot die ekologie staan en besef watter waarde die natuur vir die mens inhou, tree hy op as bewaker van die natuur.
- Die postmoderne mens het 'n hartgrondige wantroue in kerklike dogmas en sisteme wat spruit uit die relativering van waarheid en die verwerping van gesag. Hierdie wantroue kulmineer in die bevraagtekening en verwerping van die gesag van die Woord, prediking en kerklike gesag en tradisie.
- Die relativering van waarheid en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels lei tot godsdiensverdraagsaamheid waarin waarheidsmomente in alle gelowe gesoek en gerespekteer word. Dit lei tot die vervaging van die kerk se missionêre roeping as gevolg van godsdiensverdraagsaamheid.

In die eerste deel van hierdie hoofstuk is die universele tydgees van die een en twintigste eeu, naamlik postmodernisme, in breë trekke weergegee. Vervolgens tregter die fokus van die res van hierdie hoofstuk na die konkretisering van die wêreldsgees in Suid-Afrikaanse konteks en word die transformasie in Suid-Afrika sedert 1994 van nader belig.

7.5 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE IN DIE KONTEKS VAN DIE TRANSFORMASIE PROSES IN SUID-AFRIKA SEDERT 1994

'n Bespreking van die lewensterrein waarin die Suid-Afrikaner hom daagliks bevind, kan nie begin sonder 'n blik op die verlede nie. Die rede hiervoor is dat die huidige stand van sake in die Suid-Afrikaanse arena verskillend beleef en ervaar word deur verskillende groeperinge binne die groter Suid-Afikaanse bevolking. Regter Froneman gee 'n neutedop samevatting van die Suid-Afrikaanse agtergrond en die implikasies wat dit vir die toekoms inhou in *Gardener v Whitaker* (1994:19): "After all, the 'past of a deeply divided society characterised by strife, conflict, untold suffering and injustice' (words used in the 'unity and reconciliation' section of the Constitution) is not merely a history of repressive State action against individuals, but it is alo a history of structural inequality and injustice on racial and other grounds, gradually filtering through to virtually all spheres of society since the arrival of European colonists some three and a half centuries ago, and it will probably take generations to correct the imbalance." Die apartheidsbeleid het diep gesny in die Suid-Afrikaanse samelewing. Rautenbach (1996:1A-5) stel dit duidelik dat hierdie beleid elke faset van die lewe van elke Suid-Afrikaner geraak het wanneer hy skryf: "All spheres of life and all fundemental rights were affected – personal, social, economic and cultural status, personal freedom and association, marriage, family life, sexual relations, speech and assembly, movement, residence, settlement, access to land, labour relations, political activities, education, housing, health care and social services." Hierdie

impak is uit die aard van die saak deur sommige as positief en deur ander as negatief beleef. Met die politieke oordrag van mag vanaf die eertydse Nasionale Party-regering na die ANC-beheerde regering in 1994, is die apartheidsera afgesluit en is 'n omvattende transformasieproses in die "nuwe" Suid-Afrika ingelei (Dreyer, 2002:1). Indien in ag geneem word dat die begrip "transformasie" 'n drastiese, sigbare verandering beteken (Thompson, 1995:1481; Geldenhuys, 1996:21; Odendal *et al.,* 1997:1098), is dit te verstane dat Robinson (1997:278) in retrospek sê "South African society is being shaken to its foundations" wanneer hy verwys na die ontwikkeling en verandering sedert 1994.

Die transformasieproses in Suid-Afrika, wat vroeg in die negentigerjare 'n aanvang geneem het, het gekulmineer in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die *Grondwet*). Die boustene van die "nuwe" Suid-Afrika is statutêr vasgelê en verskans in die *Grondwet* (Van der Walt & Pienaar, 2006:323). Alle terreine van die samelewing is deur hierdie grondwetlike verandering geraak: die ekonomie, onderwys, welsynsdienste, gesondheidsdienste, veiligheidsmagte, sport, kerk en godsdiensbeoefening, en selfs die mens se uitkyk op die ekologie (Dreyer, 2002:1; Kingma & Lotter, 2002:319; Pieterse, 2002:84). Aangesien die Suid-Afrikaanse samelewing in geheel die boodskap van verandering dra en liturgie in alle lewensterreine beoefen moet word, is dit nodig dat die effek van die transformasieproses in Suid-Afrika ook in die liturgie verreken moet word. Indien die samelewing waarin liturgie beoefen word nie binne sy eie konteks verstaan word nie, kan die reikwydte van liturgie maklik misverstaan word (vgl. Janse van Rensburg, 2002:39).

Dit moet van meet af aan gestel word dat hierdie studie nie 'n evaluering bied van die positiewe of negatiewe van die nuwe regeringsbeleid in Suid-Afrika of die daarmee gepaardgaande transformasieproses nie. Buys (2005:15,16) dui tereg aan dat daar wel positiewe én pessimistiese benaderings tot transformasie onderskei kan word. Alhoewel daar aspekte in die transformasieproses na vore kom wat relevant is vir Christene uit alle

rassegroepe in die land, is daar ook aspekte wat verskillend deur Christene ervaar word. Dieselfde aspek kan deur een groep as positief en deur 'n ander groep as negatief ervaar word - die bepalende faktor vir die belewinge is gegrond in die vraag of die Christen uit 'n voorheen benadeelde of bevoordeelde groep kom. Weens die omvang van hierdie studie, soos dit veral in die empiriese gedeelte (Hfst. 8) verduidelik word, val die klem primêr op die effek van transformasie op Christene uit voorheen bevoordeelde groepe. Ongeag of die transformasieproses positief of negatief beleef word, bly dit 'n onteenseglike feit dat dit 'n bepalende invloed op die daaglikse lewe van elke Suid-Afrikaner het. Waar transformasie negatief beleef word, skep dit struikelblokke en terselfdertyd uitdagings vir die Christen gelowige. Dreyer (2002:1) merk hierdie uitdagings op wanneer hy vra "How can religion, and the Christian faith in particular, contribute to meeting these challenges?"

Aangesien die *Grondwet* tereg gesien kan word as die vergestalting waaruit en waarheen die transformasieproses werk, word daar in hierdie hoofstuk gefokus op die implikasie van sekere grondwetlike bepalings, primêr bepalings vervat in die Handves van Regte, wat vir die Christen gelowige van belang is. Dit val buite die terrein van hierdie studie om die *Grondwet*, met die Handves van Regte daarby inbegrepe, in sy volle omvang te bespreek. Slegs aspekte wat direk verband hou met die studie sal daaruit belig word. Ter wille van die struktuur van hierdie afdeling, word drie terreine van transformasie geïdentifiseer: staatkundig-politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike transformasie. Met hierdie indeling maak die navorser geensins daarop aanspraak dat alle moontlike terreine van transformasie daardeur gedek is nie, maar dat die belangrikste terreine van transformasie wat verband hou met die navorsingsvraag in hierdie afdeling, daarin verreken is. Sekere aspekte van die transformasieproses strek ook oor al drie hierdie terreine en dit is dikwels moeilik om 'n sekere aspek van transformasie bloot aan een terrein toe te sê.

7.5.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Die Grondwet is 'n bindende dokument wat die belangrikste beginsels saamvat waarvolgens die organisasie en funksionering van die owerheid en land beheer word (Van der Walt & Pienaar, 2006:323). Die *Grondwet* beliggaam belangrike waardes en beginsels (artikel 1) en is die hoogste reg (artikel 2). Dit bring mee dat alle ander wette, regspraak en die gemenereg daarmee versoenbaar moet wees (Van der Walt & Pienaar, 2006:325). Hoofstuk twee van die *Grondwet*, bekend as die Handves van Regte, bevat 'n sogenaamde waarborg van fundamentele regte. Ten einde hierdie regte te realiseer, word bestaande wetgewing voortdurend met 'n vergrootlas beskou om te verseker dat dit aan die gestelde standaarde voldoen. In baie gevalle is ander wetgewing gepromulgeer om aan die oogmerke van die Handves van Regte gehoor te gee.

Die gedagte van 'n Handves van Regte is 'n uitvloeisel van die postmoderne denkpatroon waarin ruimte gelaat word vir 'n pluraliteit van waardes en erkenning onvoorwaardelik verleen word aan die "andersheid van ander". Vorster (2004) toon egter oortuigend aan dat die Christelike etiek die opkoms van 'n demokrasie met 'n grondwet waarin 'n Handves van Regte vervat is, as vervanging van die apartheidsbeleid kan verwelkom. Die gevaar bestaan egter daarin dat die oorbeklemtoning van sogenaamde menseregte humanisties gedrewe is en aanleiding kan gee tot wetgewing wat teen die Skrif indruis (Kingma & Lotter, 2002:323). Vir die doel van hierdie studie sal onder andere gewys word op wetgewing wat teen die Skrif indruis en dit vir die Christen moeilik maak om die liturgie van die erediens kontinu deur te trek na die lewe. Daar sal ook gefokus word op die aspekte van transformasie wat onsekerheid meebring, veral vir die voorheen bevoordeelde groepe in die land. Hierdie onsekerheid is 'n verdere struikelblok in die bereiking van die ideale verhouding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

7.5.1.1 Staatkundig-politieke transformasie

Die politieke transformasie wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasvind, het daartoe aanleiding gegee dat daar staatkundig vanaf 'n rasverdeelde samelewing beweeg is na 'n nie-rasverdeelde samelewing. Hierdie politieke transformasie het 'n invloed gehad op elke sfeer van regeringsinstellings in die land. Provinsiale en ander regeringsinstellings is geherstruktureer en die personeelsamestelling in beide die openbare en privaatsektor moes transformeer vanaf rasverdeeld tot demografies verteenwoordigend, nie-rasverdeeld (Buys, 2005:20). Hierdie transformasieproses, wat deur Buys (2005:23) as rigtingveranderend getipeer is, manifesteer in die proses van regstellende aksie. Ten spyte van die pleidooie gelewer deur president Mbeki dat swart armes, die mees kwesbare en benadeelde groep in die Suid-Afrikaanse samelewing, opgehef moet word sónder dat die res van die samelewing bedreig word (Gilomee 1998:11), wil dit voorkom asof die resultaat van regstellende aksie neerkom op 'n swart middelklas wat die wit middelklas vervang, met geen verligting aan die werklike armoediges nie (Buys, 2005:14; Marais 2007:1). Die onsekerhede wat die beleid van regstellende aksie by lede van die sogenaamde "wit middelklas" teweegbring is alombekend en 'n definitiewe oorsaak van emigrasie (Vorster, 2007b:109-112).

Die grondhervormingsprogram wat in Maart 1993, onder die De Klerk-regering, by wyse van die *Witskrif op Grondhervorming* ingevoer is, is ook 'n bron van onsekerheid, kommer en frustrasie by talle Christene uit voorheen bevoordeelde groepe. Die hoofaspekte van grondhervorming kan verdeel word in herstel van grondregte, herverdeling van grond en die hervorming van regte op grond (Van der Walt en Pienaar, 2006:348). Die omvang van hierdie programme word duidelik wanneer na statistiek op slegs een aspek, naamlik restitusie, gekyk word:

SETTLED RESTITUTION CLAIMS

CUMULATIVE STATISTICS ON SETTLED RESTITUTION CLAIMS RURAL AND URBAN: 1995 - 31 MARCH 2007					
	LAND RESTORATION	FINANCIAL COMPENSATION	ALTERNATIVE REMEDY	TOTAL NUMBER OF CLAIMS SETTLED	BENEFICIARIES INVOLVED
URBAN CLAIMS SETTLED	15 439	47 726	2 477	65 642	483 988
RURAL CLAIMS SETTLED	4 188	4 152	435	8 775	789 055
TOTAL	19 627	51 878	2 912	74 417	1 273 043

(http://land.pwv.gov.za/restitution/Settled_Restitution_Claims/Settled_Restitution_Claims.htm gebruik op 11/11/2007)

Die primêre wetgewing wat ter bevordering van hierdie programme gepromulgeer is, is *Die Behuisingswet* 107 van 1997; die *Wet op Ontwikkelingsfasilitering* 67 van 1995, *Die Wet Op Grondhervorming (Huurarbeiders)* 3 van 1996, die *Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg* 62 van 1997, die *Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onre*gmatige *Besetting van Grond* 19 van 1998 en die *Wet op Herstel van Grondregte* 22 van 1994. Terwyl hierdie programme inderdaad meriete het en 'n natuurlike gevolg van die afskaffing van die apartheidsbeleid is, word individue die slagoffers van politieke stelsels. Die gevoel van onsekerheid, onmag, frustrasie en selfs Godverlatenheid wat boere wie se plase aan grondeise onderhewig is beleef, kan moeilik in woorde omgesit word (Delport, 2007; Van der Walt, 2007; Vorster, 2007a). Hierdie beleid beïnvloed verder die land se ekonomie en skrik beleggers af (TLU, 2007:3).

Staatkundig-politieke transformasie verwys ook na die sogenaamde Afrika-Renaissance waartoe die Suid-Afrikaanse regering, in besonder president Mbeki, hulle verbind het (De Klerk, 2001:57; De Klerk, 2002b:51). President Thabo Mbeki verwoord die Suid-Afrikaanse regering se

verbintenis tot die Afrika-renaissance baie sterk wanneer hy in die voorwoord van die boek *African Renaissance: The New Struggle* die volgende sê: "As every revolution requires revolutionaries, so must the African rennaissance have its militants and activists who will define the morrow that belongs to them in a war which will help to restore to us our dignity. South Africa has a goverment, political and other social formations and masses of people who see themselves as part of the motive forces for the victory of the African rennaissance. Our first task, therefore, is to transform our society consistent with this vision. Our second task is to join hands with all other like-minded forces on our continent, convinced that the peoples of Africa share a common destiny, convinced also that the people of goodwill throughout the world will join us in the sustained offensive which must result in the new century going down in history as the African century. Yesterday is a foreign country – tomorrow belongs to us!" (Mbeki, 1999:xxi). Wanneer in aanmerking geneem word dat die woord "renaissance" herlewing, vernuwing of wedergeboorte beteken (Buys, 2005:42), maak dit sin dat die Afrika-renaissance ten doel het om 'n gesindheids- en morele transformasie oor die hele kontinent teweeg te bring (Ramogale 1998:9; Teffo, 1999:49-183; Pityana, 1999:137). Hierdie vernuwingsgees is nie noodwendig 'n struikelblok vir Christene uit inheemse Afrikavolke nie, maar veral die blanke komponent van die Suid-Afrika samelewing is onseker oor die implikasies wat dit vir hulle mag inhou. Daar bestaan by 'n groot deel van die blanke komponent 'n vrees dat Suid-Afrika deel mag word van 'n Afrika-eenheid saam met lande soos Zimbabwe waar die Zimbabwese eerste minister en sy regering hulle skuldig maak aan ernstige menseregte vergrype. Mnr. Robert Mugabe dra direk by tot wantroue in sy regeringsbeleid met sy opmerking op 4 Maart 1980: "We will ensure that there is a place for everyone in this country. We want to ensure a sense of security for both the winners and the losers. There would be no sweeping nationalization; the pensions and jobs of civil servants were guaranteed; farmers would keep their farms; Zimbabwe would not be non-aligned." (Mandaza, 1999: 77). Die onsekerheid wat op staatkundig-politieke gebied vir 'n deel van die Suid-Afrikaanse samelewing

teweeggebring word, beïnvloed hulle daaglikse lewe en suur deur tot 'n onsekerheid in hulle dag tot dag bestaan. Sodoende impakteer dit direk op die lewenswrklikheid waarbinne liturgie beoefen moet word.

7.5.1.2. Sosio-ekonomiese transformasie

Jana Marais verwoord die onsekerheid wat bestaan ten spyte van die regering se ekonomiese programme HOP (Heropbou en Ontwikkelingsplan) en GEAR (Groei, Werkverskaffing en Herverdeling), in 'n berig in Sake Rapport van 11 November 2007. Sy verskaf ontstellende statistieke in haar berig "Meer werk, maar armoede bly". Sy haal aan uit 'n verslag van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings (SAIRR) en dui aan dat werkloosheid in Suid-Afrika met 62.5% toegeneem het, terwyl die aantal Suid-Afrikaners wat van minder as $1 (R6,50) per dag leef, met 122% toegeneem het. Hierdie toename is desondanks die bykans 3,6 miljoen nuwe werksgeleenthede wat in die dekade tussen 1995 en 2006 geskep is. Bykans alle rassegroepe is deur hierdie toename in werkloosheid geraak:

RAS	**Statistiek 1995**	**Statistiek 2006**
Swart	20.7%	32.9%
Bruin	16.5%	21.9%
Indiër	16.5%	12.5%
Wit	2,8%	5.7%

Dit is dus te verstane dat Kingma & Lotter (2002:323) en De Klerk, (2004:157) werkloosheid en armoede saam met geweldpleging en misdaad as die heel grootste sosiale vraagstukke in Suid-Afrika beskou (vgl. Wepener & Cilliers, 2004:364,365). Hoewel dit moeilik is om armoede in 'n gemeenskap te definieer, dui dit in hoofsaak op die gebrek of onvermoë van individue, gesinne of gemeenskappe om 'n sosiaal aanvaarbare minimum-standaard van lewe te bevredig of te handhaaf.

Werkloosheid, veral onder jong mense, neem skrikwekkend toe en statistieke van die SAIRR toon aan dat 75% van werkloses in Suid-Afrika in die ouderdomsgroep 15-34 val (Marais, 2007:1). Die verlammende gevolge van werkloosheid en armoede hou onder andere in dat dit gesinne fragmenteer, ongelykheid tussen die burgers van die land skep, tot siekte lei, dit tot sosiale en psigologiese wanontwikkelings lei, gebrekkige opvoeding en onderwys bevorder, 'n algemene gevoel van magteloosheid, frustrasie, stres, woede, kwesbaarheid, 'n gebrek aan sekuriteit, geestelike afstomping en verveling veroorsaak wat op sy beurt weer die teelaarde vir jeugmisdaad, geweld, bendeaktiwiteite en marginalisering is (Raubenheimer, 1997:52; Kingma & Lotter, 2002:323; Pieterse, 2002:84; Wepener & Cilliers, 2004:365). Hierdie gevolge van werkloosheid en armoede het ook 'n definitiewe uitwerking op die mens se liturgiese belewing en beoefening.

'n Maatskaplike gevolg wat veral teweeggebring word deur armoede en werkloosheid is die HIV/Vigspandemie wat Suid-Afrika teister (Shisana *et al.,* 2005:1). Die omvang van die HIV/Vigspandemie is so groot dat dit 'n leemte sal laat indien dit nie as realiteit genoem word nie. Die omvang van die pandemie word duidelik aangetoon deur die volgende aanhaling uit 'n verslag van statistiese gegewens (Statistical Release P0302, 2007:2): "The estimated adult HIV-prevalence rates (the proportion of adults who are infected with HIV) are shown in Table 1. The total HIV-prevalence rate was estimated at 11% in 2007. The HIV-positive population is estimated at 5,3 million. We estimate the infant mortality rate (IMR) at 45,2 per 1000.
Table 1: Estimated adult HIV-prevalence rates, 2007"

Women 15–49	Women 20–64	Men 20–64	Adults 20–64	Adults 15–49	Total population
"20,4	18,1	17,7	17,9	18,8	11,1

HIV/Vigs het 'n direkte invloed op die lewe van elke Suid-Afrikaner. Dit is nodig om te besef dat nie net die draers of siekes hierdeur geraak word

nie. Die totale samelewing is die slagoffer van hierdie pandemie aangesien dit die ekonomie van die land nadelig raak. Nie net word talle ekonomies aktiewe landsburgers onaktief nie, maar miljarde rande word spandeer aan die bestryding van die pandemie. Die pandemie plaas ook 'n morele verantwoordelikheid op Christene wat in liefde moet uitreik na hulle naaste (vgl. Dorrington, Bradshaw & Budlender, 2002; Van Niekerk, 2002; Van Schalkwyk, 2004; Shisana *et al.,* 2005; Johnson & Dorrington, 2006 vir meer omvattende besprekings van die omvang van die pandemie).

'n Verdere gevolg van ekonomiese transformasie wat gekoppel word aan staatkundig-politieke transformasie is die persepsie dat Suid-Afrika se ekonomie toenemend gestrem word deur die agteruitgang van diens en produktiwiteit (Buys, 2005:15). Vreemd genoeg wil dit voorkom asof persone wat goeie werk verrig het in die apartheidsbedeling meegesleur word deur hierdie tendens en dit het tot gevolg dat werkstrots en diens, gegrond op naasteliefde, verlore gaan (Kingma & Lotter, 2002:324). Dit wil voorkom asof die werksetiek wat vantevore 'n uitstaande kenmerk onder bevoordeelde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika was, kwyn.

7.5.1.3 Maatskaplike transformasie

Op maatskaplike gebied kan armoede en werkloosheid (7.5.1.2) tesame met geweld en misdaad sekerlik as die grootste maatskaplike en sosiale vraagstukke aangestip word (Kingma & Lotter, 2002:323; De Klerk, 2004:157). Hierby kan gestel word dat 'n oorbeklemtoning van sekere regte, vervat in die Handves van Regte, tot 'n moraliteitskrisis lei. Aangesien armoede en werkloosheid reeds hierbo aangeraak is, sal hierdie afdeling fokus op geweld en misdaad en die moraliteitskrisis wat deel geword het van die Suid-Afrikaanse samelewing.

7.5.1.3.1 Geweld en misdaad

"A mighty wave of crime, violence and immorality lashes all pious

structures to pieces" (Robinson, 1997:278). Geweld is besig om endemiese afmetings aan te neem in Suid-Afrika (Kingma & Lotter, 2002:322) en misdaadstatistiek ruk hand-uit (Altbeker, 2007:1): "Dit is niks minder nie as 'n lae-intensiteit oorlog, 'n oorlog wat die land met homself voer: 50 moorde per dag met net 20% moordenaars wat gevonnis word, 'n skrikwekkende ontploffing in huisrooftogte in 2006 (195 000, waarvan 126 000 gewapend was - 'n toename van 25% vanaf 2005), gewapende roof, insluitende kapings wat verviervoudig het tussen 1995 en 2004." Uit die aard van die saak het geweld en misdaad 'n negatiewe invloed op die hele samelewing. Elke Suid-Afrikaner word direk of indirek daardeur geraak (Pieterse, 2002:84). Veral vroue en kinders (die mees weerloses in die samelewing) is die grootste slagoffers van geweld (De Klerk, 2004:157). Dit spreek vanself dat die klimaat van vrees en negatiwiteit as gevolg van geweld en misdaad 'n bepaalde invloed op die lewenswerklikheid waarbinne liturgie beoefen moet word, het.

7.5.1.3.2 Moraliteitskrisis

Die oorgang van 'n Christelik-waardegedrewe regering voor 1994 na 'n menseregte-gebaseerde regering na 1994, het in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n moraliteitskrisis ontketen soos waarskynlik nog nooit van te vore in sy geskiedenis nie (Kingma & Lotter, 2002:320). Die opheffing van die doodstraf (*S v Makwanayne*, 1995), aborsie op aanvraag (*Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskappe 92 of 1996)*, en wettiging van homoseksuele huwelike (*Civil Union Act, 17 of 2006)* is aspekte voortvloeiend uit 'n oordrewe klem op die Handves van Regte. Dit lei het tot 'n immorele samelewing waarin kriminaliteit, geweldpleging, seksuele losbandigheid, Godslastering en 'n materialistiese leefstyl as norm, permanente staanplek ontvang het. Die morele verval was so ingrypend dat Pieterse (2002:84) 'n vraag van Dingemans aanhaal om hierdie toestand in Suid-Afrika te beskryf: "Hoe kunnen wij leven in een waanzinnige wereld?". Dit is veral die jeug wat met hierdie sekulêre waardes gekonfronteer word (De Jong, 2001:237). Hierdie moraliteitskrisis

skep 'n besondere negatiewe en relatiewe lewenswerklikheid waarbinne liturgie beoefen moet word.

'n Ander aspek wat ook voortvloei uit 'n oordrewe klem wat geplaas word op die erkenning van menseregte en wat wel van soveel belang vir die studie is dat daar afsonderlik op gelet moet word, is godsdiensverdraagsaamheid wat teweeggebring is deur die bepalings van artikel 9 van die Handves van Regte (Vorster, 2007b:17). Hierdie bepaling lei in Suid-Afrikaanse konteks direk tot die postmoderne relativering van waarhede en 'n aanvaarding van die bestaan van 'n pluraliteit van beginsels (7.4.4). Die implikasie van hierdie betrokke artikel is duidelik: die grondwet ag alle godsdienste en gelowe op gelyke voet. In die samelewing het dit tot gevolg dat daar 'n gees van verdraagsaamheid ontwikkel het ten opsigte van ander godsdienste in die land (Kingma & Lotter, 2002:320). 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die Rapport van 4 November 2007 waar Deon Maas in 'n artikel "666 is net 'n syfer" skryf: "[Satanisme] is 'n godsdiens wat die reg het om beoefen te word. Satan verteenwoordig nie noodwendig boosheid nie, dit is maar net 'n ander filosofie. Jy bid nog steeds, maar net tot 'n ander god." Hy regverdig dan sy standpunt met 'n tipiese postmoderne verskoning: "Propageer hierdie rubriek satanisme? Nee. Maar as ons wil hê ander mense moet ons punt insien en ons idees respekteer, moet ons hulle punt insien en hulle idees respekteer". Hierdie gees van geloofstoleransie baan die weg vir 'n beskouing dat ware geloof in Jesus Christus nie noodwendig die enigste weg tot saligheid is nie (Raubenheimer, 1997:57).

Transformasie in Suid-Afrika het verder 'n paradigmaverskuiwing tot gevolg gehad ten opsigte van die plek en invloed van die kerk. Waar die landsregering in die verlede as "Christelik" getipeer is en die kerk 'n bepalende invloed in regeringsbesluitneming gehad het (Dreyer, 2002:1,2), het dit verander na 'n bedeling waarin menseregte voorop gestel word en die kerk bykans invloedloos geword het (Robinson, 1997:278).

7.5.1.3.2.1 Onttrekking aan openbare lewe

Talle Suid-Afrikaners probeer om vir hulleself agter slot en grendel 'n eie veilige hawe te skep waarin hulle hulleself los van die politieke transformasie en geweld aan die buitekant kan maak. Boshoff (1995:6), aangehaal deur Kingma en Lotter (2002:322), verwys daarna as 'n tipe "laermentaliteit" van veral blanke Suid-Afrikaners. Die neiging om 'n eie veilige hawe agter slot en grendel te skep, beteken dat talle landsburgers na binne gekeer lewe. Die gevolg daarvan is dat talle mense hulleself aan die openbare lewe onttrek deur grootliks slegs op hulle eie behoeftes te fokus (De Klerk, 2000b:454; Kingma & Lotter, 2002:322). Daardeur is 'n nuwe hedonistiese lewenstyl besig om in Suid-Afrika te ontwikkel met toenemende klem op welvaart, selfverbetering en 'n individualistiese sekuriteits- en stabiliteitsgevoel (Raubenheimer, 1997:56). 'n Radikale klemverskuiwing het plaasgevind vanaf dienslewering en die vraag na watter bydrae na buite gelewer kan word, na die vraag wat vir die mens die voordeligste is (De Klerk, 2000b:455).

Die onttrekking van talle landsburgers (en ook gelowige lidmate) aan die openbare lewe het tot gevolg dat vereensaming in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die toeneem is. Om vereensaming teen te werk, wys De Klerk (2000b:454,455) daarop dat die eensame sy toevlug tot tegnologiese vermaak soos die rekenaar en televisie in die privaatheid van sy eie huis neem, wat in werklikheid net tot nog groter vereensaming lei. Daardeur verval hy dus in die bose kringloop van groter vereensaming. Die jeug word deur rekenaarontwikkelings soos "facebook" en selfoongeleenthede soos "mixit" in die kuberruimte ingelok, wat ook by hulle tot inherente vereensaming lei.

7.5.1.4 Samevatting: 'n negatiewe gees van transformasie

Soos vermeld onder die afdeling oor postmodernisme (7.4.5) is dit nie die bedoeling van die navorsing om 'n uitgebreide uiteensetting en evaluering

van die transformasieproses in Suid-Afrika van na 1994 te lewer nie. Die proses is gekompliseerd en die reikwydte daarvan is onbepaalbaar en onberekenbaar in omvang. Daar word ook erkenning verleen aan al die positiewe gevolge van die transformasieproses as antwoord en alternatief op die eertydse apartheidsbeleid. Die primêre bedoeling van hierdie afdeling is egter om die algemene gees en invloed van die transformasieproses op veral die voorheen bevoordeelde blanke Afrikaner Christen as werklikheid te stel van die tydsgees waarin liturgie in die een en twintigste eeu in Suid-Afrika beoefen moet word. Derhalwe is daar meer klem gelê op aspekte wat negatief inwerk op die staatkundig-politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike terreine en sodoende 'n negatiewe invloed het op die mens in sy persoonlike verhouding tot God, die maatskappy en die kerk as leefwêreld waarin liturgie beoefen moet word. Die Christen in Suid-Afrika beleef elke dag geloofskrisisse, voortgebring deur 'n transformasiegees van onsekerheid, wat 'n direkte impak op sy geloofsbelewing en -uitlewing het.

7.5.2 Metateoretiese afleidings uit transformasie

- Met die politieke oordrag van mag vanaf die eertydse Nasionale Party-regering na die ANC-beheerde regering in 1994, is die apartheids-era afgesluit en is 'n omvattende transformasieproses in die "nuwe" Suid-Afrika ingelei wat oorkoepelend gerig is op 'n drastiese, sigbare verandering op staatkundig-politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike terrein.
- Die transformasie-proses in Suid-Afrika is statutêr vasgelê en verskans in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, wat 'n bindende dokument is wat die belangrikste beginsels saamvat waarvolgens die organisasie en funksionering van die owerheid en land beheer word.
- Die Handves van Regte (hoofstuk twee van die *Grondwet*) is 'n waarborg van die fundamentele regte van die mens en 'n uitvloeisel van die postmoderne denkpatroon waarin ruimte gelaat word vir 'n

pluraliteit van waardes.

- Staatkundig-politieke transformasie berus op regstellende aksie, die program van grondhervorming en die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis tot die Afrika-renaissance, wat tot politieke onsekerheid in sekere kringe lei.
- Die regering se ekonomiese programme HOP (Heropbou en Ontwikkelingsplan) en GEAR (Groei, Werkverskaffing en Herverdeling) slaag nie in hulle doel om werkloosheid en armoede te bekamp nie, met verlammende maatskaplike gevolge wat daaruit voortspruit.
- Die oorbeklemtonig van die Handves van Regte lei tot negatiewe maatskaplike transformasie wat manifesteer in 'n toename van geweld en misdaad, 'n ongekende moraliteiskrisis en die onttrekking van die individu aan die openbare lewe.
- Die postmoderne relativering van waarhede en 'n aanvaarding van die bestaan van 'n pluraliteit van beginsels vind vergestalting in artikel 9 van die Handves van Regte wat in Suid-Afrikaanse konteks direk tot godsdiensgelykheid en verdraagsaamheid gelei het aangesien die *Grondwet* alle godsdienste en gelowe op gelyke voet ag.

Die doel van hierdie hoofstuk was om vanuit naasliggende vakwetenskappe metateoretiese perspektiewe te vorm wat die lewenswerklikheid belig waarin liturgie in Suid-Afrikaanse konteks beoefen moet word. Ten einde hierdie doelstelling te bereik is twee sekondêre doelstellings nagestreef. In die eerste deel van hierdie hoofstuk is die universele tydgees van die een-en-twintigste eeu, naamlik postmodernisme, in breë trekke weergegee (7.4). In die tweede deel van die hoofstuk is daar gefokus op die konkretisering van die wêreldsgees in Suid-Afrikaanse konteks en is die transformasie in Suid-Afrika sedert 1994 van nader belig (7.5). In die hieropvolgende hoofstuk word deur middel van 'n empiriese studie bepaal hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die Reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die

lewe en die liturgie van die erediens in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef (Hfst. 8). Die gekombineerde insigte verkry uit die empiriese studie en die oorskou van die leefwêreld van van Christene in Suid-Afrika kan bydra tot die beantwoording van die breë navorsingsvraag van hierdie studie (vgl. Zerfass, 1974:164-177; Roets & Dreyer, 1998:713,714).

HOOFSTUK AGT
EMPIRIESE NAVORSINGSBEVINDINGS WAT LIG WERP OP DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

8.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Ten einde die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te bepaal, is dit nodig om die basisteorie van liturgie soos gestel in Afdeling A, in die praktyk te toets (vgl. Zerfass, 1974: 164-177; Van der Ven, 1994:29; Roets & Dreyer, 1998:713,714; Heitink, 1999:223-225). Die wyse waarop die basisteorie in die praktyk getoets kan word, is onder andere met behulp van empiriese navorsing (Leedy, 1997:5-9; Janse van Rensburg, 2006:560,561; Kok, 2007a:2). Op hierdie wyse word daar uitvoering gegee aan die behoefte "to bridge truly scientfically the gap between the Christian religion and today's world, 'die Gegenwart'" (Van der Ven, 1994:36). Die "Gegenwart" dui op die praxis, die werklikheid van vandag.

Die woord "empiries" is van die Griekse woord *empeiria* afgelei en dui op ervaring wat eerstehands bekom word (Heitink, 1999:221; Evans, 2000:8; Erasmus, 2007:283). Empiriese navorsing dui dus op die wetenskaplike werkswyse wat gevolg word om eerstehands ervaring van 'n spesifieke navorsingsvraag te bekom (vgl. Mouton & Marais, 1985:158; Kok, 2007a:2,3).

In Afdeling A is basisteoretiese beginsels neergelê vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (6.5). Daaruit is dit duidelik dat liturgie nie tot die erediens beperk mag word nie,

maar dat dit vanuit die erediens moet oorvloei na die daaglikse lewe. In hoofstuk sewe is daar eklekties vanuit aangrensende vakwetenskappe metateoretiese perspektiewe neergelê wat die leefwêreld (die praxis) van Christene in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks belig. Ten einde die liturgiese belewing van Christene in 'n postmoderne Suid-Afrikaanse konteks nog beter te begryp, word in hierdie hoofstuk aan die hand van empiriese navorsing nog dieper ingevra na die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

Die navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom is: Hoe verstaan en ervaar deelnemers die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe?

Tweedens word daar deur 'n proses van empiriese navorsing ook 'n hipotese getoets. Die hipotese wat in hierdie hoofstuk getoets word is die volgende: Die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe word nie as dinamies en transformerend verstaan en ervaar nie, maar as kompartementeel funksionerend in twee afsonderlike sfere.

Die resultate van die empiriese navorsing kan bydra tot die beantwoording van die oorkoepelende navorsingsvraag van die studie in sy geheel, naamlik om die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vas te stel.

8.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie empiriese hoofstuk is eerstens om in die lig van die basisteoretiese beginsels (6.5) en metateoretiese afleidings wat reeds in hierdie studie gemaak is (7.4.6; 7.5.2), op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die huidige stand van die verstaan en uitleef van liturgie in en na die erediens. Hierdie dieper verstaan van liturgiese belewing kan lig werp op die vraag aangaande die aard van die

wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Tweedens het hierdie hoofstuk ten doel om die hipotese te toets, naamlik dat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe nie as dinamies en transformerend verstaan en ervaar word nie, maar as kompartementeel funksionerend in twee afsonderlike sfere.

8.3 METODE

Aangesien die navorsingsvraag in hierdie studie gerig is op die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe, is dit nodig dat die aard van die empiriese navorsing hoogs individueel en kontekstueel gerig behoort te wees. Vir die doel van hierdie studie word daar van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak om dieper begrip en insig te verkry oor die verstaan en uitleef van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe, en ook om die gestelde hipotese te toets (vgl. Steyn & Lotter, 2006:106; Janse van Rensburg, 2007:5).

Binne die raamwerk van hierdie empiriese hoofstuk is 'n semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys opgestel waarin daar primêr op die verkennende funksie van kwalitatiewe navorsing gefokus is. Onderhoude is met 'n geselekteerde groep deelnemers gevoer aan die hand van 'n semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys. Die data bekom deur die onderhoudvoering is ontleed en geëvalueer en die bevindinge is gedokumenteer.

8.4 DIE TEORIE VAN EMPIRIESE NAVORSING

Soos reeds in 8.1 vermeld, dui empiriese navorsing op die wetenskaplike wyse waarop eerstehandse ervaring van deelnemers rondom 'n spesifieke navorsingsvraag bekom kan word. Empiriese navorsing is primêr op twee navorsingsmetodes gegrond, naamlik kwantitatief en/of kwalitatief (Mouton

& Marais, 1985:155; Van der Ven, 1994:42; Leedy, 1997:104; Heitink, 1999:229-231; Janse van Rensburg, 2007).

Dit val buite die omvang van hierdie studie om 'n vergelykende studie tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te doen om die waarde van elk te bepaal. Vir so 'n vergelyking kan daar onder andere verwys word na Mouton & Marais (1985:155e.v.), Van der Ven (1994:29-44), Leedy (1997:104 e.v.) en Janse van Rensburg (2007). Vir die doel van hierdie studie word daar volstaan met die uitgangspunt dat kwantitatiewe navorsing te doen het met die insameling van so veel moontlik data (gewoonlik by wyse van vraelyste) wat daarop gerig is om statisties, normatief veralgemenende inligting te bekom (Mouton & Marais, 1985:162; Van der Ven, 1994:42; Leedy, 1997:201; Janse van Rensburg, 2007:3,4). Kwalitatiewe navorsing aan die ander kant, werk "met woorde, nie met syfers nie" (Janse van Rensburg, 2007:5) en is daarop gerig om holisties woorde en gedrag so diep as moontlik te probeer verstaan en te interpreteer (Van der Ven, 1994:43; Hoepfl, 1997:3; Evans, 2000:12.13; Steyn & Lotter, 2006:106-109; Janse van Rensburg, 2007:5-7; Kok, 2007a:2,3).

Janse van Rensburg (2007:5) beskryf die uiteindelike resultaat waarna kwalitatiewe navorsing streef primêr as òf beskrywend òf verkennend. Fenomenologie as die studie van verskynsels, is aldus Janse van Rensburg (2007:3) in sy wese beskrywend van aard aangesien dit primêr op 'n objektiewe analise van die stand van die fenomeen fokus. Empiriese navorsing wat primêr verkennend van aard is, fokus op die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is (Erasmus, 2007:238). Uit ander navorsing blyk dit dat daar naas die beskrywende en verkennende funksie van kwalitatiewe navorsing ook nog die komponent van evaluering of die toets van 'n bepaalde hipotese onderskei kan word (Mouton & Marais, 1985:43-46; Heitink, 1999:231; Anon, 2006:1; Kok, 2007b:149,150).

Om tot dieper kennis van ervaring te kom, word daar binne die kader van empiriese navorsing primêr drie metodes onderskei, naamlik:

- Observasie: deelnemers se omstandighede en/of ervarings en/of gedrag word in hulle natuurlike konteks noukeurig waargeneem.
- Onderhoude: die navorser voer in hierdie geval 'n aangesig-tot-aangesig gesprek met die deelnemer(s) met die doel om die aard van hulle verstaan of belewing van 'n spesifieke navorsingsvraag te bepaal. Daar word twee wyses van onderhoudvoering onderskei, naamlik:
  - Ongestruktureerde/oop/informele onderhoude waarin die navorser met elke deelnemer 'n informele gesprek voer na gelang van omstandighede om sy eie verstaan en belewing van 'n spesifieke saak beter te kan verstaan.
  - Semi-gestruktureerde onderhoude waarin die navorser 'n vooraf opgestelde raamwerk van vrae aan al die deelnemers afsonderlik vra om elkeen se eie verstaan en belewing van 'n spesifieke saak beter te kan verstaan.
- Persoonlike dokumente: die navorser bestudeer in hierdie geval outobiografieë, briewe, dagboeke, notas, fotos of video-opnames wat lig kan werp op 'n spesifieke navorsingsvraag (Steyn & Lotter, 2006:106,107; Hoepfl, 1997:6-8; Janse van Rensburg, 2007:6,7; Kok, 2007a:3-5).

Aangesien hierdie studie sentreer om die dieper verstaan en ervaar van liturgie, tesame met die toets van 'n hipotese, is die semi-gestruktureerde onderhoudsmetode geselekteer as empiriese navorsingsmetode (Leedy & Omrod, 2001:159). 'n Semi-gestruktureerde vraelys is as raamwerk gebruik sodat die navorser elke deelnemer aan die hand van 'n logiese opeenvolging van vrae na die kritiese punt van die verstaan en ervaar van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe kon lei (vgl. Heitink, 1999:224-226).

8.5 DIE PROSES VAN EMPIRIESE NAVORSING

Empiriese navorsing is 'n wetenskaplike proses wat nie op lukrake wyse hanteer mag word nie (Leedy, 1997:106; Ackerman & Giese, 2006:2; Kok, 2007a:6,7). Vanuit verskillende vakwetenskappe is hierdie proses vanuit verskillende kante en invalshoeke beskryf. Hoewel dit dus nie 'n eenvormige rigiede proses is (of hoef te wees) nie, is dit nogtans 'n redelik gelyklynige proses wat met 'n probleemstelling begin en met die interpretasie van data eindig. Vervolgens word die proses soos in hierdie studie gevolg, beskryf.

8.5.1 Navorsingsvraag tydens empiriese navorsing

Die navorsingsvraag is die basis waarvan gewerk word om empiriese navorsing te doen (Van der Ven, 1994:39). Die navorser moet vooraf presies bepaal wat sy oogmerk en doelstellings vir die beplande empiriese navorsing is, anders kan die uitkomste en bevindinge wat daaruit voortspruit vaag en van weinig waarde wees (Anon, 2006:1). Die navorsingsvraag tesame met die doelstellings moet duidelik geformuleer wees en dit is nodig om streng daarby te hou (Mouton & Marais, 1985:196).

Die navorsingsvraag waarop daar in hierdie empiriese hoofstuk gefokus word, is: Hoe verstaan en ervaar deelnemers die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe?

8.5.2 Navorsingsdoelstelling tydens empiriese navorsing

Uit die navorsingsvraag moet die navorsingsdoelstelling geformuleer word met die belangrike oogmerk van "to get informed about the topic concerned" (Van der Ven, 1994:39). Uit die navorsingsdoelstelling moet dit ook duidelik blyk wat presies die bedoeling van die empiriese navorsing is (Mouton & Marais, 1985:196).

Die navorsingsdoelstelling waarop daar in hierdie empiriese hoofstuk gefokus word is: om langs die weg van empiriese navorsing dieper insig te verkry van hoe deelnemers die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verstaan en ervaar.

Die hipotese wat in hierdie empiriese hoofstuk getoets word is: om langs die weg van empiriese navorsing die hipotese te toets dat aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie as dinamies en transformerend verstaan en ervaar word nie, maar as kompartementeel, funksionerend in twee afsonderlike sfere.

8.5.3 Metode van data-insameling tydens empiriese navorsing

Die navorsingsvraag en doelstelling bepaal die keuse van die metode waarop data ingesamel word. Van der Ven (1994:39) noem dit die fase waarin die navorser die besluit neem "(to) dive(s) into the water in order to see what kind of people and what kind of cognitions, affections, actions, processes, structures he or she may meet, which might be of interest to his or her research project". Die navorser moet in die eerste plek besluit of hy langs die weg van kwalitatiewe of kwantitatiewe navorsing data gaan insamel (Hoepfl, 1997:3; Evans, 2000:8). Afhangende van die besluit, moet daar bepaal word watter metode gebruik gaan word vir die insameling van die verlangde data, byvoorbeeld vraelyste, onderhoude, waarneming of die bestudering van persoonlike dokumente (Mouton & Marais, 1985:197).

Vir doeleindes van hierdie navorsing is daar langs die weg van kwalitatiewe navorsing van semi-gestruktureerde onderhoudsvraelyste gebruik gemaak om data in te samel aan die hand waarvan deelnemers se dieper verstaan van en ervaring van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nagevors en die gestelde hipotese getoets, is.

8.5.4 Samestelling van die onderhoudsvraelys

Onderhoudvoering is 'n wetenskaplike proses wat nie op *ad hoc*-waarneming gegrond mag wees nie, maar op waarneming wat baie streng gekontroleer moet word (Mouton & Marais, 1985:160). 'n Semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys is 'n voorafopgestelde stel vrae wat as riglyn dien vir die onderhoudvoering waarin die belangrikste gebiede van navorsing uiteengesit is (Mouton & Marais, 1985:251). Dit dien as handige hulpmiddel om waarneming streng wetenskaplik te kontroleer. Dit bly egter nodig om te beklemtoon dat 'n semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys slegs as riglyn dien en dat aan beide die navorser en die deelnemer die ruimte en vryheid gegun moet word om daarvan af te wyk om vanuit 'n ander hoek nog dieper op 'n bepaalde aspek te fokus (Chenail, 1995:2; Janse van Rensburg, 2007:6; Kok, 2007a:5).

Die navorsingsvraag vir die empiriese navorsing (8.5.1) dui aan dat die doel van die onderhoude met 'n geselekteerde groep deelnemers daarop gerig is om die praktyk van liturgiese verstaan en belewing by die deelnemers vas te stel. Die onderhoudsvraelys is gevolglik gerig op die basisteoretiese beginsels wat in Afdeling A geformuleer is en afgestem is op die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

Die samestelling van die onderhoudsvraelys vir empiriese navorsing kan opsommend as volg weergegee word: 'n Semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys, gegrond op die basisteoretiese beginsels wat handel oor die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe, is saamgestel as riglyn vir onderhoudvoering met die deelnemers om hulle dieper verstaan en ervaring van die gemelde navorsingsvraag te bekom en om die gestelde hipotese te toets.

8.5.5 Semi-gestruktureerde onderhoudsvraelys

Die vraelys is so gestruktureer dat dit direk met die basisteoretiese beginsels vir Afdeling A (6.5) korrespondeer. Ten einde die vrae in perspektief te stel vir die leser, word die bepaalde basisteoretiese beginsel waarop bepaalde vrae afgestem is, telkens vermeld. Inligting in rooi/ligter gedruk bevat die strekking van die "modelantwoord" uit die basisteorie waarteen deelnemers se respons gemeet sal word.

8.5.5.1 Begronding van liturgie [BW1]

- Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig.

8.5.5.1.1 Vrae wat verband hou met BW1

- *Vraag 1:* Wat verstaan jy onder die begrip 'liturgie'?
  - Wat jy doen wanneer jy God ontmoet en dien.
- *Vraag 2*: Wie stel jou in staat om liturgie te kan beoefen?
  - Liturgie gaan van God uit (verbond/koninkryk)
- *Vraag 3:* Waarom moet jy liturgie beoefen?
  - Liturgie gaan om die eer van God.

8.5.5.2 Aard van die liturgie van die erediens [BW2]

- Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

8.5.5.2.1 Vrae wat verband hou met BW2

- *Vraag 4:* Wie is die betrokke partye in die erediens?
  - God, jyself, medegelowiges
- *Vraag 5:* Wat is die belangrikste kenmerk van die erediens?
  - Dit is dinamiese ontmoetingsgebeure tussen betrokkenes.

8.5.5.3 Inhoud van die liturgie van die erediens [BW3]

- Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.

8.5.5.3.1 Vrae wat verband hou met BW3

- *Vraag 6:* Watter hoofmomente behoort daar in die erediens te wees?
  - Vier onderstaande hoofmomente.
- *Vraag 7:* Wat verstaan/beleef jy onder die ontmoetingsdiens?
  - Klem op verwondering.
- *Vraag 8*: Wat verstaan/beleef jy onder die verootmoedigings- en versoeningsdiens?
  - Klem op opregte verootmoediging en versoening.
- *Vraag 9:* Wat verstaan/beleef jy onder die Woorddiens?
  - Klem op verwondering en versekering.
- *Vraag 10:* Wat verstaan/beleef jy onder die antwoorddiens?
  - Klem op verbintenis.

8.5.5.4 ***Skakel vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe [BW4]***

- Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen, God te ontmoet en te dien, en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen.

8.5.5.4.1 Vrae wat verband hou met BW4

- *Vraag 11:* Wat beteken die ontmoetingseën vir jou?
  - Bekragtiging om liturgie in erediens te kan beoefen.
- *Vraag 12:* Wat beteken die wegstuurseën vir jou?
  - Bekragtiging om liturgie in lewe te kan beoefen.
- *Vraag 13*: Wat beteken die begrip "liturgie van die lewe" vir jou?
  - Liturgie word nie alleen in die erediens nie, maar ook in die lewe beoefen.
- *Vraag 14:* Hoe beskou jy die verband tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe?
  - Liturgie vloei van die erediens oor na die lewe.

8.5.5.5 ***Lewensterreine vir die liturgie van die lewe [BW5]***

- Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hulle daaglikse lewe soos wat dit manifesteer in die mens in sy verhouding tot God, die maatskappy en die kerk.

8.5.5.5.1 Vrae wat verband hou met BW5

- *Vraag 15:* Waar moet jy orals liturgie beoefen?
  - Liturgie moet in alle lewensterreine beoefen word.
    - Persoonlike verhouding tot God
    - Maatskappy
    - Kerk (Terug na die erediens).
- *Vraag 16:* Hoe moet jy liturgie in alle lewensterreine beoefen?
  - Liturgie moet integraal deel van die daaglikse lewe wees

8.5.5.6 Bestemming vir die liturgie [BW6]

- Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid in onderskeie sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms as een geheiligde hemelse liturgie van die ewigheid, beoefen word.

8.5.5.6.1 Vrae wat verband hou met BW6

- *Vraag 17:* Sal jy in die hemel ook liturgie beoefen?
  - Liturgie gaan in die hemel voort.
- *Vraag 18:* Hoe lyk hemelse liturgie?
  - Nuut, sondeloos en verheerlik.
- *Vraag 19:* Watter invloed het hemelse liturgie op ons aardse liturgie in die erediens en in die lewe?
  - Dit spoor ons aan tot en laat ons verlang na sondelose liturgie.

8.5.5.7 Samevattende vraag

- *Vraag 20:* Wat dink jy moet gedoen word om die skeiding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die

lewe te oorbrug?

8.5.6 Seleksie van deelnemers vir empiriese navorsing

Aangesien kwalitatiewe onderhoudvoering ten doel het om diepte perspektiewe op 'n bepaalde studie-onderwerp te verkry (Van der Ven, 1994:43; Mouton & Marais, 1995:70; Leedy, 1997:106), moet deelnemers van wie verwag kan word om 'n betekenisvolle bydrae tot die beantwoording van die navorsingsvraag te maak, geselekteer en gekies word (Janse van Rensburg, 2007:7; Merriam, 1998:48). Hoewel kwalitatiewe navorsing nie ten doel het om verteenwoordigend of normatief veralgemenend te wees nie (Janse van Rensburg, 2007:5), is dit nogtans nodig om te streef na balans in die seleksie van deelnemers (Evans, 2000:8; Erasmus, 2007:287,288).

Ten einde deelnemers se dieper verstaan van en belewing van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te toets, het die navorser selektief te werk gegaan in die identifisering van deelnemers (vgl. Janse van Rensburg, 2006:566). Die studie is in sy geheel Reformatories gerig binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die navorser is 'n predikant woonagtig in Potchefstroom in 'n oorwegend blanke Afrikaanse gemeenskap. Die geselekteerde deelnemers is daarom uit vier oorwegend Afrikaanse kerk denominasies gekies wat op Reformatoriese grondslag gebou is. Die vier betrokke kerkdenominasies waaruit die deelnemers gekies is, is die Duet-gemeente ('n onafhanklike Reformatoriese kerk in Potchefstroom), die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika. Die navorser maak geensins daarop aanspraak dat die vier gemelde kerkdenominasies die enigste Reformatoriese kerke is of dat die betrokke deelnemers verteenwoordigend van die breë Suid-Afrikaanse samelewing is nie.

Ter wille van die beantwoording van die navorsingsvraag van hierdie

hoofstuk, is daar besluit om een groep deelnemers te selekteer met 'n teologiese opleiding en 'n ander groep wat geloofsvolwasse is maar sonder formele teologiese opleiding. Van hierdie deelnemers kan daar verwag word dat hulle 'n betekenisvolle bydrae tot die beantwoording van die navorsingsvraag kan maak.

Uit elke kerkdenominasie is 'n predikant as deelnemer gekies aangesien hulle in gemeentes as liturge optree. Ter wille van balans is daar uit elke kerkdenominasie nog 'n geloofsvolwasse deelnemer gekies wat nie 'n predikant is nie. Vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, waarin die navorser self 'n predikant is, is daar drie ekstra deelnemers gekies wat 'n sinvolle bydrae tot die navorsingsvraag van hierdie hoofstuk kan maak. Vanuit die Duet-gemeente is daar 'n gesamentlike onderhoud gevoer met 'n egpaar wie beide in die bediening is, asook 'n geloofsvolwasse lidmaat. In totaal was daar dus twaalf deelnemers met wie daar onderhoude gevoer is: ses predikante en ses nie-predikante. Al die onderhoude is in Afrikaans gevoer.

Die profiel van die deelnemers is as volg:

- Ses predikante

  Die predikante se ouderdomme het tussen 37 en 45 gewissel. Vyf deelnemers is predikante in blanke gemeentes in. Die sesde is 'n Sotho sprekende teologiese professor aan die Noordwes-Universiteit Potchefstroom kampus, wie ook deels ampswerk verrig in die Gereformeerde Kerk Boskop-Bophirima. Vyf is mans en een 'n vrou.

- Ses nie-predikante

  Die ander deelnemers se ouderdomme het gewissel tussen 18 en 78. Uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is onderhoude gevoer met 'n skolier, 'n middeljarige en bejaarde deelnemer. Uit die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Duet-gemeente is onderhoude met middeljarige deelnemers gevoer. Van hierdie groep deelnemers was die helfte manlik en die ander helfte

vroulik.

Opsommend kan die seleksie van deelnemers vir empiriese navorsing in hierdie hoofstuk as volg weergegee word: Om 'n dieper verstaan van en ervaring van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te bekom en om die gestelde hipotese te toets, is twaalf deelnemers van wie daar verwag kan word dat hulle 'n sinvolle bydrae tot die navorsingsvraag van hierdie empiriese hoofstuk sal kan maak, gekies.

8.5.7 Onderhoudvoering met die deelnemers

Onderhoudvoering is 'n dinamiese proses waarin die navorser en die deelnemer mekaar van "aangesig-tot-aangesig" ontmoet en met mekaar gesprek voer (Steyn & Lotter, 2006:106,107). Aangesien die navorser direk by die proses betrokke is (Janse van Rensburg, 2007:5), bestaan die gevaar van beïnvloeding of subjektiewe waarneming (Chenail, 1995:1; Leedy, 1997:115; Kok, 2007a:6). Eerlikheid van die navorser teenoor homself, die deelnemer, en die navorsingsproses, is dus van die uiterste belang (Anon, 2006:2; Kok, 2007a:6). In die praktyk is dit nodig dat elke deelnemer vooraf goed ingelig moet word oor die aard van die navorsing en die doel van die onderhoud (Chenail, 1995:2; Leedy, 1997:115).

Die onderhoud self moet, met die medewete en toestemming van die deelnemer, wetenskaplik gedokumenteer kan word (Chenail, 1995:4; Hoepfl, 1997:6; Kok, 2007a:7; Kok, 2007b:153,154). Die mees praktiese wyse is om dit elektronies te doen (video, CD, kasset) en om gedurende die onderhoud self so deeglik as moontlik aantekeninge te maak. Aan die einde van die onderhoud is dit noodsaaklik dat die deelnemer die aantekeninge onderteken. Hierdie ondertekende aantekeninge tesame met die elektroniese opname moet deur die navorser bewaar word (Chenail, 1995:3; Hoepfl, 1997:6,8; Ackerman & Giese, 2006:2; Kok, 2007a:7).

In die lig van gemelde riglyne vir onderhoudvoering, is elke onderhoud so objektief moontlik deur die navorser gevoer. Elke deelnemer is vooraf ingelig wat die aard en die doel van die onderhoud is. Elkeen se skriftelike toestemming is vooraf bekom en elke onderhoud se aantekeninge is na die onderhoud deur die deelnemer onderteken. Al die onderhoude is op kasset opgeneem en is saam met die aantekeninge in die navorser se besit.

As samevatting van die onderhoudvoering kan die volgende gestel word: Die navorser het, met die vooraf toestemming van en verduideliking aan elke geselekteerde deelnemer, 'n persoonlike onderhoud gevoer waarin elke deelnemer, sonder beïnvloeding van die navorser, vrylik sy of haar verstaan en ervaring van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe kon verwoord.

8.5.8 Ontleding van die respons van die deelnemers

Die fokus van empiriese navorsing wat primêr verkennend van aard is, is gerig op die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en nie so seer op 'n vergelykende studie nie (Erasmus, 2007:238). Dit ondersteun die empiriese metodes van Chenail (1995:6) en Leedy (1997:165) waarvolgens die groot hoeveelheid data wat deur onderhoudvoering bekom is, deur induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk moet word. Dit is dus nodig dat die navorser kwalitatiewe data vanaf die gemeenskaplike na die unieke en besondere moet analiseer. Dit is veral hierdie unieke en besondere data wat belangrik is vir die dieper verstaan van en insig in 'n bepaalde navorsingsvraag. Die navorser moet veral ook ingestel wees op die analisering en interpretasie van emosies, belewenisse, persepsies, waarnemings en ander nie-kognitiewe reaksies wat uit die onderhoude na vore kom (Steyn & Lotter, 2006:111). Omdat die analisering van data uit onderhoude gebaseer is op die dieper verstaan en ervaring van 'n bepaalde navorsingsvraag, "there is no standerd procedure

for qualitative analysis" (Leedy, 1997:165). Al kan dit nie so objektief soos kwantitatiewe navorsing geanaliseer word nie, wys Leedy (1997:165) nogtans daarop dat dit nie minder wetenskaplik is nie. In die ontleding van die onderhoude is hierdie navorsingsbeginsel van die uiterste belang.

8.5.8.1 Terugvoer vanaf deelnemers

In die analisering van die onderhoude wat die navorser met die twaalf deelnemers gevoer het, is die metodes van Chenail (1995:6) en Leedy (1997:165) nagevolg. Die groot hoeveelheid data wat deur onderhoudvoering bekom is, is deur induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk. Daar is dus in elke vraag van die onderhoudsvraelys vanaf die gemeenskaplike na die unieke en besondere gewerk.

8.5.8.1.1 Terugvoer op BW1

8.5.8.1.1.1 Vraag 1

- *Wat verstaan jy onder die begrip "liturgie"?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die betekenis van die begrip "liturgie" getoets.

Deelnemende predikante:

Al die deelnemers het die begrip "liturgie" in verband met diens aan God gebring in formulerings soos "manier van aanbidding", "ontmoetingsgebeure waardeur God gedien word", "rituele en verloop van gebeure tydens erediens" en "ritme en intensiteit in verhouding met God". Drie deelnemers het daarop klem gelê dat die begrip "liturgie" nie tot erediensthandelinge verskraal mag word nie, maar dat dit ook direk in verband met die daaglikse lewe gebring moet word.

Deelnemende lidmate:

Onder hierdie groep deelnemers was die begrip "liturgie" verskraal tot

erediensshandelinge. Vir vier het dit grootliks gedui op volgorde van erediensshandelinge terwyl die ander twee deelnemers meer klem gelê het op die ontmoeting met God en die betekenis van die verskillende elemente onder die erediens. Een deelnemer het opgemerk dat die begrip "liturgie" 'n abstrakte, kliniese akademiese konsep is wat in die weg van 'n opregte warm verhouding met God staan.

Gevolgtrekking:

Die predikante het dieper gefokus op liturgie as uitdrukking van die wyse waarop God in die erediens en die daaglikse lewe gedien moet word terwyl die meeste lidmate die begrip "liturgie" verskraal het tot die volgorde van handelinge tydens die erediens en dit selfs as belemmering in 'n opregte verhouding met God gesien is. Die deelnemende predikante het dus 'n dieper en ruimer betekenis van die begrip "liturgie" gehandhaaf as die deelnemende lidmate.

8.5.8.1.1.2 Vraag 2

- *Wie stel jou in staat om liturgie te kan beoefen?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die begronding van liturgie getoets.

Deelnemende predikante:

Al die deelnemers was dit eens dat liturgie van God uitgaan en tot Hom gerig is. Een deelnemer het gepas opgemerk dat God die Argitek van liturgie is en 'n ander dat dit Hy is wat aan die gelowige die reg gee om sy kind te mag wees.

Deelnemende lidmate:

Al die deelnemers het geantwoord dat liturgie 'n gawe van God is en dat dit nie die mens is wat eerste van sy kant af liturgie wil beoefen nie. Daar is onder andere opgemerk dat liturgie 'n gawe van God is wat jou op Hom laat fokus en dat dit Hy is wie deur die Heilige Gees 'n soeke in die mens wek om Hom te ontmoet en tot kennis te kom van hoe Hy gedien wil word.

Die gelowige moet in antwoord daarop gehoorsaam wees aan God wat roep.

Gevolgtrekking:
Al die deelnemers het verstaan en getuig dat liturgie van God uitgaan en dat dit op Hom gerig is. Hy is dus die subjek en objek van aanbidding.

8.5.8.1.1.3 Vraag 3

- *Waarom moet jy liturgie beoefen?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die noodsaak van liturgie getoets.

Deelnemende predikante:
God het die mens as "worshipping being" geskape om Hom te kan aanbid. "Dit is in die mens se natuur om liturgie te wil beoefen", het een deelnemer opgemerk. 'n Ander deelnemer het die noodsaak van liturgie beoefening deurgetrek na wat dit vir die mens self beteken, naamlik dat dit vir hom geloofsversterkend is en dat dit hom help om in te oefen hoe om as God se kind te leef. Vier deelnemers het genoem dat dit noodsaaklik is om daardeur iets van die teenwoordigheid van die Here te beleef. Een deelnemer bevraagteken die gedagte van liturgie "beoefening". Volgens hom "beoefen" 'n Christen nie liturgie nie – hy "is" in 'n lewende verhouding met God, "die Groot Ek Is".

Deelnemende lidmate:
Vir twee deelnemers het die grond vir die noodsaak van liturgie daarin gelê dat God 'n God van orde is – Hy eis hoe Hy gedien moet word. 'n Ander het gedeeltelik daarby aansluiting gevind met die standpunt dat liturgie noodsaaklik is om God na behore te kan loof en prys. Daar is ook opgemerk dat dit 'n geleentheid is om God te plesier vir sy liefde wat Hy aan die mens bring en dat liturgie voorts ook noodsaaklik is vir die mens omdat dit die weg is waarlangs die mens toegerus word met krag en waardeur die mens meer van God leer en in die geloof versterk word.

Twee deelnemers was egter van mening dat liturgie bloot 'n saak van tradisie is wat uit opvoeding voortspruit.

Gevolgtrekking:

Opinies oor die noodsaak van liturgie het grootliks van mekaar verskil. Die twee pole het gestrek van 'n Goddelike opdrag om Hom daardeur ordelik te kan dien, tot 'n meer mensgesentreerde beskouing van wat vir die gelowige self voordelig en geloofsversterkend is.

8.5.8.1.2 Terugvoer op BW2

8.5.8.1.2.1 Vraag 4

- *Wie is die betrokke partye in die erediens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van wie die teenwoordige partye in die liturgie van die erediens is, getoets.

Deelnemende predikante:

Al die deelnemers het opgemerk dat daar altyd drie partye in die erediens is wat altyd in 'n dinamiese verhouding met mekaar verkeer, naamlik God, die gemeente en die individu binne die geheel van die gemeente. Daar is ook na die besondere posisie van die liturg verwys. Een deelnemer het na die grootsheid van "liturg wees" in hierdie ontmoetingsgebeure verwys en opgemerk dat die liturg as dirigent die hele ontmoetingsgebeure as't ware orkestreer.

Deelnemende lidmate:

Al ses deelnemers het in hulle onderhoude daarby uitgekom dat daar drie betrokke partye in die erediens in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan, naamlik God, die gemeente en die gelowige as individu. Meer as een deelnemer het egter gewaarsku teen die oorbeklemtoning van die predikant as liturg wat moontlik in die weg van 'n ontmoeting tussen God en die gemeente mag staan. Die erediens is nie 'n "dominee show" nie – dit maak lidmate passief en onnadenkend.

Gevolgtrekking:

Al die deelnemers was dit eens dat dit in die erediens altyd om God, die gemeente in kollektiewe sin en die individu binne die gemeente gaan wat almal in 'n dinamiese verhouding met mekaar staan. Die taak en verantwoordelikheid van die liturg speel 'n belangrike rol in die ontmoetingsgebeure en daar bestaan 'n gevaar dat die liturg in die weg mag staan van ware ontmoeting.

8.5.8.1.2.2 Vraag 5

- *Wat is die belangrikste kenmerk van die erediens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers getoets oor wat vir hulle die enkel belangrikste kenmerk van die erediens is.

Deelnemende predikante:

Die erediens is 'n interaksie tussen God, medegelowiges en die individu self wat in oomblik en tyd plaasvind. Die dialogiese wisselwerking tussen Goddelike Woord en menslike antwoord skep 'n milieu van belewenis om met God te kan "connect", was die opmerking van een deelnemer. 'n Ander deelnemer het swaar klem gelê op die diens ("serving") karakter van die erediens. Volgens hom moet die mens se ontmoeting met God van so 'n aard wees dat dit die mens self en sy medemens deur diens sal verander. Vir 'n ander deelnemer is die belangrikste kenmerk van 'n erediens dat dit 'n fees van veranderde lewens moet wees. Deelnemers was van oordeel dat dit ten diepste 'n kollektiewe gebeure van aanbidding, getuienis, luister en gemeenskapsbeoefening moet wees.

Deelnemende lidmate:

Vir die meerderheid van deelnemers is die eer van God wat voorop moet staan, die belangrikste kenmerk van die erediens. Daar is spesifiek by een deelnemer swaar klem gelê op die diens aspek van die erediens. Die opmerking is onder andere gemaak dat dit "ere-diens en nie ere-ontvang" moet wees nie. 'n Verdere belangrike kenmerk van die erediens is dat dit

'n ontmoeting tot seën en versterking van die mens se geloof moet wees. Vir een deelnemer lê die belangrikste kenmerk van die erediens daarin dat dit dien as versterking van die gemeenskap van heiliges. Die opmerking is gemaak dat die erediens dien as geleentheid om as Christenfamilie te "bond". Vir die betrokke deelnemer was die verwagting van die erediens meer gerig op dit wat sy self daaruit kon put as wat sy dit as geleentheid beskou het om God te kom dien.

Gevolgtrekking:

Die dialogiese aard van die erediens is volgens die meerderheid deelnemers die belangrikste kenmerk van die erediens. Die eer van God moet in hierdie ontmoeting voorop gestel word en dit moet die mens tot seën en versterking van sy geloof strek. Die erediens is ook noodsaaklik vir die versterking van die gemeenskap van gelowiges en vir die gelowige as geloofsindividu. Dit is egter duidelik uit die respons van die deelnemers dat daar onder hulle die gevoel is dat die noodsaaklike kenmerke van wat die erediens veronderstel is om te wees, nie in die praktyk neerslag vind nie en dat die erediens dikwels slegs 'n gewoonte-byeenkoms is.

8.5.8.1.3 Terugvoer op BW3

8.5.8.1.3.1 Vraag 6

- *Watter hoofmomente behoort daar in die erediens te wees?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van wat die hoofmomente in die liturgie van die erediens is, getoets.

Deelnemende predikante:

Die deelnemers uit die Gereformeerde Kerke het vier hoofmomente in die erediensliturgie onderskei, naamlik die ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, die Woorddiens en die antwoorddiens. Die hoofmomente wat deur die deelnemer uit die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika onderskei is, het in 'n groot mate ooreenkomste getoon met dié uit die Gereformeerde Kerke, met die

byvoeging van wegsending as 'n onderskeie hoofmoment. Die deelnemers uit die ander denominasies het verkies om nie vasgestelde hoofmomente te onderskei wat in elke erediens behoort te wees nie, maar om eerder een sentrale hoofmoment vir 'n spesifieke erediens na gelang van 'n bepaalde geleentheid te kies. Die hele erediens sou dan byvoorbeeld verootmoedigend of lofprysend van aard kon wees. Die dryfveer agter hierdie beskouing is om 'n statiese liturgie gepaardgaande met formalisme teen te werk. Nogtans was almal dit eens dat die erediens met een of ander vorm van intrede behoort te begin en dat die element van ontmoeting noodsaaklik is.

Deelnemende lidmate:

Vir die meerderheid van deelnemers het die Woord, met die prediking daarby inbegrepe, sentraal gestaan. Die mens se antwoord op die Woord, veral in die vorm van gebed en lofprysing, het ook as hoofmoment sterk gefigureer. Een deelnemer het die seën van die Here by monde van die liturg as die oorkoepelende hoofmoment van die erediens uitgesonder. "Sonder God se seën is geen erediens moontlik nie". 'n Ander deelnemer het klem gelê op die plek van getuienis wat 'n definitief onderskeibare hoofmoment onder die erediens behoort te wees. Die gevoel onder sekere deelnemers was dat 'n rigiede "tradisionele" indeling van hoofmomente in die erediens opregte ontmoeting met God belemmer en dat daar 'n groter behoefte aan 'n spontane minder gereglementeerde erediensinkleding bestaan.

Gevolgtrekking:

Hoewel deelnemers verskil het oor die aard en die inkleding van verskillende hoofmomente in die liturgie van die erediens, was almal van mening dat die liturgie van die erediens by 'n vorm van ontmoeting of toetrede moet begin. Daarin kan die afleiding gemaak word dat die behoefte van die mens om in die teenwoordigheid van God te wees en om in 'n verhouding met Hom te leef, by elkeen van die deelnemers voorop gestaan het. Dit was ook oorwegend die standpunt van die meerderheid

van deelnemers dat die liturgiese handelinge in die erediens nie staties en formalisties behoort te wees nie. Uit die deelnemers se respons was dit ook duidelik dat die predikante en lidmate wie nie in die Gereformeerde Kerke is nie, 'n minder rigiede liturgiese hoofmoment-indeling van die erediens verstaan en beleef.

8.5.8.1.3.2 Vraag 7

- *Wat verstaan/beleef jy onder die ontmoetingsdiens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die ontmoetingsdiens in die liturgie van die erediens, getoets.

Deelnemende predikante:

Die gelowige kom uit die stukkende wêreld na die huis van die Here met die begeerte om dáár van Hom nuwe krag te kom ontvang. "Die mens kom staan met 'n oop hand voor God", was die opmerking van een deelnemer. Die begeerte om God se teenwoordigheid in die erediens op te soek kom van die werking van die Heilige Gees. In die ontmoetingsgebeure gebruik God die liturg instrumenteel om deur hom Sy gemeente te seën. Daar moet egter deurentyd daarteen gewaak word dat die liturg die "show run", waarsku 'n ander deelnemer. God staan sentraal in die interaktiewe ontmoetingsgebeure. Die ontmoeting met God in die erediens moet ook gerig wees op die wêreld waarin God nie die eer ontvang wat Hom toekom nie. Ontmoeting onder die erediens moet altyd toegeruste gelowiges na die wêreld stuur. Ontmoeting in die erediens moet ter selfde tyd ook tot die versterking van die gemeenskap van gelowiges dien. Die mens is "groepsdiere", is die mening van een deelnemer, wat die begeerte het om gemeenskaplik liturgie te beoefen. Vertikale ontmoeting moet ook tot horisontale ontmoeting lei. Meer as een deelnemer het die noodsaak en waarde van stilte beklemtoon binne die ontmoetingsdiens.

Deelnemende lidmate:

In die ontmoetingsdiens kom die gelowige na die huis van God met die belydenis dat Hy waarlik daar onder sy kinders teenwoordig is. Hierdie

wete is nie noodwendig gegrond in 'n gevoel nie, maar in die geloof dat dit werklik so is. Die moeë mens kom uit die daaglikse lewe na die erediens om homself in die teenwoordigheid van God te kom stel. Ten diepste is dit 'n vaste afspraak om van God te kom ontvang en om Hom te kom dien. Die gesindheid waarmee die gelowige tot God moet nader is dié van totale nietigheid en onvolmaaktheid. Dit is derhalwe nodig om in hierdie ontmoeting te bid dat God die mens ontvanklik vir sy Woord sal maak en sy hele wese op Hom sal rig. Die ontmoeting met medegelowiges was van groot belang vir 'n komponent van die deelnemers.

Gevolgtrekking:

Die ontmoetingsdiens is nie 'n statiese moment wat op die eksakte begin van die erediens dui nie. Die ontmoetingsdiens neem in aanvang in die werksweek wanneer die moeë gelowige die begeerte ontwikkel om onder die erediens in God se teenwoordigheid in te tree. Ontmoeting impliseer 'n dialogiese karakter waarin God self ten diepste die subjek en die objek van die erediens is. Tydens die ontmoetingsdiens is die ontmoetingsseën, waarin God die liturg instrumenteel gebruik, 'n uiters belangrike liturgiese moment aangesien dit die gelowige in staat stel om God onder die erediens te kan ontmoet en liturgie te kan beoefen. Vertikale ontmoeting met God moet ook horisontaal tot onderlinge ontmoeting met medegelowiges lei. Ontmoeting moet altyd oorvloei na die wêreld om deur die getuieniskarakter daarvan ongelowiges aan te spreek. Hoewel die deelnemers die ontmoetingsdiens as horisontale én vertikale ontmoeting verstaan en nastreef, is daar onder hulle die erkenning dat dit nie in die praktyk van die liturgie in die erediens konkretiseer nie en dat ontmoeting gewoonlik óf vertikaal óf horisontaal oorbeklemtoon word.

8.5.8.1.3.3 Vraag 8

- *Wat verstaan/beleef jy onder die verootmoedigings- en versoeningsdiens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die verootmoedigings- en versoeningsdiens in die liturgie van die erediens,

getoets.

Deelnemende predikante:

In die geestesoog, verklaar een deelnemer, sien die gelowige God in majesteit op sy troon. Aan die ander kant sien die gelowige homself as nietige "sondige ek" wie in ootmoed tot die heilige God durf nader. In die ontmoeting reik God in liefde na die gelowige uit met die woorde: "Ek sien jou raak, My kind". Die feit dat God in liefde Hom met die gelowige versoen deur tot hom te nader, heel stukkende verhoudings tussen God en die mens, maar ook tussen die mens in verhouding tot homself en sy medemens. Tydens die liturgiese elemente van die wet, sang en gebed kom die hoofmoment van verootmoediging en versoening die duidelikste na vore. Tydens Skriflesing en prediking word die evangelie van verlossing ook duidelik. Een deelnemer het opgemerk dat die versoening wat God verkondig en bewerk 'n "DNA verandering" in die mens bewerkstellig het, dit is 'n verandering tot in sy diepste wese. Daar moet ernstig daarteen gewaak word om nie formalisties God se versoening "goedkoop" te verklaar nie.

Deelnemende lidmate:

Verootmoediging is "submission" in totale gewydheid. Die gelowige besef dat hy onder die permanente toorn van God sou leef indien God nie van sy kant af genade aan hom sou bewys nie. Daarom word hy stil voor God en smeek hy Hom om genade. Die lees van die wet is die herinnering van wat God van die mens eis. Ter selfde tyd is die wet die "hamerhou" en die "spieël" wat die mens sy sonde en verlorenheid laat besef. In die wet is die blye boodskap van verlossing en die riglyn van 'n dankbaarheidslewe egter ook opgesluit. Tog is die oorbekendheid van die wet 'n groot gevaar in die sin dat gelowiges "horende doof" word. Dit is derhalwe nodig dat veral die wet "vars" voorgehou word. Die boodskap van versoenig word ook die Skriflesing en prediking gevind. Een deelnemer het egter onomwonde verklaar dat sy nie versoening in die liturgie van die erediens ervaar nie, maar dat sy dit in haar persoonlike stiltetyd en "binne die kring van 'n warm

geloofsgemeenskap buite die erediens" ervaar.

Gevolgtrekking:

Al die deelnemers het die gedagte en werklikheid van verootmoediging en versoening erken, al het almal dit nie as sentrale hoofmomente in die liturgie van die erediens beskou nie. Verootmoediging is verstaan binne die konteks van die mens as nietige sondaar wat God om genade smeek, terwyl versoening beskou is as daad van God wat die nietige mens in genade aansien. Die wet staan uit as sentrale liturgiese element in die verstaan en beleef van verootmoediging en versoening. Hoewel al die deelnemers die geweldige diepte dimensie van die liturgiese element van verootmoediging- en versoening verstaan en besef, was dit die algemene gevoel dat dit in die eredienste formalisties en outomaties hanteer word.

8.5.8.1.3.4 Vraag 9

- *Wat verstaan en beleef jy onder die Woorddiens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die Woorddiens in die liturgie van die erediens, getoets.

Deelnemende predikante:

Die Woord van die Lewende God staan sentraal in die erediens. Die Woord is egter nie tot die liturgiese element van Skriflesing beperk nie, maar vorm integraal deel van die hele erediens. Prediking is uitleg, verklaring en toepassing van die Woord in die konkrete leefwêreld van die gemeente. Prediking moet egter ook altyd 'n appél hê, 'n "challenge", waarvolgens die gepredikte Woord in gehoorsaamheid in die lewe van die gelowige geïmplementeer kan word. Ten diepste, meen een deelnemer, moet die Woord die gelowige tot 'n "commitment" lei.

Deelnemende lidmate:

Al die deelnemers was dit eens dat die Woord dié Waarheid is en dat dit in die erediens sentraal staan aangesien dit die belangrikste manier is waarop God Homself aan die mens openbaar. Dit is daarom noodsaaklik dat daar

altyd in die erediens eers om die verligting van die Heilige Gees gebid moet word voordat daar uit die Woord gelees word. Die Woord is lewend en aktueel en bepaal die rigting van die hele erediens: as dit vermanend is, dan is die hele erediens verootmoedigend, as dit van genade getuig, dan is die hele erediens lofprysend van aard. Een deelnemer het na die simboliek van die preekstoel verwys wat sentraal in die kerkgebou moet staan om daardeur die primaat van die Woord te beklemtoon. Prediking vloei uit die Skriflesing. Prediking moet baie teksaanhalings uit die Bybel hê om daardeur te beklemtoon dat dit ook deel is van die manier waarop God met die gemeente praat. Die predikant moet met vrymoedigheid kan getuig: "So sê die Here, HERE". Dit is belangrik dat prediking aktueel binne die leefwêreld van die gemeente toegepas moet word, anders word dit wêreld vreemd en sonder trefkrag.

Gevolgtrekking:

God se Woord staan sentraal in die liturgie van die erediens. Hy openbaar Homself in die besonder daardeur aan die gemeente in die kollektiewe sin, maar ook aan die gelowige individueel. Dit pas die gelowige om in ootmoed voor die God van die Woord te buig en om Hom om die verligting van die Heilige Gees te bid voor die aanhoor daarvan. Uit die Skriflesing vloei die prediking organies voort. Prediking is die uitleg, verklaring en toepassing van die Woord in die konkrete leefwêreld van die gemeente. Prediking moet 'n appél hê wat lewensveranderend op die gelowige inwerk, anders word dit wêreldvreemd beleef sonder trefkrag.

8.5.8.1.3.5 Vraag 10

- *Wat verstaan en beleef jy onder die antwoorddiens?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die antwoorddiens in die liturgie van die erediens, getoets.

Deelnemende predikante:

Die Woord roep in die liefdesverhouding tussen God en sy kinders, die gelowige om te antwoord. Omdat die Woord 'n tweesnydende swaard is,

bepaal dit die gelowige se antwoord. Die antwoord van die gelowige kan wissel tussen verwondering en lofprysing tot verootmoediging en smeking. Die gelowige antwoord ook materieel deur die diens van barmhartigheid. Die gelowige se antwoord is egter nie slegs tot liturgiese handelinge in die erediens beperk nie. Die Woord roep tot diensbaarheid in die daaglikse lewe waarin die gelowige sy profetiese, priesterlike en koninklike taak moet uitvoer. Een deelnemer het ernstig gepleit dat die antwoord karakter in die erediens baie meer uitgebou behoort te word met gemeentedeelname in byvoorbeeld, gebede, Skriflesing en beurtsang. Die voorgaan van die liturg namens die gemeente het die gevaar om die antwoord karakter in die erediens te belemmer en die gemeente "passiewe toehoorders" te maak.

Deelnemende lidmate:

Die Woord roep die gelowige om te antwoord: die gemeente kollektief, maar ook elke gelowige individueel. Ten diepste is die antwoorddiens 'n daad van gehoorsaamheid in die lewe en gedagtewêreld van die gelowige op dit wat God deur sy Woord geveel. "God vra nooit meer van jou as dit waartoe Hy jou in staat stel nie", het 'n deelnemer opgemerk. Die doel van die antwoorddiens is altyd om "God te verheerlik" en om "Hom te behaag" deur aan sy wil gehoorsaam te wees. Die sing van "Amen" deur die gemeente as toe-eiening van die eis van die Woord is daarom baie gepas. Die antwoorddiens in die liturgie van die erediens kom onder andere in liturgiese handelinge soos sang, gebed, belydenis en kollekte tot uitdrukking, maar is ook 'n "commitment" om in die daaglikse lewe gehoorsaam en diensbaar aan God te wees. Die antwoorddiens word egter dikwels verkeerdelik beperk tot liturgiese handelinge wat onnadenkend verrig word. Een deelnemer het na die grootsheid van roeping verwys in die opmerking dat God juis hom, ten spyte van al sy sonde en tekortkominge, geroep en toegerus het om deur hom in hierdie wêreld te werk. Sy antwoord op God se Woord is deurentyd die vraag: "Wat wil God deur my bereik?"

Gevolgtrekking:

Al die deelnemers was dit eens dat die Woord van God om 'n antwoord by die gelowige roep. Die antwoord vind in die eerste plek in die erediensliturgie plaas deur 'n verskeidenheid van liturgiese handelinge, maar is nie daartoe beperk nie. God roep die gemeente kollektief, maar ook elke gelowige individueel, tot diensbaarheid in alle sfere van die daaglikse lewe. Antwoorddiens en roeping kan daarom nooit van mekaar geskei word nie. Die werklikheid in die eredienste is egter dat lidmate dikwels "passiewe toehoorders" is en dat die antwoorddiens tot vasgestelde liturgiese elemente in die erediens beperk word.

8.5.8.1.4 Terugvoer op BW4

8.5.8.1.4.1 Vraag 11

- *Wat beteken die ontmoetingseën vir jou?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die plek en aard van die ontmoetingsseën in die liturgie van die erediens getoets.

Deelnemende predikante:

Onder die groep deelnemende predikante het opinies oor die besondere aard en plek van die ontmoetingseën gewissel tussen "een van die hoogtepunte" van die erediensliturgie tot "dit het nie werklik 'n besondere betekenis nie – dit maak nie saak of die erediens met of sonder die seën begin" nie. By die meerderheid van deelnemers was daar egter 'n afwagting wat aan die ontmoetingseën gekoppel is. Die gelowige kom moeg en gedaan van die wêreld af om dan deur die ontmoetingseën die versekering van vrede te ontvang. Deur die ontmoetingseën word die mens as't ware vanuit die wêreld gelig en in die teenwoordigheid van God in sy troonsaal geplaas. Daardeur laat God die gelowige individueel, maar ook die gemeente in kollektiewe sin ervaar dat Hy werklik in hulle teenwoordigheid verkeer. God se seën werk so op die gelowige in dat hy ook vir ander tot seën kan wees. Vir die deelnemers wat minder beduidende waarde aan die ontmoetingseën geheg het, het die klem

grootliks op horisontale groet geval as versterking van die gemeenskap van heiliges.

Deelnemende lidmate:

Ook onder die deelnemende lidmate was die opinies oor die besondere aard en plek van die ontmoetingseën wyd uiteenlopend. Aan die een kant het 'n deelnemer onomwonde verklaar dat dit 'n onduidelike ritueel is en moontlik bloot net 'n ordelike begin van die erediens is waarin God "welkom sê". Vir 'n ander was dit 'n groet handeling van die predikant aan die gemeente. Aan die ander kant was daar deelnemers wat die ontmoetingseën as kragtoesegging beskou het om 'n erediens moontlik te maak. "God se seën moet ek met albei hande aangryp", want dit is die toerusting wat die gelowige nodig het om die Woord te kan verstaan en toe te eien. Een deelnemer benadruk die onmisbaarheid van die seën in sy opmerking dat "waar God jou seën, kan vloek jou nie oorweldig nie".

Gevolgtrekking:

Onder sowel die deelnemende predikante as die lidmate was daar meningsverkille oor die besondere aard en plek van die ontmoetingseën. Vir sommige was dit 'n liturgiese handeling van min of geen betekenis, met besondere klem op die groetgedagte, hetsy komende van God of die predikant of onderling met medegelowiges. Aan die ander kant was daar deelnemers wat dit as een van die hoogtepunte in die erediensliturgie beskou het. Uit die onderhoude blyk dit nogtans dat die meerderheid van deelnemers die ontmoetingseën as toerusting van Goddelike krag beskou het wat in die geloof toegeëien moet word. Daardeur ontvang die individu en die gemeente die versekering van God se teenwoordigheid en vrede in die ontmoetingsgebeure in die erediens.

8.5.8.1.4.2 Vraag 12

- *Wat beteken die wegstuurseën vir jou?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die plek en aard van die wegstuurseën in die liturgie van die erediens getoets.

Deelnemende predikante:

Deelnemers het twee teenstrydige standpunte ten opsigte van die aard van die wegstuurseën gehuldig. Aan die een kant was daar deelnemers wat die wegstuurseën bloot as beleefdheidsgroet beskou het voordat die gemeente uitmekaar gaan. Een deelnemer sien dit as "'n mooi Christen manier van 'goodbye' sê", en ag dit daarom ook nie as noodsaaklik dat elke erediens met 'n wegstuurseën hoef te eindig nie. Aan die ander kant is die standpunt uitgespreek dat die wegstuurseën 'n Goddelike daad van toesegging van vrede is, waarsonder die gelowige nie die werksweek kan binnegaan nie. Die wegstuurseën dui dus volgens hierdie standpunt nie op die afsluiting van die erediens nie, maar as bron van Goddelike krag vir die gelowige om sy roeping in die week te gaan uitleef. "Erediens hou nooit op nie – dit gaan voort in die lewe". Die seën wat die gelowige deur die wegstuurseën ontvang het, moet hy in die wêreld gaan uitdeel. Elke geseënde is dus in der waarheid 'n liturg wat 'n "seën-omgewing" in die wêreld moet gaan skep waarin God die eer moet kry wat Hom toekom.

Deelnemende lidmate:

Die erediens is 'n intieme ontmoeting met 'n roeping. Die wegstuurseën is "die laaste energiepakkie om die week binne te gaan". Hierdie beskrywing van die wegstuurseën deur een deelnemer verteenwoordig die meerderheid deelnemers se verstaan en beleef daarvan. Die seën wat die gelowige van God ontvang moet ook vir die wêreld waarin die gelowige gaan leef, tot seën wees. Een deelnemer het die wegstuurseën verstaan as die wyse waarop die gelowige met die Heilige Gees vervul word terwyl dit vir 'n ander bloot die afsluiting van die erediens beteken het. Vir nog 'n ander deelnemer was dit 'n toewensing van onderlinge seën teenoor mekaar, totdat die gemeente weer bymekaar kom. Die klem het dus hier op die seën as menslike handeling en toesegging gedui.

Gevolgtrekking:

Opinies oor die verstaan en beleef van die wegstuurseën het gewissel tussen 'n Goddelike daad van kragtoesegging aan die een kant tot 'n

beleeftydsgroet waarmee die erediens afgesluit word deur gelowiges wat mekaar seën toewens, aan die ander kant. Waar die ontmoetingseën bekragtiging is om God onder die erediens te kan ontmoet, is die wegstuurseën bekragtiging om met die sekerheid van God se teenwoordigheid die werksweek binne te gaan totdat die gelowige weer Sondag na die huis van die Here gaan om Hom weer daar te ontmoet. Erediens hou dus as't ware nooit op nie, maar vloei deur die wegstuurseën oor na die erediens van die lewe. Hoewel die meerderheid van deelnemers aan die wegstuurseën 'n diep betekenis van toesegging van seën as kragbron vir die werksweek verleen, is daar nogtans by hulle die kommer dat die wegstuurseën oor die algemeen tot erediensafsluiting negeer word.

8.5.8.1.5 Terugvoer op BW5

8.5.8.1.5.1 Vraag 13

- *Wat beteken die begrip "liturgie van die lewe" vir jou?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die begrip "liturgie van die lewe" getoets.

Deelnemende predikante:

Die liturgie van die lewe is "erediens wat hande en voete in die lewe kry". Deur die wegstuurseën dra die gelowige die vrede van die erediens na die lewe in al sy fasette oor. God is immers nie net onder die erediens by sy kinders teenwoordig nie, Hy is alomteenwoordig, orals altyd. Sondag moet as leerskool vir die diens van die lewe beskou word. Daarom kan die gelowige ook in die pyn van die lewe steeds 'n lied tot eer van die Here sing. Een deelnemer het die begrip "liturgie van die lewe" as ongefundeerd beskou, aangesien dit skeiding tussen erediens en lewe impliseer. Daar is ook daarop gewys dat die begrip "liturgie van die lewe" vir die meeste lidmate in die kerk 'n onbekende begrip is en dat liturgie tradisioneel slegs tot die erediens beperk word.

Deelnemende lidmate:

Die liturgie van die lewe is die "24/7 roeping" van die gelowige om God oral, altyd en onder alle omstandighede te bly dien. Die wegstuurseën as bron van krag vir hierdie roeping is onmisbaar. Die aanbiddingslewe van die gelowige is nie net beperk tot die erediens nie, maar is die voortsetting van 'n intieme verhouding met God en die medemens tussen Sondag en Saterdag. Een deelnemer se opmerking in hierdie verband was "Think outside the box" om daardeur te beklemtoon dat die dien van die Here nie tot Sondag in die erediens beperk mag word nie. Daar was duidelik 'n algemene gevoel onder die deelnemers dat daar verkeerdelik spanning tussen Sondag- en weekliturgie bestaan. "Jesus Christus is my hele lewe en om te lewe is vir my Jesus Christus", is onder andere deur 'n deelnemer getuig van haar verstaan van die liturgie van die lewe. Een deelnemer het die begrip "liturgie van die lewe" verstaan as die ervaring van vrede saam met die opdrag tot geestelike groei in verskillende fasette van die lewe soos bekering en heiligmaking.

Gevolgtrekking:

Ontmoeting met God mag nie tot die gesamentlike erediens beperk word nie, die gelowige leef in die permanente teenwoordigheid van God. Deur die wegstuurseën vloei die eredienstliturgie oor in die daaglikse lewe met al sy verskillende fasette. Die dien van God bly die roeping van gelowiges oral en altyd. Die deelnemers het na die liturgie van die lewe as die ideaal verwys met die erkenning dat dit nie altyd sigbaar in die lewenswerklikheid van gelowiges konkretiseer nie. Dit is ook as 'n minder bekende liturgiese term beskou en deelnemers was van oordeel dat die begrip liturgie oor die algemeen tot die erediens verskraal word en nie ook met die lewe in verband gebring word nie.

8.5.8.1.5.2 Vraag 14

- *Hoe beskou jy die verband tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van die verband

tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe getoets.

Deelnemende predikante:

Die antwoorde van die deelnemers op hierdie vraag het sterk aansluiting gevind by dié van vraag 13. Die liturgie van die lewe word oorhoofs beskou as die implementering van die liturgie van die erediens, of soos reeds gemeld, die eredienstliturgie moet hande en voete in die lewe kry. Daarmee word bedoel dat die hoofmomente van die eredienstliturgie praktiese vergestalting in die alledaagse lewe moet vind, terwyl die seën van die daaglikse lewe weer in die erediens gevier moet word. Die oorgrote meerderheid van deelnemers het hierdie verhouding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe as 'n dinamiese sikliese verhouding beskryf waarin die een voortdurend tot die ander roep. Dit is in wese die intieme verhouding tussen die Vader en sy kinders. In die erediens leer Hy sy kinders hoe om Hom te dien en dan moet daardie diens in die lewe voortgesit word. 'n Ander beeld wat deur 'n deelnemer gebruik is, is dié van 'n pompende hart. Hy vergelyk die bloed wat in die liggaam vuil word, met die lewe gedurende die week. Die vuil bloed wat weer deur die hart gesuiwer word, vergelyk hy met die erediens wat 'n reinigende kragbron vir die gelowige is om weer in die wêreld te gaan werk. So pomp die hart dan nuwe suurstofryke skoon bloed deur die hele liggaam. Al die deelnemers was dit eens dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe onskeibaar is, maar dat dit in die praktyk nie realiseer nie. Tussen die liturgie van die erediens en die lewe, is daar opgemerk, bestaan daar nog 'n "dualise". Met dit as uitgangspunt, het een deelnemer die kritiese vraag gevra van waarom daar dan reëls vir die erediens geld maar wat nie vir die lewe geld nie en anders om? Hy het hier onder andere verwys na musiek en sakramente.

Deelnemende lidmate:

Die antwoorde van die deelnemers op hierdie vraag het inhoudelik merkbare ooreenkomste met die antwoorde van vraag 13 getoon. Die erediens is deur die meeste deelnemers as kragbron beskou om die

gelowige in staat te stel om sy roeping in die alledaagse lewe uit te leef. "Die liturgie van die lewe bou op die wegstuurseën. Dit is die roeping van die Christen om die evangelie in woord en daad uit te dra". Twee deelnemers het daarop gewys dat, hoewel hulle self glo dat daar nie 'n skeiding tussen die liturgie van die erediens en die lewe behoort te wees nie, dit nogtans twee wêrelde in die praktyk is. God moet "24/7" gedien word, ongeag waar en wanneer, nie net Sondae in die erediens nie. Om die verskil tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te beskryf, het een deelnemer opgemerk dat die eredienstliturgie vir haar 'n vaste volgorde van diens is terwyl die liturgie van die lewe deur omstandighede bepaal word. Daar is ook opgemerk dat die erediens 'n gewyde atmosfeer vir ontmoeting skep, terwyl die ontmoeting in die daaglikse lewe minder intens is. Daar was onder die deelnemers 'n besef van liturgie wat in die erediens en die lewe beoefen moet word, maar die presiese verband daartussen was nie duidelik nie.

Gevolgtrekking:

Hoewel al die deelnemers die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe onderskei het, was daar nie by almal 'n dinamiese verband tussen die twee sfere te vind nie. Die beskouing van die deelnemende predikante het 'n patroon getoon van eredienstliturgie en lewensliturgie wat in 'n dinamiese sikliese verhouding gegrond is waarin die een permanent tot die ander roep. Die liturgie van die erediens is die kragbron wat die gelowige toerus om sy diens in die alledaagse lewe te gaan voortsit. Die liturgie van die lewe is die implementering van die liturgie van die erediens, of anders gestel, die eredienstliturgie wat hande en voete in die lewe moet kry. Die liturgie van die lewe werk egter ook weer direk op die erediens in en dring die gelowige weer tot ontmoeting met God in die erediens. Die beskouing van die deelnemende lidmate het 'n minder vaste patroon getoon. Vir die meeste van hulle was die verband meer liniêr gerig vanaf erediens na die daaglikse lewe.

8.5.8.1.5.3 Vraag 15

- *Waar moet jy orals liturgie beoefen?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die lewensterreine waarin liturgie beoefen moet word, getoets.

Deelnemende predikante:

Die mens is in sy wese 'n "worshiping being" wat die inherente begeerte het om te aanbid en te dien. Hierdie aanbidding van en diens aan God moet uitgeleef word in alle fasette van die lewe. Erediens ontmoeting mag nie meer verhewe as die ontmoeting van God in die alledaagse lewe beskou word nie. Die Christen is liturgies elke oomblik besig, hetsy positief of negatief, ongeag waar hy is en wat hy doen. Die uitgangspunt van die gelowige se liturgie moet altyd wees: "Doen dit asof God by jou staan". Meer as een deelnemer het beklemtoon dat liturgie in die binnekring van die huwelik en gesin moet begin en van daar af moet uitkring tot alle lewensterreine.

Deelnemende lidmate:

Die gelowige se doen en late in die algemeen moet Jesus Christus vir die hele wêreld wys. Daar mag nie 'n enkele aspek of terrein van die lewe wees waar God nie gedien word nie. Die postmoderne samelewing met sy strewe na godsdienseenheid en verdraagsaamheid beklemtoon die roeping van die Christen om God in alle lewensterreine te dien net soveel te meer. Waar hy hom ook al bevind en wat hy ook al doen, is Christene "sout en ligdraers wat 24/7 in diens van God staan. Ons is immers nie hokkie en vakkie mense nie".

Gevolgtrekking:

Die deelnemers was dit eens dat God in alle lewensterreine van die wêreld gedien moet word en dat daar tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie 'n kloof van verwydering mag staan nie. Hoewel al die deelnemers geloofsvolwasse lidmate in Reformatoriese kerk is, was dit opvallend dat die oorgrote meerderheid van hulle getuig het hoe God in alle

lewensterreine gedien behoort te word. Hulle het dus die ideaal verwoord en erken dat die praktyk vêr van die ideaal verwyderd is.

8.5.8.1.5.4 Vraag 16

- *Hoe moet jy liturgie in alle lewensterreine beoefen?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan en beleef van hoe liturgie in alle lewensterreine beoefen moet word, getoets.

Deelnemende predikante:

Na die mening van een deelnemer is die mens in die postmoderne samelewing besig om oor die algemeen toenemend "God-loos" te word. Dubbelhartige Christenskap, as direkte gevolg daarvan, is sekerlik een van die grootste struikelblokke van opregte liturgie, aangesien so 'n mens vir homself twee wêrelde skep: die een is waarin hy erkenning gee aan die teenwoordigheid van God en die ander is waar hy meen hy sonder God kan klaarkom. Sodoende het die leefwêreld van Sondag en die res van die week van mekaar verwyderd geraak. Christus moet prioriteit in die gelowige se hele lewe in al sy fasette wees. Liturgie vloei vanuit die gelowige hart na die wêreld se hart. Een opinie is dat dit bedoel is as 'n gawe vir die wêreld en verandering van menselewens moet teweegbring.

Deelnemende lidmate:

Sonder die werking van die Heilige Gees is lewensliturgie nie moontlik nie. Die gelowige moet in toewyding aan God leef en moet die wêreld daarin tot voorbeeld wees. Hy self moet Christus in voorbeeld navolg deur die wêreld "deur Christus se oë" te aanskou, het 'n deelnemer opgemerk. Wanneer hy dit doen, sien hy die nood van die wêreld uit 'n totaal ander gesigsveld en besef hy sy roeping soveel sterker. Die plek waar die liturgie van die lewe begin is in die binnekring van die huwelik en gesin, vanwaar dit dan moet uitkring tot die res van die wêreld. Omdat God 'n God van orde is, moet die gelowige se lewensliturgie ook ordelik beoefen word.

Gevolgtrekking:

Liturgie moet gerig wees op lewensverandering en moet op die wêreld gefokus wees. Deur toegewyd liturgie in die binnekring van die huwelik en die gesin te beoefen, moet dit van daar uitkring tot alle lewensterreine waarin die gelowige hom bevind. Die krag en bystand van die Heilige Gees is onontbeerlik vir die beoefening van liturgie. In die respons op hierdie vraag was dit opmerklik dat die deelnemers lewensliturgie as ideaal voorgehou het en nie op die werklikheid gefokus het soos wat dit in die alledaagse lewe konkretiseer nie. Slegs een deelnemer het dit by die naam genoem dat daar twee geskeide wêrelde is waarin die moderne mens liturgie beoefen: in die een met God en in die ander sonder God.

8.5.8.1.6 Terugvoer op BW6

8.5.8.1.6.1 Vraag 17

- *Sal jy in die hemel ook liturgie beoefen?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die moontlikheid van liturgie in die hemel getoets.

Deelnemende predikante:

Die mens is geskape om 'n aanbiddende wese te wees en daarom sal hy na die dood in die hemel voortgaan met liturgie. Hemelse liturgie gaan oor tyd heen in ewigheid voort. 'n Lewe in die direkte teenwoordigheid van God in die hemel is 'n lewe van ewige diens en aanbidding.

Deelnemende lidmate:

"Ek het nog nooit só daaraan gedink nie". Hierdie opmerking van 'n deelnemer was verteenwoordigend van 'n groot groep deelnemers wat aanvanklik onseker was of daar in die hemel liturgie gaan wees. Nogtans is die mening onder deelnemers uitgespreek dat omdat God die mens geskape het om Hom vir ewig te loof, dien en te prys, sal hy dit ook in die hemel doen. In die hemel is daar nou reeds geheiligde liturgie van engele wat God daar loof en prys. Na die dood sal gelowiges in hierdie hemelse

liturgie deel.

Gevolgtrekking:

In die hemel word nou reeds sondelose liturgie beoefen deur die engele en uitverkore mense wat reeds gesterf het. Hierdie liturgie sal oor tyd heen in ewigheid voortgaan. God sal vir ewig geloof en geprys word. Uit die deelnemers se respons was dit egter duidelik dat hemelse liturgie nie 'n werklikheid is waaroor daar in die algemeen aan gedink word nie.

8.5.8.1.6.2 Vraag 18

- *Hoe lyk hemelse liturgie?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van die aard van liturgie in die hemel getoets.

Deelnemende predikante:

Hemelse liturgie is 'n werklikheid hoewel dit in aardse denke "apokalipties" van aard is. In die hemel sal daar spontane ongestruktureerde liturgie wees van sondelose mense wat vir ewig oorweldig sal word deur God se almag en teenwoordigheid. Geen spoor van die duiwel en sy invloed sal meer te vinde wees nie. Daar sal geen taal en kultuurverskille meer wees nie. Almal te saam sal die "nuwe lied" tot eer van die Here God in die hemel sing!

Deelnemende lidmate:

Hemelse liturgie is bo die begrip van die menslike verstand. Dit is 'n heilige volmaakte liturgie waarin daar geen verootmoediging sal wees nie, aangesien daar geen sonde gaan wees nie. Daar gaan ook geen vorm van Woordverkondiging wees nie, aangesien die mens in die direkte teenwoordigheid van God, dié Woord, gaan wees. Die kern van hemelse liturgie gaan dus dié van ewige lof en eerbetoon saam met die hemelse wesens wees. Daar gaan ook hemelse instrumente wees saam met die sang van lofprysing. Omdat geloof en hoop gaan verdwyn, gaan dit 'n liturgie van opregte Goddelike liefde wees wat in die hemel beoefen gaan

word. Die belangrikste kenmerk van hemelse liturgie bly egter dat dit diens in die direkte teenwoordigheid van die Lewende God gaan wees. Hemelse liturgie "gaan nog beter wees as in die paradys", was die opmerking van een deelnemer.

Gevolgtrekking:

Die aard van hemelse liturgie is bokant die begrip van die menslike verstand. Wat egter seker is, is dat dit liturgie in die direkte teenwoordigheid van God gaan wees. Dit gaan ook gesamentlike liturgie wees waar die gelowige saam met die hemelse wesens God gaan dien. Liturgie gaan lofprysend van aard wees in 'n hemelse taal en met hemelse instrumente. Tyd gaan nie meer bestaan nie, want die hemelse liturgie gaan vir ewig beoefen word. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat daar nie meer Sondag en week liturgie gaan wees nie, maar een kontinue liturgiese geheel.

8.5.8.1.6.3 Vraag 19

- *Watter invloed het hemelse liturgie op ons aardse liturgie in die erediens en in die lewe?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se verstaan van hoe die liturgie in die hemel die gelowige se liturgie van die erediens en die lewe hier op aarde beïnvloed, getoets.

Deelnemende predikante:

Die Heilige Gees werk hier op aarde in die gelowige die begeerte om God in die hemel te dien en wek ook die verlange by hom op om eendag in die hemelse liturgie te mag deel. Psalm 150 waarin "al wat kruip en roer en sweef; al wat asem het en leef" opgeroep word om God te loof en prys, is vir een deelnemer die naaste aan die moontlike verstaan van die hemelse liturgie wat in die toekomstige bedeling vir God se kinders wag. Hier op aarde beleef gelowiges in lofprysing reeds iets van die groot lofprysing in die hemel en is in daardie opsig afskaduwing van hemelse liturgie. Twee deelnemers het genoem dat aardse liturgie voorbereiding is vir geheiligde

hemelse liturgie. Die vooruitsig na hemelse liturgie wek die gelowige hier op aarde op om God met groter toewyding te dien.

Deelnemende lidmate:

Liturgie op aarde is 'n in-oefening van die hemelse liturgie. Omdat die gelowige hier op aarde nog onder die aanvegtinge van die duiwel staan wat liturgie sleurwerk maak, is moeitelose hemelse liturgie wat in opregte liefde beoefen gaan word, 'n ideaal om na uit te sien. Die gedagte van sondelose geheiligde liturgie "maak my opgewonde" en dien as inspirasie vir die gelowige om God hier op aarde met nog groter toewyding te dien.

Gevolgtrekking:

In sy liturgie op aarde oefen die gelowige hoe om God in die toekomstige hemelse heerlikheid te kan dien. By die gelowige is daar afwagting om in die hemelse liturgie te mag deel en daardie afwagting spoor hom tot nog groter toewyding hier op aarde aan. Slegs een deelnemer het aardse liturgie as afskaduwing van hemelse sondelose liturgie gesien.

8.5.8.1.7 Terugvoer op samevattende vraag

8.5.8.1.7.1 Vraag 20

- *Wat dink jy moet gedoen word om die skeiding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te oorbrug?*

Met hierdie vraag is die deelnemers se oplossing van hoe die skeiding tussen die liturgie van die erediens en die lewe hier op aarde oorbrug kan word, getoets.

Deelnemende predikante:

Gelowiges moet toegerus word om nie volgens twee stelle reëls te leef nie: een vir Sondag en 'n ander vir die res van die week nie. Dit wat die mens glo, moet hy ook uitleef. Die gelowige moet leef volgens die "Quoram Deo" beginsel, waarin hy erken dat God alles is. 'n Persoonlike intieme verhouding met die Here is die beginpunt van liturgie wat oral oor en altyd beoefen moet word. Stiltetyd is van die uiterste belang daarvoor. Vanaf

die individu in sy persoonlike verhouding met die Here, moet liturgie ook in die huwelik en in die gesin verdiep. Dit geskied deur persoonlike voorbeeld, inskerping, huisgodsdiens en unieke gesinsrituele. Die voorbeeld van 'n intieme verhouding moet aansteeklik inwerk op die medemens in die daaglikse lewe.

Prediking moet baie deeglike verklaring en toepassing van die Woord wees en die gemeente moet begelei word in die implementering van die toepassing van die Woord. Selgroepe is uiters waardevol aangesien die lidmate daarby betrokke vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar. Die toerusting van die ouderlinge en diakens moet ook 'n hoë prioriteit inneem sodat hulle in voorbeeld van gesonde liturgie in die daaglikse lewe ook die gemeente kan toerus om nie net Sondag Christene te wees nie. Die kweek van 'n gesonde liturgie by die kerkjeug mag ook nie verwaarloos word nie. Gesonde rolmodelle is daarvoor nodig. Liturgie moet egter nie gereglementeer en op die gelowige afgedwing word nie. Liturgie is 'n gawe van God en bestaan self, daarom moet dit slegs gefasiliteer word.

Deelnemende lidmate:
'n "Hokkie / vakkie – lewe" is nie tot eer van die Here nie. Die gelowige se "hele lewe moet een groot erediens wees". In die praktyk beteken dit dat die gelowige hom daarop moet toelê om "24/7" na die wil van die Here te vra en om daarvolgens te lewe. Om nougeset volgens sy wil te leef is 'n verdieping in die Woord van die Here en 'n "hartsgesindheidsverandering" van die gelowige nodig. Dit alles vind plaas by die individu in sy persoonlike verhouding met die Here.

Vanaf die individu moet liturgie deursuur na die binnekring van die huwelik en die huis. "Huisgodsdiens gedurende die week is erediens van Sondag in die kleine". Die week-mens moet daardeur na Sondag gebring word en die Sondag-mens na die week toe. Die gesonde voorbeeld van ouers spreek kinders dieper aan as enige ander rolmodel.

Formalistiese erediensliturgie is in vandag se konteks wêreldvreemd, daarom moet die erediensliturgie in vandag se konteks gegiet word. Veral die jeug moet in die beoefening van erediensliturgie, kategese, en jeugbyeenkomste nie deur tradisie gedemp word nie. Gesonde rolmodelle en mentorskap is van kardinale belang vir die inskerping van "24/7" liturgie by die jeug. Die plek en waarde van getuienisse in die erediensliturgie moet groter aandag geniet. Die getuienisse van gelowiges bind die lewe waarin hulle daagliks liturgie beoefen aan die erediensliturgie. Daar moet ook groter klem op huisbesoek, Bybelstudie en selgroepe gelê word as geleenthede van toerusting tot geloofsgroei. Liturgie is alleenlik bevorderlik binne die "warm ervaring van opregte geloofsgemeenskap". Prediking moet relevant wees en die Woord moet beklemtoon word as riglyn vir elke dag se lewe. "Ons het kerke, maar nie meer lewe in kerke nie", was een deelnemer se aanklag op erediens wat wêreldvreemd geword het.

Gevolgtrekking:

Tussen die deelnemende predikante en lidmate se probleemoplossing om die kloof tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te oorbrug, was daar merkbare ooreenkomste. Beide groepe was van mening dat die gelowige se persoonlike verhouding met God die heel belangrikste beginpunt vir "24/7" liturgie is. Vandaar moet liturgie uitkring na die huwelik, gesin, kerk en die samelewing. Die rol van gesonde rolmodelle het in beide deelnemersgroepe 'n prominente plek ingeneem. In beide groepe was daar ook 'n gevoel dat tradisionalisme belemmerend op liturgie inwerk en dat veral die jeug daardeur van die eredienste vervreem word. Beide groepe het ook groot klem op aktuele Woordverkondiging gelê wat toerustend moet inwerk op die daaglikse lewe. Dit was deurgans duidelik dat die deelnemers die ideaal gestel het om die gebrokenheid van die praktyk te beklemtoon. Uit die voorstelle vir die probleemoplossing om die kloof tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te oorbrug, kan die geregverdigde afleiding gemaak word dat daar erken word dat daar in die praktyk steeds 'n kloof tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe bestaan en dat liturgie

kompartementeel in twee geskeide sfere beoefen word.

Samevattend kan die analisering van die onderhoude in hierdie empiriese hoofstuk as volg saamgevat word: Ten einde groter insig te bekom aangaande die dieper verstaan en ervaar van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe en om die gestelde hipotese te kon toets, het die navorser die data wat verkry is deur persoonlike onderhoudvoering deur induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk.

8.5.9 Evaluering van die respons van die deelnemers

Die evaluering van kwalitatiewe navorsing kan òf gerig wees op die toetsing van 'n hipotese òf die verkryging van dieper insig in 'n bepaalde navorsingsvraag (Van der Ven, 1994:41; Evans, 2000:29; Janse van Rensburg, 2006:568; Steyn & Lotter, 2006:107; Erasmus, 2007:285,286,347). Aangesien onderhoudvoering beperk is tot 'n klein groepie deelnemers, is die reikwydte van hierdie vorm van empiriese navorsing nie bedoel om as maatstaf van veralgemening te dien nie. Die waarde van hierdie vorm van navorsing is primêr daarop gerig om aan te dui dat verskillende deelnemers verskillend oor spesifieke aspekte rondom navorsingsvrae dink en dit verskillend ervaar (vgl. Janse van Rensburg, 2006:568).

8.5.9.1 Empiriese bevinding van die respons van die deelnemers met betrekking tot die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe

In hierdie studie is verkennend te werk gegaan met die doel om dieper insig te verkry en die gestelde hipotese te toets. Die navorser maak geensins daarop aanspraak om enige van die bevindinge as normatief veralgemenend voor te hou nie. Daar is wel in-diepte insig en perspektief

verkry in die navorsingsvraag van hierdie hoofstuk. Die navorser het tot die konklusie gekom dat verskillende deelnemers die navorsingsvraag verskillend verstaan en ervaar. Die waarde van hierdie empiriese proses was dat dit dieper insig in die verstaan van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe midde in die leefwêreld van die deelnemers gegee het. Uit hulle respons was daar talle praktyke wat in lyn met die basisteorie was, maar daar kon ook praktyke geïdentifiseer word wat verstelling noodsaak om nader aan die basisteorie te beweeg.

Gedagtig aan die model van Zerfass (1974:164-177) waarin die onbevredigende werklikheid verstelling noodsaak om bevredigend by die basisteorie aan te pas, word die bevindinge waarin daar verstelling nodig is om nader aan die basisteorie te beweeg, eers uit die vraelyste uitgelig. Aan die hand van die bevindinge van die evaluering van die empiriese navorsing kan die hipotese ten slotte ook getoets word.

8.5.9.1.1 Empiriese bevinding uit BW1

Verstellings nodig uit vraag 1

- Die begrip "liturgie" word verskraal tot die volgorde van handelinge tydens die erediens en is grootliks 'n saak van tradisie.

Verstellings nodig uit vraag 2

- Die beskouing waarteen deelnemers waarsku dat die mens die inisiatief in die ontmoetingsgebeure neem, benodig verstelling.

Verstellings nodig uit vraag 3

- Die noodsaak van liturgie word mensgesentreerd beskou in terme van wat vir die gelowige self voordelig en geloofsversterkend is in plaas daarvan dat dit bo alles op die eer van God gerig is.

8.5.9.1.2 Empiriese bevinding uit BW2

Verstellings nodig uit vraag 4

- Die liturg staan in die weg van ontmoeting tussen God en die gemeente wanneer lidmate tot passiwiteit gelei word.

Verstellings nodig uit vraag 5

- Die klem op die erediens as geleentheid om van God te ontvang weeg swaarder as die klem op die erediens as geleentheid om God te dien.

8.5.9.1.3 Empiriese bevinding uit BW3

Verstellings nodig uit vraag 6

- Die oorbeklemtoning van bepaalde hoofmomente in die erediens lei tot 'n staties formalistiese liturgie in die erediens wat in die weg staan van opregte ontmoeting.

Verstellings nodig uit vraag 7

- Daar bestaan twee gevare wat uit die ontmoetingsdiens spruit. Aan die een kant bestaan daar die gevaar dat daar te 'n groot premie op horisontale ontmoeting met die medemens ten koste van vertikale ontmoeting met God geplaas kan word, en aan die ander kant dat die horisontale ontmoeting negeer word tot individualistiese vertikale ontmoeting met God.

Verstellings nodig uit vraag 8

- Verootmoediging kan oneg beleef word en God se boodskap van versoening kan "goedkoop" verklaar word indien die liturgiese element van verootmoediging- en versoening onder die erediens formalisties hanteer word.

Verstellings nodig uit vraag 9

- Prediking wat nie gegrond is op deeglike uitleg, verklaring en toepassing van die Woord met 'n duidelike appél wat lewensveranderend op die gelowige moet inwerk in die konkrete leef wêreld van die gemeente nie, is wêreldvreemd en formalisties.

Verstellings nodig uit vraag 10

- Opregte antwoorddiens word belemmer deur 'n liturgie wat lei tot "passiewe toehoorders" wie se antwoord slegs tot ornnaderikende liturgiese handelinge in die erediens beperk is. Dit laat 'n leemte in die diepte dimensie van die liturgie van die erediens en verbreek kontinuiteit tot die liturgie van die lewe.

8.5.9.1.4 Empiriese bevinding uit BW4

Verstellings nodig uit vraag 11

- Die ontmoetingseën word verskraal tot 'n Goddelike of menslike groethandeling en verloor daardeur die trefkrag van Goddelike bemagtiging om Hom in die erediens te kan ontmoet.

Verstellings nodig uit vraag 12

- Die wegstuurseën word verskraal tot die sinvolle beëindiging van die erediens en verloor daardeur die trefkrag van Goddelike bemagtiging vir die liturgie van die lewe.

8.5.9.1.5 Empiriese bevinding uit BW5

Verstellings nodig uit vraag 13

- Die begrip "liturgie van die lewe" is 'n relatief onbekende begrip sonder die besef dat liturgie vanuit die erediens moet oorvloei tot die lewe. Liturgie word tradisioneel grootliks beperk tot die erediens.

Verstellings nodig uit vraag 14

- Die erediens en die lewe word as twee geskeide sfere beskou waarin liturgie beoefen word, sonder die erkenning dat daar 'n dinamiese wisselwerking daartussen bestaan.

Verstellings nodig uit vraag 15

- Liturgie word in die daaglikse lewe kompartementeel in "hokkies en vakkies" beoefen en nie spontaan in alle lewensterreine nie.

Verstellings nodig uit vraag 16

- Lewensliturgie word in twee geskeide wêrelde beoefen en die

gelowige in sy verhouding tot God kring nie uit tot alle samelewingsverbande nie.

8.5.9.1.6 Empiriese bevinding uit BW6

Verstellings nodig uit vraag 17

- Daar word nie in die algemeen gedink aan hemelse liturgie as 'n werklikheid en dat dit die einddoel van liturgie is nie.

Verstellings nodig uit vraag 18

- Hoewel die inhoud en aard van hemelse liturgie vir die gelowige op aarde onbegryplik is, word daar nie genoegsaam ingesien dat hemelse liturgie ewige geheiligde lofprysing en aanbidding in die direkte teenwoordigheid van God gaan wees nie en dat daar ook nie erediens en lewensliturgie gaan wees nie, maar een kontinue ewige liturgie.

Verstellings nodig uit vraag 19

- Daar word nie genoegsaam besef dat die gelowige se liturgie op aarde 'n afskaduwing van verheerlikte geheiligde hemelse liturgie is nie en dat dit die gelowige op aarde moet aanspoor om God met soveel groter toewyding en liefde te dien en te verheerlik nie.

8.5.9.1.7 Empiriese bevinding uit samevattende vraag

Verstellings nodig uit vraag 20

- In die praktyk bestaan daar nie 'n transformerende wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie en word liturgie in die erediens en die lewe kompartementeel binne twee geskeide sfere beoefen.

Samevattend kan die evaluering van die onderhoude in hierdie empiriese hoofstuk as volg saamgevat word: Uit die evaluering van die onderhoude het die navorser tot die bevinding gekom dat deelnemers die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verskillend

verstaan en ervaar, dat daar standpunte en praktyke geïdentifiseer is wat in lyn is met basisteoretiese beginsels, maar dat daar ook standpunte en praktyke geïdentifiseer is wat verstelling nodig het om meer bevredigend by die basisteorie te pas.

8.5.10 Toets van die hipotese

Die hipotese wat in hierdie hoofstuk getoets is, is dat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe nie as dinamies transformerend verstaan en ervaar word nie, maar as kompartementeel funksionerend in twee afsonderlike sfere.

Uit die data wat verkry is deur persoonlike onderhoudvoering en wat langs die weg van induktiewe beredenering, uitsortering en kategorisering geleidelik tot kleiner stelle abstrakte en onderliggende temas verwerk is, is die bevinding dat die empiriese navorsing die gestelde hipotese as reg bewys.

8.5.11 Metateoretiese afleidings uit empiriese navorsing

Die respons van die deelnemers is gebruik om na elke vraag van die ongestruktureerde vraelys bepaalde gevolgtrekkings te trek. Uit die aantal gevolgtrekkings word daar vervolgens bepaalde metateoretiese afleidings geformuleer wat verband hou met die basisteoretiese beginsels soos bepaal in Afdeling A. Dit word weereens beklemtoon dat daar uit die respons van die deelnemers inderdaad sekere beskouings en praktyke genoem is wat met die basisteoretiese beginsels versoenbaar is, maar dat daar ook uit die respons van die deelnemers talle beskouings en praktyke genoem is wat op die onbevredigende praxis dui wat regstelling benodig om meer in lyn met die basisteorie te wees. Die onderstaande metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing is primêr op die onbevredigende praktyk gerig wat verband hou met die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

8.5.11.1 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW1***

- Aangesien liturgie grootliks as 'n saak van tradisie beskou word, word die begrip "liturgie" verskraal tot die volgorde van handelinge tydens die erediens. Daar word antroposentries oor die erediens gedink wanneer die mens die inisiatief in die ontmoetingsgebeure neem en die gelowige liturgie beoefen in soverre dit vir hom of haar self voordelig en geloofsversterkend is.

8.5.11.2 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW2***

- Ontmoeting word grootliks deur die liturg bepaal en die erediens word as geleentheid beskou om van God te ontvang eerder as geleentheid om Hom te dien.

8.5.11.3 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW3***

- 'n Staties formalistiese liturgie tesame met die oorbeklemtoning van horisontale ontmoeting in die erediens staan in die weg van opregte vertikale ontmoeting met God. Individualisme belemmer aan die ander kant horisontale ontmoeting.
- Die liturgiese hoofmoment van verootmoediging- en versoening onder die erediens staan die gevaar om "goedkoop" verklaar te word indien hierdie liturgiese element formalisties hanteer word.
- Die respondente het aangedui dat 'n gebrek aan diepte eksegese en toepassing van die Woord op konkrete daaglikse leefsituasies veroorsaak dat die Woorddiens as liturgiese hoofmoment in die erediens wêreldvreemd en sonder impak beskou word.
- Die antwoorddiens word beperk tot onnadenkende liturgiese handelinge in die erediens deur "passiewe toehoorders" sonder die

besef en begeerte om dit ook deur te trek tot die liturgie van die lewe.

8.5.11.4 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW4***

- Die dinamiese wisselwerking tussen die ontmoetings- en wegstuurseën word negeer tot Goddelike of menslike groet aan die begin van die erediens en 'n ordelike groet aan die einde waarmee die erediens tot 'n einde kom. Die trefkrag van Goddelike bemagtiging om Hom in die erediens te kan ontmoet en later toegerus te word vir die liturgie van die lewe, word daardeur misken.

8.5.11.5 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW5***

- Die erediens en die lewe word as twee geskeidee sfere beskou sonder die erkenning dat die liturgie van die erediens oor moet vloei *na die lewe en weer vanaf die lewe terug na die erediens.* Aangesien liturgie tradisioneel grootliks beperk word tot die erediens, word die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie in ag geneem nie.
- Die begrip "liturgie van die lewe" is 'n relatief onbekende begrip en die beoefening daarvan word kompartementeel in "hokkies en vakkies" gedoen en nie spontaan in alle lewensterreine nie.

8.5.11.6 ***Metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing wat verband hou met BW6***

- Hemelse en aardse liturgie word nie na behore met mekaar in verband gebring nie en daar word nie genoegsaam ingesien dat hemelse liturgie ewige geheiligde lofprysing en aanbidding in die direkte teenwoordigheid van God gaan wees en dat daar ook nie

erediens en lewensliturgie gaan wees nie, maar een kontinue ewige liturgie.

- Die gelowige se liturgie op aarde is 'n afskaduwing van verheerlikte geheiligde hemelse liturgie en dit moet die gelowige op aarde aanspoor om God met soveel groter toewyding en liefde te dien en te verheerlik.

Die bogemelde metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing en die voorafgaande metateoretiese afleidings wat in hoofstuk sewe geformuleer is en verbandhou met die leefwêreld van die Christen in Suid-Afrika, sal vervolgens in hoofstuk nege gekombineer word tot oorkoepelende en samevattende metateoretiese perspektiewe wat in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gebring kan word ten einde 'n praktykteorie te kan ontwikkel (Zerfass, 1974:164-177).

HOOFSTUK 9

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT VERBAND HOU MET DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

9.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In Afdeling A is basisteoretiese perspektiewe neergelê vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (6.5). Daarin is die ideale transformerende aard van hierdie wisselwerking nagevors en is daar tot die bevinding gekom dat liturgie nie tot die erediens beperk mag word nie, maar dat dit vanuit die erediens moet oorvloei na alle lewensterreine en van daar ook weer terug na die erediens (6.5.5). Afdeling B plaas besondere klem op die lewenswerklikheid waarin liturgie beoefen moet word aangesien dit 'n bepaalde invloed op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe het (Griffin, 1989:xi; Vorster, 1993:1; Smit & Vorster, 2000:515,516; Le Roux, 2001:87; Du Toit & Spannenberg 2002:1134; Niemandt, 2007:9). Die navorsingsvraag wat dus in Afdeling B aan die orde kom is hoe die leefwêreld waarin liturgie beoefen moet word, vandag, met besondere klem op die Suid-Afrikaanse konteks, daar uitsien. Insig op hierdie vraag kan bydra tot die beantwoording van die breë navorsingsvraag van hierdie studie (vgl. Roets & Dreyer, 1998:713,714). Ten einde hierdie doelstelling te bereik is twee sekondêre doelstellings nagestreef. In hoofstuk sewe is perspektiewe op postmodernisme as hedendaagse tydsgees en die transformasieproses in Suid-Afrika sedert 1994 uit naasliggende wetenskappe bestudeer. In hoofstuk agt is deur middel van 'n empiriese studie bepaal hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die Reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef. Dit is

derhalwe nou nodig om 'n sintese van die metateoretiese en empiriese navorsing te maak ten einde metateoretiese perspektiewe te formuleer. Metateoretiese perspektiewe is nodig sodat hierdie perspektiewe in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gebring kan word ten einde 'n praktykteorie te kan ontwikkel (Zerfass, 1974:164-177).

9.2 DOELSTELLING

Ter afsluiting van die metateoretiese afdeling van hierdie studie, is dit noodsaaklik om in aansluiting by Zerfass (1974:164-177) metateoretiese perspektiewe te formuleer wat in wisselwerking met die basisteoretiese beginsels gestel kan word ten einde 'n praktykteorie te kan ontwerp. Soos hierbo aangedui was dit die doel van hoofstukke sewe en agt om vanuit naas liggende vakwetenskappe metateoretiese insigte te bekom wat die lewenswerklikheid belig waarin liturgie in Suid-Afrikaanse konteks beoefen moet word.. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n sintese van al die metateoretiese afleidings te maak en samevattende metateoretiese perspektiewe te vorm wat verband hou met die basisteoretiese beginsels soos in Afdeling A geformuleer. Dit is belangrik om daarop te let dat die gekombineerde doelstellings van hoofstukke sewe en agt hiermee bereik word.

9.3 METODE

Om metateoretiese perspektiewe te stel wat in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels geplaas kan word, is 'n sintese gemaak van die metateoretiese afleidings uit hoofstukke sewe en agt en samevattende metateoretiese perspektiewe geformuleer. Aangesien hierdie metateoretiese afleidings teenoor die basisteoretiese beginsels gestel sal word in Afdeling C van die studie, is hierdie hoofstuk so gestruktureer dat die metateoretiese perspektiewe ingedeel is soos dit verband hou met basisteoretiese beginsels wat geformuleer is in hoofstuk ses van hierdie studie. Ten einde die gedagtelyn te orden, word die basisteoretiese

beginsel soos geformuleer in hoofstuk ses, waarop 'n spesifike metateoretiese perspektief betrekking het, telkens in donker gedruk weergegee.

Dit is nodig om kennis te neem dat al drie die aspekte wat ondersoek is in hoofstukke sewe en agt, te wete die postmodernisme as tydsgees, die invloed van die transformasieproses en die empiriese navorsing, in sommige gevalle gesamentlik metateoretiese perspektiewe tot 'n spesifieke basisteoretiese beginsel verleen. In ander gevalle vind slegs een of twee van die metateoretiese aspekte neerslag in verband met 'n spesifieke basisteoretiese beginsel.

9.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE GEËKSTRAHEER UIT DIE METATEORETIESE AFLEIDINGS SOOS GESTEL IN HOOFSTUKKE AGT EN NEGE

9.4.1 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW1

Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond en moet as eenheid beskou word wat hoogstens onderskeibaar is: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig.

- As gevolg van die invloed van postmodernisme (7.4.6), soos dit in Suid-Afrika besondere vergestalting vind in die oorbeklemtoning van die menseregte vervat in die Handves van Regte (7.5.2), ag die mens homself as die middelpunt van die samelewingsverbande waarbinne hy funksioneer. Dit het tot gevolg dat hoewel hy strewe na verdiepte spiritualiteit, hy in die algemeen aan godsdiens dink in terme van wat vir homself geloofsversterkend en voordelig mag wees (8.5.11.1; 8.5.11.2). 'n Klemverskuiwing het plaasgevind vanaf dien na beleef. Liturgie word nie beskou as die dien van God in alle lewenssfere nie maar word verskraal tot die volgorde van

erediensthandelinge, soos bepaal deur die mens (8.5.11.1).

9.4.2 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW2

Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

- Aangesien die mens in 'n postmodernistiese samelewing homself die belangrikste ag (7.4.6), sentreer die erediens grootliks rondom die mens self (8.5.11.1; 8.5.11.2; 8.5.11.3). As gevolg daarvan word die horisontale ontmoeting tydens die erediens oorbeklemtoon (8.5.11.3) en daarom beskou talle gelowiges liturgie as volgorde van erediensgebeure (8.5.11.1). Hierdie beskouing werk belemmerend in op die belewing van en verhouding met God in die erediens. Eredienste word bygewoon soos wat dit die mens self behaag (8.5.11.1) en ontmoeting met God word negeer tot selfgerigte belewing van God in soverre die mens 'n behoefte daaraan het (8.5.11.2).

9.4.3 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW3

Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.

- Liturgiese vorme en elemente word maklik as staties en formalisties ervaar wanneer dit in 'n vaste patroon gegiet is, aangesien die postmoderne mens nie rigiditeit geredelik aanvaar nie (7.4.6; 8.5.11.3). Die mens is ook geneig om anti-institusioneel te wees en

verruil derhalwe eerder erediens bywonig vir omgee-groepe wat sterker ingestel is op geloofsbelewing (7.4.6; 8.5.11.1; 8.5.11.2);

- Die liturgiese moment van vertikale ontmoeting in die erediens word relatief gestel tot horisontale geloofsbelewing (8.5.11.3). Die gedagte van verootmoediging en versoening is buite die verwysingsraamwerk van die postmoderne mens, aangesien die tydsgees die leuen (en by implikasie die sonde) bloot as 'n ander perspektief van die waarheid beskou (7.4.6; 8.5.11.3). Waarheid self is nooit absoluut nie maar relatief. Van belang is nie wat waar is nie, maar wat die individu wil hê waar moet wees. Beginsels en fundamentele waardes soos vergestalt in Woordbediening en prediking moet plek maak vir 'n waarheid met verskillende fasette en daarom is 'n pluraliteit van waarde– en godsdienssisteme aanvaarbaar. Belewing en spiritualiteit bly egter belangriker as waarheid met die gevolg dat die antwoorddiens in die erediens ook nie gerig is op 'n verbintenis van gehoorsaamheid nie, maar op geloofsbelewing (7.4.6; 8.5.11.1; 8.5.11.2).

9.4.4 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW4

Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen, God te ontmoet en te dien, en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen.

- Die postmoderne mens het 'n wantroue in kerklike dogmas en sisteme en heg in 'n mindere mate waarde aan die geïnstitusionaliseerde vertikale ontmoetingskaratker van die erediens (7.4.6). Die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens word dus verkieslik horisontaal beleef as onderlinge ontmoetings- en afskeidsgroet (8.5.11.4).

9.4.5 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW5

Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe, soos wat dit manifesteer in die mens in sy verhouding tot God, die maatskappy en die kerk.

- Aangesien die mens, tipies aan die postmoderne tydsgees, self sy eie waardes en norme bepaal en sy eie voordeel najaag, is daar nie werklik by die postmoderne mens sprake van 'n liturgie van die lewe nie (7.4.6; 8.5.11.1; 8.5.11.5). Die relativering van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels bring mee dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei (7.4.6). Die erediens en die lewe word dus as twee verskillende en geskeide sfere beskou (8.5.11.5). Liturgie word kompartementeel en grootliks antroposentries beoefen in hierdie twee sfere (8.5.11.1, 8.5.11.2; 8.5.11.5).
- Die transformasieproses in Suid-Afrika skep 'n lewenswerklikheid van onsekerhede waarin die voorheenbevoordeelde gelowige liturgie moet beoefen (7.5.2).
- Die oorbeklemtoning van menseregte soos vervat in die Handves van Regte is die teelaarde vir die relativering van waarhede in Suid-Afrikaanse konteks wat direk tot godsdiensgelykheid en verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste lei (7.4.6; 7.5.2).

9.4.6 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met BW6

Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid in onderskeie sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms as een geheiligde hemelse liturgie van die ewigheid, beoefen word.

- Vir die postmoderne mens is die hede belangriker as die toekoms en daarom vervaag die individu se ewigheidsperspektief (7.4.6). Daar word nie genoegsaam besef dat hemelse liturgie 'n werklikheid is nie en dat liturgie op aarde 'n afskaduwing van hemelse liturgie is nie (8.5.11.6).

Met die stel van bogemelde metateoretiese perspektiewe word Afdeling B afgesluit en wend die navorser hom biddend tot die ontwerp van 'n praktykteorie. In hoofstuk tien sal bogemelde metateoretiese perspektiewe direk binne die spanningsveld van die ooreenstemmende basisteoretiese beginsels gestel word in die eerste treë na die ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model wat waarskynlik sal bydra om die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens soos dit huidiglik neerslag vind in die praktyk, nader te laat beweeg aan die ideaal soos dit vergestalt word in die basisteoretiese beginsels.

AFDELING C

HOOFSTUK 10
DIE VORMING VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT VERBAND HOU MET DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE LITURGIE VAN DIE EREDIENS EN DIE LITURGIE VAN DIE LEWE

10.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In Afdeling A is basisteoretiese perspektiewe neergelê vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (6.5). Daarin is die ideale aard van hierdie wisselwerking nagevors en is bevind dat liturgie nie tot die erediens beperk mag word nie maar dat dit vanuit die erediens moet oorvloei na alle lewensterreine en van daar ook weer moet terugvloei na die erediens (6.5.5). In Afdeling B is metateoretiese perspektiewe geformuleer uit die bestudering van postmodernisme as fenomeen, die post-94 transformasieproses in Suid-Afrika en bevindinge uit empiriese navorsing wat lig werp en ook 'n invloed het op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Die navorsing in Afdeling B het gefokus op die lewenswerklikheid waarin liturgie beoefen moet word.

Alvorens 'n praktykteorie in hierdie hoofstuk geformuleer kan word, is dit nodig om eers die leemtes in die metateoretiese perspektiewe te identifiseer sodat dit verstel kan word om nader aan die basisteorie te wees. Om die leemtes uit die metateorie te kan identifiseer, moet die metateorie in hermeneutiese wisselwerking met die basisteorie gebring word. Deur die metateorie aan die basisteorie te meet, word die leemtes uitgewys wat verstelling nodig het. Die identifisering van die leemtes dien

as basis om 'n nuwe praktykteorie te formuleer wat meer bevredigend met die basisteorie korreleer. Wanneer 'n bevredigende praktykteorie geformuleer is, kan daar aan die praxis verstellings aangebring word om uiteindelik 'n praktykteoretiese model te vorm. Hierdie praktykteoretiese model het ten doel om verstellings in die onbevredigende praktyk te korrigeer ten einde nader aan die basisteoretiese beginsels te beweeg. Zerfass (1974:164-177) se model vir die Praktiese Teologie dien as basis hiervoor (vgl. Venter, 1996:25-26). Deur die ontwerp van 'n nuwe praktykteoretiese model sal die dinamiese transformerende aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe na verwagting meer tot sy reg kom.

10.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n nuwe praktykteorie te ontwerp wat nader aan die basisteorie is. Ten einde so 'n praktykteorie te ontwerp, is dit nodig om eers uit die metateorie leemtes te identifiseer wat verstelling benodig ten einde met die basisteorie te korreleer. 'n Nuwe praktykteorie sal as basis dien om verstellings te maak in die praxis sodat 'n praktykteoretiese model ontwerp kan word om die dinamiese transformerende aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe meer tot sy reg te laat kom (Hfst. 11).

10.3 METODE

Volgens die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het, moet die onbevredigende metateorie in die spanningsveld van die basisteorie gebring word ten einde 'n nuwe verstelde praktykteorie te ontwikkel wat meer in pas is met die basisteorie. In hierdie hoofstuk word die basisteoretiese beginsels vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe eerstens in hermeneutiese wisselwerking met die onbevredigende metateorie geplaas. Uit hierdie hermeneutiese proses word leemtes geïdentifiseer wat verstelling nodig

het. Hierdie leemtes dien as basis vir die ontwerp van 'n praktykteorie. In die hieropvolgende hoofstuk sal verstellings voorgestel word vir die praxis voordat 'n praktykteoretiese model ontwerp sal word om die dinamiese transformerende aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe meer tot sy reg te laat kom (Hfst. 11).

10.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE IN DIE SPANNINGSVELD VAN DIE BASISTEORETIESE BEGINSELS

10.4.1 Begronding van die liturgie

10.4.1.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW1

10.4.1.1.1 Basisteoretiese beginsel

Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig.

10.4.1.1.2 Metateoretiese perspektiewe

- As gevolg van die invloed van postmodernisme, soos dit in Suid-Afrika besondere vergestalting vind in die oorbeklemtoning van die menseregte vervat in die Handves van Regte, ag die mens homself as die middelpunt van die samelewingsverbande waarbinne hy funksioneer. Dit het tot gevolg dat hoewel hy strewe na verdiepte spiritualiteit, hy aan godsdiens in die algemeen dink in terme van wat vir homself geloofsversterkend en voordelig mag wees. 'n Klemverskuiwing het plaasgevind vanaf dien na beleef. Liturgie word nie beskou as die dien van God in alle lewenssfere nie maar word verskraal tot die volgorde van eredienshandelinge, soos bepaal deur die mens.

10.4.1.2 Aspekte wat verband hou met BW1 wat verstelling benodig

M

- As gevolg van die invloed van postmodernisme en die oorbeklemtoning van Artikel 9 van die Handves van Regte, dink die tipiese Suid-Afrikaner antroposentries oor homself. Die direkte negatiewe invloed wat dit op die mens se liturgiese beskouing en belewing het en wat verstelling benodig, vind onder andere vergestalting in die volgende beskouings:
    - Die begrip "liturgie" word beperk tot die erediens alleen en word verder verskraal tot die volgorde van handelinge tydens die erediens.
    - Liturgie word formalisties beoefen en grootliks as 'n saak van tradisie beskou.
    - Liturgie word mensgesentreerd beskou in terme van wat vir die gelowige self voordelig en geloofsversterkend is in plaas daarvan dat dit bo alles op die eer van God gerig is.

10.4.1.2.1 Samevattende verstelling

Die **begronding** van liturgie moet weer reggestel word. In die huidige tydsgees word liturgie deur die mens beoefen ter wille van die voordeel wat die mens self daaruit put, in plaas daarvan dat liturgie beoefen word ter wille van die eer van God. Hierdie antroposentriese beskouing lei daartoe dat die mens self besluit hoe en waar en wanneer en of enigsins hy liturgie wil beoefen of nie. Dit het tot gevolg dat liturgie in die kontemporêre tydsgleuf kompartementeel in die geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word.

10.4.1.3 Praktykteorie wat verband hou met BW1

In die tydsgees van postmodernisme en die post-1994 transformasieproses in die Suid-Afrikaanse samelewing behoort die liturgie van die erediens oor te vloei in 'n kontinue lewensliturgie en van die lewe af weer terug na die

erediens, met inagneming van die verbond en koninkryk as gesamentlike begronding van liturgie, gerig op die eer van God as bron van liturgie.

10.4.2 Aard van die liturgie van die erediens

10.4.2.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW2

10.4.2.1.1 Basisteoretiese beginsel

Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik.

10.4.2.1.2 Metateoretiese perspektiewe

- Aangesien die mens in 'n postmodernistiese samelewing homself die belangrikste ag, sentreer die erediens grootliks rondom die mens self. As gevolg daarvan word die horisontale ontmoeting tydens die erediens oorbeklemtoon en daarom beskou talle gelowiges liturgie as volgorde van erediensgebeure. Hierdie beskouing werk belemmerend in op die belewing van en verhouding met God in die erediens. Eredienste word bygewoon soos wat dit die mens self behaag en ontmoeting met God word negeer tot selfgerigte belewing van God in soverre die mens 'n behoefte daaraan het.

10.4.2.2 Aspekte wat verband hou met BW2 wat verstelling benodig

- Die klem op die erediens as geleentheid om van God te ontvang weeg swaarder as die klem op die erediens as geleentheid om God te dien.
    - Die mens neem die inisiatief in die ontmoetingsgebeure in die

erediens.

- Erediens is daar ter wille van die mens se eie voordeel.

- Die liturg staan in die weg van ontmoeting tussen God en die gemeente wanneer lidmate beleef dat hulle geen rol te speel het nie en passiewe toeskouers is.

10.4.2.2.1 Samevattende verstelling

Die **aard** van die erediens word verkeerd verstaan en moet reggestel word. Gedagtig aan die antroposentriese lewensbeskouing van die mens staan die dinamiese ontmoetingsgebeure op vertikale vlak wat horisontaal moet deurwerk, nie meer in die erediens sentraal nie en is dit vervang met 'n selfgesentreerde spirituele belewingsdrang by die mens.

10.4.2.3 Praktykteorie wat verband hou met BW2

In antwoord op die postmodernisme se antroposentriese lewensbeskouing soos wat dit ook in die Suid-Afrikaanse samelewing neerslag gevind het, behoort die liturgie van die erediens as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk onder leiding van die Heilige Gees beklemtoon te word en behoort die gelowige opgeskerp te word om God aktief, deelnemend onder die erediens te ontmoet, na Hom te luister, Hom te aanbid en om Hom in sy teenwoordigheid te verheerlik.

10.4.3 Inhoud van die liturgie van die erediens

10.4.3.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW3

10.4.3.1.1 Basisteoretiese beginsel

Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en

versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens.

10.4.3.1.2 Metateoretiese perspektiewe

- Liturgiese vorme en elemente word maklik as staties en formalisties ervaar wanneer dit in 'n vaste patroon gegiet is, aangesien die mens in die postmoderne era nie rigiditeit geredelik aanvaar nie. Die mens is in hierdie era ook geneig om anti-institusioneel te wees en verruil derhalwe eerder erediensbywonig vir omgee-groepe wat sterker ingestel is op geloofsbelewing.
- Die liturgiese moment van vertikale ontmoeting in die erediens word relatief gestel tot horisontale geloofsbelewing. Vir die postmoderne mens is die gedagte van verootmoediging en versoening buite sy verwysingsraamwerk, aangesien die tydsgees die leuen (en by implikasie die sonde) bloot as 'n ander perspektief van die waarheid beskou. Waarheid self is nooit absoluut nie maar relatief. Van belang is nie wat waar is nie, maar wat die individu wil hê waar moet wees. Beginsels en fundamentele waardes soos vergestalt in Woordbediening en prediking moet plek maak vir 'n waarheid met verskillende fasette en daarom is 'n pluraliteit van waarde- en godsdienssisteme aanvaarbaar. Belewing en spiritualiteit bly egter belangriker as waarheid, met die gevolg dat die antwoorddiens in die erediens ook nie gerig is op 'n verbintenis van gehoorsaamheid nie, maar op geloofsbelewing.

10.4.3.2 <u>Aspekte wat verband hou met BW3 wat verstelling benodig</u>

- Die oorbeklemtoning van bepaalde hoofmomente in die erediens lei tot 'n staties formalistiese liturgie in die erediens wat in die weg staan van opregte ontmoeting.
- Twee probleemareas bestaan wat om die ontmoetingsdiens sentreer. Aan die een kant bestaan daar die gevaar dat daar te groot premie op horisontale ontmoeting met die medemens ten

koste van vertikale ontmoeting met God geplaas kan word en aan die ander kant dat die horisontale ontmoeting negeer word tot individualistiese vertikale ontmoeting met God.

- Verootmoediging kan oneg beleef word en God se boodskap van versoening kan "goedkoop" verklaar word indien die liturgiese element van verootmoediging- en versoening onder die erediens formalisties hanteer word.
- Prediking wat nie gegrond is op deeglike uitleg, verklaring en toepassing van die Woord met 'n duidelike appél wat lewensveranderend op die gelowige moet inwerk in die konkrete leef wêreld van die gemeente nie, is wêreldvreemd en formalisties.
- Opregte antwoorddiens word belemmer deur 'n liturgie wat lei tot "passiewe toehoorders" wie se antwoord slegs tot onnadenkende liturgiese handelinge in die erediens beperk is. Dit laat 'n leemte in die diepte dimensie van die liturgie van die erediens en verbreek kontinuiteit tot die liturgie van die lewe.

10.4.3.2.1 Samevattende verstelling

Omdat waarheid gerelativeer word, heg die mens nie meer waarde aan die Woord as primêre gesagsbron nie en word die inhoud van die liturgie van die erediens nie meer in die Woord gesoek nie, maar in 'n pluraliteit van waardes en beskouings. Dit is dus nodig om die verdraaide persepsies rondom die **inhoud** van die liturgie van die erediens reg te stel.

10.4.3.3 Praktykteorie wat verband hou met BW3

Met inagneming van die negering van die kerk en kerklike dogma in die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika tesame met die postmoderne beskouing dat waarheid relatief is, 'n pluraliteit van waarde- en godsdienssisteme gehuldig word, die mens anti-institusioneel is, rigiditeit en tradisie nie geredelik aanvaar word nie en die mens 'n oordrewe geloofsbelewing najaag, is dit noodsaaklik dat die dinamiese

ontmoetingsgebeure in die erediens soos wat dit vergestalting vind in die ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens, by Christen gelowiges ingeskerp moet word.

10.4.4 Skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe

10.4.4.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW4

10.4.4.1.1 Basisteoretiese beginsel

Die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen en om God te kan ontmoet en te dien en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen.

10.4.4.1.2 Metateoretiese perspektiewe

- Die mens in die postmoderne era het 'n wantroue in kerklike dogmas en sisteme en heg in 'n mindere mate waarde aan die geïnstitusionaliseerde vertikale ontmoetingskarakter van die erediens. Die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens word dus verkieslik horisontaal beleef as onderlinge ontmoetings- en afskeidsgroet.

10.4.4.2 Aspekte wat verband hou met BW4 wat verstelling benodig

- Die ontmoetingseën word verskraal tot Goddelike *of* menslike groethandeling en verloor daardeur die trefkrag van Goddelike bemagtiging om Hom in die erediens te kan ontmoet.
- Die wegstuurseën word verskraal tot die sinvolle beëindiging van die

erediens en verloor daardeur die trefkrag van Goddelike bemagtiging vir die liturgie van die lewe.

10.4.4.2.1 Samevattende verstelling

Die **skakel** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word negeer tot vertikale en horisontale groethandelinge waarmee die erediens "begin" en "eindig". Verstelling van hierdie beskouing is nodig sodat die dieper betekenis van kragtoesegging tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe duideliker besef kan word.

10.4.4.3 Praktykteorie wat verband hou met BW4

In teenstelling met die beskouing dat die ontmoetingseën en die wegstuurseën in die erediens horisontaal as wedersydse groethandeling beskou word en voortspruit uit die postmoderne Suid-Afrikaner se wantroue in die kerk en kerklike dogmas en tradisies, is dit van kardinale belang dat die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens as kragbron tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verduidelik en beklemtoon moet word.

10.4.5 Lewensterreine waar lewensliturgie beoefen moet word

10.4.5.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW5

10.4.5.1.1 Basisteoretiese beginsel

Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hulle daaglikse lewe, soos wat dit manifesteer in die mens in sy verhouding tot God, die maatskappy en die kerk.

10.4.5.1.2 Metateoretiese perspektiewe

- Aangesien die mens, tipies aan die postmoderne tydsgees, self sy eie waardes en norme bepaal, is daar nie werklik by die postmoderne mens sprake van 'n liturgie van die lewe nie. Die relativering van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels bring mee dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei. Die erediens en die lewe word dus as twee verskillende en geskeide sfere beskou. Liturgie word kompartementeel en grootliks antroposentries beoefen in hierdie twee sfere.
- Die transformasieproses in Suid-Afrika skep 'n lewenswerklikheid van onsekerhede wat die voorheen bevoordeelde gelowige moet hanteer en as sodanig impakteer dit direk op die liturgie van die lewe.
- Die oorbeklemtoning van menseregte soos vervat in die Handves van Regte is die teelaarde vir die relativering van waarhede in Suid-Afrikaanse konteks wat aanleiding gee tot 'n moraliteiskrisis, godsdiensgelykheid en verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste.

10.4.5.2 <u>Aspekte wat verband hou met BW5 wat verstelling benodig</u>

- Die begrip "liturgie van die lewe" is 'n relatief onbekende begrip sonder die besef dat liturgie vanuit die erediens moet oorvloei tot die lewe. Liturgie word tradisioneel grootliks beperk tot die erediens.
- Die erediens en die lewe word as twee geskeide sfere beskou waarin liturgie beoefen word, sonder die erkenning dat daar 'n dinamiese wisselwerking daartussen bestaan.
- Liturgie word in die daaglikse lewe kompartementeel in "hokkies en vakkies" beoefen en nie spontaan in alle lewensterreine nie.
- Lewensliturgie word in twee geskeide wêrelde beoefen en die gelowige in sy verhouding tot God kring nie uit tot alle

samelewingsverbande nie.

10.4.5.2.1 Samevattende verstelling

Die verband en **wisselwerking** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word misken en die **lewensterreine** waarin liturgie beoefen moet word, word kompartementeel en losstaande van die erediens beskou. Liturgie wat losstaande in die twee geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word, benodig verstelling om meer dinamies interaktief op mekaar in te werk.

10.4.5.3 Praktykteorie wat verband hou met BW5

Gesien in die lig van 'n gees van onsekerheid by talle voorheen bevoordeelde Suid-Afrikaners en die moraliteitskrisis wat beide veroorsaak is deur die effek van die post-94 transformasie proses en die relativering van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels wat teweeggebring is deur postmodernisme en wat meebring dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei, is dit nodig dat daar klem gelê word op die liturgie van die lewe as dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe.

10.4.6 Liturgie in eskatologiese perspektief

10.4.6.1 Metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van BW6

10.4.6.1 Basisteoretiese beginsel

Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog kompartementeel in twee geskeide sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms in die hemel as een

nuutgeheiligde, kontinue liturgie van die ewigheid beoefen word.

10.4.6.2 Metateoretiese perspektiewe

- Vir die postmoderne mens is die hede belangriker as die toekoms en daarom vervaag die individu se ewigheidsperspektief. Daar word nie genoegsaam besef dat hemelse liturgie 'n werklikheid is nie en dat liturgie op aarde 'n afskaduwing van hemelse liturgie is nie.

10.4.6.2 Aspekte wat verband hou met BW6 wat verstelling benodig

- Daar word nie in die algemeen gedink aan hemelse liturgie as 'n werklikheid en dat dit die einddoel van liturgie is nie.
- Hoewel die inhoud en aard van hemelse liturgie vir die gelowige op aarde onbegryplik is, word daar word nie genoegsaam ingesien dat hemelse liturgie ewige geheiligde lofprysing en aanbidding in die direkte teenwoordigheid van God gaan wees nie en dat daar ook nie erediens en lewensliturgie gaan wees nie, maar een kontinue ewige liturgie.
- Daar word nie genoegsaam besef dat die gelowige se liturgie op aarde 'n afskaduwing van verheerlikte geheiligde hemelse liturgie is nie en dit die gelowige op aarde moet aanspoor om God met soveel groter toewyding en liefde te dien en te verheerlik nie.

10.4.6.2.1 Samevattende verstelling

Die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word nie in eskatologiese perspektief beskou nie. Die feit dat hemelse liturgie nie as finale **bestemming** vir die liturgie op aarde beskou en begryp word nie, benodig verstelling

10.4.6.3 Praktykteorie wat verband hou met BW6

Gedagtig aan die postmoderne mens se pragmatiese beskouing en oorbeklemtoning van die hede, tesame met die relativering van waardes en norme wat daartoe aanleiding gee dat liturgie in hierdie bedeling kompartementeel in twee geskeide sfere beoefen word moet dit by die Christen-gelowige ingeskerp word dat die liturgie van die erediens en die lewe in die toekomstige bedeling na die wederkoms in die hemel as een nuut geheiligde kontinue liturgie van die ewigheid beoefen gaan word.

Met die formuleer van die nuwe praktykteorie is die weg gebaan vir die navorser om 'n praktykteoretiese model te ontwerp waardeur die ideale wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van de lewe soos dit in die basisteorie vergestalt is, nagestreef kan word.

HOOFSTUK 11
RIGLYNE VIR DIE TOEPASSING VAN DIE PRAKTYKTEORIE, VERSTELLINGS AAN DIE HUIDIGE PRAKTYK EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N PRAKTYKTEORETIESE MODEL

11.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

In hoofstuk tien is die metateoretiese perspektiewe in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gestel ten einde 'n meer bevredigende praktykteorie te kon ontwikkel. In die proses van hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe, is leemtes geïdentifiseer wat in die praktyk reggestel moet word ten einde beter met die basisteorie te korreleer. Volgens die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het, is die volgende fase die aanbring van verstellings aan die praktyk en die vorming van 'n praktykteoretiese model wat as riglyn kan dien om die onbevredigende praktyk te verander sodat dit nader aan die basisteorie kan beweeg. Dit is derhalwe nodig dat daar in hierdie hoofstuk verstellings aan die praktyk aangebring moet word wat kan lei tot die vorming van 'n praktykteoretiese model.

Die navorser wys weereens daarop dat, soos in die voorafgaande studie, enige verwysing na Christen as sinoniem vir gelowige gelees moet word en andersom. Verder sluit enige verwysing na "hy" ook "sy" in en verwysing na "hom" sluit ook "haar" in. In die laaste instansie is dit noodsaaklik om daarop te wys dat die begrip "liturgie van die erediens" soos dit hier gebruik word na die liturgie van die samekoms verwys. Hierdie verduideliking word genoodsaak deur die feit dat die begrippe "erediens van die samekoms" en "erediens van die lewe" in resente literatuur gebruik is (De Klerk, 2007:27) en die navorser verwarring wil voorkom.

11.2 DOELSTELLING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die geïdentifiseerde leemtes wat uit die praktykteorie geblyk het (Hfst. 10), te verstel sodat dit nader aan die basisteoretiese beginsels kan wees. Saam met die verstellings aan die praktyk word daar stelselmatig 'n praktykteoretiese model gevorm wat as riglyn kan dien om die onbevredigende praktyk te verander sodat dit nader aan die basisteorie kan beweeg.

11.3 METODE

Ter afsluiting van die studie sal die navorser 'n praktykteoretiese model voorhou wat ten doel het om die werklikheid van die praktyk nader aan die ideaal van die basisteorie te bring. Die wyse waarop hierdie model ontwikkel sal word is om telkens een van die ses onderliggende praktykteoretiese beginsels soos dit in hoofstuk tien geïdentifiseer is onder die vergrootglas te plaas, die kern aspek waarin verstelling nodig is, te identifiseer, riglyne te stel vir die aanspreek van die geïdentifiseerde leemte, die effek van die implementering van die riglyn op die drie metateoretiese aspekte te voorspel en hieruit voortspruitend 'n praktykteoretiese model te ontwikkel.

11.4 VERSTELLINGS AAN DIE PRAKTYKTEORIE

11.4.1 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die begronding van die liturgie (BW1)

11.4.1.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die eerste praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel met die **begronding** van liturgie. Om tot die ontwikkeling van 'n praktykteorie te kon kom, is bepaalde leemtes geïdentifiseer wat in die praktyk verstel moet word ten einde nader aan die ideaal van die

basisteorie te beweeg. Vervolgens word die eerste praktykteoretiese beginsel saam met die verbandhoudende samevatting van die verstelling as volg weergegee:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstellings
In die tydsgees van postmodernisme en die post-94 transformasie proses in die Suid-Afrikaanse samelewing, behoort die liturgie van die erediens oor te vloei in 'n kontinue lewensliturgie en van die lewe af weer terug na die erediens, met inagneming van die verbond en koninkryk as gesamentlike begronding van liturgie, gerig op die eer van God as bron van liturgie (10.4.1.3).	Die **begronding** van liturgie moet weer reggestel word aangesien liturgie in die huidige tydsgees deur die mens beoefen word ter wille van die voordeel wat die mens self daaruit put, in plaas daarvan dat liturgie beoefen word ter wille van die eer van God. Hierdie antroposentriese beskouing lei daartoe dat die mens self besluit hoe en waar en wanneer en of enigsins hy liturgie wil beoefen of nie. Dit het tot gevolg dat liturgie in die kontemporêre tydsgleuf kompartementeel in die geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word. (10.4.1.2)

Die kern verstelling, of primêre verstelling wat die grootste impak kan hê op die aanvul van die bestaande leemte, is dat die **begronding** van liturgie reggestel moet word (10.4.1.2). Die fokus moet verskuif van die mens as bepaler van liturgie na God as Inisieerder van liturgie.

Die vraag hieruit voortspruitend is op welke wyse die begronding van die liturgie reggestel kan word. Hoe kan die selfgesentreerde postmoderne Suid-Afrikaanse Christen in die een en twintigste eeu begelei word om tot die besef te kom dat die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, in die integrering van die verbond en die koninkryk as

kernmotiewe in die Skrif begrond is, dat dit uitgaan van God en op sy eer gerig is?

Die sekondêre verstellings wat nodig is om te verseker dat die begronding van die liturgie reggestel word, is die volgende:

- Die betekenis en inhoud van die begrip "liturgie" moet in die regte perspektief gestel word;
- Die Verbond en Koninkryk as gesamentlike begronding van die liturgie, gerig op die eer van God, moet beklemtoon word

11.4.1.2 Riglyne vir verstelling

Die boodskap in Hosea 4:6 (1953 Vert.) kan as opskrif by die riglyne vir verstelling van elk van die ses praktykteoretiese beginsels uitbasuin word: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis". In die riglyne wat telkens gegee word, word 'n sterk kognitiewe komponent wat didakties oorgedra moet word, dus beklemtoon. Die wyse waarop hierdie oordrag van kennis aangespreek moet word kan egter vanuit verskillende hoeke belig word. Kennis word ook opgedoen deur belewing. Dit word sterk beklemtoon dat liturge, sonder om die werking van die Heilige Gees in die verstaan en oordra van Bybelse waarhede te misken, tred moet hou met ontwikkelings in veral die opvoedings-en kommunikasiewetenskappe om voortdurend bewus te wees van die ontwikkeling van nuwe innoverende wyses om kennis oor te dra. Daardeur kan nuwe instrumente ontgin word in die wyse van kennisoordrag wat onder die erediens self, maar ook tydens ander leergeleenthede, met vrug aangewend kan word. Hierdie waarheid word beklemtoon deur Niemandt (2007:19) wat aandui dat daar deeglik rekening gehou moet word met die verskuiwing van kennisoordrag soos deur hom voorgehou in die volgende tabel:

	Orale kultuur	Geskrewe kultuur	Uitsaaikultuur	Digitale kultuur
	Antieke tye-1500nC	1500nc-1950	1950-2010	2010-
Kommunikasie wyse	Mondeling	Skriftelik	Beeldend	Multimedia
	Om te verstaan is om te hoor	Om te verstaan is om te sien	Om te verstaan is om te ervaar	Om te verstaan is dit noodsaaklik dat ou Waarhede binne nuwe kontekste aangebied word en waar moontlik deur deelname bekom word.

Die navorser sal dus poog om waar toepaslik, sekere momente waardeur Waarheid deur belewenis geleer, oorgedra of versterk kan word, uit te lig.

Drie aspekte moet in besonder aangespreek word ten einde te verseker dat die begronding van die liturgie reggestel word. In die eerste plek moet die betekenis en inhoud van die begrip "liturgie" verduidelik en in die regte perspektief gestel word. Daarna is dit nodig dat gelowiges bewus gemaak word van die verhouding waarin hulle tot God as "Verbondsgod" en "Koningsgod" staan en wat die eis van diens in liefde gerig op die eer van God, van gelowiges vereis.

11.4.1.2.1 Doelgerigte bewusmaking van die inhoud en betekenis van die begrip "liturgie"

Uit die empiriese navorsing het dit duidelik geblyk dat gelowiges liturgie hoofsaaklik beskou as handelinge wat onder die erediens verrig word en primêr op die volgorde van handelinge onder die erediens dui (8.5.11.1). Aangesien die woord "liturgie" nie algemeen in die omgangstaal gebruik word nie en bykans as 'n teologies-wetenskaplike begrip beskou kan word,

moet die ware betekenis van die begrip verduidelik word. Hoewel hierdie verduideliking in prediking kan geskied, kan verwag word dat gelowiges wat vir die eerste maal met die volle omvang van die begrip gekonfronteer word daaroor sal wil redeneer, gesels en selfs argumenteer. Die navorser stel dus voor dat die begrip liturgie in die eerste plek tydens gespreksgeleenthede soos bybelstudie wat ruimte laat vir tweerigting gesprekke, bespreek word. Aangesien alle lidmate in 'n gemeente nie in bybelstudiegroepe betrek word nie, kan dit sinvol wees om 'n liturgie-seminaar te reël waarin, in die eerste plek, op die omvang en dieper betekenis van die begrip gefokus word. Hierdie gesprekke kan voortgesit word onder intiemer omstandighede soos tydens huisbesoek waar die liturg self teenwoordig is.

Kinders en jonger lidmate wat nog in die proses van lering is, kan bereik word deur die inhoud en omvang van die begrip spesifiek tydens katkisasie te hanteer. Ten einde dit te doen, is dit nodig dat die kategete vooraf deeglik toegerus word om presies te verstaan wat met die begrip "liturgie" bedoel word, sodat hulle dit op die vlak van die kind kan verduidelik.

Indien die woord "liturgie", met die volle betekenis en omvang daaraan geheg, deel van die gelowige se "geestelike "-woordeskat word, sal dit daartoe bydra dat die begrip nie vereenvoudig of verskraal kan word tot die volgorde van handelinge tydens die erediens nie. Wanneer die begrip in sy volle omvang in die geheue van alle gelowiges, oud en jonk, vasgelê word, sal die blote gedagte daaraan as herinnering kan dien om God in alle omstandighede in liefde te dien. In Spreuke 1:7 word geleer: "Kennis begin met die dien van die Here." Wanneer tot die besef gekom word dat liturgie die totale proses van dien van God omsluit, lei dit tot die ontdekking "Kennis begin met liturgie"!

11.4.1.2.2 Doelgerigte bewusmaking van die verbond en koninkryk as gesamentlike begronding van die liturgie, gerig op die eer van God

Gelowiges wat getroue kerkgangers is, word gereeld blootgestel aan lering waarin die aard van die verbond en koninkryk bevestig word. Lering deur middel van prediking, huisbesoek, bybelstudie en katkisasie vind reeds plaas. Die sakramente as sigbare tekens en seëls, versterk veral die verbonds- en koninkryksperspektiewe.

Derhalwe word hier gefokus op een besondere aspek waar kennis deur persoonlike belewenis geïnternaliseer en versterk kan word deur die gebruik van simbole en rituele. Ten spyte van die feit dat die gebruik van simbole en rituele nie in hierdie studie hanteer is nie aangesien dit buite die omvang van die studie wat handel met die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe val, word die gebruik van simbole toenemend erken (Jongerius, 1998:82-90; Roets & Dreyer, 1998:711-735; Charette, 2000:118-123; Van Staden, 2001:576-592; Vos, 2001:136-144; Du Toit, 2007:4). Die gebruik van sigbare simbole om Bybelse waarhede oor te dra of in te skerp het dus groot waarde. Aansluiting vir hierdie standpunt word in besonder gevind in Deuteronomium 6:6-9 met besondere klem op verse 8 en 9: "Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte."

Die navorser stel voor dat die liturg tydens die doop van lidmate, jonk en/of oud, 'n groot wit kers waarop die datum van die doopplegtigheid aangebring is aan die dooplidmaat se ouers (indien dit 'n volwassene is aan die volwassene self) oorhandig met die versoek om elke jaar op die herdenkingsdatum van die doop, die kers aan die brand te steek en spesiale tyd, tydens 'n spesiaal voorbereide ete byvoorbeeld, af te staan om die verbondsbelofte en die verbondseise wat deur die doop vergestalt word, met hul kinders te bespreek en self te oordink. Indien verbondsouers

die waarde van hierdie ritueel besef en erns daarmee maak, sal dooplidmate op 'n natuurlike, dog uiters intieme en persoonlike wyse, voortdurend onder die besef van God se genade en sy eis tot diens in liefde, gehou word. Die ritueel kan uitgebrei word deurdat dooplidmate tydens hul belydenis van geloof aflegging die "oorblyfsel" van die kers van hul ouers ontvang, wat die aanvaarding van 'n eie verantwoordelikheid in diens van God kan simboliseer.

11.4.1.2.3 Doelgerigte bewusmaking van eis van diens in liefde gerig op die eer van God

Liturgie is begrond in die gesamentlike verbonds- en koninkryksperspektiewe wat Gods-diens in liefde vereis, gerig op die eer van God se heilige Naam. Vasgevang in en gekondisioneer deur die norme en waarhede van die leefwêreld waarbinne die gelowige funksioneer, verloor Christene egter soms perspektief en sien hulle dikwels nie meer in hoe die eer van God deur die wêreld versaak word nie. Om te verhoed dat die feit van die negering van God se eer bloot 'n teoretiese saak bly sonder dat dit in lewenswerklikhede herken en aangespreek word, moet aksies geloods word waardeur Christene gelei kan word om self deur persoonlike ervaring in te sien dat die wêreld nie gerig is op die eer van God se Naam nie. Een manier om dit te doen is om Christene se perspektief oor die misbruik van die Naam van die Here in die kommunikasiemedia te verander deur die insidensie daarvan duidelik te maak. Die hele gemeente kan by hierdie projek betrek word. Alle lidmate, jonk en oud, kan uitgedaag word om vir 'n spesifieke tyd, wanneer hulle TV-kyk, radio-luister, gaan fliek of lees, getrou aantekeninge te maak van gevalle waar die Naam van die Here misbruik word. 'n Gemeentebyeenkoms kan dan gereel word waar terugvoer gegee kan word. Die gespreksgeleentheid kan ook gebruik word om riglyne vir verdere optrede, byvoorbeeld die vermy van sekere programme of lektuur, te bespreek. Hierdie werkswyse kan veral vir die jeug 'n baie waardevolle toerustingsgeleentheid wees.

Dikwels is gelowiges so gekondisioneer dat die misbruik van die Naam van die Here, en talle ander geleenthede waar God se eer aangetas word, by hulle verbygaan. Soms is dit net nodig om weer bewus gemaak te word van gevaar om onder die noodsaak van die vermyding van daardie gevaar te kom. 'n Aksie soos hierbo verduidelik kan gelowiges in besonder daarop bedag maak dat liturgie nie slegs tot die erediens beperk is nie, maar dat dit alle terreine van die lewe oorspan en in alle omstandighede altyd op die eer van God gerig moet wees.

Die riglyne vir verstellings aan die begronding van die liturgie by 11.4.1 kan samevattend as volg weergegee word: Die inhoud van die begrip liturgie moet tot sy volle reg kom. Gelowiges moet weereens tot die besef gebring word, en voortdurend daaraan herinner word, dat God tegelyk die "Koninggod" en "Verbondsgod" is wat met mense in gemeenskap tree en oor hulle heers. Die wederkerige karakter van die persoonlike verhouding wat ontstaan wanneer God Hom aan die mens verbind, en die eksplisiete verbondseis wat verankerd is in die dien van die Here in alle lewenssfere, moet opnuut beklemtoon word. Die waarheid dat hierdie verbondseis weerklank vind in die koninkryksperspektief waar God as Koning gehoorsaamheid en diens van sy onderdane eis maar ook as Koning tegelykertyd Vader is moet kristalliseer in die wete dat God as "Koningsgod" en "Verbondsgod" uit Homself in 'n persoonlike verhouding met gelowiges staan (indikatief), maar dat hierdie 'n verhouding is wat allesomvattende diens in liefde, gerig op die eer van God vereis (imperatief).

11.4.1.3 Die effek van die verstelling op die samelewing

Wanneer die postmoderne gelowige, onder die leiding van die Heilige Gees, weer herinner word aan die indikatief dat God Hom uit Homself aan die nietige sondige mens verbind het en dat hierdie verbintenis die imperatief van diens aan God dra, 'n eis wat nie beperk is tot die eredienste van Sondae nie maar oorvloei na elke ander aspek van die lewe en

terugvloei na die Sondag-erediens, sal liturgie in perspektief gestel word. Indien die postmoderne gelowige voorts gewys word op die selfgesentreerdheid van die beskouing dat liturgie deur die mens beoefen word ter wille van die voordeel wat die mens self daaruit put, sal die mens oop wees vir begeleiding en toerusting om liturgie as kontinue band vanuit die erediens tot die lewe en terug na die erediens te beskou. Die postmoderne mens wat graag wil "ervaar" kan begelei word deur geleenthede te skep waar kennis deur belewenis opgedoen of verstrek word.

Die Suid-Afrikaanse Christen wat onder die wolk van pessimisme voortgebring deur die post-94 transformasieproses in Suid-Afrika leef, sal, onder die leiding van die Heilige Gees, weer onder die besef gebring word dat die "Koningsgod" van die wêreld, ook die "Koningsgod"van 'n post-94 transformerende Suid-Afrika is en dat Hy tegelykertyd ook as "Verbondsgod" in almag regeer. Hierdie "Koningsgod" regeer nie slegs in die erediens op Sondae nie, maar in elke faset van die lewe, elke uur van die dag en eis ook van elke gelowige diens, in liefde gerig op die eer van God. Wanneer hierdie waarheid weer bekragtig en voortdurend bevestig word, sal Christene versterk word maar tegelykertyd ook voortdurend opgeroep word tot diens, diens tot eer van God wat elke faset van die Christen se lewe omsluit. So sal die Christen die ideaal dat liturgie uit die erediens na die lewe vloei en van daar terugvloei na die erediens verstaan en nastreef in die mate wat dit binne die gebroke werklikheid moontlik is.

Deelnemers aan die empiriese navorsing wat nie die volle reikwydte van die begrip "liturgie" verstaan het nie, sal na die stel van die riglyne tot die besef gekom het dat liturgie in die verbond en koninkryk begrond is en dat liturgie nie kompartementeel in die twee geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen mag word nie, maar as 'n kontinue lewensliturgie waarin die eer van God voorop gestel word.


Wanneer die begronding van die liturgie reggestel is sal die postmoderne,

post-94 getraumatiseerde Suid-Afrikaanse Christen werklik kan bely en leef: "Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen." (Rm 11:36).

11.4.1.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Alle modelle het leemtes. Gedagtig daaraan is die navorser van oordeel dat die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe die sinvolste uitgebeeld kan word deur die voorstelling van die erediens as die traprat van 'n fiets, die lewe as die agterwiel met ratte en liturgie as die ketting verbinding tussen die traprat en die wiel (vgl. skematiese voorstelling hieronder). God vorm die sentrum van sowel die erediens as die daaglikse lewe en word daarom in die model as die as voorgestel waarom die traprat en die wiel draai. Gedagtig aan die model, spreek dit vanself dat die traprat en die agterwiel sonder die verbinding van die ketting doelloos op sig self is en geen verband met mekaar hou nie. Die traprat en die agterwiel kan slegs in harmonie met mekaar staan en tot hul reg kom wanneer dit aan mekaar verbind word deur die ketting. Sonder liturgie is wisselwerking tussen die erediens en die lewe dus onmoontlik.

Skematies kan die eerste fase van die ontwerp van 'n praktykteoretiese model dus as volg weergegee word.



Hier is die erediens van die samekoms duidelik die traprat met God as die

middelpunt en as waarom die erediens van die samekoms sentreer. Die lewe word voorgestel deur die trapwiel met God weereens die middelpunt en as daarvan. Hierdie komponente word deur die ketting van die liturgie aanmekaargebind. Soos wat die praktykteorieë mekaar volg sal die model ooreenkomstig ontwikkel.

In hoofstuk twee is dit duidelik gestel dat liturgie as begrip met wye omvang in die verbonds- en koninkryksperspektiewe gegrond is. Die navorsing het egter verder aangetoon dat die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens in die liturgie 'n sentrale plek inneem en noue aansluiting vind by die verbond en koninkryk aangesien hierdie ontmoetingsgebeure tussen God en die mens deur God self geïnisieer word en van Hom uitgaan (2.4.3). Dit is derhalwe 'n logiese uitvloeisel dat die bepaling van die aard van die liturgie van die erediens as dinamiese ontmoetingsgebeure, op die begronding van die begrip "liturgie" volg.

11.4.2 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die aard van die liturgie (BW2)

11.4.2.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die tweede praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel met die **aard** van liturgie van die erediens. Die praktykteoretiese beginsel en samevattende verstelling word as volg teenoor mekaar geplaas:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstelling
In antwoord op die postmodernisme se antroposentriese lewensbeskouing wat ook in die Suid-Afrikaanse samelewing neerslag gevind het, behoort die liturgie van die erediens as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk onder leiding van die Heilige Gees beklemtoon te word en behoort die gelowige opgeskerp te word om God aktief, deelnemend onder die erediens te ontmoet, na Hom te luister, Hom te aanbid en om Hom in sy teenwoordigheid te verheerlik (10.4.2.3).	Die **aard** van die erediens word verkeerd verstaan en moet reggestel word. Gedagtig aan die antroposentriese lewensbeskouing van die mens staan die dinamiese ontmoetingsgebeure op vertikale vlak wat horisontaal moet deurwerk, nie meer in die erediens sentraal nie en is dit vervang met 'n selfgesentreerde spirituele belewingsdrang by die mens (10.4.2.2).

Soos in 10.4.2.2 aangedui is, moet die foutiewe beskouing van die **aard** van die liturgie van die erediens reggestel word. Die mens moet gelei word om tot die besef te kom dat die ontmoeting tussen die gelowige en God, soos dit spesifiek binne die erediens gebeur, 'n besondere moment in die gelowige se voortdurende verhouding met God is en dat dit meer is as 'n geleentheid waar die gelowige die teenwoordigheid van God kan "ervaar" en ook meer is as die blote samekoms van gelowiges wat hul God gesamentlik wil aanroep en prys.

Die kernvraag wat beantwoord moet word is **hoe** die gelowige toegerus en begelei kan word om te besef dat die erediens 'n dinamiese ontmoetingsgebeure is tussen God en die mens wat moet deurwerk na die horisontale verhouding tussen mense sonder dat onbehoorlike klem geplaas word op dit wat die individu vir homself uit die erediens kan "neem".

Die navorser is van oordeel dat hierdie leemte aangespreek kan word deur:

- 'n Doelgerigte bewusmaking van die betekenis en inhoud van die begrip "erediens" as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens; en
- 'n Doelgerigte bewusmaking van die roeping van die gelowige om God in die erediens te kom dien.

11.4.2.2 Riglyne vir verstelling

11.4.2.2.1 Doelgerigte bewusmaking van die betekenis en inhoud van die begrip "erediens".

Die misterie van God se anderse teenwoordigheid tydens die erediens (1 Kor 14:25) moet beklemtoon word, sodat lidmate voortdurend onder die besef van hierdie wonder kan wees. Hier is die liturg in besonder die instrument waardeur die saad gesaai word, maar die Heilige Gees is die internaliseerder van die geheimenis. Tydens formele leergeleenthede op kognitiewe vlak soos prediking en katkisasie kan swaar klem gelê word op die verskil tussen die weeklike bybelstudiegeleentheid waar gelowiges ook saamkom om te leer en God te dien, en die samekoms van gelowiges tydens die Sondag erediens. Die weeklikse ritme van saamkom en uitgaan en weer saamkom sal dan nie vervlak kan word tot 'n blote gebruik wat deur gewoonte alleen vasgelê en nagevolg word nie. Die "geheimenisvolle anderse" teenwoordigheid van God tydens die samekoms van gelowiges onder die erediens wat elke faset daarvan bepaal, dien as genoeg motivering om gelowiges te dring om eredienste op Sondag by te woon. Aangesien hierdie vertikale ontmoeting tussen God en mens egter nie om 'n spirituele belewenis ter wille van die mens draai nie, moet gelowiges toegerus word met kennis deur lering om die werklike aard van die erediens te besef.

Omdat spirituele belewing in die postmoderne tydsgleuf sentraal staan, moet hierdie ontwaking die mens laat besef dat hy ter wille van sy

medemens in 'n spesiale verhouding tot hulle staan en nie bloot omdat hy in samelewingsverband met hulle as mens gedefinieer word nie. 'n Grondige vertikale ontmoeting met God laat die mens dus die ware aard van die horisontale verhouding tot medegelowiges besef. Sonder die liturgie van die erediens wat deurvloei na die liturgie van die lewe verdwyn die mens se lewe gewoon doelloos in die tyd. Aangesien die liturgiese ruimte van die tradisionele kerkgebou normaalweg so ingerig is dat lidmate in rye voor en agter mekaar sit, word die horisontale ontmoeting met medegelowiges belemmer. Lidmate ontmoet en leer mekaar nie onder die erediens ken nie en daarom is dit noodsaaklik dat daar gereelde meer informele gemeente aksies moet plaasvind waarin gelowiges mekaar beter kan leer ken. Alleen wanneer mense mekaar goed ken, ontwikkel daar onderlinge liefde en begin mense spontaan verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar soos in die eerste Jerusalemgemeente na die uitstorting van die Heilige Gees.

Sigbare simbole en tekens kan gebruik word om die gelowige te herinner aan hierdie besondere verhouding tussen God en mens op vertikale vlak en tussen mense onderling op horisontale vlak wat uit die erediens spruit. Die navorser doen aan die hand dat dit oorweeg moet word om die gebruik van die vroeë Christelike kerk waar die simbool van die duif as herinneringsteken van Goddelike ontmoeting wat die gemeente na mekaar laat uitreik het, te laat herleef. In 'n era waar beelde en simbole dikwels 'n groter effek het op die mens as die geskrewe woord, moet die kerk nie skroom om simbole as instrumente te gebruik nie.

11.4.2.2.2 Doelgerigte bewusmaking van die roeping van die gelowige om God in die erediens te kom dien

Die roeping van die gelowige om God in die erediens te kom dien moet gekonkretiseer word in prediking en lering. Die waarde van sinvolle reeksprediking moet hier beklemtoon word. Wanneer klem geplaas word op die Nuwe Testamentiese "Julle is..." metafore wat dui op die werk en

verantwoordelikheid van elke lidmaat in die kerk, kan gelowiges besef dat eredienste nie bygewoon word met die primêre doel om spirituele belewenisse te beleef nie, maar dat belewenis voortspruit uit diens (Ps 27:4,8). Die tema van die reekspredikings moet egter as oorhoofse tema in elke ander faset van bedieningsmodi soos kategese, bybelstudie, kleingroepe, huisbesoek en seminare gebruik word sodat daar met sinergie gewerk kan word aan die bewusmaking van die roeping van die gelowige.

Predikante dink egter dikwels self te mensgerig en preek oordrewe Soteriologies. Dit hou in dat te veel klem gelê op God se verbondsliefde en troosvolle nabyheid ten koste van God se geregtigheid en heilige transendensie. Dit moet ingedagte gehou word dat die postmoderne mens vanweë die beïnvloeding van die tydsgees reeds antroposentries ingestel is. Te veel klem op die verbondsliefde sonder die balansering van die meegaande eise wat deur die belofte van die verbond meegebring word, kan die verkeerde boodskap laat. Hierdeur word God na die mens afgetrek ter wille van die mens self. Deur suiwer Woordverkondiging moet die vertrekpunt opnuut weer wees "Hoe kan ek God dien?" in plaas van "Watter voordeel hou my diens aan God vir myself in?". Erediens gerig op die eer van God, moet deurentyd die vertrekpunt bly, soos wat dit ook vir Calvyn was. "Terecht kende Calvijn daarom aan de Zondag het primaat toe" (Monshouwer, 1998:125).

Samevattend kan die verstellings wat gerig is op die aard van die erediens by 11.4.2 as volg gestel word: Gelowiges moet begelei word om opnuut onder die verstommende besef te kom dat die erediens rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk sentreer wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik. Die vertikale ontmoeting wentel ook horisontaal af tot ontmoeting met medegelowiges en staan deurentyd binne die kader van diens in liefde.

11.4.2.3 Die effek van die verstelling op die samelewing


Wanneer gelowiges opnuut onder die besef kom van God se misterieuse "anderse" teenwoordigheid onder die erediens en hul roeping tot diens in die regte konteks plaas, sal die postmoderne mens met sy antroposentriese lewensbeskouing tot die dieper perspektief kom dat die ontmoeting met die lewende God in die erediens sentraal staan en dat dit die verbintenis vorm tot toegewyde diens aan Hom in die lewe. Ontmoeting met Gods sal die gelowige ook met ander oë na sy medemens laat kyk en daarin vind die mens sin in die lewe. 'n Grondige vertikale ontmoeting met God sal die mens dus die ware aard van die horisontale verhouding tot medegelowiges laat besef. Sonder die liturgie van die erediens wat deurvloei na die liturgie van die lewe verdwyn die mens se lewe gewoon doelloos in die tyd.

Die Christen wat moet stry teen die gees van pessimisme voortgebring en verstrek deur die gevolge van die post-94 transformasieproses sal enersyds versterk word wanneer hy opnuut onder die besef kom van God se misterieuse "anderse" teenwoordigheid tydens die erediens en ook besef dat hy verby sy eie moeilike omstandighede moet uitreik in diens na medegelowiges.

Dit het uit die empiriese navorsing geblyk dat 'n beduidende groep deelnemers wel onder die besef was dat die eer van God in hierdie ontmoeting voorop gestel moet word en dat die erediens ook noodsaaklik is vir die versterking van die gemeenskap van gelowiges en vir die gelowige as geloofsindividu. Die gevoel was egter dat teorie- en praktyk mekaar nie vind nie en die navorser is van oordeel dat indien lering en prediking doelbewus gerig is op die uitwys van die misterie van die ontmoeting tussen God en mens in die erediens en die eis tot diens wat daaruit voortspruit en weer tot vervulling lei, sal teorie en praktyk mekaar vind.

11.4.2.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Die gelowige staan in die erediens in 'n besondere ontmoeting met God en sy medemens. Deur die ontmoetingsgebeure onder die erediens word die besondere aard van die erediens beklemtoon. In die ontwerp van die model is dit reeds uitgewys dat God die sentrum van die erediens vorm en dat alle liturgiese handelinge in die erediens deur Hom bepaal word en in Hom verankerd is. In die ontmoetingsgebeure staan die gelowige in die eerste plek in 'n direkte verhouding tot God maar ook tot sy medemens. Skematies kan die tweede fase van die ontwerp van 'n praktykteoretiese model dus as volg weergegee word:



Hier val die fokus uitsluitlik op die traprat wat die erediens van die samekoms verteenwoordig. Wat deur die model aangetoon word is dat die

mens in die erediens van die samekoms in verhouding tot God, die kern, maar ook in verhouding tot sy medemens, staan.

Die verband tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe, die eis tot diens wat dit vir die gelowige meebring en die wyse waarop die ontmoetingsgebeure in die erediens bekendgemaak word, kan nie los van die inhoud van die liturgie van die erediens beskou word nie. Derhalwe vind die derde praktykteoretiese beginsel nou aansluiting by die eerste twee.

11.4.3 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die inhoud van die liturgie (BW3)

11.4.3.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die derde praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel met die **inhoud** van liturgie van die erediens. Saam met die samevatting van die verstellings wat met die inhoud van die erediens verband hou, kan dit as volg weergegee word:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstelling
Met inagneming van die negering van die kerk en kerklike dogma in die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika tesame met die postmoderne beskouing dat waarheid relatief is, 'n pluraliteit van waarde- en godsdienssisteme gehuldig word, die mens anti-institusioneel is, rigiditeit en tradisie nie geredelik aanvaar word nie en die mens 'n oordrewe geloofsbelewing najaag, is dit noodsaaklik dat die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens soos wat dit vergestalting vind in die ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens, by Christen gelowiges ingeskerp moet word (10.4.3.3).	Omdat waarheid gerelativeer word, heg die mens nie meer waarde aan die Woord as primêre gesagsbron nie en word die inhoud van die liturgie van die erediens nie meer in die Woord gesoek nie, maar in 'n pluraliteit van waardes en beskouings. Dit is dus nodig om die verdraaide persepsies rondom die **inhoud** van die liturgie van die erediens reg te stel (10.4.3.2).

Die verstelling wat hier benodig word, is reeds in 10.4.3.2 geïdentifiseer. Dit is nodig om die verdraaide persepsies rondom die **inhoud** van die liturgie van die erediens, soos dit in besonder deur die eienskappe van die postmodernisme beïnvloed is, reg te stel.

Om verdraaide persepsies rondom die inhoud van die liturgie reg te stel, moet die volgende sekondêre verstellings in die praktyk aangebring word:

- Die dinamiese aard van die liturgie van die erediens moet beklemtoon word;
- Die ontmoetingsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens moet beklemtoon word;

- Die verootmoedigings- en versoeningsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens moet beklemtoon word;
- Die Woorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens moet beklemtoon word;
- Die antwoorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens moet beklemtoon word.

11.4.3.2 Riglyne vir verstelling

11.4.3.2.1 Doelgerigte beklemtoning van die dinamiese aard van die liturgie van die erediens

Die eerste en belangrikste riglyn wat gevolg moet word om te verseker dat die liturgie van die erediens nie as staties en formalisties beskou word nie, is dat liturge daarteen moet waak dat kronologiese liturgiese handelinge onder die erediens soos 'n program deurgewerk word. Die fokus moet verskuif van die liturgiese handeling na die liturgiese hoofmoment. Die dieper betekenis van die vier liturgiese hoofmomente in die erediens, ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens (4.7) moet dus baie duideliker deur prediking en ander toerustingsgeleenthede aan gelowiges verklaar word, so ook die verband tussen hierdie vier hoofmomente. Hierdie vier liturgiese hoofmomente vorm die inhoud van die mens se liturgie in die lewe waarin die erediens sentraal staan. Hierdeur sal die dialogiese aard van die erediens versterk word en die liturgiese hoofmomente in perspektief beskou word.

Die navorser is van oordeel dat die ongemotiveerde willekeurige verandering van die liturgiese volgorde onder die voorwentsel van "vernuwing" nie liturgies verdiepend sal wees nie

Liturgiese verdieping tree in wanneer die liturg die fokus in die erediens plaas op die dialoog tussen God en mens deur telkens aan te dui wie aan die woord is en dat hy as liturg in sekere handelinge namens God die

gemeente aanspreek en dat hy in ander gevalle namens die gemeente vir God antwoord. Om die dinamiese karakter van die erediensliturgie nog verder uit te bou en te beklemtoon is dit nodig dat die gemeente self groter aktiewe betrokkenheid in die liturgiese hoofmomente en gepaardgaande handelinge moet hê. Hierdie aspek kry vervolgens aandag in die bespreking van die dinamiese aard van die vier liturgiese hoofmomente.

11.4.3.2.2 Doelgerigte beklemtoning van die ontmoetingsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens

In die ontmoetingsdiens (*introïtus*) van die erediens moet die gelowige toegerus word om te besef dat hy in die heilige teenwoordigheid van die lewende God in tree en dat dit nie sonder verwondering en ontsag kan geskied nie. Veral vir die postmoderne gelowige wat sterk ingestel is op belewing, is die beklemtoning van ontmoeting met die heilige God van die uiterste belang. Deur hierdie klem kan die antroposentriese, selfgesentreerde denke van die gelowige gekanaliseer word tot ware ontmoeting en verwondering. Die regte stemming moet derhalwe geskep word sodat die gelowige onder die besef kan kom dat hy die ware lewende God onder die erediens ontmoet en hy kan bely: "Waarlik, God is hier by julle" (1 Kor14:25). Musiek is by uitstek die instrument wat aangewend kan word ter bereiking van hierdie doel en afhangende van die samestelling en voorkeur van elke betrokke gemeente kan hierdie stemming deur tradisionele orrelmusiek, die gebruik van ander instrumente soos trompet, viool of harp, of Cd's met lofprysingsliedere, bewerk word. Lidmate moet verder aangemoedig word om hul Sondag-oggend roetine so in te rig dat daar tyd is om reeds tuis, rustig voor te berei op die ontmoeting met God sodat kinders van jongs af kan leer dat hierdie ontmoeting voorbereiding verg. Dit is veral nodig om in die tydsgleuf waarin talle kinders bykans permanent met MP3's of Ipod's in hulle ore rondloop en kontemporêre musiek luister, hulle toe te rus om te besef dat stemming en atmosfeer belangrik is in die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die lewende God en die mens.

Die liturg moet die gemeente deur die liturgie van die erediens lei sonder dat hy as "seremoniemeester" voorgaan en die gemeente bloot 'n "program" volg. Aspekte soos die dialogiese rolverdeling in die votum en die ontmoetingseën met die gemeente se antwoord van "amen" daarop, tesame met die doel en inhoud van die lofsang en voortspruitend die geloofsbelydenis, moet gereeld doelbewus verduidelik word sodat die gemeente nie later weer onnadenkend meedoen in 'n "program wat stelselmatig deurgewerk moet word nie".

Aktiewe betrokkenheid deur die hele gemeente byvoorbeeld die votum (Ps 121:1; Sk 2-5:3), lofsang in beurtsang en die geloofsbelydenis (Sk 12-1; 12-2) te laat sing kan die oorbekendheid daarvan besweer en die ontmoeting met God en medegelowiges konkretiseer en die gelowige in liggaam, hart en siel verbind tot die erediens.

11.4.3.2.3 Doelgerigte beklemtoning van die verootmoedigings- en versoeningsdiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens

Dit is van die uiterste belang dat die verootmoedigings- en versoeningsdiens in die erediens van kliniese onnadenkendheid gestroop word. Die liturgiese handelinge wat inhoud aan hierdie hoofmoment verleen, mag nooit as outomatiese handelinge afgerammel word nie, aangesien dit Christus se versoening aan die kruis goedkoop maak. Versoening moet altyd op so 'n wyse deur die liturg verkondig word dat die gelowige in ware gemeenskap met Christus gestel word en die opregte versekering van versoening in Hom deur die geloof ervaar. Die versekering van versoening in Christus is in 'n onsekere Suid-Afrikaanse konteks uiters belangrik. Omdat die postmoderne mens 'n weersin in formalisme en institusionalisme ontwikkel het, is dit nodig dat die liturg nie in 'n geykte patroon verval wanneer hy die gemeente tot verootmoediging lei en daaropvolgend versoening verkondig nie.

Liturge moet dit oorweeg om die wyse waarop God se lewenseise deur middel van die Tien Gebooie voorgehou word af te wissel. Wanneer die gelowige met aandag na God se Wet luister sal hy telkens onder die indruk van sy eie sondigheid kom en gedring word tot verootmoediging en die voorneme van verbintenis tot 'n dankbaarheidlewe.

Vervolgens word voorstelle geformuleer waarop die Wet in die erediens voorgehou kan word:

- Die Wet kan uit Eksodus 20, Deuteronomium 5, Efesiërs 4:25-5:3, Romeine 12:9-21, Kolossense 3:5-17 en ook uit verskillende dele van die Bergpredikasie voorgelees word.
- Die Wet kan aan die hand van vraag en antwoord uit die Heidelbergse Kategismus voorgehou word (So 34-44).
- Die Wet kan gesing word uit Skrifberyming 9-1 en 9-2. Die verskillende verse van hierdie Skrifberymings kan om die beurt deur die gemeente gesing en deur die liturg gelees word.
- Die liturg kan selfs vir tien weke elke Sondag slegs een van die gebooie voorlees, verklaar en kortliks toepas op die leefwêreld van die gemeente.
- Die Wet kan by wyse van afwisseling "nuut saamgestel word" uit beide die Ou en Nuwe Testament :

Gebod	Ou Testament	Nuwe Testament
Inleiding	Deut 6:4,5	Mtt 5:17
1e	2 Kon 17:35	Mtt 22:37
2de	Lev 26:1	Mtt 15:8,9
3de	Lev 19:12	Mtt 10:32,33
4de	Lev 19:30	Hebr 10:25
5de	Lev 20:9	Rm 13:1 / Mtt 22:21
6de	Lev 19:17,18	Mtt 5:21,22
7de	Spr 6:28,29,32	Mtt 5:27,28
8ste	Lev 19:35,36	1 Tim 6:10
9de	Eks 23:1,2	Mtt 7:1

10e	Pred 6:9	Rm 7: 21-25
Slot:	Lev 19:36	Mtt 22:37-40

Verootmoediging en vryspraak moet bewustelik as eenheid hanteer word om die dialogiese moment van God wat in liefde op die mens se hulpgeroep reageer, te beklemtoon. God se vryspraak is oneindig meer as woorde – dit is 'n Goddelike daad – 'n formele verklaring dat niks en niemand sy kinders ooit weer voor Hom kan aankla en van Hom kan skei nie omdat die prys in Christus betaal is (Rm 8:31-39). Omdat God alleen kan vryspreek, is dit nodig dat die liturg klem daarop moet plaas dat dit duidelik is dat God self regstreeks uit sy Woord vryspreek. Hier moet die liturg gepaste gedeeltes woordeliks uit die Bybel voorlees. Sakramente moet ook groter beklemtoning in hierdie verband ontvang aangesien die Blye Boodskap van versoening daardeur nie net aangehoor word nie, maar ook sintuiglik beleef word.

In gesinsverband kan God se versoening aan die hand van 'n ritueel beklemtoon word waarin oud en jonk direk by betrokke kan wees. Dit word aan die hand gedoen dat die gesin die week na nagmaalsviering in die gemeente, tuis elke ete aan 'n wit gedekte tafel nuttig met rooi sevette en 'n kers in die middel van die tafel. Dit moet dan aan die kinders verduidelik word dat die wit tafeldoek gelowiges se reinheid in Christus voorstel, dat die rooi servette Christus se bloed en die kers die Blye Boodskap van versoening. Soos wat die gesin eet en daar op die wit tafeldoek gemors word, moet dit vir die kinders uitgewys word en in verband met die sondebevlektheid van hul eie lewens gebring word. In die huisgodsdiens aan tafel moet die liturgiese element van verootmoediging en versoening prominente aandag kry en wanneer die gesin met die volgende ete saam aan 'n silwerskoon gewaste en gedekte tafel gaan aansit, moet die vader die gesin daarop wys dat die gelowige rein gewas is in Christus se bloed en God daarvoor te dank.

Hierdie voorstelle kan bydra tot die liturgiese verdieping in die

verootmoedigings- en versoeningsdiens.

11.4.3.2.4 Doelgerigte beklemtoning van die Woorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens

In die Woorddiens moet die aard en grootsheid van Skriflesing opnuut weer beklemtoon word. Die gemeente moet begelei word om te besef dat wanneer uit die Bybel gelees word en die Woord aangehoor word, die gelowige omgaan met die lewende God van die Woord en nie klinies met die Woord van God nie. Dit gaan met ander woorde om die beklemtoning van 'n lewende ontmoeting met God in plaas van die kliniese lees van of blote luister na die Bybel. Die mens moet begelei word om deur die lees van die Bybel en die aanhoor daarvan, God self deur die Woord te ontmoet. Bybel lees, word formalisties sonder die werk van die Heilige Gees.

Met inagneming van die antroposentriese ingesteldheid van die postmoderne mens, moet daar groot klem in die prediking op die volgorde van indikatief en imperatief gelê word. In die eerste plek moet daar bo alles gevra word hoe God Homself deur die Skrif openbaar. Groot klem moet op die indikatief geplaas word, aangesien dit die gelowige tot verwondering lei. Vanuit die indikatief moet die imperatief tot die begeerte van verbintenis by die gelowige lei en moet hy begelei word tot die implementering van die Goddelike imperatief. Woordverkondiging word dooie letters wanneer God nie deur die Heilige Gees ontmoet word nie. Die Heilige Gees is immers die na-prediker om die gelowige in die liturgie van die lewe in te lei. Die Heilige Gees rus die gelowige dus toe om die erediens in die lewe in te dra. Die liturg moet ernstige oorweging daaraan skenk dat elke preek slegs een sentrale boodskap bevat met 'n duidelike toepassing van die boodskap vir elke lidmaat in die gemeente. Sorg moet getref word dat selfs jong kinders en verswakte bejaardes pertinent gewys word op die toepassingsvlak van die boodskap binne die lewensterreine waarbinne hulle beweeg.

In 'n tydsgees waarin waarheid deur 'n pluraliteit van waardes bepaal word en die mens 'n weersin ontwikkel het in die gedagte van absolute waarheid uit die Woord, is die verkondiging en verklaring van dogma uiters noodsaaklik. Dogma moet egter nie abstrak teologies verkondig word nie, maar aktueel gerig op die direkte leefwêreld van die gelowige waarin liturgie beoefen moet word. Waarheid is immers nooit wêreldvreemd nie, maar is juis die vaste anker in 'n onsekere wêreld. 'n Doelbewuste aksie moet deur prediking en Woordverkondiging geloods word om gelowiges bewus te maak van die gevaar verbonde aan die aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels. Die jeug moet daarop gewys word dat die verskil tussen reg en verkeerd soms die verskil tussen (ewige) lewe en (ewige) dood is. Buiten prediking kan verdere toerustingsgeleenthede gereël word waar die jeug toegespreek word deur byvoorbeeld bekeerlinge uit ander gelowe, wedergebore Satansaanbidders of dwelmverslaafdes. Gespreksgroepe kan in gemeenteverband op die been gebring word waar etiese aspekte soos dobbel, voor-of buitehuwelikse geslagsgemeenskap en huweliksontrou maar ook kerklike dogma rakende die doop, kinder nagmaal, charismatiese aktiwiteite soos salwing en spreek in tale, deur kundiges met gelowiges bespreek kan word met die doel om die bestaan van een Waarheid in te skerp.

11.4.3.2.5 Doelgerigte beklemtoning van die antwoorddiens as dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens

Aangesien die postmoderne mens sterk ingestel is op spirituele belewing, is dit noodsaaklik dat die antwoorddiens as liturgiese hoofmoment groter aandag moet kry. Formalisme en tradisionalisme moet plek maak vir verdieping. Dit kan aan die hand gedoen word dat daar groter betrokkenheid van die gemeente self kom in byvoorbeeld die voorgaan in gebede en die geloofsbelydenis, die voorlees van die Tien Gebooie en Skriflesing en die gebruik maak van beurtsang. Verdieping kan selfs bereik word deur bloot ruimte binne die erediens te laat vir stil persoonlike gebed, stille oordenking na die prediking en die sing van die "Amen" na die lees

van die geloofsbelydenis en die oplê van die wegstuurseën. Dit bly egter noodsaaklik dat daar orde in die erediens moet wees en dat liturgiese inhoud nie in 'n pluraliteit van waardes en beskouings verswelg sal word nie.

Die dimensie van antwoorddiens as liturgiese hoofmoment in die erediens kan verder ten opsigte van die jeug verdiep word deur telkens tydens die katkisasie opening terug te keer na die hoofmoment van die boodskap van die erediens en dit verder vir die kinders te konkretiseer. In die ruimte van katkisasie het kinders ook groter vrymoedigheid om oor hulle eie ervaring en belewing van die hoofmoment van die boodskap van die erediens te praat en vrae daaroor te stel.

Samevattend kan die verstellings wat verband hou met die inhoud van die liturgie van die erediens by 11.4.3 as volg weergegee word: Die liturgie van die erediens moet nie as staties en formalisties beskou word nie, die vertikale ontmoeting tussen God en mens en die horisontale ontmoeting tussen mens en mede-mens moet in die regte perspektief gestel word en die vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens moet so gerig word dat erediensliturgie nie begrens word deur onnadenkende liturgiese handelinge waardeur die kontinuiteit tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verbreek word nie. Omdat erediens dinamiese ontmoetingsgebeure is waarin die heil in God gevier word, moet dit deurgans as 'n feestelike gebeurtenis beklemtoon word waarin God alle eer ontvang.


11.4.3.3 Die effek van die verstellings op die samelewing

Wanneer die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens soos wat dit vergestalting vind in die ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens, by Christen gelowiges ingeskerp word en deur die werking van die Heilige Gees in volle omvang

besef word, sal die postmoderne gelowige onder die besef kom dat die kerk as instelling 'n kardinale rol speel in die geloofsbelewing van die gelowige aangesien die erediens binne die kerk gestruktureer word. Ook in Suid-Afrikaanse omstandighede sal gelowiges toegerus word om te besef dat die Bybelse Waarheid inderdaad 'n geldende tydsoorgrensende Waarheid is ten spyte van die negering van die kerk en kerklike dogma in die nuwe politieke bestel en die postmoderne aanhang van relatiewe waarhede. Hierdie besondere aspek sal verder toegelig word tydens die bespreking van die vyfde praktykteoretiese beginsel. Wanneer die inhoud van die liturgie van die erediens in die regte perspektief gestel word sal die probleem soos dit uit die empiriese navorsing geblyk het, naamlik dat lidmate dikwels "passiewe toehoorders" is en dat veral die antwoorddiens tot vasgestelde liturgiese elemente in die erediens beperk word, uit die weg geruim word.

11.4.3.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Die liturgiese hoofmomente in die erediens sentreer rondom die ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens. In die skematiese voorstelling van die ontwikkeling van die praktykteoretiese model vorm hierdie vier hoofmomente die speke van die traprat waarop die ketting beweeg. Skematies kan die derde fase van die ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model as volg weergegee word:


EREDIENS
Ontmoeting
Verkondiging/Sending
Woord
Antwoord
Mens in verkondiging tot...
Mede-mens
GOD
LITURGIE
LEWE
GOD

In die begronding van die begrip liturgie is aangedui dat die begrip in sy breë konteks 'n kontinue begrip is wat die liturgie van die erediens sowel as die liturgie van die lewe omsluit. Verder is aangedui dat die erediens 'n dinamiese ontmoeting tussen God en die mens op vertikale vlak, maar ook tussen mens en mens op horisontale vlak is. Die reikwydte van hierdie ontmoeting vind vergestalting in die inhoud van die liturgie van die erediens wat in vier onderskeie liturgiese hoofmomente figureer. Die liturgie van die erediens spoel oor tot die liturgie van die lewe en die skakel en kragbron waardeur hierdie twee sfere aanmekaar gebind word is die seën van God soos dit vergestalt word in beide die ontmoeting- as wegstuurseën. Die vierde praktykteoretiese beginsel fokus derhalwe op die seën van God as skakel en kragbron tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

11.4.4 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (BW4)

11.4.4.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die vierde praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel met die **skakel** en **kragbron** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Die beginsel, saam met die voorgestelde verstellings word as volg geformuleer:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstelling
In teenstelling met die beskouing dat die ontmoetingseën en die wegstuurseën in die erediens horisontaal as wedersydse groethandeling beskou word en voortspruit uit die postmoderne Suid-Afrikaner se wantroue in die kerk en kerklike dogmas en tradisies, is dit van kardinale belang dat die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens as kragbron tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verduidelik en beklemtoon moet word (10.4.4.3).	Die **skakel** en **kragbron** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word negeer tot vertikale en horisontale groethandelinge waarmee die erediens "begin" en "eindig". Verstelling van hierdie beskouing is nodig sodat die dieper betekenis van Goddelike seën as skakel en kragtoesegging tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe duideliker besef kan word (10.4.4.2).

Ten einde die skeiding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te oorbrug, is dit noodsaaklik dat verstelling aan die beskouing van die seën aangebring word sodat die dieper betekenis van kragtoesegging en skakeling tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe duideliker besef kan word (10.4.4.2).

Die vraag waarop daar in hierdie afdeling gefokus word is hoe te werk gegaan kan word om te verseker dat die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens as skakel en kragbron tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verduidelik en beklemtoon kan word. Om verdraaide persepsies rondom die ontmoetings- en wegstuurseën in die liturgie van die erediens reg te stel, moet die volgende sekondêre verstellings in die praktyk aangebring word:

- Die seën moet beklemtoon word as Goddelike bemagtiging van die gelowige.

- Die ontmoeting- en wegstuurseën moet beklemtoon word as skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

11.4.4.2 Riglyne vir verstelling

11.4.4.2.1 Doelgerigte beklemtoning van die seën as Goddelike bemagtiging

Die navorser doen aan die hand dat daar eerstens deur verskillende wyses van toerusting baie groter klem op die werk van die Heilige Gees gelê word (Jh 14,15). Dit is die Heilige Gees wat gelowiges in staat stel om God onder die erediens te kan ontmoet. Dit is dieselfde Gees wat die gemeente uit die erediens weggestuur in die Naam van God-drie-enig om met Goddelike krag liturgie in die lewe te gaan voortsit. Vanuit die lewe word die gelowige weer deur die Heilige Gees na die erediens geroep. Dit is die Heilige Gees wat deur die ontmoetingseën en die wegstuurseën, die erediens en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind. Erediens en lewe vorm so 'n eenheid waarin die Gees gelowiges tot liturgie dryf. Derhalwe behoort die dieper betekenis van Goddelike seën 'n baie hoë prioriteit in die toerusting van gelowiges in te neem.

Die gelowige moet voortdurend daaraan herinner word dat die seën in God as onuitputlike bron van genade gegrond is. Hy is die subjek van die seën in absolute sin en daarom het Hy alleen volmag om te seën. Deur sy seën bekragtig God self, deur die werk van die Heilige Gees, sy kinders. Nogtans het dit Hom behaag om sy seën deur bemiddeling van gevolmagtigde dienaars op sy kinders te lê. Die liturg staan dus instrumenteel in diens van God wanneer hy namens en in volmag van God die seën oor die gemeente uitspreek. Deur hierdie Goddelike toegif word 'n misterieuse karakter aan die erediens verleen in die sin van Goddelike bemagtiging deur die ontmoeting- en wegstuurseën.

Die liturg kan die funksie van die ontmoeting- en wegstuurseën as

handeling waardeur God se genade oor die totale erediens en voortspruitend die lewe bevestig word, deur middel van prediking of ander leergeleenthede soos bybelstudie, katkisasie en toerustings seminare inskerp. 'n Huisbesoekbrief kan ook voorberei word waarvan ouderlinge van die gemeente gebruik kan maak en aan die hand waarvan gelowiges weer ingelig kan word van die volle omvang van die betekenis en wonder van die Goddelike seën.

Hoewel die dieper betekenis van seën as misterieuse Goddelike bemagtiging dus kognitief deur verskeie vorme van lering by die gelowige ingeskerp moet word, moet die gelowige ook begelei word om hierdie Goddelike seën homself te kan toeëien. Die Goddelike seën moet kollektief deur die gemeente, maar ter selfde tyd individueel deur elke gelowige in die erediens teenwoordig, toegeëien word deur die uitspreek van "amen". Hierdie menslike antwoord op die Goddelike seën is aan die een kant die hand van die bedelaar wat genade op genade ontvang, maar aan die ander kant die aanvaarding van die roeping om met die seën van die Here ander ook tot seën te wees.

Die dialogiese wisselwerking tussen Goddelike spreke en handelinge deur die seën toesegging, aan die een kant en die mens se antwoord daarop deur die uitspreek van "amen" aan die ander kant, moet ook bewustelik duideliker in perspektief gestel word. Die navorser doen aan die hand dat die liturg die seën formules met oopgespreide arms en hande uitspreek as beklemtoning van Goddelike toesegging, maar dat hy sy hande na die seën laat sak voordat hy "amen" uitspreek. Daardeur word die verband tussen Goddelike seën en die mens se antwoord daarop deur die uitspreek van "amen" duidelik beklemtoon. Dit kan selfs nog meer beklemtoon word as die gemeente self "amen" uitspreek, hetsy deur sang of hardop praat.

Omdat die seën van die Here af kom in die vorm van toesegging, is die navorser verder van oordeel dat die liturg daarop gesteld behoort te wees om die seën 'n toeseggingskarakter te gee deur dit in die indikatief-vorm

namens en op las van God uit te spreek. In die praktyk kom dit daarop neer dat die liturg die woorde van die ontmoetingseën volgens die briewe van Paulus (Ef 1:2) in die vorm van toesegging moet uitspreek naamlik: "Genade en vrede vir julle..." in plaas van "Mag daar vir julle genade en vrede wees..." wat die karakter van 'n wens of 'n gebed dra. Ewe eens behoort die woorde van die wegstuurseën volgens Numeri 6: 24 te wees: "Die Here seën jou..." in plaas van "Die Here sal jou seën..." of "Mag die Here jou seën...". Die seën dra altyd die karakter van Goddelike toesegging en daarom behoort dit nooit op so 'n manier uitgespreek te word dat dit die karakter van gebed of 'n wens in die toekoms dra nie.

11.4.4.2.2 Doelgerigte beklemtoning van die ontmoeting- en wegstuurseën as skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe

Deur die ontmoetingseën word die gemeente kollektief en elke gelowige individueel bemagtig om God in die erediens te kan ontmoet en word elke handeling in die erediens seënend beïnvloed. Deur die wegstuurseën word gelowiges toegerus om deur die kragvolle werking van God-drie enig, die toerusting ontvang in die liturgie van die erediens in die liturgie van die daaglikse lewe voort te sit. Deur die ontmoeting- en wegstuurseën word die bewegende kringloop van "*gathering* (saamkom, vergader) na *sending* (uitstuur)" gevestig en daardeur word die erediens en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind (De Klerk, 2007:30). Gelowiges moet derhalwe toegerus word om in terme van "liturgie" te dink as erediens **in** die lewe, in plaas van die erediens **en** die lewe. Daarmee word benadruk dat die erediens onlosmaaklik deel van die lewe, dog onteenseglik die hoogtepunt in die weeklikse sirkel van lewe, is. Die krag en energie wat die gelowige in die erediens gekry het, vloei oor na die daaglikse lewe. Die daaglikse lewe wat die gelowige se krag tap, dryf hom weer na die erediens as kragbron. Op so 'n wyse word die begrip "liturgie" getransformeer deurdat dit die erediens en die lewe onlosmaaklik aan mekaar verbind en vorm die ontmoeting- en wegstuurseën die liturgiese

skakel tussen die erediens en die lewe.

Op kognitiewe vlak is dit dus nodig dat dit by lidmate voortdurend ingeskerp moet word dat die ontmoetingseën nie die "begin" van die erediens is nie, maar God se aktiewe daad van seën waarop Hy die gemeente kollektief en elke gelowige individueel op misterieuse wyse Goddelike krag gee om Hom in die erediens te kan ontmoet. Sonder God se seën is dit ontmoontlik om opregte liturgie in die erediens te kan beoefen. Op dieselfde vlak is dit nodig om dit by gelowiges in te skerp dat die wegstuurseën nie die "einde" van die erediens beteken nie, maar dat dit die uitsending van die Here is na die wêreld om met die Goddelike seën waarmee hulle bekragtig is, die wêreld tot seën te gaan wees. Die erediens van die samekoms moet dus in die lewe voortgesit word in al sy fasette. Gelowiges moet ook daarvan bewus gemaak word dat die liturgie van die lewe nie 'n teologies akademiese begrip is nie, maar dat dit eenvoudig beteken dat elke gelowige, waar hy ook al is en wat hy ook al doen, elke oomblik van sy lewe toegeruste gestuurde van die Koning is. In die daaglikse lewe het die gelowige ongekende geleenthede om as getuie van sy Sender op te tree. Deur in die daaglikse lewensomstandighede so op te tree dat dit duidelik is dat die gelowige as Christen in diep afhanklikheid teenoor God leef, Hom dien, aan Hom gehoorsaam is, dankbaar is teenoor Hom, uit eerbied vir Hom getrou, betroubaar, vriendelik, behulpsaam en in liefde teenoor alle mense leef, konkretiseer die liturgie van die erediens in die daaglikse lewe. Van hierdie dinge moet gelowiges op konstante basis bewus gemaak word en moet hulle veral ook opgeskerp word om mekaar daarin te ondersteun. Die inprent van Hebreërs 10:24,25 in die gedagtes en hart van elke gelowige is in hierdie opsig van die uiterste belang: "Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan...". In hierdie Skrifgedeelte word die verband en samehang tussen die liturgie van die erediens en die daaglikse lewe ook duidelik beklemtoon.

Lidmate kan aangemoedig word om hul persoonlike stiltetye of oggend-huisgodsdiens telkens af te sluit deur die afbid van die wegstuurseën. So sal gelowiges voortdurend daaraan herinner word dat God by hulle, vir hulle, om hulle, in hulle, bo hulle, onder hulle, en ewig met hulle is en dat hulle onder die wolk van God se seën funksioneer en tot sy eer in sy diens staan in elke lewensterrein waarbinne hulle beweeg.

11.4.4.3 Die effek van die verstelling op die samelewing

Die beskouing wat voortspruit uit die postmoderne Suid-Afrikaner se wantroue in die kerk en kerklike dogmas en tradisies, tesame met sy antroposentriese lewensbeskouing, vereng die ontmoetingseën en die wegstuurseën in die erediens tot blote wedersydse groethandeling op horisontale vlak. Deur die dieper betekenis en doel van die ontmoetingseën en die wegstuurseën as Goddelike daad van bekragtiging by die potmoderne gelowige tuis te bring, kan hy tot die besef gelei word dat die ontmoetingseën en die wegstuurseën vir homself onontbeerlik vir sy eie lewe is. Deur hom daarop te wys dat die ontmoetingseën en die wegstuurseën ook die skakel tussen die erediens en die daaglikse lewe is, kan hy tot die besef gelei word dat die lewe nie van die erediens geskei kan word nie en dat 'n lewe sonder die erediens gewoon sinloos is.


Vir die Suid-Afrikaanse post-94 transformasie Christen word die erediens deur die verduideliking van die krag van die Goddelike seën weer 'n veilige hawe om heen te vlug. Deur die bewusmaking van die ontmoetingseën en die wegstuurseën as skakel tussen die erediens en die lewe, kan die roeping van "gestuurde wees in die wêreld" weer tuisgebring word by die Suid-Afrikaanse post-94 transformasie Christen.

Uit die empiriese navorsing het dit geblyk dat 'n beduidende groep gelowiges nie die dieper betekenis en doel van die ontmoetingseën en die wegstuurseën as Goddelike daad van bekragtiging verstaan nie. Deur doelbewuste bewusmaking van die dieper betekenis en doel daarvan en

dat dit in besonder ook die skakel tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is, kan gelowiges deur die ontmoeting- en wegstuurseën die bewegende kringloop van "*gathering*" (saamkom, vergader) na "*sending*" (uitstuur) beter verstaan en ook in hul eie lewens bewustelik daarop fokus.

11.4.4.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Die ontmoetingseën en die wegstuurseën vorm die skakel tussen die erediens en die lewe. Die Heilige Gees bewerk dit dat die gelowige deur die ontmoetingseën bekragtig word om God onder die erediens te kan ontmoet, terwyl hy deur die wegstuurseën deur God bekragtig word om die liturgie in die res van die lewe voort te sit. In die skematiese voorstelling is die punt waar die ketting die traprat ontmoet, die plek van die ontmoetingseën en die plek waar die ketting die traprat verlaat, die plek van die wegstuurseën. Skematies word die vierde fase van die ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model vir die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe as volg voorgestel:


EREDIENS
Ontmoeting
Verootmoediging-vergeving
Medemens
Mens in verbondig tot...
GOD
Antwoord
Woord
Ontmoetingsteen
Wegsturenteen
LITURGIE
LEWE
GOD

Met die wegstuurseën word gelowiges toegerus om die lewensterreine waarbinne hulle funksioneer met die toerusting en krag wat hulle tydens die erediens ontvang het, aan te durf. Dit is derhalwe nou nodig om te fokus op liturgie van die lewe en die lewensterreine waarbinne lewensliturgie beoefen moet word.

11.4.5 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met die inhoud van die liturgie van die lewe (BW5)

11.4.5.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die vyfde praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel in besonder met die **wisselwerking** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe en die **lewensterreine** waarin liturgie beoefen moet word. Aangesien die verband en dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe reeds in 11.4.3.2.2 as 'n bewegende kringloop van "*gathering*" (saamkom, vergader) na "*sending*" (uitstuur) beskryf is, word daar in hierdie afdeling hoofsaaklik op die lewensterreine gefokus waarin die liturgie van die lewe gekonkretiseer moet word. Die vyfde praktykteoretiese beginsel, tesame met die samevatting van die verbandhoudende verstelling word as volg weergegee:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstelling
Gesien in die lig van 'n gees van onsekerheid by talle voorheen bevoordeelde Suid-Afrikaners en die moraliteitskrisis wat beide veroorsaak is deur die effek van die post-94 transformasie proses en die relativering van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels wat van die kant van die postmodernisme teweeg gebring is en wat meebring dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei, is dit nodig dat daar klem gelê word op die liturgie van die lewe as dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe (10.4.5.3).	Die verband en **wisselwerking** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word misken en die **lewensterreine** waarin liturgie beoefen moet word, word kompartementeel en losstaande van die erediens beskou. Liturgie wat losstaande in die twee geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word, benodig verstelling om meer dinamies interaktief op mekaar in te werk (10.4.5.2).

Die primêre verstelling wat moet plaasvind hou in dat die erediens en die lewe nie as afsonderlike kompartemente beskou moet word nie maar as twee onderskeibare komponente van een geheel wat deur 'n kontinue liturgie aanmekaar gebind word.

Die vraag wat beantwoord moet word is **hoe** die liturgie van die lewe as dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe gekonkretiseer kan word.

Ten einde aan te toon hoe die liturgie van die erediens in alle fasette van die lewenswerklikheid gekonkretiseer kan word, word die volgende sekondêre verstellings voorgestel:

- Die hoofmomente van die liturgie van die erediens moet oorvloei in die liturgie van die daaglikse lewe;
- Liturgie moet deur die gelowige beoefen word in alle lewensterreine.
    - Die gelowige moet liturgie beoefen in sy persoonlike verhouding tot God;
    - Die gelowige moet liturgie beoefen in sy verhouding tot die maatskappy -
        - Lewensliturgie in die huwelik;
        - Lewensliturgie in die gesin;
        - Lewensliturgie teenoor die medemens;
        - Lewensliturgie in die werkplek;
        - Lewensliturgie en die owerheid;
        - Lewensliturgie en die ekonomie;
        - Lewensliturgie en die ekologie;
    - Die gelowige moet liturgie beoefen in sy verhouding tot die kerk.

11.4.5.2 Riglyne vir verstelling

11.4.5.2.1 Die oorvloei van die hoofmomente van die liturgie van die erediens na die liturgie van die daaglikse lewe

In die studie is daar uit die Bergpredikasie verskillende lewensterreine geïdentifiseer waarbinne liturgie beoefen moet word (5.5.1.6). Alvorens hierdie lewensterreine individueel in oënskou geneem word is dit nodig om te vermeld dat die een enkele moment wat daartoe kan bydra dat die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens nie as twee afsonderlike geskeide kompartemente beskou word nie wat in elk van hierdie lewensterreine van toepassing kan wees, die doelbewuste aanduiding is van hoe die hoofmomente van die liturgie van die erediens

weerklank vind in die liturgie van die lewe. Die oplossing vir die skeiding tussen die erediens en lewe lê nie in die verandering van strukture nie, maar in die bewerking en versterking van 'n persoonlike verhouding met God, bewerk deur die Heilige Gees. Die vraag wat in die prediking, huisbesoek, katkisasie en ander onderrig geleenthede aan die orde moet kom, is: "Hoe word jy in jou persoonlike verhouding teenoor God aangespreek?" 'n Opregte persoonlike verhouding met God sal die mens God in die erediens en die daaglikse lewe in al sy fasette laat dien.

Die liturg moet deur prediking en lering fokus op die hoofmomente van eredienstliturgie en aandui dat dit teenwoordig is waar die individu self in die week tot God nader, wanneer die individu in verhouding tot sy medemens staan en by die werk is. Daar is voortdurend dialoog tussen God en mens, ontmoeting deur Woord en antwoord, elke dag, elke oomblik van die lewe.

Ontmoeting is verhouding, dialogiese handelinge. Ontmoeting vind nie slegs in die erediens plaas nie, maar telkens in die daaglikse lewe wanneer die gelowige na God luister deur stil te word in die oordenking van die Woord, of wanneer die gelowige tot God bid. Soos in die geval van die ontmoetingsdiens in die erediens, moet die gelowige toegerus word om te besef dat hy ook in die daaglikse lewe in die heilige teenwoordigheid van die lewende God intree wanneer hy met die Woord omgaan en bid en dat dit nie sonder verwondering en ontsag kan geskied nie. Veral vir die postmoderne gelowige wat sterk ingestel is op belewing, is die beklemtoning van ontmoeting met die heilige God ook in die daaglikse lewe, van die uiterste belang. Deur hierdie klem word die antroposentriese denke van die gelowige gekanaliseer tot ware ontmoeting en verwondering. Ware ontmoeting met God plaas die gelowige se eie verhouding tot God en alle ander fasette van die lewe in regte perspektief en lei hom tot die voorneme van verbintenis om sy Goddelike roeping van opregte Godsdiens, nie net in die erediens nie, maar ook in die daaglikse lewe, uit te leef.

Verootmoediging en versoening is liturgiese handelinge wat voortdurend moet plaasvind in die gelowige se daaglikse lewe. Die gelowige wat in 'n opregte persoonlike verhouding met God leef sal deurentyd van sy eie sondigheid en tekortkominge bewus wees en hom voortdurend voor God verootmoedig. Deur noue omgang met die Woord sal hy die versekering van versoening in Christus daarin vind. Hierdie voortdurende soeke en vind van versoening bring opregte vrede vir gelowiges wat in die onsekere politieke en maatskaplike Suid-Afrikaanse milieu hul liturgie moet bly beoefen. Ware versoening in Christus impakteer ook in die gelowige se verhouding met sy medemens. Sonder versoening in Christus is dit onmoontlik om in vrede met die medemens en die leefwêreld met al sy verskillende fasette te leef.

Gelowiges moet begelei word om meer en meer te besef dat die **Woord** van God sentraal in die lewe van elke Christen behoort te staan. Biddende Woordomgang verdiep die lewende ontmoeting met God en bewerk verwondering. Die teendeel bestaan wanneer daar onnadenkend met die Woord omgegaan word. Gelowiges moet derhalwe opgeskerp word om telkens voor die Woord geopen word, eers te bid om die verligting van die Heilige Gees. Bybel lees word formalisties sonder die werk van die Heilige Gees. Die volgorde en patroon van die indikatief en die imperatief moet ook deur toerusting by gelowiges vasgelê word. In persoonlike Bybelstudie, huisgodsdiens en ander geleenthede waar daar met die Woord omgegaan word, moet die vraag altyddeur opkom:"Wat openbaar God van Homself?" en vervolgens "Wat eis Hy van die mens?". Die gelowige moet voorts ook begelei word om die imperatief uit die Woord in sy persoonlike lewe te implementeer.

Lidmate kan aangemoedig word om 'n dagboek te hou waarin die imperatief wat uit die Woordverkondiging tydens die Sondag erediens blyk aangeteken word sodat die gelowige elke dag opnuut daaraan herinner word.

Die **antwoorddiens** as liturgiese hoofmoment vorm deel van die gelowige se persoonlike verhouding met God. Gebed vorm die primêre wyse van menslike antwoord en die noodsaak daarvan moet deurentyd beklemtoon word. Die plek van sang as menslike antwoord op die Goddelike spreke dien ook besonderlik vermeld te word. Egpare en gesinne moet in besonder aangemoedig word om psalms, gesange en ander geestelike liedere tot eer van God te sing in die daaglikse lewe, veral met huisgodsdiens. Deur sang kan al die liturgiese hoofmomente van ontmoeting, verootmoediging en versoening, Woorddiens en antwoorddiens verdiskonteer word.

Die liturg moet lidmate ook voortdurend daarop wys dat dade ook antwoorde is en dat lidmate daagliks hul optrede teen die imperatief verkry uit die Woordverkondiging tydens die Sondag erediens moet meet om te bepaal wat hulle antwoord op die Woord is.

11.4.5.2.2 Die gelowige se lewensliturgie in sy persoonlike verhouding tot God

Uit navorsing uit die Bergpredikasie is aangedui dat die gelowige se lewensliturgie in sy persoonlike verhouding tot God in besonder in Woordomgang, gebed en vas konkretiseer (5.5.1.3). Hierdie drie handelinge dui op die dialogiese karakter in die verhouding tussen God en sy kinders. Gelowiges moet in besonder toegerus word om erns te maak met Woordomgang. Om te verhoed dat Bybel lees 'n kliniese gewoonte word, moet gelowiges begelei word om die Woord deurentyd te verpersoonlik. Dit kan geskied deur bewustelik al die "hy, sy, jy, hulle en julle" woorde met "ek, my en ons" te vervang wanneer die gelowige met die Woord omgaan. Daardeur word die persoonlike verhouding met God versterk en kry die Woord 'n persoonlike toepassingskarakter. Gelowiges moet ook begelei word om met hul gebedslewe groot erns te maak en veral op lofprysing in gebed te fokus. Daardeur word die gelowige meer en meer bewus van die grootheid en almag van God teenoor sy eie nietigheid.

Lofprysing lei tot verwondering en verootmoediging. Hoewel vas nie in die Westerse kultuur 'n algemene gebruik is nie, blyk dit tog 'n geloofsversterkende praktyk te wees wat aangemoedig kan word as middel tot 'n meer intieme verhouding met God.

11.4.5.2.3 Die gelowige se lewensliturgie in sy verhouding tot die maatskappy

Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie moet beoefen is waar hy in 'n verhouding tot die maatskappy staan. Die maatskappy sluit in die konteks van die Bergpredikasie die mens in sy verhouding tot sy lewensmaat, sy medemens, die owerheid, die ekonomie en die ekologie in (5.5.1.4). Die navorser beklemtoon dat daar in die lewenskring van die maatskappy talle ander terreine is waarin die mens beweeg en liturgie moet beoefen. Uit die aard van die omvang van hierdie studie word daar egter volstaan met die geïdentifiseerde terreine soos in Afdeling A (5.5) gestel.

11.4.5.2.3.1 Lewensliturgie in die huwelik

Die huwelik is die nouste en mees intieme terrein waarbinne man en vrou liturgie moet beoefen. Egpare moet voortdurend daarop attent gemaak word dat hulle huwelik volgens Efesiërs 5:31,32 'n afbeelding is van die verbondsverhouding tussen God en sy kerk. Egpare moet dus in hul huweliksverhouding so leef dat hulle hulle bewustelik deur die Heilige Gees laat lei (Ef 5:18b) en in hulle "een-wees" in hulle persoonlike verhouding met God verinnig. Wanneer hulle huweliksverhouding in hulle verhouding met God groei, sal hulle huwelik spontaan God se liefde vir die kerk weerspieël. Hoe dieper hulle in hulle verhouding met God verinnig, hoe dieper sal hulle huweliksverhouding ook verinnig. Om egpare op hulle Goddelike roeping te wys, kan Christelike huweliksverrykings kursusse sterk aanbeveel word.

Ook hier kan sigbare simbole, of in die digitale era waarin ons beweeg – ikone waarop egpare kan klik om hulle aan sekere waarhede te herinner - belangrik wees. Die liturg kan dit oorweeg om tydens die huweliksbevestiging 'n kruis aan die egpaar te oorhandig wat op 'n prominente plek in hulle woning sigbaar moet wees. Die vertikale balk simboliseer die vertikale band tussen God en die egpaar terwyl die horisontale balk die huweliksband tussen man en vrou simboliseer.

Liturge kan dit verder ernstig oorweeg om tydens die preek van duidelike dog eenvoudige beelde gebruik te maak om die huweliksverhouding vir die egpaar te konkretiseer. Hier word verwys na die beeld van die huwelik as 'n eier met die eiergeel die vrou waaruit daar, as dit die Here behaag, nuwe lewe kom, die eierwit verteenwoordig die man wat die vrou in liefde omvou, beskerm en versorg en die eierdop verteenwoordig Christus wat die eierwit en eiergeel as eenheid bymekaar hou.

11.4.5.2.3.2 Lewensliturgie in die gesin

Die huwelik dien as basis vir die gesin om 'n gevestigde gesinsliturgie te kan vorm waarin God met toewyding en liefde vereer kan word. Wat vir die huwelik geld, geld ook vir die gesin: die beeld van die gesin moet die gemeenskap iets van God se liefde vir die kerk laat sien. 'n Gesonde gesinsliturgie berus ook op 'n intieme verhouding met God. Vir elke lid in die gesin moet 'n lewe voor die aangesig van die Here 'n spontane leefwyse wees. Ter bereiking daarvan is die gesin se aktiewe gemeentelike betrokkenheid van die uiterste belang. Gesinne funksioneer nie in 'n geloofsvakuum nie, maar in die warm gemeenskap van medegelowiges. Huisgodsdiens bind die liturgie van die erediens spontaan aan die liturgie van die lewe. Dit is veral die ouers se verantwoordelikheid om erns te maak met huisgodsiens en om hulle kinders in voorbeeld voor te gaan met 'n *Coram Deo* lewe. Gesinsrituele soos die besondere viering van verjaarsdae, doop- en huweliksherdenkings en ander spesiale geleenthede vir die gesin, moet ook aangemoedig word om daardeur

herinner te word aan die besondere verhouding van liefde wat God vir hulle as gesin en elkeen individueel het. Uiteindelik word die gesinsliturgie lewenspraktyk wanneer die lewensleuse van Josua 24:15 nagestreef word: "maar ek en my huis, ons sal die HERE dien" (1953 Vert.).

Liturge kan dit oorweeg om gesins- bybelstudiegroepe te stig waar die fokus van die bybelstudie so gerig word dat gesinne as geheel daarby betrek word en die kinders nie in die kamer speel of tuis bly terwyl ouers bybelstudie doen nie.

11.4.5.2.3.3 Lewensliturgie teenoor die medemens

In die liturgie wat van die erediens oorvloei na die lewe, word iets van God se liefde vir die wêreld daarmee saam uitgestort. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het..." (Joh 3:16). Elke gelowige word vanuit die erediens as gevolmagtigde na die wêreld gestuur met Goddelike krag om aan die wêreld iets van God se liefde te openbaar. Dit is in die lig hiervan te verstane dat Robert Schmidt (eertydse aanbieder van godsdiensprogramme op radio en televisie) die opmerking gemaak het dat die kerk nie bestaan ter wille van die mense wat reeds deel van die kerk is nie, maar juis ter wille van hulle wat nog nie deel daarvan is nie (Niemandt, 2007:91). Die gemeente bestaan met ander woorde ter wille van die omgewing waarin die gemeente funksioneer - om aan 'n wêreld in nood die Blye Boodskap van versoening en ware vrede te verkondig. Die Here het die mens deel gemaak van 'n gemeenskap en daarom is die gelowige God se geskenk aan die wêreld. Gelowiges moet toegerus word om missionêr te dink en te leef. Elke gelowige moet tot die besef gebring word dat hy, deur afhanklik en in opregte liefde tot God te leef, deur sy lewe en gebede God self aan 'n stukkende wêreld verkondig en sigbaar maak. Betrokkenheid by kleingroepe kan gelowiges se fokus rig op sy medemens in nood en hulle oë open vir diens in 'n gebroke wêreld. In die uitleef van die groot liefdesgebod (Mat 22:37-39), word die gelowige se lewensliturgie teenoor sy medemens sigbaar.

Die jeug moet veral aangespoor word om betrokke raak by Koningskinders-projekte of ander gemeenskapsgebaseerde instansies waardeur minder bevoorregte jeugdiges bereik word. Hoërskool Seniors kan byvoorbeeld as kategete optree in Kinderhuis-gemeentes of selfs in die platteland by die evangelisasie/sending van die plaaslike bevolking se jeug.

11.4.5.2.3.4 Lewensliturgie in die werkplek

Die werkplek is die lewensterrein waarin die gelowige die meeste van sy tyd spandeer. Dit is dus te verstane dat die werkplek die lewensterrein is waarin die gelowige die heel grootste invloed kan uitoefen op die mense rondom hom, veral ook omdat mense gewoonlik in werksomstandighede baie nou met mekaar saamwerk. In Suid-Afrikaanse konteks waarin Artikel 9 van die Handves van Regte alle godsdienste gelyk ag, word die evangelisasie opdrag van die Christen aan bande gelê. Dit is derhalwe, gegewe hierdie werklikheid, uiters belangrik dat gelowiges toegerus moet word om hulle roeping in hulle werksplek so uit te leef dat hulle optrede nie met die bepalings van die Handves van Regte bots nie. Groot klem moet op die lewensstyl van Christene geplaas word sodat, as ander sien hoe godsvresend hulle is en hoe voorbeeldig hulle optree, mense vir Christus gewen kan word deur hulle gedrag. "Dit sal nie eers vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie" (1 Pt 3:1). Liturgiese handelinge in die werkplek kan baie kragtig sonder woorde uitgeleef word. Die voorbeeld wat gestel word deur Bybel lees en stil gebed voor die formele aanvang van die werkstyd, gebed voor ete, die manier waarop konflik en frustrasies hanteer word, getrouheid en deeglikheid in die werksituasie en die wyse waarop daar met ander mense omgegaan word is enkele voorbeelde van hoe die Christen in die werkplek liturgie sonder woorde kan beoefen waardeur God verheerlik word. Die ingesteldheid op 'n Godverheerlikende werksetiek is hier die uitgangspunt.

Sigbare simbole wat die Christen aan die eenkant kan herinner aan sy lewensliturgie en ook as stille getuienis kan dien moet nie misken word nie.

Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die uitbou van die gebruik van bestaande armbandjies wat veral onder die jeug gewild geword het met die akroniem "WWJD" – "What would Jesus do".

Gelowiges kan ook aangespoor en uitgedaag word om teksverse te memoriseer. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees kan die "regte" teksvers in die geheue van die gelowige opgeroep word in die situasie wat daarom roep. 'n Voorbeeld hiervan is Fillipense 4:8 wat in die gedagtes van 'n skolier kan opkom wanneer hy van voorneme is om by die skool saam met 'n maat na selfoon-pornografie te kyk – "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees, daarop moet julle julle gedagtes rig".

'n SMS- ondersteuningsgroep kan ook onder lidmate in die lewe geroep word waar afgetrede lidmate elke oggend op 'n spesifieke tyd 'n "teksvers vir die dag" aan werkende lidmate stuur.

11.4.5.2.3.5 Lewensliturgie en die owerheid

Alle mense staan onder die gesag van een of ander vorm van 'n owerheid en word derhalwe deur regerings wetgewing geraak. In Suid-Afrika het die '94- transformasie 'n nuwe nie rassige staatsbedeling ingelei wat gebaseer is op 'n Handves van Regte. Soos reeds gemeld in 11.4.5.2.3.4 het die bepaling van Artikel 9 van die Handves van Regte 'n negatiewe invloed op die Christelike godsdiens in die sin van dat dit alle godsdienste gelyk ag. Ten spyte daarvan bly dit die roeping van elke landsburger om hom aan die gesag van die owerheid te onderwerp, want "Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God" (Rm 13:1b). Gelowiges moet deurentyd hieraan herinner word, veral in Suid-Afrikaanse konteks waarin nie alle landsburgers dieselfde politieke oortuigings en sentimente deel nie. Om binne die staatsbestel steeds positief teenoor die owerheid te bly, is dit

nodig om die posisie van die huidige bedeling binne God se ewige raadsplan te sien (NGB Art. 13). Op die direkte vlak van die liturgie moet gelowiges voortdurend op hulle roeping van voorbidding vir die owerheid gewys word. In eredienste is dit nodig dat die liturg die gemeente in voorbeeld moet lei deur opreg vir die owerheid te bid. Gebede moet in besonder daarop gerig wees dat die regering volgens die eise van God se Woord sal handel en sal breek met wetgewing soos aborsie, dobbel, biseksuele huwelike ensovoorts wat in stryd is met die wil van God. Voorts moet daar in besonder ook voorbidding gedoen word dat die regering hindernisse soos geweld, korrupsie, dienslewering, die voorkoming van MIV/Vigs ensovoorts met wysheid en erns sal hanteer sodat die Woord ten spyte van die Handves van Regte, steeds verder sal verprei en ongelowiges tot geloof sal kom. Vanaf die erediens gebede moet elke gelowige opgeroep word tot permanente voorbidding vir die owerheid. Op hierdie wyse kan die liturgie van die erediens weerklank vind in die liturgie van die lewe.

11.4.5.2.3.6 Lewensliturgie en die ekonomie

In 7.5.1.2 is aangetoon dat Suid-Afrika stelselmatig besig is om te verarm en dat veral werkloosheid besig is om toe te neem. Dit het 'n kringloop effek op alle landsburgers. Die kerk het in hierdie milieu 'n belangrike rol te speel in armversorging, nie net na binne gerig nie, maar ook aan die arm gemeenskap buite die strukture van die kerk. Gelowiges moet in hierdie opsig aangemoedig word tot milde bydrae aan die diakonie wat armversorging in die kerk moet koördineer. Ter selfde tyd is dit ook nodig om gelowiges op hul rentmeesterskap attent te maak sodat hulle ook deur hulle sober leefstyl in die samelewing vir die wêreld tot voorbeeld kan wees van hoe om vertrouend op die Here alleen te leef. As gevolg van die invloed van postmodernisme het 'n internasionale kits kultuur ontwikkel wat gerig is op die onmiddelike bevrediging van die mens se behoeftes, selfs al is dit ten koste van ander. Dit het oordrewe gierigheid tot gevolg en dit is derhalwe nodig dat gelowiges voortdurend gewaarsku word om nie self ook

in gierigheid te val nie. In die Suid-Afrikaanse samelewing waar korrupsie en bedrog hoogty vier, is dit noodsaaklik dat gelowiges ook opgeskerp moet word tot eerlik harde werk en 'n suiwer werksetiek.

Hier kan veral op die jeug en jonger werkende lidmate gefokus word en seminare gereël word waar finansiële kundiges toerusting kan verskaf.

11.4.5.2.3.7 Lewensliturgie en die ekologie

"Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon" (Ps 24:1 – 1953 Vert.). In hierdie woorde word die eenheid van die skepping verklaar waarin die mens onlosmaaklik deel vorm van die ekologie. Die mens vorm egter nie slegs deel daarvan nie, maar is deur God aangestel as heerser daaroor (Gen 1:28). Die postmoderne mens dink antroposentries oor die natuur en ag homself dus as bewaker of beskermheer van die aarde, nie vanweë die Goddelike opdrag in hierdie verband nie, maar vanweë die nut en belang wat die aarde en haar natuurlike hulpbronne vir die mens inhou. In antwoord op die postmoderne mens met sy antroposentriese uitkyk op die ekologie, is dit nodig dat die gelowige se rentmeesterskap oor die natuur benadruk moet word. Die mens is as heerser oor die natuur aangestel, nie vanweë eie nut en voordeel nie, maar omdat God hom as kroon van sy skepping die Goddelik opdrag gegee het om die aarde te bewaar.

In talle gemeentes word gemeente- en jeugkampe gereël. Hierdie gebruik moet uitgebou word aangesien kampe die mens uit sy dolle gejaagde lewensomstandighede in die rustigheid van die natuur plaas. Die waarde van sulke kampe is enersyds dat gelowiges opnuut bewus gemaak word van die grootsheid van God se skepping en hul eie opdrag om dit te bewaar en andersyds is dit 'n geleentheid waarin daar deur stiltetyd in die natuur, die liturgiese hoofmomente van ontmoeting, verootmoediging en versoenig, omgang met die Woord en die mens se antwoord op 'n ander vlak beleef word ter geloofsversterking.

Liturgiese verdieping en belewing kan ook versterk word deur by wyse van uitsondering Christelike feesdae in die natuur as liturgiese ruimte te vier, in plaas van in 'n kerkgebou. Dit sou byvoorbeeld sinvol wees om die geestelike donker van Paasvrydag in die donker van die aand in die buitelig te vier en die geestelike oorwinning van die Lig oor die duisternis op Opstandingsondag met dagbreek in die oopte van die natuur waartydens nagmaal ook bedien kan word om hierdie oorwinning te vier. Die viering van hemelvaart op 'n koppie of ander hoogtetjie waar moontlik, sou ook liturgies verdiepend op die gelowige kon inwerk. Kersfeesviering in die aand in die oop veld kan bydrae tot die dieper besef van die herders en die sterrekykers se ervaring van die wondergebeure rondom kersfees.

11.4.5.2.4 Die gelowige se lewensliturgie in sy verhouding tot die kerk

In die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing is daar veral twee faktore wat op die kerk inspeel en wat 'n beduidende invloed op die gelowige se liturgie het. Die grootste struikelblok waarmee die kerk in die postmoderne samelewing gekonfronteer word is die mens se hartgrondige wantroue in dogmas en sisteme wat kulmineer in die verwerping van gesag en outoriteit. Hierdie wantroue word versterk deur die herinneringe aan die pre-'94 apartheidsera waarin die kerk die sondebok verklaar is vir rassisme. Aan die gelowige stel hierdie wantroue van die samelewing in die kerk 'n groot uitdaging. Die gelowige se antwoord op die samelewing se wantroue in die kerk, is opregte vertroue in en liefde vir God. Deur die uitleef van die groot liefdesgebod kan die gelowige meedoen aan die gesindheidverandering van die skeptiese samelewing. Hoe meer dit sigbaar uitgeleef word dat die kerk ter wille van die wêreld bestaan en dat die kerk die liefde van God vir die wêreld sigbaar maak, hoe meer sal die samelewing besef dat die kerk eg is in liefdesdiens. Dit is derhalwe noodsaaklik dat gelowiges so begelei en toegerus word, dat hulle lewenswandel in ooreenstemming is met die roeping wat hulle van God ontvang het (Ef 4:1b).

Die tweede faktor wat die gelowige se liturgie in die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed is 'n gees van godsdiens verdraagsaamheid wat spruit uit die toepassing van Artikel 9 van die Handves van regte en 'n algemene gees van relativisme. Kritiek teen ander denominasies en gelowe word moeilik aanvaar en die oortuiging neem toe dat elkeen op sy eie standpunt geregtig is en dat daar waarheidsmomente in alle gelowe is. Hierdie gees van verdraagsaamheid manifesteer in die eerste plek in die individualistiese soeke na spiritualiteit in plaas van die soeke na die gemeenskap van heiliges wat liturgie tot eer van God beoefen en in die tweede plek in die inhibering van die missionêre roeping van die kerk. Behalwe dat gelowiges opnuut tot die besef gebring moet word van die kerk se missionêre roeping in die wêreld, moet hulle ook daadwerklik toegerus word om gestuurdes in die wêreld te wees. Evangelisasie kursusse moet as toerustingsgeleenthede vir gelowiges geïmplementeer word om gestruktureerd doelgerig evangelisasie te doen maar om ook informeel in die daaglikse omgang met die medemens die beste van elke geleentheid te maak (Ef 5:16).

11.4.5.3 Die effek van die verstelling op die samelewing

In die bespreking van die riglyne vir verstellings is daar al reeds aandag geskenk aan die effek van die postmodernisme en die post-'94 transformasieproses op die samelewing waarin liturgie beoefen moet word. Daar sal gevolglik in hierdie afdeling slegs samevattend gelet word op wat die verwagte effek van die verstellings op die samelewing behoort te wees.

In 'n postmoderne gesekulariseerde samelewing waarin waarheid relatief verklaar is en 'n pluraliteit van waardes en sisteme gehuldig word, is die antwoord van die gelowige dat waarheid nie vasgevang is in dogma nie maar in die uitleef daarvan volgens die eis van God se Woord. Deur bewus te word van die voorbeeld wat gelowiges in hulle daaglikse handel en wandel stel, sal die kritiese postmodernis tot die besef kom dat liturgie nie 'n teologiese akademiese begrip is nie, maar dat dit die dien van die

lewende God is in alle lewensterreine van die erediens en die lewe.


Die Suid-Afrikaanse samelewing word grootliks gekenmerk deur swartgalligheid en in sekere kringe hoop-loosheid. Hoop aan 'n hoop-lose samelewing word slegs gebring deur gelowiges wie se hoop op God so deel van hulle lewe is, dat dit hulle eie alledaagse lewe verander en aan hoop-loses hoop gevestig in God alleen. 'n Christelike lewe waarin God met toewyding gedien word en alle eer ontvang, is die stille oortuigingskrag vir die hoop-lose om ook sy vertroue in die Here God alleen te stel.

Uit die empiriese navorsing is 'n leemte geïdentifiseer in die vermoë om die liturgie van die erediens in alle ander lewensterreine te laat konkretiseer. Die doelbewuste bewusmaking van die konkretisering van die liturgie van die erediens in alle lewensterreine wat daaruit voortvloei, kan daartoe meewerk dat liturgie nie meer kompartementeel in die twee geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen sal word nie.

11.4.5.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Die liturgie van die erediens moet voortgesit word in die res van die lewe met al sy fasette. Die liturgiese hoofmomente wat vanuit die erediens oorvloei in die lewe is ontmoeting, verootmoediging en versoening, Woorddiens en antwoorddiens. In die lewe staan die gelowige in besonder in 'n persoonlike verhouding tot God, tot die maatskappy en die kerk. Hierdie verhoudings kring uit tot alle fasette van die lewe en in al daardie fasette moet liturgie beoefen word. In die skematiese voorstelling van die vyfde fase van die ontwikkeling van 'n praktykteorie word die lewe voorgestel as die agterwiel van 'n fiets. Soos dit reeds in die voorstelling van die vierde fase aangedui is, word die erediens (traprat) en die lewe (agterwiel) deur die liturgie (ketting) aan mekaar gebind. In die lewe (agterwiel) word die drie geïdentifiseerde lewensterreine van die mens in sy persoonlike verhouding tot God, tot die maatskappy en tot die kerk, deur die drie ratte voorgestel wat om die as (God) gesetel is. Skematies kan die

vyfde fase van die ontwerp van 'n praktykteoretiese model as volg voorgestel word:


EREDIENS
Ontmoeting
Verootmoediging-verzoening
Medemens
Mens in verhouding tot...
GOD
Antwoord
Woord
Ontmoetingsgeen
Wegstuurgeen
LITURGIE
LEWE
Byeenkomste
Huwelik
Gesin
Vriende
Kerk
Maatskappy
Persoonlik
Huishulp
Besigheid
Mens in verhouding tot...
GOD
Werk
Bure
Universiteit
Politiek
Sport
Biologie
Ekonomie
Sterfbed
Ontspanning

Die laaste fase van die ontwerp van 'n praktykteoretiese model kulmineer in die liturgie van die ewigheid. Daar is reeds aangetoon dat liturgie in sy wese bedoel is as diens aan God in alle fasette van die lewe sonder die skeiding van erediens en lewe as twee afsonderlike sfere (BW1). As gevolg van die werklikheid van die sondeval het erediens en lewe van mekaar geskei en staan dit in hierdie aardse bedeling as twee parallelle sfere langs mekaar en word liturgie ook kompartementeel in hierdie twee geskeide sfere beoefen. In die hemel gaan hierdie twee sfere weer verenig en gaan diens aan God opgaan in die liturgie van die ewigheid. Vervolgens word verstellings aan die praktyk voorgestel wat verband hou met liturgie in eskatologiese perspektief.

11.4.6 Verstellings aan die praktyk wat verband hou met liturgie in eskatologiese perspektief (BW6)

11.4.6.1 Identifisering van die kern van die verstelling

Die sesde praktykteoretiese beginsel wat in hoofstuk tien gestel is, handel met liturgie in eskatologiese perspektief (10.4.6.3). Die beginsel, saam met die voorgestelde verstellings wat daarmee verband hou, word as volg geformuleer:

Praktykteoretiese beginsel	Samevattende verstelling
Gedagtig aan die postmoderne mens se pragmatiese beskouing en oorbeklemtoning van die hede, tesame met die relativering van waardes en norme wat daartoe aanleiding gee dat liturgie in hierdie bedeling kompartementeel in twee geskeide sfere beoefen word moet dit by die Christen-gelowige ingeskerp word dat die liturgie van die erediens en die lewe, in die toekomstige bedeling na die wederkoms in die hemel as een nuut geheiligde kontinue liturgie van die ewigheid beoefen gaan word (10.4.6.3).	Die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word nie in eskatologiese perspektief beskou nie. Die feit dat hemelse liturgie nie as finale **bestemming** vir die liturgie op aarde beskou en begryp word nie, benodig verstelling (10.4.6.2).

Die verstelling wat hier benodig word, is reeds in 10.4.6.3 geïdentifiseer. Dit is nodig om dit by die Christen-gelowige in te skerp dat liturgie wat in hierdie aardse bedeling kompartementeel in die geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word, in die hemel as een geheiligde kontinue liturgie van die ewigheid beoefen sal word.

11.4.6.2 Riglyne vir verstelling

Die feit dat die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie in eskatologiese perspektief beskou nie word, benodig verstelling.

Liturgie moet deurentyd in eskatologiese perspektief verstaan en beoefen word. Dit bind die liturgie van gebrokenheid op aarde aan die geheiligde liturgie van die ewigheid. Die liturgie van die ewigheid plaas die mens se

lewe op aarde in besondere perspektief. 'n Mens kan die mees suksesvolste mens denkbaar wees, as sy lewe nie gekoppel is aan die erediens nie, dan is dit waardeloos want dan is dit nie gekoppel aan die ewige God nie. Al die golfslae van die postmodernisme en veranderinge en ideale van die post-94 transformasie in die politieke en maatskaplike lewe, bly vasgevang in die tydelike werklikheid as dit nie deur die erediens deurloop na die ewigheid. Postmodernisme en transformasie los van die erediens is transformasie na die tydelike. Die liturgie van die erediens wat oorvloei in lewensliturgie is transformasie na die ewigheid.

Die lewenslyn na die ewigheid is dus deur die liturgie van die erediens wat eggo in die liturgie van die lewe. Die liturgie van die erediens bring die diepte dimensie van ewigheid in die mens se lewe. Gevolglik behoort eskatologie in die prediking baie meer klem te ontvang, met besondere klem op die boek Openbaring se liturgiese liedere en wat dit vir die gelowige op aarde beteken. Omdat die inhoud van die boek Openbaring apokalipties van aard is en gevolglik moeilik verstaanbaar is, is dit aangewese om die verband tussen gebroke aardse liturgie en liturgie in eskatologiese perspektief deur reeksprediking te hanteer. Daardeur kan die gelowige stelselmatig ingelei word in die dieper betekenis van die liturgie van die ewigheid.

11.4.6.3 Die effek van die verstelling op die samelewing

Postmoderniste dink uit die aard van hulle antroposentriese beskouing nie aan die lewe in eskatologiese perspektief nie. Die hede is die enigste werklikheid en spirituele belewing die hoogste doel. Dit is in die lig hiervan verstaanbaar dat wanneer gelowiges deur voorbeeld soos mense leef wat die vaste sekerheid op die ewige lewe het, hulle deur die vrede wat hulle uitstraal, ongelowiges gaan raak. Buiten die voorbeeld in leefstyl, kan die doelbewuste bewusmaking van aardse liturgie wat in die toekomstige bedeling oorgaan in die liturgie van die ewigheid, aan die postmodernis 'n besef laat ontwaak dat liturgie die band is wat die hede aan die toekoms

bind.

Die algemene gees in Suid-Afrika is, soos reeds gemeld, in talle kringe dié van pessimisme en hoop-loosheid. Deur liturgie in eskatologiese perspektief te stel met besondere beklemtoning van gebroke aardse liturgie wat oorgaan in nuwe geheiligde liturgie in ewigheid, word die boodskap van hoop in 'n hoop-lose samelewing ingedra en word die gelowige aangespoor tot nuwe toewyding in sy liturgie.

Die leemte wat uit die empiriese navorsing geïdentifiseer is, dui daarop dat deelnemers nie 'n duidelike verband tussen aardse en hemelse liturgie kon insien nie. Die bewusmaking en verduideliking van liturgie in eskatologiese perspektief sal gelowiges die verband tussen aardse en hemelse liturgie laat insien en hulle ook laat uitsien na geheiligde liturgie in ewigheid en verdieping bring in die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.


11.4.6.4 Ontwikkeling van 'n praktykteoretiese model

Waar liturgie tans nog in gebrokenheid in twee geskeide sfere beoefen word, gaan daar in die hemel geen skeiding tussen erediens en lewe wees nie, want die hele lewe gaan een geheiligde liturgie van ewigheid in diens aan God wees. In die skematiese voorstelling sou daar dus in werklikheid geen sirkel moes wees nie aangesien die liturgie van die ewigheid geen grense het nie. Ter wille van geheelbeeld van die praktykteoretiese model word die liturgie van die ewigheid wel as sirkel voorgestel. Skematies sou die liturgie van die ewigheid as volg voorgestel kon word:



11.5 FINALE PRAKTYKTEORETIESE MODEL

In die sondige aardse bedeling waarin die gelowige liturgie moet beoefen, staan die erediens en die lewe teenoor mekaar as twee geskeide sfere. Die band wat hierdie twee sfere aan mekaar bind is liturgie. Die liturgie van gebrokenheid op aarde roep egter na die liturgie van die ewigheid waarin erediens en lewe 'n ewige onskeibare eenheid gaan vorm waarin die gelowige God sondeloos van aangesig tot aangesig in ewigheid gaan dien en verheerlik. Skematies kan die finale praktykteoretiese model as volg voorgestel word:


EREDIENS
LITURGIE
LEWE
LITURGIE VAN DIE EWIGHEID
GOD/NUWE MENS

Hier stel die volledige model die werklikheid van die hede ook in eskatologiese perspektief. Die twee geskeide komponente van die erediens en die lewe wat in die gebroke werklikheid van ons bestaan slegs deur die ketting van die liturgie tot 'n eenheid saamgesnoer word, sal in die ewigheid in volkome harmonie as 'n geheiligde eenheid bestaan.

HOOFSTUK 12
SAMEVATTING, FINALE GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

12.1 INLEIDING

12.1.1 Oriëntering

In die oriëntering tot hierdie studie is daarop gewys dat daar in die begrip λειτουργια 'n verbreding plaasgevind het. Waar die begrip soms verkeerdelik beperk is tot die volgorde van liturgiese handelinge onder die erediens het die literatuurstudie aangetoon dat daar deur die eeue heen reeds 'n aanvoeling daarvan was dat die liturgie van die erediens inspeel as 'n liturgie van die lewe van gelowiges en dat liturgie derhalwe in twee onderskeie sfere beoefen word wat op sowel die liturgie van die erediens as die liturgie van die lewe dui (1.1.1.3). Die gebrek aan diepgaande wetenskaplike navorsing rakende die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens het hierdie studie geïnspireer.

12.1 2 Navorsingsvraag en doelstellings

Die sentrale navorsingsvraag wat die kern en basis van hierdie studie gevorm het, is as volg geformuleer (1.1.2):

> Wat is die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

Hierdie navorsingsvraag het die primêre doelstelling van die studie, naamlik om na te vors wat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe is, onderlê (1.2.1).

Ten einde hierdie primêre doelwit te bereik, is die volgende ses sekondêre

doelwitte vir die navorsing gestel (1.2.2):

"1) Om basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe neer te lê;

2) Om basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die erediens te formuleer;

3) Om basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe te formuleer;

4) Om basisteoretiese beginsels vir die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te bepaal;

5) Om metateoretiese perspektiewe neer te lê wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe;

6) Om praktykteoretiese perspektiewe vas te stel vanuit die wisselwerking tussen die basis- en metateorie ten einde 'n praktykteoretiese model te ontwerp vir die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe wat voortvloei uit en tot die liturgie van die erediens."

12.1.3 Sentraal-teoretiese argument

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is dat daar 'n dinamiese wisselwerking bestaan tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe (1.3). In die finale gevolgtrekking (12.3) sal hierdie argument weer in oënskou geneem word om die geldigheid daarvan te bepaal.

12.1.4 Metode

In hierdie studie is aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Gelei deur hierdie model is basisteorieë uit die teologiese tradisie (Hfst. 6) en metateorieë uit onder andere die grenswetenskappe (Hfst. 9) gevorm en aangedui.

Metateoretiese perspektiewe is vervolgens in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gestel ten einde 'n meer bevredigende praktykteorie te ontwikkel (Hfst. 10). In die proses van hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe, is leemtes geïdentifiseer wat in die praktyk reggestel moet word ten einde beter met die nuut gestelde praktykteorie te korreleer (Hfst. 10). Hierna is verstellings wat aan die praktyk aangebring moes word, geïdentifiseer (Hfst. 10) en gefokus op die vorming van 'n praktykteoretiese model wat as riglyn kan dien om 'n onbevredigende praktyk te verander sodat dit nader aan die basisteorie kan beweeg (Hfst. 11).

Vir die ontwerp van 'n basisteorie is hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan volgens die grammaties-historiese metode en vir woordontleding is veral aangesluit by die analise van semantiese domeine volgens Louw en Nida (1988) (1.4; 2.3; 3.3; 4.3; 5.3). Hierna is verbandhoudende lyne uit die voorafgaande hoofstukke geïdentifiseer en raakpunte tot basisteoretiese beginsels wat die aard van die wisselwerking van die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens omvorm (6.3).

Op metateoretiese gebied is in die eerste instansie eklekties te werk gegaan en gevolglik is toepaslike materiaal veral op metateoretiese vlak deur analise en interpretasie gekeur en rangskik om in die kader van die navorsing in te pas (1.3; 7.3). Vervolgens is 'n empiriese studie gedoen om 'n blik te kry op lidmate se belewing van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe in die praktyk (1.3; 8). In hierdie empiriese studie is 'n kwalitatiewe metode gevolg waar induktief te werk gegaan is (8.4). Halfgestruktureerde onderhoude is met 'n vooraf verkose groep individue gevoer waar met 'n raamwerk van vrae gewerk is (8.5.3). Die samestelling van die onderhoudsvraelyste is gegrond op die konsep van intradissiplinariteit, waar basisteoretiese beginsels en konsepte vanuit die metateorie saam georden en gerangskik is tot een vraelys (8.5.4). Die raamwerk van vrae is verduidelik en dieper ingevra totdat die presiese bedoeling van die deelnemer bepaal is.

Basisteoretiese beginsels en metateoretiese perspektiewe is ten slotte in hermeneutiese wisselwerking met mekaar gebring, gerig op die ontwerp van praktykteoretiese perspektiewe (Hfst. 10). 'n Praktykteoretiese model is ten slotte ontwikkel wat ten doel het om die metateoretiese werklikhede *te verstel om dit sover moontlik met basisteoretiese ideale te sinkroniseer* (Hfst. 11).

12.2 SEKONDÊRE DOELSTELLINGS AS BASIS VIR DIE BEREIKING VAN DIE PRIMÊRE DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

2.2.1 Basisteoretiese vertrekpunte vir die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe (Hfst. 2)

In hoofstuk twee van hierdie studie is aangetoon dat beide die liturgie van die erediens as die liturgie van die lewe in die verbond- en koninkryksperspektiewe as openbaringslyne in die Skrif gegrond en veranker is (2.4.1.1; 2.4.2.1). God verbind Homself vrymagtig aan die mens en regeer tegelyk in liefde oor hom (2.4.3). Hieruit spruit die verantwoordelikheid van die mens voort om God in alle sfere van die lewe te dien. In samehang hiermee dui die semantiese gebruik van die begrip λειτουργια in beide die Ou en Nuwe Testament aan dat die begrip gebruik is op 'n wyse wat daarop dui dat hoewel daar swaar klem gelê is op liturgie as kultiese diens, duidelike aanduidings gevind word van 'n liturgie wat uitkring tot die lewe. Hierdie verruiming is veral in die Nuwe Testament sigbaar (2.5.1.1; 2.5.2.1). Die navorser kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat liturgie in die breë as religieuse aktiwiteit die dien van God in beide kerklik kultiese konteks en die konteks van die alledaagse lewe beteken, en dat hierdie twee sfere nie geïsoleerd van mekaar beskou moet word nie (2.5.3).

Ten einde die aard van die dieperliggende wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe te bepaal, het die navorser dit nodig geag om 'n dieptesnit van beide komponente te maak. Derhalwe het

die fokus van hoofstukke drie, vier en vyf onderskeidelik op die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe geval. Basisteoretiese perspektiewe op beide komponente is uit die literatuur geëkstraheer en kom in afdelings 12.2.2 en 12.2.3 te berde.

Met die formuleer van hierdie vertrekpunte is die eerste sekondêre doelwit van die studie bereik.

12.2.2 Basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die erediens (Hfst. 3, 4)

'n Geskiedkundige oorsig oor die ontwikkeling van die liturgie van die erediens dui op die bestaan van sekere hoofmomente binne die eredienstiturgie (3.4.3). Hierdie hoofmomente werk nie net orde in die erediens in die hand nie, maar verleen inhoud aan die liturgie van die samekoms. Hierdie "verordelikende" karakter van die liturgie moet egter nie as 'n verpligte formaliteit beskou word nie, maar ruimte moet gelaat word vir soepelheid in die liturgiese volgorde binne die erediens (3.4.2.6). Die hoofmomente wat op hulle beurt weer in 'n aantal liturgiese handelinge onderskei kan word, bestaan uit die Ontmoetingsdiens (Introïtus), die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens. Die Ontmoetingsdiens staan sentraal binne hierdie hoofmomente en alle liturgiese handelinge spruit uit die ontmoetingsgebeure voort en beklemtoon die dialogiese karakter van die erediens wat in al die hoofmomente teenwoordig is. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die liturgie van die erediens omskryf word as die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik (3.4.3).

In hoofstuk vier het die klem geval op die liturgiese handelinge wat onder die erediens onderskei kan word. Die dialogiese karakter van die erediens

staan duidelik uit. Daar is tot etlike basisteoretiese gevolgtrekkings in hierdie hoofstuk gekom (4.7). Die navorsing bevestig en beklemtoon dat die erediens reeds begin by God wat die gelowige gedurende die week deur sy Woord en Gees roep en voorberei om Hom Sondag in sy huis te ontmoet. In gehoorsaamheid hieraan moet die mens voorbereid na die erediens gaan (4.5.1.1; 4.7). Die mens antwoord dan ook op God se oproep met die votum wat enersyds 'n belydenis is van afhanklikheid teenoor die Here en andersyds 'n triomfantlike verklaring teenoor die wêreld is dat die gelowige se hulp alleen in die Naam van die Here is (4.5.1.2; 4.7). Die ontmoetingsseën is God se antwoord op die mens se votum en dit bestaan uit toesegging van genade, liefde en vrede waardeur die gemeente bemagtig word om Hom in die erediens te kan ontmoet (4.5.1.3; 4.7). Die gelowige gee weer uiting aan sy verwondering, verootmoediging, versoening en verbintenis wat uit hierdie ontmoeting spruit deur sang onder die erediens (4.5.1.4; 4.7). Die geloofsbelydenis, as antwoord op die Goddelike ontmoeting is gerig op God, op medegelowiges en op die wêreld (4.5.1.5; 4.7). Verootmoediging en versoening vorm as liturgiese handelinge 'n eenheid en dwing die gelowige tot skuldbelydenis en dankbaarheid vir verlossing in Jesus Christus (4.5.2; 4.7). Die dekaloog is gegrond in God se heilsindikatief van verlossing in Christus en staan as imperatief sentraal vir die uitleef van 'n dankbaarheidslewe (4.5.2.1; 4.7). Die belofte en versekering van vryspraak vul die gelowige met verwondering (4.5.2.2; 4.7). Gebed en Woordbedienig word as liturgiese elemente onlosmaaklik aan mekaar verbind: God praat deur die Woord en die mens antwoord gelowig op God se spreke deur gebed (4.5.3; 4.7) Skriflesing vorm die primaat van die erediens en bewerk 'n drieërlei ontmoeting, naamlik tussen God en die mens, die mens en God en die mens met sy medemens (4.5.3.2; 4.7). Hieruit vloei die prediking, wat na wese bedoel is om 'n kommunikatiewe handeling te wees, voort (4.5.3.3; 4.7). Die gee van liefdesgawes is 'n offer van dankbaarheid wat voortspruit uit die groot offer van Christus wat in elke erediens sentraal staan (4.5.4.1; 4.7). Daarna volg die seën aan die einde van die erediens. Hierdie is egter nie 'n slotseën nie, maar 'n wegstuurseën waardeur die gemeente

deur God drie-enig bekragtig word om die liturgie van die erediens in die daaglikse lewe voort te sit (4.5.4.2; 4.7). Deur te antwoord met "Amen" na die wegstuurseën, eien elke geseënde gelowige daardeur homself die bekragtiging van God toe en aanvaar hy daardeur ook die verantwoordelikheid om die liturgie van die erediens in die lewe te gaan voortsit (4.5.4.3; 4.7).

Met die formuleer van die basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die erediens is die tweede sekondêre doelwit van die studie bereik.

12.2.3 Basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die lewe (Hfst. 5)

Vanuit bepaalde perikope uit Handelinge toon die navorser aan dat die liturgie van die lewe op die dinamiese handelinge dui waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in die praktyk van hul daaglikse lewe (5.4.2.4; 5.7). Die navorser toon aan dat die boek Handelinge duidelik aandui dat liturgie binne die kragveld van die uitstorting van die Heilige Gees beskou moet word (5.4.2.1; 5.4.2.4). Die organiese vermenging van die erediensliturgie en lewensliturgie word ook in die gekose perikope beklemtoon (5.4.2.1; 5.4.2.2; 5.4.2.3; 5.4.2.4) en die navorser kom tot die samevattende gevolgtrekking dat die liturgie van die lewe van die eerste Christene in die Jerusalemgemeente beskryf word as die sigbare vernuwende optrede van nuwe mense in Christus wat God in alle omstandighede en te alle tye gedien het en voortspruitend daaruit ook mekaar in liefde gedien en ondersteun het (5.4.2.4).

Vanuit die bergpredikasie soos dit opgeteken is in Matteus 5-7 word die lewensterreine waarin liturgie in die daaglikse lewe beoefen moet word geïdentifiseer (5.5; 5.7) en word riglyne uit die Woord gestel waarvolgens in elk van die lewensterreine opgetree behoort te word. Die eerste lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word, is dié van die mens in sy persoonlike verhouding met God (5.5.1.3; 5.7). Deur die seënuitsprake

vorm die verbondsindikatief die imperatief vir 'n lewe in volmaaktheid voor God (5.5.1.3.1). Getroue Woordomgang (5.5.1.3.2), gebedsomgang (5.5.1.3.3) en vas (5.5.1.3.4) word uitgesonder as geloofsversterkende liturgiese handelinge waarin Christus die mens tot voorbeeld was.

Die tweede lewensterrein waarbinne die mens liturgie moet beoefen, is in sy verhouding tot die maatskappy (5.5.1.4; 5.7). Hier word veral gefokus op die mens in die huweliksverhouding (5.5.1.4.1), die mens in sy verhouding tot sy medemens (5.5.1.4.2), die mens in sy verhouding tot die owerheid (5.5.1.4.3), die mens se verhouding tot die ekonomie (5.5.1.4.4) en die mens se verhouding tot die ekologie (5.5.1.4.5). Lewensriglyne word verskaf wat die Christen se verantwoordelikhede in elk van hierdie lewenssfere verhelder (5.5.1.4.6). Samevattend kan gestel word dat die liturgiese lyne wat uit die mens se verhouding tot die maatskappy getrek kan word, is dat God gedien moet word deur mense wat in elke samelewingsverband nougeset volgens die eise van sy Woord lewe.

Die derde lewensterrein waarbinne liturgie beoefen moet word is die mens in sy verhouding tot die kerk (5.5.1.5; 5.7). Besondere lig word deur die bergpredikasie op hierdie verhouding gewerp (5.5.1.5.1; 5.5.1.6). Van belang is die feit dat die navorsing onomwonde aantoon dat die praktyk van erediens gegrond is op die feit dat Christus die inisiatief neem om mense tot Hom te roep met die oog op lering (5.5.1.5.1.1; 5.5.1.5.2). Terselfdertyd word die missionêre opdrag aan die kerk bevestig (5.5.1.5.1.2; 5.5.1.5.2).

Die navorser kom tot die samevattende gevolgtrekking dat die liturgie van die lewe vanuit die bergpredikasie beskryf word as 'n dinamiese ontmoetingsgebeure wat vanuit die samekoms oorvloei na die daaglikse lewe en wat in besonder gerig is op menslike handelinge wat verrig word wanneer God, nie net in die gemeentelike samekoms nie, maar ook deur elke Christen persoonlik, in sy huis, die maatskappy en ook weer kerklik, ontmoet word (5.5.1.6).

In die finale instansie is liturgie in eskatologiese perspektief geplaas (5.6). Vanuit Openbaring word 'n dimensie van sondelose hemelse liturgie aan die "in-sonde-gevalle-mens" op aarde openbaar waarin die belofte uitgespreek word dat, selfs al is die *mens* se beoefening van liturgie tans nog in gebrokenheid,dit nogtans in die lewe van die toekomstige bedeling, volkome nuut en heilig sal wees (5.7).

Met die formuleer van basisteoretiese perspektiewe op die liturgie van die lewe is die derde sekondêre doelwit van die studie bereik.

12.2.4 Basisteoretiese beginsels vir die bepaling van die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (Hfst. 6)

In hoofstuk ses is die basisteoretiese vertrekpunte en perspektiewe wat voortgevloei het uit die navorsing gedoen in hoofstukke twee tot vyf gekonsolideer tot basisteoretiese beginsels wat die grondslag van hierdie studie vorm en verder in die studie in die spanningsveld met metateoretiese beginsels geplaas is (Hfst. 10). Ses basisteoretiese beginsels wat onderskeidelik verband hou met die begronding, aard, inhoud, kragbron, lewensterreine en bestemming van die liturgie is gevorm (6.5). Hierdie beginsels word vervolgens weergegee:

BEGRONDING [BW1]

- Die liturgie van die erediens wat oorvloei in die liturgie van die lewe, is in die integrering van die verbond en die koninkryk as kernmotiewe in die Skrif begrond en moet as eenheid beskou word wat hoogstens onderskeibaar is: dit gaan van God uit en is op sy eer gerig (6.5.1).

AARD [BW2]

- Die aard van die liturgie van die erediens sentreer rondom die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy

verbondsvolk wat onder leiding van die Heilige Gees plaasvind wanneer die mens God onder die erediens ontmoet, na Hom luister, Hom aanbid en Hom in Sy teenwoordigheid verheerlik (6.5.2).

INHOUD [BW3]

- Die inhoud van die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens vind die duidelikste vergestalting in vier onderskeie liturgiese hoofmomente, naamlik: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens (6.5.3).

KRAGBRON [BW4]

- Die kragbron van die liturgie, wat tegelykertyd ook die skakel tussen erediensliturgie en lewensliturgie is, is gesetel in die ontmoetingseën waardeur die gemeente bekragtig word om liturgie onder die erediens te kan beoefen, God te ontmoet en te dien en in die wegstuurseën waardeur die gemeente bekragtig word om die liturgie van die lewe te kan beoefen (6.5.4).

LEWENSTERREINE [BW5]

- Die liturgie van die lewe dui op die dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe (6.5.5).

BESTEMMING [BW6]

- Die liturgie van die erediens en die lewe wat tans nog in gebrokenheid en in afsonderlike sfere beoefen word, sal in die toekomstige bedeling na die wederkoms nuut, sondeloos en as eenheid in die hemel beoefen word (6.5.6).

Met die formuleer van basisteoretiese beginsels is die eerste afdeling van die studie voltooi en is die vierde sekondêre doelwit van die studie bereik.

12.2.5 Metateoretiese perspektiewe wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe.

In Afdeling B is besondere klem geplaas op die lewenswerklikheid waarin liturgie beoefen moet word aangesien hierdie lewenswerklikheid 'n bepaalde invloed op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe het (7.1; 9.1). Die navorsingsvraag wat dus in Afdeling B aan die orde gekom het, is hoe die leefwêreld waarin liturgie beoefen moet word vandag, met besondere klem op die Suid-Afrikaanse konteks, daar uitsien. Ten einde hierdie vraag te beantwoord is twee sekondêre doelstellings nagestreef. In hoofstuk sewe is perspektiewe op postmodernisme as hedendaagse tydsgees en die transformasieproses in Suid-Afrika sedert 1994 uit naasliggende wetenskappe bestudeer. In hoofstuk agt, is in aansluiting daarby deur middel van 'n empiriese studie bepaal hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die Reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die lewe en die liturgie van die erediens in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef. In die finale instansie is 'n sintese van die metateoretiese en empiriese navorsing gemaak ten einde metateoretiese perspektiewe te formuleer wat in die spanningsveld van die basisteoretiese beginsels gebring kan word ten einde 'n praktykteorie te kan ontwikkel.

12.2.5.1 Die formulering van metateoretiese perspektiewe vanuit naasliggende vakwetenskappe (Hfst. 7)

12.2.5.1.1 Postmodernisme as universele tydsgees

In hoofstuk sewe is in die eerste instansie gefokus op die eienskappe van die universele tydsgees van die een en twintigste eeu, die postmodernisme. Ten einde perspektief te verkry is die ondersoek begin met 'n terugskou na die eienskappe van modernisme en die besondere invloed wat dit op die kerk en liturgie gehad het (7.4.1). Hierdie terugblik het ook aangedui dat die kerk wat **in** die wêreld funksioneer beïnvloed

word deur die onderstrominge van die gees van die tyd (7.4.1).

Die primêre eienskappe van die postmodernisme wat uit die literatuurstudie na vore gekom het en wat in die daaropvolgende bespreking gefigureer het kan kernagtig opgesom word as die relativering van waardes, wantroue in dogma, gevestigde strukture en instellings en die erkenning van 'n pluraliteit van beginsels (7.4.1; 7.4.6).

Die invloed van postmodernisme op die lewensterreine soos dit in die basisteorie geïdentifiseer is, naamlik die gelowige se verhouding tot God, die maatskappy en die kerk, is daarna ondersoek (7.4.2; 7.4.3; 7.4.4). Dit het duidelik uit die navorsing geblyk dat postmodernisme 'n dualistiese impak op die gelowige se verhouding tot God het (7.4.2). Verskeie anomalië is gevind. Aan die een kant lei die miskenning van objektiewe waarhede kenmerkend aan hierdie fenomeen tot die miskenning van die heilsindikatief vervat in die verbonds- en koninkryksperspektiewe, aan die ander kant kan die soeke na spiritualiteit en die behoefte na affektiwiteit en geborgenheid 'n verdiepende geestesgroei by die gelowige te weeg bring (7.4.2). Dit is vir die kritiese postmoderne gelowige moeilik om Bybelse waarhede klakkeloos te aanvaar maar die postmoderne mens se "misterieuse verlange na selftransendensie" (Pieterse, 2002:85) veroorsaak dat die gevoelsmatige komponent van die geloofslewe oorbeklemtoon word en dat die gelowige charismatiese belewenisse as noodsaaklike bewys vir geloof ag (7.4.2). Fel kritiek en 'n behoefte na intense belewing sentreer om dieselfde objek, naamlik geloof.

Die mens se verhouding tot die maatskappy word ook beïnvloed deur postmodernisme (7.4.3). In die eerste instansie het die soeklig geval op die invloed van postmodernisme op die huwelik en gesin (7.4.3.1). Weens die invloed van die eienskappe van die tyd bepaal die mens self watter morele en geestelike waardes geldend is en die huweliksverhouding word direk daardeur geraak (7.4.3.1). In 'n klimaat van morele relatiwiteit, die miskenning van objektiewe waardes, verwerping van bybelse gesag,

gebrek aan lojaliteit en die skewe beeld van die huwelik en gesin wat deur die kommunikasiemedia voorgehou word gedy selfsug, eiewaan, seksuele en emosionele ongebondenheid en die vervlakking van waardes (7.4.3.1). Die gevolg is dat die huwelik, een van die boustene van die samelewing, nie die geestelike dimensie waarvoor die instelling in die lewe geroep is, bereik nie. As sulks impakteer dit negatief op die liturgie (7.4.3.1).

Die mens se verhouding met sy medemens word ook deur die tydsgees van postmodernisme beïnvloed (7.4.3.2). Weereens word 'n vreemde anomalie sigbaar. Terwyl 'n groot premie op verdraagsaamheid teenoor ander standpunte en denkrigtings geplaas word, is die individu in 'n groot mate selfsugtig en gefokus op die bevrediging van sy eie behoeftes (7.4.3.2). "Begrip" lei nie tot die empatiese verloëning van die eie-ek nie.

Die invloed van postmodernisme op die mens se verhouding tot die ekonomie word oorheers deur die invloed van tegnologiese vooruitgang en globalisering (7.4.3.4). Die relativering van tyd, ruimte en afstand bevredig die postmoderne mens se behoefte aan onmiddellike bevrediging en versnel die ontwikkeling van 'n "kits verbruikerskultuur" waar ekonomiese individualisme op die spits gedryf word en gefokus word op persoonlike materiële welvaart (7.4.3.4; 7.4.6).

Die inherente weerstand teen outoriteit, mag en gesag en anti-institusionalisme wat tiperend van die tydsgees is (7.4.1) vind weerklank in die postmoderne mens se houding teenoor die owerheid (7.4.3.5). Hierdie elemente trek saam in 'n inherente teenkanting teen en minagting van gesagstrukture (7.4.3.5) in die mens se direkte lewensruimte. In teenstelling hiermee openbaar die mens 'n behoefte aan "oorgrens" gesagstrukture, 'n behoefte wat verwesenlik is deur die totstandkoming van strukture soos die VN, EU en AU. Hier ter lande verwesenlik die behoefte in die behoefte aan 'n Afrika Renaissance (7.4.3.5).

In die postmoderne mens se verhouding tot die ekologie is 'n

klemverskuiwing te bespeur (7.4.3.5). Hoewel die mens se verhouding tot die natuur steeds antroposentries is, word die natuur nie meer *per se* as die bron van verbruikbare hulpbronne wat tot die mens se voordeel ontgin kan word, beskou nie. 'n Ander waarde word aan die natuur geheg, naamlik dat dit een van die sosiale komponente is waardeur die mens as mens gedefinieer word. Derhalwe moet die natuur, om die mens se belang, beskerm word (7.4.3.5; 7.4.6).

Die gelowige se verhouding met en tot die kerk is ook nie onaangeraak gelaat deur postmodernisme nie (7.4.4). Dieselfde faktore wat negatief impakteer op die individu se verhouding tot die owerheid (7.4.3.4) vind hier weerklank. Die grootste struikelblok vir die kerk is die mens se hartgrondige wantroue in dogmas en sisteme wat kulmineer in die verwerping van gesag (7.4.4). Die grootste negatiewe uitvloeisel is dat die verdraagsaamheid teenoor ander standpunte lei tot die soeke na en respekteer van waarheidselemente in ander gelowe. Godsdiens verdraagsaamheid lei tot die vervaging en miskenning van die missionêre roeping van die kerk (7.4.4; 7.4.6).

Hiermee is die navorsing wat ten doel gehad het om die invloed van die postmodernisme in breë trekke weer te gee afgehandel en het die navorsing gefokus op die Suid-Afrikaanse lewenskonteks soos dit deur die post-94 transformasieproses beïnvloed is.

12.2.5.1.2 Post-94 transformasie in Suid-Afrika

In die tweede gedeelte van hoofstuk sewe is die algemene gees en invloed van die post-94 transformasieproses op veral voorheen bevoordeelde blanke Afrikaner Christene nagevors (7.5). Die klem het geval op aspekte wat negatief inwerk op die staatkundig-politieke (7.5.1.1), maatskaplike (7.5.1.2) en sosio-ekonomiese (7.5.1.3) terreine. Die samevattende gevolgtrekking is dat die transformasieproses wat 'n aanvang geneem het met die politieke oordrag van mag vanaf die eertydse Nasionale Party

regering na die ANC-beheerde regering (7.5) hoofsaaklik negatief ervaar word deur die teikengroep (7.5.1.4) en dat die onsekerhede wat op alle terreine meegebring is geloofskrisisse meebring wat 'n direkte invloed op die individu se geloofsbelewing en uitlewing het (7.5.1.4; 7.5.2).

Ten einde metateoretiese perspektiewe te stel wat in die spanningsveld met basisteoretiese beginsels geplaas kan word is die navorsings wat gefokus het op die invloed van postmodernisme en die post-94 transformasie proses in Suid-Afrika aangevul deur 'n empiriese studie in hoofstuk agt. Hierdie empiriese studie is gedoen ten einde te bepaal hoe 'n geselekteerde groep lidmate binne die reformatoriese tradisie die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe in Suid-Afrikaanse konteks verstaan en beleef.

12.2.5.2 Empiriese navorsingsbevindings wat lig werp op die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie an die lewe (Hfst. 8)

Die hipotese wat in die empiriese hoofstuk getoets is om dieper insig te verkry van hoe die geselekteerde groep deelnemers (8.5.6) die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verstaan en ervaar, was dat die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie as dinamies en transformerend verstaan en ervaar word nie, maar as kompartementeel, funksionerend en in twee afsonderlike sfere (8.5.2). In die evaluering van die respons van deelnemers (8.5.9) is die hipotese bevestig (8.5.9.1.7) en verskeie aspekte uitgewys wat verstellings benodig (8.5.9.1) waarna tot die volgende metateoretiese afleidings uit die empiriese navorsing gekom is:

- Aangesien liturgie grootliks as 'n saak van tradisie beskou word, word die begrip "liturgie" verskraal tot die volgorde van handelinge tydens die erediens. Daar word antroposentries oor die erediens gedink wanneer die mens die inisiatief in die ontmoetingsgebeure

neem en die gelowige liturgie beoefen in soverre dit vir hom of haar self voordelig en geloofsversterkend is (8.5.11.1).

- Ontmoeting word grootliks deur die liturg bepaal en die erediens word as geleentheid beskou om van God te ontvang eerder as geleentheid om Hom te dien (8.5.11.2).
- 'n Staties formalistiese liturgie tesame met die oorbeklemtoning van horisontale ontmoeting in die erediens staan in die weg van opregte vertikale ontmoeting met God. Individualisme belemmer aan die ander kant horisontale ontmoeting (8.5.11.3).
- Die liturgiese hoofmoment van verootmoediging en versoening onder die erediens staan die gevaar om "goedkoop" verklaar te word indien hierdie liturgiese element formalisties hanteer word (8.5.11.3).
- Die respondente het aangedui dat 'n gebrek aan diepte eksegese en toepassing van die Woord op konkrete daaglikse leefsituasies veroorsaak dat die Woorddiens as liturgiese hoofmoment in die erediens wêreldvreemd en sonder impak beskou word (8.5.11.3).
- Die antwoorddiens word beperk tot onnadenkende liturgiese handelinge in die erediens deur "passiewe toehoorders" sonder die besef en begeerte om dit ook deur te trek tot die liturgie van die lewe (8.5.11.3).
- Die dinamiese wisselwerking tussen die ontmoetings- en wegstuurseën word negeer tot Goddelike of menslike groet aan die begin van die erediens en 'n ordelike groet aan die einde waarmee die erediens tot 'n einde kom. Die trefkrag van Goddelike bemagtiging om Hom in die erediens te kan ontmoet en later toegerus te word vir die liturgie van die lewe, word daardeur misken (8.5.11.4).
- Die erediens en die lewe word as twee geskeide sfere beskou sonder die erkenning dat die liturgie van die erediens oor moet vloei na die lewe en weer vanaf die lewe terug na die erediens. Aangesien liturgie tradisioneel grootliks beperk word tot die erediens, word die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe nie in ag geneem nie

(8.5.11.5).

- Die begrip "liturgie van die lewe" is 'n relatief onbekende begrip en die beoefening daarvan word kompartementeel in "hokkies en vakkies" gedoen en nie spontaan in alle lewensterreine nie (8.5.11.5).
- Hemelse en aardse liturgie word nie na behore met mekaar in verband gebring nie en daar word nie genoegsaam ingesien dat hemelse liturgie ewige geheiligde lofprysing en aanbidding in die direkte teenwoordigheid van God gaan wees en dat daar ook nie erediens en lewensliturgie gaan wees nie, maar een kontinue ewige liturgie (8.5.11.6).
- Die gelowige se liturgie op aarde is 'n afskaduwing van verheerlikte geheiligde hemelse liturgie en dit moet die gelowige op aarde aanspoor om God met soveel groter toewyding en liefde te dien en te verheerlik (8.5.11.6).

Ter afhandeling van Afdeling B is bevindinge uit hoofstukke sewe en agt gekonsolideer tot metateoretiese perspektiewe wat in die spanningsveld met basisteoretiese beginsels geplaas kan word ten einde 'n praktykteorie te formuleer.

12.2.5.3 Metateoretiese perspektiewe wat verband hou met basisteoretiese beginsels (9.4)

- As gevolg van die invloed van postmodernisme, soos dit in Suid-Afrika besondere vergestalting vind in die oorbeklemtoning van die menseregte vervat in die Handves van Regte, ag die mens homself as die middelpunt van die samelewingsverbande waarbinne hy funksioneer. Dit het tot gevolg dat hoewel hy strewe na verdiepte spiritualiteit, hy aan godsdiens in die algemeen dink in terme van wat vir homself geloofsversterkend en voordelig mag wees. 'n Klemverskuiwing het plaasgevind vanaf dien na beleef. Liturgie word nie beskou as die dien van God in alle lewenssfere nie maar

word verskraal tot die volgorde van erediensthandelinge soos bepaal deur die mens (9.4.1).

- Aangesien die mens in 'n postmodernistiese samelewing homself die belangrikste ag, sentreer die erediens grootliks rondom die mens self. As gevolg daarvan word die horisontale ontmoeting tydens die erediens oorbeklemtoon en daarom beskou talle gelowiges liturgie as volgorde van erediensgebeure. Hierdie beskouing werk belemmerend in op die belewing van en verhouding met God in die erediens. Eredienste word bygewoon soos wat dit die mens self behaag en ontmoeting met God word negeer tot selfgerigte belewing van God in soverre die mens 'n behoefte daaraan het (9.4.2).
- Liturgiese vorme en elemente word maklik as staties en formalisties ervaar wanneer dit in 'n vaste patroon gegiet is, aangesien die mens in die postmoderne era nie rigiditeit geredelik aanvaar nie. Die mens in hierdie era is ook geneig om anti-institusioneel te wees en verruil derhalwe eerder erediensbywonig vir omgee-groepe wat sterker ingestel is op geloofsbelewing (9.4.3).
- Die liturgiese moment van vertikale ontmoeting in die erediens word relatief gestel tot horisontale geloofsbelewing. Vir die postmoderne mens is die gedagte van verootmoediging en versoening buite sy verwysingsraamwerk, aangesien die tydsgees die leuen (en by implikasie die sonde) bloot as 'n ander perspektief van die waarheid beskou. Waarheid self is nooit absoluut nie maar relatief. Van belang is nie wat waar is nie, maar wat die individu wil hê waar moet wees. Beginsels en fundamentele waardes soos vergestalt in Woordbediening en prediking moet plek maak vir 'n waarheid met verskillende fasette en daarom is 'n pluraliteit van waarde– en godsdienssisteme aanvaarbaar. Belewing en spiritualiteit bly egter belangriker as waarheid, met die gevolg dat die antwoorddiens in die erediens ook nie gerig is op 'n verbintenis van gehoorsaamheid nie, maar op geloofsbelewing (9.4.3).
- Die mens in die postmoderne era het 'n wantroue in kerklike dogmas en sisteme en heg in 'n mindere mate waarde aan die

geïnstitusionaliseerde vertikale ontmoetingskaraker van die erediens. Die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens word dus verkieslik horisontaal beleef as onderlinge ontmoetings- en afskeidsgroet (9.4.4).

- Aangesien die mens, tipies aan die postmoderne tydsgees, self sy eie waardes en norme bepaal, is daar nie werklik by die postmoderne mens sprake van 'n liturgie van die lewe nie. Die relativering van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels bring mee dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei. Die erediens en die lewe word dus as twee verskillende en geskeide sfere beskou. Liturgie word kompartementeel en grootliks antroposentries beoefen in hierdie twee sfere (9.4.5).
- Die transformasieproses in Suid-Afrika skep 'n lewenswerklikheid van onsekerhede wat die voorheenbevoordeelde gelowige moet hanteer en as sulks beïnvloed dit die liturgie (9.4.5).
- Die oorbeklemtoning van menseregte, soos vervat in die Handves van Regte, is die teelaarde vir die relativering van waarhede in Suid-Afrikaanse konteks wat direk tot godsdiensgelykheid en verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste lei (9.4.5).
- Vir die postmoderne mens is die hede belangriker as die toekoms en daarom vervaag die individu se ewigheidsperspektief. Daar word nie genoegsaam besef dat hemelse liturgie 'n werklikheid is nie en dat liturgie op aarde 'n afskaduwing van hemelse liturgie is nie (9.4.6).

Met die formulering van hierdie metateoretiese perspektiewe is die vyfde sekondêre doelwit van hierdie studie bereik. Ter bereiking van die sesde en laaste sekondêre doelwit is die metateorie in hermeneutiese wisselwerking met die basisteorie gebring (Hfst. 10). Deur die metateorie aan die basisteorie te meet, is leemtes in die metateorie uitgewys wat verstelling benodig (10.1). Die identifisering van die leemtes het gedien as basis om 'n nuwe praktykteorie te formuleer wat meer bevredigend met die

basisteorie korreleer (10.1).

12.2.6 Praktykteoretiese perspektiewe wat verband hou met die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe (Hfst. 10)

Ten einde die argument logies te voer en die praktykteorie in perspektief te plaas, sal die samevattende verstelling wat voortvloei uit die leemtes wat uitgewys is in die metateorie telkens voor die nuut geformuleerde praktykteorie weergegee word. Die gedeelte is so gestruktureer dat elke samevattende verstelling en praktykteorie op 'n spesifieke basisteoretiese beginsel fokus.

BW 1

Samevattende verstelling

Die **begronding** van liturgie moet weer reggestel word. In die huidige tydsgees word liturgie deur die mens beoefen ter wille van die voordeel wat die mens self daaruit put, in plaas daarvan dat liturgie beoefen word ter wille van die eer van God. Hierdie antroposentriese beskouing lei daartoe dat die mens self besluit hoe en waar en wanneer en of hy enigsins liturgie wil beoefen of nie. Dit het tot gevolg dat liturgie in die kontemporêre tydsgleuf kompartementeel in die geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word (10.4.1.2).

Praktykteorie

In die tydsgees van postmodernisme en die post-94 transformasie proses in die Suid-Afrikaanse samelewing, behoort die liturgie van die erediens oor te vloei in 'n kontinue lewensliturgie en van die lewe af weer terug na die erediens, met inagneming van die verbond en koninkryk as gesamentlike begronding van liturgie, gerig op die eer van God as bron van liturgie (10.4.1.3).

BW 2

Samevattende verstelling

Die **aard** van die erediens word verkeerd verstaan en moet reggestel word. Gedagtig aan die antroposentriese lewensbeskouing van die mens staan die dinamiese ontmoetingsgebeure op vertikale vlak wat horisontaal moet deurwerk, nie meer in die erediens sentraal nie en is dit vervang met 'n selfgesentreerde spirituele belewingsdrang by die mens (10.4.2.2).

Praktykteorie

In antwoord op die postmodernisme se antroposentriese lewensbeskouing soos wat dit ook in die Suid-Afrikaanse samelewing neerslag gevind het, behoort die liturgie van die erediens as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk onder leiding van die Heilige Gees beklemtoon te word en behoort die gelowige opgeskerp te word om God aktief, deelnemend onder die erediens te ontmoet, na Hom te luister, Hom te aanbid en om Hom in sy teenwoordigheid te verheerlik (10.4.2.3).

BW 3

Samevattende verstelling

Omdat waarheid gerelativeer word, heg die mens nie meer waarde aan die Woord as primêre gesagsbron nie en word die inhoud van die liturgie van die erediens nie meer in die Woord gesoek nie, maar in 'n pluraliteit van waardes en beskouings. Dit is dus nodig om die verdraaide persepsies rondom die **inhoud** van die liturgie van die erediens reg te stel (10.4.3.3).

Praktykteorie

Met inagneming van die negering van die kerk en kerklike dogma in die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika tesame met die postmoderne beskouing dat waarheid relatief is, 'n pluraliteit van waarde- en godsdienssisteme gehuldig word, die mens anti-institusioneel is, rigiditeit en tradisie nie geredelik aanvaar word nie en die mens 'n oordrewe geloofsbelewing najaag, is dit noodsaaklik dat die dinamiese ontmoetingsgebeure in die erediens soos wat dit vergestalting vind in die

ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, Woorddiens en antwoorddiens, by Christen gelowiges ingeskerp moet word (10.4.3.4).

BW 4

Samevattende verstelling

Die **skakel** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word negeer tot vertikale en horisontale groethandelinge waarmee die erediens "begin" en "eindig". Verstelling van hierdie beskouing is nodig sodat die dieper betekenis van kragtoesegging tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe duideliker besef kan word (10.4.4.2).

Praktykteorie

In teenstelling met die beskouing dat die ontmoetingseën en die wegstuurseën in die erediens horisontaal as wedersydse groethandeling beskou word en voortspruit uit die postmoderne Suid-Afrikaner se wantroue in die kerk en kerklike dogmas en tradisies, is dit van kardinale belang dat die ontmoetings- en wegstuurseën in die erediens as kragbron tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe verduidelik en beklemtoon moet word (10.4.43).

BW 5

Samevattende verstelling

Die verband en **wisselwerking** tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word misken en die **lewensterreine** waarin liturgie beoefen moet word, word kompartementeel en losstaande van die erediens beskou. Liturgie wat losstaande in die twee geskeide sfere van die erediens en die lewe beoefen word, benodig verstelling om meer dinamies interaktief op mekaar in te werk (10.4.5.2).

Praktykteorie

Gesien in die lig van 'n gees van onsekerheid by talle voorheen bevoordeelde Suid-Afrikaners en die moraliteitskrisis wat beide veroorsaak is deur die effek van die post-94 transformasie proses en die relativering

van waardes en aanvaarding van 'n pluraliteit van beginsels teweeg gebring deur postmodernisme en wat meebring dat die gelowige gemaklik die leefruimtes van kerk en samelewing kan skei, is dit nodig dat daar klem gelê word op die liturgie van die lewe as dinamiese handelinge waarop kinders van God die ontmoeting met en diens aan Hom vanuit die erediens voortsit in al die lewensterreine van die praktyk van hul daaglikse lewe (10.4.5.3).

BW 6


Samevattende verstelling

Die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe word nie in eskatologiese perspektief beskou nie. Die feit dat hemelse liturgie nie as finale **bestemming** vir die liturgie op aarde beskou en begryp word nie, benodig verstelling (10.4.6.2).

Praktykteorie

Gedagtig aan die postmoderne mens se pragmatiese beskouing en oorbeklemtoning van die hede, tesame met die relativering van waardes en norme wat daartoe aanleiding gee dat liturgie in hierdie bedeling kompartementeel in twee geskeide sfere beoefen word, moet dit by die Christen-gelowige ingeskerp word dat die liturgie van die erediens en die lewe in die toekomstige bedeling na die wederkoms in die hemel as een nuut geheiligde kontinue liturgie van die ewigheid beoefen gaan word (10.4.6.3).

Uit hierdie praktykteoretiese perspektiewe is vervolgens 'n praktykteoretiese model ontwikkel wat as instrument kan dien waardeur die praktyk getransformeer kan word om nader aan die ideaal van die basisteorie te beweeg (Hfst. 11). Hierdie model kan skematies as volg voorgestel word:


EREDIENS
LITURGIE
LEWE
LITURGIE VAN DIE EWIGHEID
GOD/NUWE MENS

Die erediens en die lewe wat in hierdie gebroke bestaan as twee geskeide sfere beskou word, word onderskeidelik deur die traprat en agterwiel van 'n fiets voorgestel. Die traprat vergestalt die erediens wat om die as (God) sentreer (11.4.1.4). In die erediens staan die mens staan in direkte verhouding tot God en sy medemens soos in die model aangedui (11.4.2.4). Die vier liturgiese hoofmomente te wete, ontmoeting, verootmoediging en versoening, Woorddiens en antwoorddiens, vorm die vier speke van die traprat (11.4.3.4). Die lewe as terrein waarbinne liturgie beoefen moet word, word voorgestel deur die agterwiel met ratte. Ook hier staan God sentraal en staan die individu in 'n persoonlike verhouding tot God, die maatskappy en die kerk soos voorgestel deur die as met ratte wat daarop gemonteer is en daarom draai. Die speke van die agterwiel verteenwoordig die lewe in sy verskillende fasette (11.4.5.4). Die model stel dit duidelik dat die geskeide sfere van die erediens en lewe tot 'n eenheid aan mekaar gebind word deur die ketting wat liturgie verteenwoordig (11.4.4.4). Die skakel en kragbron tussen die erediens en die lewe is die ontmoetingseën en wegstuurseën wat onderskeidelik die ontmoetingspunt en wegbreekpunt van die ketting op die bewegende traprat is. Deurdat die liturgie die geskeide sfere van erediens en lewe tot 'n eenheid verbind, wys dit heen in eskatologiese perspektief na die liturgie van die ewigheid waar geen skeiding meer sal wees tussen erediens en lewe nie (11.4.6.4).

Met die formuleer van 'n praktykteorie en die stel van 'n praktykteoretiese model is die sesde en finale sekondêre doelwit bereik.

Dit is derhalwe nou nodig om die primêre doelwit van die studie te bereik deur die navorsingsvraag te beantwoord.

12.3 FINALE GEVOLGTREKKING

Die sentrale navorsingsvraag wat die kern en basis van hierdie studie gevorm het, is as volg geformuleer (1.1.2):

Wat is die aard van die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van 'n Skrifgefundeerde lewe?

Vanuit Afdeling A is Skrifgefundeerd aangetoon dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe as 'n onderskeibare, dog onskeibare eenheid beskou moet word (12.2.1; 12.2.4).

Vanuit Afdeling B is aangetoon dat die universele tydsgees aan die orde van die dag op en die lewenswerklikhede wat op 'n spesifieke stadium beleef word, die liturgie van die lewe bepaal en daaruit impakteer op die liturgie van die erediens (12.5).

Uit bostaande is dit duidelik dat die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe voortdurend op mekaar inspeel. As sulks is die wisselwerking dinamies en transformerend van aard.

Die werklikheid is egter dat die wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe die gebrokenheid van die in-sonde-gevalle wêreld waarin ons leef weerspieël, aangesien hierdie twee komponente van die liturgie dikwels as losstaande en geskeide elemente beskou word. Alhoewel die sentraal-teoretiese argument dus deur hierdie gevolgtrekking ondersteun word, was dit nodig om 'n praktykteoretiese model te ontwikkel in terme waarvan die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe met die oog op die ewigheid steeds sterker op mekaar kan inspeel, gerig op die basisteoretiese waarheidsmomente soos dit in die studie uitgewys is.

Die navorser het derhalwe in Afdeling C praktykteoretiese riglyne geformuleer om die verstellings wat aan die praktyk aangebring moet word (Hfst. 10) ten einde die dinamiese wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die lewe in die praktyk in die hand te werk, te konkretiseer (Hfst. 11). In hoofstuk elf is riglyne voorgestel waarmee liturge die

kernverstellings kan inisieer deur op innoverende wyse onder die leiding van die Heilige Gees gelowiges toe te rus deur lering op kognitiewe vlak, deur belewing en die gebruik van simbole(11.11.4.2.1; 11.4.2.2; 11.4.2.3; 11.4.2.4; 11.4.2.5; 11.4.2.6).

12.4 ASPEKTE VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende aspekte is geïdentifiseer as terreine vir verdere navorsing:

1) Die verband tussen lewensliturgie en lewensetiek.
2) Die aard en invloed van die Goddellike seën op die gelowige se lewe.
3) Die rol van die liturg in die nastreef van die basisteoretiese waarheidsmoment dat liturgie vanuit die erediens voortvloei na die lewe en vanuit die lewe terugvloei na die erediens.
4) Die invloed van postmodernisme en die post-94 transformasieproses op die liturgiese belewing van voorheen benadeelde Suid-Afrikaanse Christene.

Per gratias Dei ad finem veni

BIBLIOGRAFIE

ACKERMAN, W. & GRIESE, T. s.j. Presenting data and research findings. http://www.und.nodak.edu/instruct/wstevens/PROPOSALCLASS/Wendy1.htm. Datum van gebruik: 15 Nov. 2006.

ADAM, A.K.M. 1995. What is postmodern Biblical criticism? Minneapolis: Fortress Press.

ALLEN, L.C. 1983. Word Biblical Commentary. Volume 21: Psalms 101 – 150. Waco, Texas: Word Books.

ANON. 2006. Writing guides: Conducting observational research – writing the research report. http://writing.colostate.edu/guides/research/observe/com4a6.cfm. Datum van gebruik: 2 Okt. 2007.

ARLANDSON, J.M. 2007. Postmodernism and the Bible: Introduction. http://www.americanthinker.com/2007/03/postmodernism_and_the_bible_in. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

ALTBEKER, A. 2007. Die land se oorlog teen homself. *Rapport Perspektief* 1, 11 Nov.

BALZ, H. 1981. Exegetical dictionary of the New Testament. Volume 2. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BARNARD, A.C. 1981. Die erediens. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

BARNARD, M. 1998a. De heilige Schrift. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 195-209.]

BARNARD, M. 1998b. Prediking. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 210-216.]

BARNARD, M. & VOS, C.J.A. 2001. 'n Besinning oor die liturgie. Teorievorming, ondersoek en praktykvorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(2):17-30.

BARRETT, C.K. 1994. A critical and exegetical commentary on the Acts of the Apostles. Volume 1. Edinburgh: T&T Clark.

BASDEN, P. 1999. The worship maze: Finding a style to fit your church. Downers Grove: Inter-Varsity Press.

BAUMANN, Z. 1998. Postmodern religion? [*In.* Heelas, P., *ed.* Religion, modernity and postmodernity. Oxford: Blackwell. p. 55-75.]

BEASLY-MURRAY, G.R. 1986. Jesus and the kingdom of God. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BECKER, J. 2001. Postmodernism and the family: A Christian response to post-modern trends in family and divorce. http://www.charis.wlc.edu/publications/symposium_spring01/becker.pdf. Datum van gebruik: 9 Apr. 2007.

BINGLE, J.P. & DE KLERK, B.J. 1999. Die betekenis van die lied in die see (Eks 15:16-18, 21b) vir die himnologie en die liturgiewetenskap. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(2):1-22.

BLIJLEVENS, A. 1998. Liturgisch bidden. *Tijdschrift voor Liturgie,* 82(4):204-214.

BLOMBERG, C.L. 1992. The New American Commentary. Volume 22: Matthew. Nashville: Broadman Press.

BOENDERMAKER, J.P. 1977. Driemaal drie is negen. 's-Gravenhage: Boekencentrum N.V.

BOSHOFF, H. 1995. Die kerk in die nuwe Suid-Afrika. Potchefstroom. (Uitgegee deur outeur).

BOVON, F. 1998. Acts of the Apostles. The International Bible Commentary. Minnesota: Liturgical Press.

BRAULIK, G. 1998. Deuteronomy and human rights. *Skrif en Kerk*, 19(2):207-229.

BREED, G. 1994. Kategese en geloofsopvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.) 332 p.

BREED, D.G. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2001. Paraatmaking teen immoraliteit in 'n post-modernistiese samelewing: 'n Hermeneuse van 2 Petrus 1:12-15. *Hervormde Teologiese Studies,* 57(1&2):408-431.

BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn: Zijn publicaties en zijn visies. Kampen: De Groot – Goudriaan.

BRIENEN, T. 1992. Oriëntatie in de liturgie. Zoetermeer: Boencentrum B.V.

BURGER, C. 1999. Erediens in Gereformeerde Styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):1-22.

BUYS, W.F. 2005. Anastatiese- en transendentale ontleding van administratiewe transformasie binne die raamwerk van Masakhane. Bloemfontein: UVS. (Proefskrif – Ph.D.) 235 p.

BYBEL 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat.

BYBEL 1953. Die Bybel. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL 1983. Die Bybel. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVIJN, J. 1970. Het boek der Psalmen verklaard. Kampen: De Groot Goudriaan.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek I. Vertaal deur Simpson H.W. Potchefstroom: CJBF.

CALVYN, J. 1986. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek II. Vertaal deur Simpson H.W. Potchefstroom: CJBF.

CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek III. Vertaal deur Simpson H.W. Potchefstroom: CJBF.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek IV. Vertaal deur Simpson H.W. Potchefstroom: CJBF.

CAMMERAAT, P. 1995a. Leren en leven: Deel 3. Kampen: De Groot Goudriaan.

CAMMERAAT, P. 1995b. Leren en leven: Deel 4. Kampen: De Groot Goudriaan.

CHARETTE, B. 2000. Restoring Presence. The Spirit in Matthew's Gospel. Sheffield: Academic Press.

CHENAIL, R.J. 1995. Presenting qualitative data. *The Qualitative Report*, 2(3). http://www.nova.edu/ssss/QR/QR2-3/presenting.html. Datum van gebruik: 2 Okt. 2007.

CRICHTON, J.D. 1992. Christian celebration: Understanding the sacraments. New York: Chapman.

CHUMAN, J. 1993 Postmodernism and the problem of the modern age. *Humanism Today* 8:7-18. http://www.humanismtoday.org/vol8/chuman.pdf. Datum van gebruik: 9 Apr. 2007.

CILLIERS, J. 2002. Prediking as spel: 'n homileties-etiese perspektief op postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(1):1-27.

CJBF DEPUTATE *sien* GKSA.

COBB, J.B. 2002. Postmodernism and public policy: Reframing religion, culture, education, sexuality, class, race, politics and the economy. Albany: State University of New York Press.

COETZEE, J.C. 1997. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Orkney: EFJS.

COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J. & FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig,* 14(54):12-26.

COURT, J.M. 1994. Revelation. Sheffield: Sheffield Academic Press.

COURT, H.M. 2000. The book of Revelation and the Johannine apocalyptic tradition. Sheffield: Sheffield Academic Press.

COUSLAND, J.R.C. 2002. The crowds in the Gospel of Matthew. Leiden: Brill.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 1988. A critical and exegetical commentary on the Gospel according to Saint Matthew. Volume 1. Edinburgh: T & T Clark.

DE JONG, J.A. 2001. The kingdom of God and modern society. *In die Skriflig*, 35(2):233-252.

DE KESEL, J. 2000. Onze tijd en het leven van een Christen. *Tijdshricft voor Liturgie,* 84(1&2):15-26.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.) 367 p.

DE KLERK, B.J. 1988. Koninkryk, Gees en Woord in die gebed van Efesiërs 3:14-21. [*In.* Coetzee, J.C., *red.* Koninkryk, Gees en Woord: Huldigingsbundel aangebied aan prof. Dr. Lamberts Floor. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 38-54.]

DE KLERK, B.J. 1999a. Skuldbelydenis en versoening as kommunikatiewe handelinge in die liturgie van die samekoms en van die lewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):23-45.

DE KLERK, B.J. 1999b. Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie. *In die Skriflig,* 33(3):311-330.

DE KLERK, B.J. 2000a. Die liturgie van die huisgesin. (*In.* Van Wyk, J.H., *red.* Kerk – en Christenwees vandag. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies. p. 90-109.)

DE KLERK, B.J. 2000b. Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur. *In die Skriflig*, 34(4):451–468.

DE KLERK, B.J. 2001. Wisselwerking tussen liturgie en kultuur in die Suid-Afrikaanse konteks – Enkele vertrekpunte. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(2):57-75.

DE KLERK, B.J. 2002a. Lofliedere – basisteoretiese elemente uit Efesiërs 1: 3-14. *In die Skriflig,* 36(1):1-18.

DE KLERK, B.J. 2002b. Liturgie, Transformasie en die Afrika Rennaissance. [*In.* Barnard, M. & Schuman, N., *reds.* Nieuwe wegen in de liturgie – een vervolg. Zoetermeer: Meinema. p. 50-63.]

DE KLERK, B.J. 2003. Toe sing hulle 'n nuwe lied. [Preek in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom Noord. 19 Okt. Preke-reeks A005 CD.]

DE KLERK, B.J. 2004. Liturgiese antwoorde op geweld – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 38(1):145-166.

DE KLERK, B.J. en NAGEL, C.J. 2004. 'n Beperkte empiriese ondersoek van kreatiewe prediking in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 38(1):125-144.

DE KLERK, B.J. 2005. 'n Liturgie van aftrede. *In die Skriflig*, 39(3):463-485.

DE KLERK, B.J. 2007. Liturgie en evangelisasie met besondere verwysing na die seën. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 22(2):20-39.

DE KLERK, J.J. 1982. Liturgiese Grondlyne. Kaapstad: N.G. Kerkuitgewers.

DE KLERK, J.J. 1990. Liturgiese uitsig op God. [*In.* Smuts, A.J., Vos, C.J.A. & Nel, M., *reds.* In gesprek oor die erediens. Teologiese huldigingsbundel aan Prof A.C. Barnard. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 8-27.]

DE KLERK, W.J. 1976. Liturgiese vernuwing? Potchefstroom: IBC Studiestuk 109.

DEDDENS, K. 1981. Waar alles van hem spreekt. Groningen: De Vuurbaak.

DEDDENS, K. 1995. Rond de schuldbelijdenis in de liturgie. *In die Skriflig*, 29(3):491–529.

DELPORT, C.R. 2007. Mondelinge mededeling aan navorser. Pongola.

DELRUE, M. 2001. Pleidooi voor een nieuwe liturgische ruimte. *Tijdschrift voor Liturgie*, 85(1&2):36-44.

DESROSIERS, G. 2000. An introduction to Revelation. London: Continuum.

DIJK, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen: Kok.

DOMERIS, W.R. 1990. Exegesis and proclamation: "Blessed are you ..." (Matthew 5:1–12). *Journal of Theology for Southern Africa,* 73:67–76.

DORRINGTON, R., BRADSHAW, D., BUDLENDER, D. & BOURNE, D. 2002. The current state and future projections of the HIV/AIDS epidemic in South-Africa. *South African Dental Assosiation*, 57(11):449-450.

DREYER, J.S. 2002. Theological normativity: Ideology or utopia? Reflections on the possible contribution of empirical research. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):1-20.

DU PREEZ, J. 1988. *Intercessio* ten behoewe van die wêreld as onmisbare liturgiese handeling. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, xxix(4): 80-87.

DU RAND, J.A. 1993. 2 Korintiërs. [*In.* Vosloo, W. & Janse Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1784-1803.]

DU TOIT, B. 2001. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF.

DU TOIT, D. 1991. Simbole het wel plek in die kerk. *Die Kerkbode,* 147(l3):4.

DU TOIT, J.D. 1920. Kroniek: Uitsprake oor artikels van die leer – hersiening van liturgië en "gesange". *Het Kerkblad der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika,* 22(443):5-6.

DU TOIT, J.D. 1977. Die erediens. Totius Versamelde werke 3. Kaapstad: Tafelberg.

DU TOIT, T. 2002. Postmodernisme, die Bybel en geloof. *Algemene Kerkblad*, 168(2):12,13.

DU TOIT, P.W. & SPANNENBERG, I.J.J. 2002. Kerk en teologie in die postmoderne tyd. *Hervormde Teologiese Tydskrif*, 58(3):1134-1154.

DUVENAGE, B. 1999. Hoe kan die kerk die postmoderne mens bereik? *Die Kerkblad*, 101(3056):26-28.

EAGLETON, T. 1996. The illusions of postmodernism. Oxford: Blakwell.

ENGELBRECHT, K. 2005. Postmodernisme – op pad waarheen? *Die Hervormer*, 98(8):6,7.

ERASMUS, J.A. 2007. Prediking en spiritualiteit: 'n Homiletiese studie oor die verband tussen prediking en geestelike groei. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.) 419 p.

EVANS, A.C. 2000. Qualitative research teaching in South African university psychology departments. http://www/nrf.ac.za/yenza/pdf/evanspdf. Datum van gebruik: 2 Okt. 2007.

FENWICK, J.R.K. & SPINKS, B.D. 1995. Worship in transition: The liturgical movement in the twentieth century. New York: Continuum.

FERREIRA, I.W. 2002. Die kerk se sending in diens van God se Koninkryk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.) 126 p.

FLECK, Z. 2004. Postmodernism: Its effects on the family. http://www.councelofchalcedon.org/modules/smartsection/print.php. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

FLOOR, L. 1981. Die evangelie van die Koninkryk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

FLOOR, L. 1996. Wat is die gebed? *Die Kerkblad*, 98(2981):12,13.

FOURIE, W.A. & MÜLLER, B.A. 1996. Liturgies–homiletiese beplanning: Die erediens as konteks vir preekbeplanning in die gemeentebouproses. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 37(3):375-385.

FRANCE, R.T. 1994. Matthew. New Bible Commentary: 21st Century edition. Leicester: Inter-Varsity Press.

FRETHEIM, T.E. 1997. New International dictionary of Old Testament Theology and exegesis. Volume 4. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

FULLER, R.H. 1988. Matthew. [*In.* Mays, J.L., *ed.* Harper's Bible Commentary. San Francisco: Harper & Row. p. 955-961.]

GEERTS, A. 1998. Bidden met het lichaam. *Tijdschrift vir Liturgie*, 82(4):254-261.

GELDENHUYS, D. 1996. ANC het sy woord gestand gedoen oor transformasie. *Rapport* 21, 28 Jan.

GEMPF, C. 1994. Acts. Leicester: Inter-Varsity Press.

GERGEN, K. J. 1991. The saturated self - dilemmas of identity in contemporary life. New York: Basic Books.

GILIOMEE, H. 1998. Nasie bou debat in lae register kan sinvol wees. Rapport 11, 7 Junie.

GISPEN W.H. 1998. Bybelse ensiklopedie. Uit Nederlands vertaal. (electronic ed.). Logos Library System; 2de hers. uitg. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers. [CD].

GKSA. 1955. Handelinge van die twee-en-dertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou te Potchefstroom op 26 Januarie en volgende dae. Pretoria: V+R Drukkery.

GKSA. 1985. Handelinge van die twee-en-veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou te Potchefstroom op 6 Januarie. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke.

GKSA. 1994. Handelinge van die vyf-en-veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou te Potchefstroom op 3 Januarie. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke.

GKSA. 1997. Handelinge van die ses-en-veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou te Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke.

GKSA. 1997. CJBF Deputate: Ons kerke se lewe weerspieel in ons liturgie. Potchefstroom: Administratiewe Buro.

GKSA. 2001. Kerkorde. [*In.* Psalms en Skrifberymings. Wellington: N.G. Kerkuitgewery. p. 171-188.]

GRIFFIN, D.R. 1989. God and religion in the postmodern world. Albany: State University of New York Press.

GROENEWALD, E.P. 1986. Die openbaring van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerkuitgewers.

GROOTHUIS, D. 2000. Truth decay: Defending Christianity against the challenges of postmodernism. Illinois: Inter-Varsity Press.

HAGNER, D.A. 1993. World Biblical Commentary. Volume 33a: Matthew 1-13. Dallas, Texas: Word Books.

HANDELINGE *sien* GKSA.

HARPER, J. 1991. The forms and orders of western liturgy from the tenth to the eighteenth century. Oxford: Clarendon.

HARRIS, R.L. 1980. Theological wordbook of the Old Testament. Chicago: Moody Press.

HAYES, J.H. 1999. Dictionary of Biblical Interpretation. Nashville: Abington Press.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS 2001. [*In.* Psalms en Skrifberymings. Wellington: N.G. Kerkuitgewers. p. 33-72.]

HEITINK, G. 1999. Practical theology: History, theory, action domains: Manual for practical theology. Grand Rapids: Eerdmans.

HELBERG, J.L. 1996. Is God 'n Verbondsgod? Die aard van die verbond tussen God en die gelowige. *In die Skriflig*, 30(2):223-237.

HEYNS, J.A. 1994. Die koninkryk van God – Grondplan van die Bybel. *Skrif en Kerk*, 15(1):1-12.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.

HEYNS, L.M. 1990. Modelle as hulpmiddels vir die verkeer tussen teorie en praxis. [*In.* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis. p. 36-40.]

HEYNS, W. 1903. Liturgiek. Grand Rapids: Holkeboer.

HEYSTEK, K. 1998. Liturgiese Diepgang. *Die Gereformeerde Vroueblad*, 52(10):17.

HEYSTEK, N.P. 1997. Liturgiese verdieping is die eis. *Die Kerkblad*, 99(3004):32-33.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-Teologiese ondesoek van die "mekaar – opdragte" in die corpus Paulinium met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.) 300 p.

HOEPFL, M.C. 1997. Choosing qualitative research: A primer for technology education researchers. *Journal of Technology Education*, 9(1):1–17. http://scholar.lib.vt.edu/journals/JTE/v9n1/hoepfl.html. Datum van gebruik: 15 Okt. 2006.

HOFSAKE *sien* SUID-AFRIKA.

HORSLEY, R.A. 1998. 1 Corinthians. Nashville: Abingdon Press.

HOWARD, V. & VAN IERSEL, B.M.F. 2001. Internationaal Commentaar op de Bijbel. Band 2: Matteüs. Kampen: Kok.

HURD, R.W. 1998. Postmodernism. http://www.mckenziestudycentre.ord/philosophy/articles/postmod.html Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

HULSE, E. s.j. What is postmodernism? A Christian response to postmodernism. www.reformation-today.org. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

IMMINK, G. 1998. Schuldbelijdenis en decaloog. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 185-194.]

INSTITUSIE I *sien* CALVYN 1984.

INSTITUSIE II *sien* CALVYN 1986.

INSTITUSIE III *sien* CALVYN 1988.

INSTITUSIE IV *sien* CALVYN 1992.

JANSE, R. & HENDRINKS, H.J. 2002. Die funksie van lofprysing in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(1):44-53.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):39-60.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2006. Kuns en liturgie – 'n Praktykteoretiese refleksie op die estetika diskoers. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 47(3&4):558-570.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie. Uitgedeelde aantekeninge tydens 'n lesing oor Navorsingsmetodologie in die Praktiese Teologie aan die Noordwes- Universiteit op 9 Maart 2007. (Aantekeninge in besit van die outeur).

JANSE VAN RENSBURG, J. & HOFFMAN, L. 2003. Die impak van die verbond op 'n paradigma vir pastoraat. *Acta Theologica*, 2003 (2):239-253.

JENNI, I. & WESTERMAN, C. 1997. Theological Lexicon of the Old Testament. Volume 3. Peabody, Massachusetts: Hendrickson.

JOHNSON, L.T. 1992. The Acts of the Apostles. Minnesota: Collegeville.

JOHNSON, L.F. & DORRINGTON, R.E 2006. Modeling the demographic impact of HIV/AIDS in South-Africa and the likely impact of interventions. *Demographic Research*, 4(22):541-547. http://www.demographic-research.org/Volumes/Vol14/22/. Datum van gebruik: 23 Okt. 2007.

JONGERIUS, H. 1998. O taal waarin wij God verstaan. *Tijdschrift voor Liturgie*, 82(1&2):82-89.

JONKER, H. s.j. Liturgische oriëntatie. Wageningen: Zomer & Keunings.

JONKER, H. 1962. Liturgische oriëntatie: Gesprekken over de eredienst. Wageningen: Zomer & Keunings.

JOOSTE, J.P. 1957. Kom in sy voorhowe. Potchefstroom: Pro Rege.

JORDAAN, G.J.C. 1996. Redaksioneel. *Die Kerkblad*, 99(2996):4,5.

JOUBERT, S. 1999. Handelinge. [*In.* Vosloo, W., Janse van Rensburg, F., *reds.* Die Bybellenium. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1371-1447.]

JÜNGLING, H.W. 1998. Psalms. The International Bible Commentary. Minnesota: Liturgical Press.

KARRES, D.J. 1965. Liturgische miniaturen: Over de vormgeving van de eredienst. 's-Gravenhage: Boekencentrum N.V.

KELLY, K. 1998. New rules for the new economy. http://www.frugalmarketing.com/dtb/kevinkelly.shtml. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

KERKORDE *sien* GKSA.

KINGMA, B.R. & LOTTER, G.A. 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers*, 67(3):309-327.

KITTEL, G. 1967. Theological dictionary of the New Testament. Volume IV. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KLAES, M. 2007 Postmodernism. [*In.* Durlauf, N. & Blume, L.E. *eds.* New Palgrave Dictionary of Economics. 2nd ed. New Yorke: Palgrave:MacMillan.] http://www.dictionaryofeconomics.com. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

KLAUSER, T. 1973. A short history of the western liturgy: An account and some reflections. Transl. by John Halliburton. London: Oxford University Press.

KLOPPENBURG, W. 1998. Het kerklied. [*In.* Oskamp. P. & Schuman. N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 266-280.]

KLOPPERS, E. 1997. Liturgical music: Worship or war? *Hervormde Teologiese Studies*, 63(1&2):172-184.

KLOPPERS, M.H.O. 1993. Verbond en sosiale prediking – sosiale aspekte in die teologie van Deuteronomium. *Skrif en Kerk*, 14(2):236-248.

KNIGHT, J. 1999. Revelation. Sheffield: Sheffield Academic Press.

KOK, I. 2007a. Qualitative research: A summarized review. Workshop in Educational Practice Research methodology training programs at the North-West University, Potchefstroom Campus on 28 March 2007 (Aantekeninge in besit van die navorser).

KOK, I. 2007b. Vraagstelling as effektiewe onderrigleervaardigheid om leerders se hoërorde – denke in die natuurwetenskappeleerarea te ontwikkel. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus. (Proefskrif – Ph.D.) 280 p.

KÖNIG, A. 1988. Koninkryksteologie of verbondsteologie? *Hervormde Teologiese Studies* 44(2):355-364.

KRIKKE, S. 1976. Veranderd levensbesef en liturgie: Een verkenning van Godsdienswijsgerige en liturgische aspecten der randkerkelijkheid. Amsterdam: Van Gorcum, Assen.

KRUGER, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste eeuse kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):19-44.

KRUIJF, E.F. 1901. Liturgiek. Groningen: J.B. Wolters.

KUYPER, A. 1911. Onze eeredienst. Kampen: Kok.

KUYPER, H.H. 1902. Is de authentieke tekst der liturgie in 1586 of in 1619 vasgesteldt? Amsterdam: Höveker & Wormser.

LAMBRECHT, J. 2001. Internationaal Commentaar op de Bijbel. Band 2: 1 Korintiërs. Kampen: Kok.

LEEDY, P.D. 1997. Practical research: Planning and design. New Jersey: Merrill.

LEEDY, P.D. & OMROD, J.E. 2001. Practical research: Planning and design. New Jersey: Prentice Hall.

LEFFEL, J. 2007. Postmodernism: The 'Spirit of the Age'. http://www.xenos.org/essays/relrev2.htm. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

LE ROUX, A. 2001 Die verband tussen Christelike geloof en eensaamheid tydens laat-adolessensie. *Acta Theologica*, 21(1):83-105.

LESKE, A. 1998. Matthew. Minnesota: Liturgical Press.

LETSOSA, R.S. 2005. A relevant liturgy for the Reformed churches in Synod Midlands. Potchefstroom: Noordwes-Uniiversiteit. (Proefskrif - Ph.D.) 442 p.

LEUSCHNER, W. 2004. Atmosfeer in die erediens. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif - Ph.D.) 355 p.

LINDGREN ALVES, J.A. 2000. The declaration of human rights in postmodernity. *Human Rights Quarterly,* 22:478–500.

LLOYD-JONES, D.M. 1987a. Studies in the Sermon on the Mount. Volume1. Michigan: Eerdmans.

LLOYD-JONES, D.M. 1987b. Studies in the Sermon on the Mount. Volume 2. Michigan: Eerdmans.

LOTTER, G.A. 2001. Bonatuurlike magte: Waarom stel die mense so baie belang daarin? *Die Kerkblad,* 104(3117):10

LOUBSER, J.A. 1994a. Wealth, house churches and Rome. *Journal of Theology for Southern Africa*, 89:59-69.

LOUBSER, J.A. 1994b. Postmodernism, post-apartheid theology and New Testament studies. [*In.* Mouton, J. & Lategan, B. The relevance of theology for the 1990's. Pretoria: RGN. p. 159-178.]

LOUW, D.J. 2002. Nightmare after the American dream- Reassessing paradigms and a possible leap into "trans-postmodernity"? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):75-97.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament. New York: United Bible Societies.

LUZ, U. 1989. Matthew 1-7: A commentary. Edinburgh; Clark

LYOTARD J.F. 1991. Rewriting modernity. [*In.* Lyotard J.F., *ed.* The Inhuman Reflections on Time. Transl. By Geoffrey Bennington & Rachel Bowlby. Cambridge: Polity. p. 24-35.]

MAAS, D. 2007. 666 is net 'n syfer. *Rapport* 12, 4 Nov.

MALEYA, L. 2001. "Salt of the earth, light of the world" – A social-historic study of Matthew 5:13-16. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.) 97 p.

MANDAZA, I. 1999. Reconciliation and social justice in South Africa: The Zimbabwe experience. [*In.* Makgoba, M.W., *ed.* African Renaissance. Cape Town: Tafelberg. p. 77-90.]

MARAIS, J. 2007. Meer werk, maar armoede bly. *Sake Rapport* 1, 11 Nov.

MARGUERAT, Q. 2002. The first Christian historian writing the "Acts of the Apostles". Cambridge: University Press.

MAYNARD-REID, P.U. 2000. Diverse Worship. Downers Grove: Inter-Varsity Press.

MAYS, J.L. 1994. Psalms Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching. Louisville, John Knox.

MAVROUDEAS, S.D. 2006. A history of contemporary political economy and postmodernism. *Review of Radical Political Economics* 38(4):499-518. http://rrp.sagepub.com/cgi/content/abstract/38/4/499. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

MBEKI, T. 1999. Prologue. [*In.* Makgoba, W., *ed.* African Renaissance. Kaapstad: Tafelberg. p. xiii-xxi.]

MCCALLUM, D. s.j. WTC Disaster Exposes Ethical Bankruptcy. http://www.xenos.org/ministries/crossroads/pmandyo.htm. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

McKIM, L.H. 1992. Reflections on liturgy and worship in the Reformed tradition. [*In.* McKim, E.D., *ed.* Major Themes in the Reformed Tradition. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. p. 305-310.]

MERRIAM, S.B. 1998. Qualitative research and case study applications in education. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

MERRILL, E.H. 1994. The New American Commentary. Volume 4: Deuteronomy. Nashville, Tennessee: Broadman & Holman.

MILLER, P.D. 1990. Deuteronomy. Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching. Louisville: John Knox.

MILLER, P.D. 2000. Poetic ambiguity and balance in Psalm XV. [*In.* Orton, D.E., *ed.* Poetry in the Hebrew Bible. Leiden: Brill. p 139-147.]

MÖLLER, F.P. 1998. Kingdom of God, church and sacraments. Volume 4. Pretoria: Van Schaik.

MONSHOUWER, D. 1998. Leven bij de dag. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die lilturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 124-125.]

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: RGN.

MORRIS, C.L. 1987. The book of Revelation. Leicester: Inter-Varsity Press.

MŰLLER, J.C. 1990. Die erediens as fees. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

MURRAY, S. 2001. Church planting in a postmodern context. http://newlifeministeries-hlm.org/online/aec01_murray_2-3.html. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 2001. [*In.* Psalms en Skrifberymings. Wellington: N.G. Kerkuitgewers. p. 5-32.]

NEL, M. 1990. Die erediens en die wêreld. [*In.* Smuts, A., Vos, C.J.A. & Nel, M., *reds.* Gesprek oor die erediens. Teologiese huldigingsbundel aan Prof. A.C. Barnard. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 172-192.]

NIEMANDT, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld. Wellington: Lux Verbi.

NOREN, C.M. 1992 The Word of God in Worship: Preaching in relationship to liturgy. [*In.* Jones, C., Wainwright, G., Yarnold, E.S.J. & Bradshaw, P., *eds.* The study of liturgy. London: SPCK. p. 31-50.]

ODENDAL, F.F. *et al.* 1997. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 4de uitg. Johannesburg: Perskor.

OLTHUIS, J.H. 1999. Dancing together in the wild spaces of love: Postmodernism, psychotherapy and the Spirit of God. *Journal of Psychology and Christianity*, 18(2):140-152.

OSKAMP, P. 1998. Gebeden en gaven. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die lilturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 217-225.]

OSKAMP, P. & SCHUMAN, N. 1998. Gang door de kerkdienst. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die lilturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 153.]

OSUMI, Y. 1998. Deuteronomy. The international Bible commentary: A Catholic and ecumenical commentary for the Twenty First century. Collegeville: Liturgical Press.

PADGEN, A. 1999. Postmodernism and economics. http://hps.arts.unsw.edu.au/hps_core_links/courses/subjects-details/scts_pa. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

PECKLERS, K.F. 2003. Liturgy in a post modern world. London: Continuum.

PEELS, G.H.L. 2001. The kingdom of God in the Old Testament. *In die Skriflig*, 35(2):173-189.

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical Spirituality. Pensylvania: Trinity.

PIETERSE, H.J.C. 1990. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap, [*In.* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die praktiese teologie, Pretoria:Gnosis. p. 49-60.]

PIETERSE, H.J.C. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(1):75-102.

PITYANA, N.B. 1999. The renewal of African moral values. [*In.* Makgoba, W., *ed.* African Renaissance. Kaapstad: Tafelberg. p. 137-148.]

POPENOE, D. & DAFOE WHITEHEAD, B. 1999. Should we live together: What young adults need to know about cohabitation before marraige. http://www.smartmarriages.com/cohabit.html. Datum van gebruik: 1 Mei 2006.

PRIOR, D. 1993. The message of 1 Corinthians. Leicester: Inter-Varsity Press.

PRIVATEER, P. 2005/2006. Postmodernism and replication technologies. *International Journal of Technology, Knowledge and Society,* volume 1. http://www.Technology-Journal.com. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

PSALMBOEK. 2001. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings gebruik deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: NG Kerkuitgewers.

RAMOGALE, M. 1998. Die stryd om uitnemendheid. *Rapport* 9, 11 Jan.

RAUBENHEIMER, O.S.H. 1997. 'n Profiel van die jeug in Suid-Afrika. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 12(2):48–60.

RAUTENBACH, I.M. 1996. General introduction to the bill of rights. [*In.* Barrie G.N., *ed.* Bill of rights compendium. Service Issue 11. Durban: Butterworths. p. 1A-5 – 1A-120.]

ROBINSON, P. 1997. The church in the public sphere. Some perspectives from Matthew 5:13-16. *Missionalia*, 25(3):274-284.

ROETS. P.J. & DREYER, T.F.J. 1998. Die kommunikasiekrag van liturgiese simbole met spesifieke verwysing na die toga. *Hervormde Teologiese Studies*, 54(3 & 4):712-735.

SALIERS, D.E. 1994. Worship as theology: Foretaste of glory divine. Nashville: Abingdon Press.

SALOMONS, SH. 1986. 'n Koninklike instrument. *Die Kerkblad*, 86(2748):17-19.

SCANLON, M.J. 1999. The postmodern debate. [*In.* Baum, G., *ed.* The twentieth century: A theological overview. New York: Orbis Books. p. 228-237.]

SCHOLTZ, W. 2005. Animal culling: A sustainable approach or anthropocentric atrocity?: Issues of biodiversity and custodial sovereignty? *MqJICEL*, 2:9-30.

SCHUMAN, N. 1998. De Psalmen. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 165-175.]

SCHULZE, L.J. 2001. Let your kingdom come. *In die Skriflig*, 35(2):161-171.

SCHWANDT, J., & COLLINS, C. J. 2006. The ESV English-Greek Reverse Interlinear New Testament (1 Pet 1:2). Logos Research Systems, Inc. [CD].

SENN, F.C. 2000. New creation: A liturgical worldview. Minneapolis: Fortress Press.

SESSIONS, G. 1995. Postmodernism and environmental justice: The demise of the ecology movement? *Trumpeter*, 12:3. http://www.icaap.org/iuicode?6.12.3.12. Datum van gebruik: 20 Apr. 2007.

SHISANA, O., REHLE, T., SIMAYI, L.C., *et al.* 2005. South African National Prevalence, HIV Incidence, Behaviour and Community Survey, 2005. Cape Town: HSRC.

SMIT, B.C. 1982. Liturgiese vernuwing? 'n Empiries-kritiese ondersoek na die liturgiese orde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom:PU vir CHO. (Werkstuk voorgelê in die vierde studiejaar vir die graad Th.B.) 72 p.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy gereformeerde identiteit. Kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap? *In die Skriflig*, 34(4):515-533.

SMIT, D. 2003. Vernuwe na die beeld van ons Skepper. Epping: Creda Communications.

SMIT, D.J. 2002. Politieke erediens? Vrae oor liturgie as lewensvorm. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):126-153.

SMIT, N 1996. Liturgiese verwagtinge ... Liturgiese moontlikhede. *Die Kerkblad*, 99(2993):10,11.

SPOELSTRA, B. 1994a. Liturgie plotseling in die brandpunt. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9(2):113-126.

SPOELSTRA, B. 1994b. Liturgiese handelinge stel nie vanself 'n erediens as ontmoeting met God (godsdiens) daar nie. *In die Skriflig*, 28(1):37-56.

SPOELSTRA, B. 1994c. Liturgie soos in die GKSA beoefen krities bekyk. *In die Skriflig*, 28(4):557-579.

STATISTICAL RELEASE. 2007. Cumulative statistics on settled restitution claims rural and urban. http://land.pwv.gov.za/restitution/Settled_Restitution_Claims/Settled_Restitution_Claims.htm. Datum van gebruik: 11 Nov. 2007.

STATISTICAL RELEASE. 2005. P0302 Marraiges and divorces. www.statssa.gov.za. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

STEYN, G.J. 1996. Nood voor die deur van die kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 37(1):39-48.

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n Verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(1):104–120.

STOTT, J.R.W. 1990. The message of Acts. Leicester: Inter-Varsity Press.

STRAUSS, M.U. 2001. Hoe lyk die spiritualiteit van die erediens met die draai van die millennium? *Acta Theologica*, 21(2):126-135.

STRATHMAN, M. 1967. The use of λειτουργια. [*In.* Kittel, G., *ed.* Theological dictionary of the New Testament. Volume IV. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. p. 215-231.]

STRYDOM, W.M.L. 1997. Liturgiese sang op die kruispad tussen tradisie en vernuwing. *Acta Theologica*, 17(2):143-156.

STRYDOM, W.M.L. & KELLERMAN, J.S. 1992. Die funksie van liturgiese sang in Gereformeerde erediensvernuwing. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 33(2):204-215.

SUID-AFRIKA. 1993. Witskrif op Grondhervorming. http://land.pwv.gov.za/legislation_policies/white papers.htm. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

SUID-AFRIKA. 1994. Gardener v Whitaker 1994 (5) BCLR 19 (OK).

SUID-AFRIKA. 1994. Wet op Herstel van Grondregte 22 van 1994. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1995. Wet op Ontwikkelingsfasilitering 67 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. S v Makwanyana 1995 (6) BCLR 665 (CC).

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskappe 92 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1997. Behuisingswet 107 van 1997. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1998. Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 2006. Civil Union Act 17 of 2006. Pretoria: Staatsdrukker.

SUGGIT, J.N. 1992. "The Holy Spirit and we resolved..." (Acts 15:28). *Journal of Theology for Southern Africa*, 79:38-48.

TAYLOR, J. 2001. Handelingen van de Apostelen. Kampen: Kok.

TLU SA. 2007. Landboustrategie vir volhoubaarheid. http://www.tlu.co.za/TluAfrikaans/Landboustrategie%20vir%20Volhoubaarheid_files/Landboustrategie%20vir%20Volhoubaarheid%2027%20Maart%202007%20Mediakonferensie.htm. Datum van gebruik:18 Aug. 2007.

TEFFO, L. 1999. Moral renewal and African experience(s). [*In.* Makgoba, M.W., *ed.* African Renaissance. Cape Town: Tafelberg. p. 149-169.]

THERON, P.F. 2002. One Bible, two Testaments: Covenant, ethnicity and new creation. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 43(1&2):129–139.

THOMPSON, D. 1995. The concise Oxford dictionary. Ninth Edition. Oxford: Oxford Clarendon Press.

TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie. Kampen: Van den Berg.

TROKAN, J. 1998. Stages of the marital and family life cycle: Marital miracles. *Pastoral Psychology*, 46(4):281–295.

VAN BRUGGEN, J. 1985. De Bergrede: Reisgids voor christenen. Kampen: Kok.

VAN BRUGGEN, J. 1990. Matteus: Het evangelie voor Israel. Kampen: Kok.

VAN DE KAMP, G. 1998. Zegeningen. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die lilturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 316-335.]

VAN DER MERWE, C. 1977. Geskiedenis van die liturgie. *Die Goue Kandelaar*, 16: 25-28.

VAN DER MERWE, I.J. 2001. "Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?" Oor die verband tussen liturgie en lewe. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 43(324):429-442.

VAN DER MERWE, H. 2003. Vernuwing in die erediens: Moontlikhede in die Liedboek. *Die Hervormer*, 96(1):5.

VAN DER VEN, J. 1993. Practical Theology: an empirical approach. Kampen: Kok.

VAN DER VEN, J. 1994. Empirical methodology in Practical Theology: Why and how. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9(1):29–44.

VAN DER WALT, A.G. &. PIENAAR, G.J. 2006. Inleiding tot die Sakereg. Lansdowne: Juta.

VAN DER WALT, E. 2007. Mondelinge mededeling aan navorser. Musina.

VAN DER WALT, J.J. 1987. Moontlike vernuwing en variasie in die liturgie. *Die Kerkblad*, 89(2760):37.

VAN DER WALT, J.L. 2003. 'n Beginselgrondslag vir gesag, vryheid, orde en dissipline in die onderwysopset van die vroeg – 21ste eeu. *Koers*, 68(4):331-352.

VAN HOUTTE, K. 1995. Kerk die thuis begint. *Tijdschrift voor Liturgie*, 79(1&2):14-25.

VAN LEEUWEN, M. 1998a. Om te beginnen. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 154-164.]

VAN LEEUWEN, M. 1998b. Wegzending en zegen. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 257-265.]

VAN NIEKERK, A. 2002. Moral and social complexities of AIDS in Africa. *Journal of Medicine and Philosophy*, 27(2):143-162.

VAN NIJEN, J. 1998. Kyrie eleison en Gloria in excelsis. [*In.* Oskamp, P. & Schuman, N., *eds.* De weg van die liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema. p. 176-184.]

VAN OOSTERZEE, J.J. 1898. Practische Theologie. Utrecht: A.H. Ten Bakker Huinink.

VAN ROOY, H.F. 2000. Vryheid en verbond: 'n Ou-Testamentiese perspektief. *In die Skriflig*, 34(1):3-16.

VAN SCHALKWYK, A. 2004. Die emosionele behoeftes van die MIV/VIGS geaffekteerde kleurlingkind in die middeljare. Pretoria: UP. (Verhandeling - M.Soc.D.) 116 p.

VAN STADEN, P. 2001. Doop as ritueel van staus-transformasie. *Hervormde Teologiese Studies*, 57(1&2):576-592.

VAN TONGEREN, L. 1997. Liturgie in context. *Tijdschrift voor Liturgie*, 81(3):178-198.

VAN WYK, J.H. 2001. John Calvin on the kingdom of God and eschatology. *In die Skriflig*, 35(2):191-205.

VAN WYK, J.H. 2003. Teologie van die verbond of teologie van die koninkryk? Dogmatiese nadenke oor die verhouding tussen die verbond en die koninkryk as sentrale teologiese temas. *In die Skriflig*, 37(1):1-26.

VAN ZYL, H.C. 1987. Goeie nuus die wêreld in: Bybelstudie oor die boek Handelinge. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

VAN ZYL, H.C. 1999. Matteus. [*In.* Vosloo, W. & Janse Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybellenium: Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1109-1187.]

VENTER, B. 2003. Het ons liturgie in uitgediende tradisies bly vassteek? *Die Kerkblad*, 103(3158):30-31.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon: Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria: RGN.

VENTER, M 1998. Luister, bid en sing ek met oorgawe: Liturgie as die lidmaat se reaksie op God se stem. *Die Gereformeerde Vroueblad*, 52(10):16,17.

VERMAAK, S.P.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2001. Saameet in Handelinge 2:42: 'n Sosio-historiese ondersoek. *In die Skriflig*, 35(4):575–590.

VICTOR, K. 1996. Nogeens! Die kind se plek is in die erediens. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 37(2):238-256.

VISSER, J. 1981. Die seëngroet in die erediens: "Trinitaries" of "Paulinies"? *Die Kerkblad*, 84(2599):1,2.

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in praktyk. Orkney: EFJS Drukkers.

VITARO, R. 2006. The selfishness of postmodernism: The assault on today's marriages and families. http//vitaro.wordpress.com/2006/05/24. Datum van gebruik: 18 Aug. 2007.

VLEDDER, E.J. & VAN AARDE, A.G. 1991. A holistic view of the Holy Spirit as agent of ethical responsibility: This view experienced as exciting in Romans 8, but alarming in 1 Corinthians 12. *Hervormde Teologiese Studies*, 47:503-525

VORSTER, C. 2007a. Mededeling aan navorser. Musina.

VORSTER, J.M. 1992. Die eise aan die gereformeerde prediking in die teenswoordige kultuur van verandering. *In die Skriflig*, 26(4):451-463.

VORSTER, J.M. 1993. Die Kerk in 'n nuwe konteks. (Referaat gehou tydens interkerklike samesprekings.) Pretoria. (Ongepubliseerd) 10p.

VORSTER, J.M. 1996. Vernuwing in die Gereformeerde erediens. *In die Skriflig*, 30(2):203-222.

VORSTER, J.M. 1999. Die ontwikkeling van postmoderniteit. *Die Kerkblad*, 101(3056):10-12.

VORSTER, J.M. 2004. Ethical perspectives on human rights. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

VORSTER, JM. 2007b. Christian attitude in the South African liberal democracy, Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding: Homiletiek uit 'n hermeneuties – kommunikatiewe perspektief. Pretoria. RGN.

VOS, C.J.A. 1998. Die liturgie in die spieël van Psalms. *In die Skriflig*, 19(3): 686-650.

VOS, C.J.A. 1999. Die towertyd van liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):99-126.

VOS, C.J.A. 2004 Skuld, genade en lof in die liturgie. *Hervormde Teologiese Studies* 60(1&2):641-650.

VOS, C.J.A. & MÜLLER, J.C. 1990. Die sing van Psalms in die erediens: 'n Kommunikatiewe handelingsteoretiese perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 6(1):86-98.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. Pretoria: RGN.

VOS, C.J.A. 2001. Beeld- en simbooltaal. *Acta Theologica*, 21(2): 136-144.

VRIJLANDT, M.A. 1987. Liturgiek. Delft: Meinema.

WALHOUT, E. 2000. Revelation down to earth: Making sense of the apocalypse of John. Michigan: Eerdmans.

WEANZANA, N. 2003. The theme of the "Kingdom of God" in die book of Chronicles. *Old Testament Essays,* 16(3):758-766.

WEPENER, C. & CILLIERS, J. 2004. "In herinnering aan die kinders.....wat aan honger en koue moet sterf". Liturgie in 'n konteks van armoede. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 45(2):364-372.

WETGEWING *sien* SUID-AFRIKA.

WHYBRAY, N. 1996. Reading the Psalms as a book. Sheffield: Sheffield Academic Press.

WIELENGA, B. & KÖNIG, A. 1999. Zending: Waarom? Verbond als antwoord. *In die Skriflig,* 33(2):255-271.

WIERDA, S.J. 2001. Visie op de gemeente. Apeldoorn: Theologische Universiteit.

WILCOCK, M. 2001. The message of the Psalms. Leicester: Inter- Varsity Press.

WITHERINGTON, B. 1998. The Acts of the Apostles: A socio-rhetorical commentary. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

WITVLIET, J.D. 1997. Metrical Psalms in liturgy and life in Calvin's Geneva. *Calvin Theological Journal*, 32(1):273-297.

WINTER, B. 1994. 1 Corinthians. New Bible Commentary: 21st Century edition. Leicester: Inter-Varsity Press.

WOLMARANS, J.L.P. 1999. 1 Korintiërs. [*In.* Vosloo, W., Janse van rensburg, F., *reds.* Die Bybellenium: Eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1492-1525]

YORKE, G.L.O.R. 1998. 1 Corinthians 13:1 revisited: Some Afro-liturgical and missiological implications. *Missionalia,* 26(3):378-391.

ZERFASS, R. 1974. Praktishe Teologie als Handelungswissenschaft. [*In.* Klosteman F, & Zerfass, R., *eds.* Praktishe Teologie heute. München: Kaiser. p. 164-177.]